LIEN SE *lankstaanskoene*



DERICK VAN DER WALT

LIEN
SE
lankstaanskoene
Sanlam
GOUD2007
Sanlam-prys vir Jeugliteratuur
M.E.R.-PRYS VIR JEUGLITERATUUR
via afrika
2009
DER ICK VAN
DER WALT

LIEN SE *lankstaanskoene*

DERICK VAN DER WALT

Lien se lankstaanskoene

Derick van der Walt

Tafelberg

Hierdie boek is bekroon met die Goue Sanlamprys vir Jeuglektuur 2007, die M.E.R.-prys vir Jeugliteratuur 2009 en is benoem vir die IBBY Ererol in 2010.

Vir Lenie

Voorspel

Hy krap ongeduldig in die boks rond. Hy soek die kasset met die blou plakkertjie. Sy gunsteling. Glimlag toe hy dit raakvat. Hy druk dit in die videospeler en raap die koffiebeker van die vloer af op sonder om sy oë van die televisieskerm te haal. Hy druk die speelknoppie en lê agteroor in die stoel. Hy vat ’n slukkie koffie. Glimlag.

*

Die dogtertjie trap water in die middel van die swembad. Met een arm klou sy aan ’n geel opblaaseendjie, met die ander beduie sy wild. Sy praat met iemand buite die beeld. Haar nat hare klou aan haar voorkop. Die video het geen klank nie.

Die kameraman is duidelik ’n amateur. Die beeld kantel links, dan regs, zoem rukkerig in op die dogtertjie se gesig. Die dogtertjie se mond beweeg aanmekaar. Dit lyk asof sy opgewonde iets vir iemand buite die beeld vertel. Sy is haasbek.

Die kamera beweeg na links waar ’n seuntjie op die rand van die swembad agter twee hondjies aan hardloop. Hy het ’n rooi swembroekie aan. Sy swart krulhare is deurmekaar en met sy twee stewige beentjies stamp hy kwaai op die grasperk.

Dis ’n swart hondjie en ’n wit hondjie, albei so twee bakstene hoog. Hulle hardloop voor die seuntjie uit, maar gaan kort-kort staan en draai om. Hulle stertjies waai en hulle blaf opgewonde maar geluidloos.

Die seuntjie verloor belangstelling in die hondjies. Hy stap tot op die rand van die swembad. Die kamera volg hom rukkerig. Hy trek sy rooi swembroekie uit en piepie in die water. Die kamera swaai woes en kry die dogtertjie in die middel van die swembad in fokus. Dit lyk asof sy gil. Sy beduie wild met haar hand in die rigting van die seuntjie.

Die kamera beweeg stadig na waar ’n man op die kant van die swembad agter die dogtertjie staan. Hy braai vleis. In sy een hand is ’n braaivleistang en in die ander ’n botteltjie bier. Hy is lank en fris, met donker krulhare, soos die seuntjie. Hy het net ’n kortbroek aan. Sy bolyf is kaal. Die kamera zoem in op sy gesig. Hy keer laggend met die braaivleistang voor sy gesig en beduie met die tang in die rigting van die swembad.

Die kamera kantel skielik rukkerig na onder. Dit lyk asof dit geglip het. Die beeld wys ’n paar voete met pienk plakkies. Die plakkies het geel rosies op.

1

Geel en gelukkig

Lien hoor die wynglas se voetstuk maak “klink” op die eetblad in die kombuis.

Sy ken die ritueel. Yskas se deur oop. “Tjorrr” word die wyn in die glas geskink. Yskas se deur toe. Vrieskas se deur oop. Ysbak kraak. “Ploinks” val die ysblokkie in die wyn. “Ploinks”, nog een. Vrieskas se deur toe. Stilte. Slukkie. Behaaglike sug …

Lien kyk na Braam. Hy kyk nie terug nie, sit net die televisie harder.

Sy ruik iets brand in die kombuis: roereier en roosterbrood. Sy moet seker gaan help, maar sy wil nie.

“Kos op die tafel,” roep ’n stem loom vanuit die kombuis.

Braam sit die televisie weer sagter en staan op. Lien weet hy is gewoonlik teen dié tyd rasend van die honger. Sy volg traag.

Die pan roereier staan in die middel van die eetblad. Langsaan is ’n hopie halfverbrande roosterbrood en die oopgesnyde blik boontjies in tamatiesous wat hulle gisteraand net halfpad geëet het. Braam trek ’n kroegstoeltjie nader en val gulsig weg.

Hulle ma leun met haar neus teen die venster en staar deur die kantgordyn na die paar liggies onder in die dal wat hulle skrams deur die woonstel se kombuisvenster kan sien.

“Het ons nie ’n wonderlike view nie?” sug haar ma geel en gelukkig. Oor die CD-spelertjie in die hoek blêr ’n vioolkonsert wat dooie mense in hulle grafte sal laat regop sit.

Lien draai die CD-speler sagter. Haar eetlus is daarmee heen.

Sy maak die yskas oop. Die wyndoos is die centrepiece. ’n Stukkie kaas, twee Tupperware-bakkies met iets onbekends in, drie tamaties, ’n halfleë Rama-bakkie en ’n sakkie melk is die somtotaal van die inhoud. Sy gaan sit by Braam.

Haar ma skink nog ’n glasie. Klink, tjorrr, kraak, ploinks en sug. Sy kom staan by hulle, glasie in die een hand. Sy vee oor Braam se swart krulhare.

“Jy lyk by die dag meer na Josh Groban,” giggel sy.

“Ma moet gaan slaap,” sê Braam vies met ’n mond vol roereier. Hy ruk sy kop weg, maar hou aan kou sonder om op te kyk.

“Ek is seker Josh is nie so ’n ou suurpruim nie,” sê haar ma kamtig seergemaak terwyl sy teen die deurkosyn leun. Sy glimlag vir hulle met ver oë. Sy draai om en stap voel-voel teen die gangmuur kamer toe.

“Gaan Ma nie eet nie?” roep Lien haar agterna. Haar ma antwoord nie. Lien weet sy sal nie eet nie. Sy eet omtrent nooit meer iets nie.

“Nighty night!” roep haar ma.

Braam brom iets, maar Lien sê niks.

Sy dink aan Braam se skoolbroek wat nog steeds oor een van die sitkamerstoele hang. Braam hou die broek se soom al die hele week met staples bymekaar. Daar is nie ’n manier hoe haar ma die soom vanaand gaan insit nie.

Braam sak weer op die bank neer en sit die televisie harder.

Haar ma lê reeds en snork, dwarsoor die bed, sommer met klere en al. Lien sug en soek na die naaldwerktrommeltjie onder in haar ma se ingeboude kas. Sy sit die lig af en maak die deur toe. Haar ma sal waarskynlik môre weer nie by die werk uitkom nie.

Sy gaan haal die broek in die sitkamer en maak haar kamerdeur toe. Sy sit ’n CD in haar Walkman en die oorfone op haar kop. Norah Jones.

Soos sy vermoed het, is daar nie grys gare in die amper leë trommeltjie nie en sy moet maar ’n blouerige kleur gebruik wat sy hoop nie sal wys nie. Sy sukkel om die gare in die naald te kry, steek haar vinger raak.

Lien kyk op. “Ek haat jou,” sê sy vir hóm in die spieël. “Ék … háát … jóú,” sê sy weer, stadiger, afgemete, klem op elke woord. Sy skrik vir haar gesig in die spieël. Haar lang, donker hare is deurmekaar en haar oë is groot en swart. Is dit hoe haat lyk?

A little girl with nothing wrong

Is all alone

spot Norah Jones. Lien steek vir Norah tong uit.

2

Jou standaard-skoolnommertjie

Wouter wag reeds by die telefoonhokkie toe Lien net ná sewe-uur by die woonstelblok uitgestap kom.

“Wat ’n lieflike dag! Kom ons donner hom op!” groet hy, soos gewoonlik in ’n pyn van ’n goeie bui. Wouter se chirpiness so vroeg in die oggend is genoeg om haar terug bed toe te dryf.

Sy groet en stap by hom verby.

“Dis vanmiddag ek en tant Malie,” sug sy terwyl hulle die straat kruis. “Ek weet nie eens hoe die vrou lyk nie en ek het nog nooit my voete in haar simpel coffee shop gesit nie, maar sy irriteer my klaar.”

“Hoe klink sy oor die foon?” vra Wouter.

“So ’n bietjie gejaagd … uitasem, jy weet, asof sy gehardloop het. En sy beklemtoon elke tweede woord. Jy móét betyds wees, hoor. Dis die óúlike winkeltjie met die blommetjiesgordyne in die sentrum. Jy móét weet waar dit is. Dis oorkant die bóékwinkel.”

Wouter lag. “Dis dalk fun. Gee dit kans en dink aan die tips. Oeh … jy gaan rol in die geld! Pas net op dat jy nie stoel tussen al die koeke en terte nie. En moenie van honger Wouter vergeet nie!”

“You bet,” lag Lien.

Tannie Bets in 504 het vir haar die werk gekry. Tannie-Bets-met-die-beter-view. Lien kan nog nie besluit of sy dankbaar moet wees of nie. R10 ’n uur en tips. Big deal. Dit was óf die coffee shop óf die haarkapper, R15 ’n uur sonder tips. Sy het besluit om ’n kans te vat met die tips.

Braam jaag op sy fiets verby, sy donker krulle ’n warboel in die wind. Hy kyk nie vir hulle nie, maar groet “Amandla!” met sy vuis in die lug.

“Toemaar, ek sal gereeld ’n draai kom maak en as die diens oukei is, sal jy nie spyt wees nie.” Wouter gooi sy rugsak oor sy ander skouer. “Juffrou Jooste, waar draai jy met die boeretroos? A nee a, juffrou Jooste, is dit ’n

gogga in my bord?” vra hy met ’n gemaak ernstige stem terwyl hy sy neus toedruk.

Lien lag.

Hulle kan die skoolhek sien. Ouers laai kinders af. Karre trek weg en kinders drentel geselsend in die rigting van die hek, sakke lui oor skouers.

Sy kan steeds nie aan dié skool gewoond raak nie. Dis nou al meer as ’n jaar en haar maag maak steeds ’n draai elke keer as sy hier instap. Sy haat die plek.

Wouter raak haastig toe hulle by die hek kom. Hy het ’n krieketvergadering iewers in ’n klas, mompel hy ’n verskoning.

Lien is teleurgesteld. Dis nou byna elke oggend se ding. In die begin het hulle altyd saam onder die jakarandabome langs die saal gaan sit totdat die skoolklok lui. Deesdae is sy op haar eie.

Sy drentel by groepies verby wat druk gesels, koppe na die binnekant van die kringetjies gebuig. Intieme groepies wat die wêreld uitsluit. Die meeste kyk nie in haar rigting nie.

’n Meisie met ’n lang, blonde vlegsel vertel van haar date wat haar die vorige aand by die fliek gelos het.

“Gross!” sê iemand.

“Net daar. My ma het gekraam toe ek bel en sê sy moet my kom haal.”

Twee jong seuns hardloop by Lien verby. Die voorste een lag uitbundig. “Watch out for Chuck Norris!” roep die agterste een.

Lien mik biblioteek toe. Dis waar sy deesdae skuil as Wouter koers kies. Tussen die rakke met die oorsese tydskrifte en die rekenaars waarop hulle net tien minute op ’n slag op die Internet mag surf. Hier maak sy haar lysie agterin haar Biologie-boek. Die plekke wat sy gaan besoek wanneer sy eendag hierdie plek se stof van haar skoene afgeskud het.

Japan is boaan haar lysie. Die klein, stil Japannese, wat nie met hulle hart op hulle mou loop soos die Amerikaners nie, fassineer haar. Sy wil die skoon, vars kersiebloeisels sien en die stil, koel tuine en gestroopte vertrekke van Japannese huise wat sy al in tydskrifte en in flieks gesien het. Japan is ’n moet.

En dan Praag. Sy wil met ’n trein deur die strak land reis en sommer op die ingewing van die oomblik by ’n klein dorpie stop en iewers in ’n herberg vir ’n dag of twee gaan bly. Haar aan die ou geboue verkyk. Op ’n brug gaan staan. Sy wil deur die nou klipstraatjies dwaal en ’n kers in ’n ou kerk aansteek.

Die klok lui en sy dwaal lusteloos na die vierkant, waar die dag met afkondigings begin. Sy luister soos gewoonlik nie en bou in haar kop ’n piramide met die periodes wat voorlê. Heel onder is Wiskunde, Biologie en Rekeningkunde. Die goed wat sy verpes. Dan is daar Bedryfsekonomie en Afrikaans. Engels vorm die top van die piramide, nie dat sy so danig mal is oor die vak nie. Dis net die weird ou wat vir hulle Engels gee wat die dag die moeite werd maak.

Mister MacMillan. Weird klere. Los, bont hemde wat oor sy broek hang en sulke funky dasse, skoene wat jy nie in dié wêreld sal raakloop nie. En hy steur hom nie veel aan die rules en regulations van the powers that be nie. Hy doen sy eie ding. Leef hom uit in die letterkunde wat hy vir hulle gee. Selfs die boring *Macbeth* klink luisterbaar as hy dit vir hulle voorlees. En die vreemde maar amazing gedigte. Sy het al hoendervleis gekry vir party van die goed wat hy vir hulle gelees het, duidelik nie altyd goed wat die Departement van Onderwys sou voorskryf nie:

Children, if you dare to think
Of the greatness, rareness, muchness,
Fewness of this precious only

Sy oorleef soos gewoonlik deur tussen die ander kinders weg te raak en deel van die meubels te word. Sy is hier, maar niemand sal dit eintlik agterkom nie.

Sy dink aan tant Malie en die coffee shop. Tips en toewies, het Braam hom die vorige aand snaaks gehou. Lekker vir hom, dink sy suur. Hy is een van die dae sestien en dan sal sy sorg dat hy ook iewers iets kry om te doen wat ’n paar rand kan inbring.

Die periode ná groot pouse is Lewensoriëntering, en dan twee periodes Engelse letterkunde voor hulle kan huis toe gaan. Hulle float gewoonlik deur Lewensoriëntering, want meneer Bruwer doen nie veel moeite om hulle oor die lewe te oriënteer nie. Dis gewoonlik ’n nonsenspratery, of hulle kry kans om huiswerk te doen. Vir Engels sien sy kans.

Maar meneer Bruwer het onverwags ’n gewete.

“Klas, die tyd raak min. Een van die dae moet julle die grootmenswêreld pak. Hoeveel van julle weet al wat julle volgende jaar gaan doen?”

Hier en daar steek iemand lusteloos ’n hand in die lug.

“Nou goed, ons gaan die volgende paar periodes iets aan die saak doen,” sê hy beslis.

Hy deel vir elkeen ’n vormpie uit. Daarop moet hulle hulle naam invul en watter beroep hulle eendag wil beoefen.

“Jy móét iets invul, al weet jy nog nie wat nie. Skryf iets waarin jy belangstel.”

Lien skryf byna outomaties “prokureur” op haar vormpie. Sy kyk verbaas na wat sy geskryf het. Prokureur. Dit klink vir haar skielik soos brandweerman of ruimtevaarder of speurder. Prokureur was al die jare die plan gewees, maar al-daai-jare is lankal verby.

Sy oorweeg dit om die woord dood te krap en iets soos “tuisteskepper” of “sakkiepakker by Checkers” te skryf. Sy twyfel of meneer Bruwer sal dink dis snaaks.

Sy wil eintlik “weg” skryf. Hoe kry ’n mens “weg” reg? Sy kan dalk ’n paar prentjies en patroontjies op die papiertjie se rand teken, soos die deelnemers aan *The weakest link* maak. Hy kan dalk ’n universiteit of kollege aanbeveel waar jy die fynere kunsies van wegwees kan bemeester. Só pak jy jou tas en dáár bêre jy jou paspoort en dáár drink jy nie die water nie en dáár moet jy dit of dat eet. En só kyk jy nooit weer terug nie.

Sy bly by prokureur. Whatever.

Meneer Bruwer samel die vormpies in en gaan sit by sy tafel en sorteer dit in verskillende hopies. Die doel daarmee is nog duister vir die klas, wat rusteloos en verveeld rondskuif.

Hy staan uiteindelik op en skuif sy bril reg, duidelik opgewonde oor sy aandeel daaraan om ’n verskil aan die lewens van die soekende siele voor hom te maak.

“Ek gaan julle in groepies verdeel na aanleiding van julle belangstellings. Die volgende paar periodes gaan ons die beroepe deeglik bekyk sodat julle alles daarvan weet: die instansies wat die kursusse aanbied, toelatingsvereistes en M-tellings en sulke goed. Dié van julle wat nooit julle voete in die biblioteek sit nie, gaan leer wat julle al die jare gemis het, en dié van julle wat dink die Internet is net daar om musiek af te laai, gaan ook ’n ding of twee leer.” Hy deel vir elkeen ’n dokument uit waarin die riglyne vir hulle projek uiteengesit word.

“Ek gaan ook probeer om vir ons ’n paar sprekers te reël wat die ding klaar doen om ons eerstehands te vertel wat gaan vir wat,” sê meneer-Bruwer-op-’nmission.

Die kinders sug en kyk onderlangs na mekaar terwyl hulle gesigte trek.

Lien land in ’n groepie made in hell. Die klein, maer Miemie Spies met die dik bril en die yl haartjies sal sy nog kan handle, al is sy weird verby. Dat Miemie in die regte belangstel, is moeilik om te glo, maar dis dalk moontlik. Die terterige Sally Swanepoel is ’n ander storie. Sy kan die meisie nie verdra nie, en te oordeel na die seuns se geskinder, sal Sally dit ná skool waarskynlik nie verder as Adèle’s Escort Agency maak nie. Regte!

En dan is daar Hein Venter.

Lien kan nog nie oor Hein besluit nie. Hy lyk ouer as die ander seuns. Hy het al harde baard van jare se skeer. Hy is nie besonder lank nie, maar hy is baie fris. Dit laat hom groter lyk as wat hy is. Hy het ’n prominente neus. Blonde krulhare, bietjie kroeserig.

Van die intellektuele koekies in haar klas meen Hein is so dom soos ’n kluit. En Hein is ’n man van min woorde, baie min woorde. Prokureur? Lien dink nie so nie.

“Gaan sit iewers onder ’n boom en beplan strategie, maar as julle die ander klasse pla, kom julle dadelik terug,” waarsku meneer Bruwer. “Skoert!” sê hy terwyl hy die kinders by die klas uit beduie. Hulle skarrel by die deur uit.

Lien staan besluiteloos op die stoep rond. Miemie staan ook eenkant en lyk ewe onseker. Sy loer vir Lien deur haar dikker-as-dik brillense. Hein staan ook verleë ’n entjie weg en vroetel met sy sak se gespes.

Sally sit op die trappie voor die klas met haar bruin gebrande bene lank uitgestrek in die son. Haar kort skoolrokkie (nie wat ’n mens jou standaard-skoolnommertjie sal noem nie) is byna tot onder haar ken opgetrek. Sy het ’n sonbril op en ’n klein glimlaggie om die mond. Sy het haar lang, koperrooi hare losgemaak. Al wat kortkom, is die sigaret, dink Lien. Sy weet Sally is deeglik bewus van die seuns wat haar kwylend aangaap.

“Ons moet seker iewers begin,” sê Miemie onseker.

Sally hoor nie of wil nie hoor nie, trek haar rokkie nog ’n bietjie hoër op.

Lien pluk haar. “Gaan jy help of gaan jy nie?” vra sy vir Sally.

“Moet net nie jou panty kou nie,” sê Sally sonder om haar kop te draai. Sy staan op. “Ek het klaar al die life skills wat ek wil hê. Call me if you need me.” Sy stap met swaaiende heupe in die rigting van die kleedkamer. Lae nikotienvlak, vermoed Lien.

“Let’s get this over with,” sê die vale Miemie Spies en pluk meneer Bruwer se spyskaart uit Lien se hande. Sy gaan sit op die stoeptrappie in die son en krap met ’n pers pen op die dokument.

Lien is verlig. Sy is bly sy hoef nie die leiding te neem nie.

“Ken jy ’n prokureur?” vra Miemie onverwags. Die vraag betrap Lien onkant. Sy kyk ’n paar oomblikke sprakeloos na Miemie. Sy skud haar kop stadig heen en weer. Is dit nou hier waar die haan moet kraai? wonder sy.

“My pa se prokureur is ’n regte perv, maar ek sal hom bel,” gaan Miemie voort asof sy nie Lien se ongemak agterkom nie. Sy maak ’n paar merkies met haar pers pen op die dokument.

“Lien, dis vir jou. Jy moet op die Internet gaan kyk wat die universiteite wil hê. Ek sal my pa se prokureur bel, en Hein, jy moet ’n draai by ’n firma in die stad maak. Ons los maar vir Sally.”

Hein vat die dokument by Miemie sonder om iets te sê.

Die klok lui en hulle beweeg in die rigting van Mr MacMillan se *Macbeth*.

When shall we three meet again? In thunder, lightning, or in rain? sê die eerste heks.

3

’n Kakofonie van klanke

Haar ma leun oor die vensterbank in die kombuis en staar na hulle view toe Lien by die huis kom.

“Was Ma nie werk toe nie?” vra sy geïrriteerd.

Sy soek na iets om te eet, maar sy verwag nie wonderwerke in die yskas nie. Daar is nog ’n stukkie kaas oor en sy maak vir haar ’n toebroodjie.

Haar ma sê niks nie. Oor die CD-spelertjie in die hoek dreun ’n klavierkonsert. Haar ma draai om. Lien soek haar ma se oë. Die oë lyk oukei, al kan sy die wynwalm wat van haar ma se kant af aangesweef kom, ruik.

“Luister,” sê haar ma met haar vinger in die lug. Haar oë blink. “Prokofiëf se derde.”

“Ek kan nie anders as om te hoor nie. Tannie Bets hoor dit seker ook op die vyfde vloer,” sê Lien vies.

Sy probeer die musiek ignoreer, maar dis so hard dat dit deur die klein kombuisie weergalm. Dit het soort van ’n wysie, selfs ’n bietjie ritme. Sy dink Prokofiëf was ’n Rus – of was hy ’n Tsjeg?

Haar ma se elmboë rus op die kombuiskas en sy wieg haar kop heen en weer op maat van die musiek. Haar oë is toe, haar gesig teenaan die CD-speler.

Lien weet nie veel van Rusland af nie, maar as sy haar verbeelding gebruik, kan die musiek tog Russies klink. As sy moes raai, sou sy sê dis dalk eerder ’n bietjie Turks of so iets vreemds. Sy onthou die corny fliek wat haar ma en tannie Bets een aand gekyk het. Dit het in Rusland afgespeel. Dr Somebody of iets. Sy kan nie meer die naam onthou nie.

Rusland was nooit op haar lysie nie, maar die fliek het haar geboei. Nie die simpel storie wat nooit einde wou kry nie, maar sy onthou die sneeubedekte vlaktes en ’n perdekarretjie wat geruisloos deur die sneeu

voortgebeur het. Sy onthou die sneeukristalle teen ’n venster van ’n eensame huis, wat die lig in die wonderlikste kleure weerkaats het. Sy onthou die stilte, die sneeu, alles skoon en vars. Rusland? Hoekom nie? Enigiets is beter as dié spul.

As I sit and watch the snow
Fallin’ down
I don’t miss you at all
I don’t miss you at all

verduidelik Norah.

Sy hou haar ma dop terwyl sy kou. Christien Jooste was eenmaal ’n beaut. Nou lyk sy oud en verwaarloos. Myle opgesit die laaste twee jaar. Sy het ’n slordige, vormlose bloes aan, en haar digte swart hare is ongekam. Sy gebruik nooit meer grimering nie.

Haar ma se gesig is die ene Planet Euphoria. Dis nie net die wyn nie, weet Lien. Musiek kon haar ma nog altyd na aan die hemel bring, wyn ofte not.

Dan bars die hel los. Die pianis is nou in vyfde rat en daar is geen sprake van ’n wysie meer nie. ’n Kakofonie van klanke, sê Lien in haar kop. Waar het sy dit onlangs gehoor? Ka-ko-fo-nie-van-klan-ke, sê sy stadig weer in haar kop.

“ ’n Kakofonie van klanke,” sê sy hardop.

Haar ma hoor nie, of sy maak of sy nie hoor nie. Sy maak snaakse rukbewegings met haar kop op maat van die musiek. Haar oë is steeds toe.

“Speel asseblief vir my iets,” sê Lien op die ingewing van die oomblik. “Ma het eeue laas aan die klavier gevat. Speel vir my daai Schubert-ding wat Ma altyd net vir my gespeel het toe ek klein was,” pleit sy byna.

Haar ma antwoord nie. Sy skud haar kop heen en weer op maat van die musiek.

“Dis die tweede beweging,” sê haar ma, met haar neus in die CD-speler. “Jy moet die derde hoor. Dis éintlik die klavierkonsert se claim to fame.”

Liewer nie, dink Lien. Sy stap kamer toe om te gaan aantrek vir haar onderhoud met tant Malie.

“Ek gaan die klavier vir kos verkoop,” skreeu sy oor haar skouer vir haar ma.

Lien staan in die deur van die coffee shop en sien ’n ronde oranje bal wat bokant die glastoonbank teen die linkermuur van die winkel uitsteek. Kort-

kort hop die oranje bal bokant die toonbank uit en duik dan weer weg. Dit moet tant Malie se kop wees. Tannie Bets het iets van oranje hare gesê.

Malie Dry se hare ís oranje, nie ’n ligterige oranje of ’n bruinerige oranje nie, lemoen-oranje.

Sy is besig om die koeke in die glastoonbank te rangskik. Lien kyk rond. Sy het al baie hier verbygeloop, maar sy was nog nooit binne nie. Die winkel is klein, maar daar is maklik twintig tafels wat baie naby aan mekaar die hele plek vol staan.

Die winkel is vol frilletjies en valletjies, nie net die gordyne nie, maar ook die tafeldoeke – alles in groen en pienk en skakerings daarvan. Die mure is met blomprente versier. Byna elke denkbare sentimeter hang vol afdrukke in verskillende groottes. Daar is blomme in tuine, blomme in potte, kinders met gerwe blomme in hulle arms en blomme langs veraf paaie. Op elke tafel is ook ’n potjie met blommetjies. Strauss-walse speel op die agtergrond.

Malie se Tuin/Malie’s Garden is bekend as die uithangplek van die ou mense van die omgewing, veral die inwoners van die ouetehuis. Dinsdae en Donderdae kry hulle 20% afslag op alles wat hulle bestel, sê ’n kennisgewing teen die glasdeur.

Dis Dinsdag en die plek is stampvol.

Lien stap tot by die toonbank en maak keel skoon.

“Nou by jou,” sê tant Malie sonder om op te kyk. Sy is effens rooi in die gesig toe sy orent kom. Sy kyk Lien vraend op en af.

“Ek is Lien Jooste, oor die kelnerwerk. Ek het gisteraand gebel …”

“Bets sê jy het die werk nodig,” sê tant Malie terwyl sy Lien steeds op en af bekyk. “Kan jy dalk sommer nóú begin? Die plek is ’n malhuis. Agnes en Sophie kan nie vóórbly nie,” sê sy uitasem van die buk.

Lien sien die oranje hare is ylerig. Plek-plek skyn die tannie se kopvel deur. Tant Malie het ’n blommetjiesrok aan wat om haar kort, ronde lyf span.

Lien is bietjie onkant betrap. Sy wou nog eers die plek deurkyk voor sy besluit.

“Gryp vir jou ’n voorskoot in die kombuis, dan verduidelik ek vir jou hoe die dinge hier werk,” sê die tannie. Sy draai haar rug op Lien en maak glimlaggend ’n draai tussen haar kliënte. Sy buk vriendelik by elke tafeltjie en knoop ’n geselsie aan.

Sophie – of Agnes – kom by ’n deur uit en balanseer ’n skinkbord vol gelaai met koppies en bordjies koek op een hand. Lien is beïndruk. Sy vermoed dit moet die kombuis wees. Agter die swaaideur is drie vroue besig om in die kombuis te werskaf. Sy sien ’n geblomde voorskoot aan ’n haak teen die een muur hang.

Tant Malie is nog besig met haar rondtes en Lien staan ongemaklik by die kombuisdeur en wag. Sophie – of Agnes – warrel by haar verby met ’n skinkbord vol leë borde en koppies sonder om links of regs te kyk. Lien sien die versameling vlooimarkspecials wat op die glastoonbank uitgestal is, is te koop. Glasornamente, klein skilderytjies van blomme, potjies met kunsblomme …

“Nou toe,” sê tant Malie langs haar. “Reël no 1: Hier by ons moet alles altyd glád verloop. Al ons kliënte moet hier túis voel, so asof hulle in ’n régte tuin is. Ons kliënte se belange kom áltyd eerste. Reël no 2: Jy moet altyd vriéndelik wees. Baie van ons kliënte is nie meer vandag se kinders nie en daarom moet jy altyd gedúldig wees, al gebeur wát ook al.” Sy bly ’n rukkie stil, terwyl sy wag dat haar woorde insink.

“Sodra nuwe kliënte by die deur inkom, moet jy hulle dá-dé-lík na ’n tafel neem en vir élke lid van die geselskap ’n spyskaart gee.” Sy beduie na die hopie helderkleurige geblomde spyskaarte wat op die toonbank lê.

“Dan moet jy vir hulle vertel wat die koek van die dag is en hulle so ’n páár minute kans gee om te besluit wat hulle wil hê. En jy ‘oom’ en ‘tannie’ niémand nie. Jy sê ‘mevróú’ en ‘menéér’. Jy kan my ‘mevróú Dry’ noem.”

Sy stop ’n boekie en ’n pen in Lien se hand.

“Jy moet die tafelnommer bó in die linkerkantste hoek neerskryf en elke bestelling présiés neerskryf en dit herháál sodat daar nie foute insluip nie. Jou bestelling moet jy vir Agnes in die kombuis gee en ná presies tién minute gaan kyk of die bestelling reg is. Ek doen die kasregister. Ek maak die rekenings uit en vat die geld.”

Lien verstaan. Dit klink nie te moeilik nie.

’n Man en ’n vrou met ’n seuntjie van so vyf kom by die deur ingestap. Here we go, dink Lien. R10 ’n uur en tips. Wat kan ’n mens méér van die léwé verwag?

Sy groet en gee vir elkeen ’n spyskaart. Die mense is vriendelik. Hulle bestel koffie, drie snytjies van die koek van die dag en ’n vrugtesap vir die seuntjie.

Die winkeltjie word steeds voller en Lien moet uithaal om by te hou en kop te hou. Sy kom deur die loop van die middag agter dat die lang meisie Agnes is en die korter een met die vlegseltjies Sophie. Die meisies is vriendelik, hoewel niemand eintlik tyd vir praatjies het nie.

Die mense met die seuntjie bestel nog koffie en ’n geroosterde kaastoebroodjie vir die seuntjie. Die seuntjie het nie sy koek geëet nie en toe Lien die bordjie wil wegneem, sê die man hy sal dit eet.

“Hy het ’n vreeslike soet tand en dit wys,” lag die vrou terwyl sy die man op sy effense boepie knyp. Lien lag saam. Sy dink hulle hou van haar, maar sy sal maar moet wag en kyk wat bly oor nadat hulle die rekening betaal het.

Sy kom gou agter dat die ou mense baie verstrooid is. Sy moet meer as een maal herhaal nadat sy hulle bestellings geneem het, want hulle vergeet soms wat hulle aanvanklik bestel het en verander sommer van plan. Sy wou haar eers vererg toe ’n vrou met ’n purple rinse haar opstry en sê sy het die bestelling verkeerd afgeneem, maar toe dit ’n tweede, en selfs ’n derde, keer by ander tafels gebeur, besef sy dis deel van die werk. En hulle is baie suinig met die fooitjies. Gee gewoonlik net ’n paar sent.

Toe die mense met die seuntjie wil betaal, is tant Malie skoonveld. Lien raak benoud toe die man sê hulle is nogal haastig.

“Miss Malie is gou bank toe,” sê Sophie in die verbygaan. “Skryf alles wat hulle gehad het op ’n invoice. Die boekie lê langs die till. Kyk op die menu wat alles gekos het en tel dit bymekaar. As hulle met ’n credit card wil betaal, sal Agnes jou help. En skryf groot *Thank you very much, please come again!* boaan. Dit help vir die tips.”

Lien maak ’n lysie van alles wat hulle gehad het en tel die items bymekaar. Sy bereken 20% en trek dit af. Hulle totale rekening is R78 ná die korting. Die vriendelike man betaal met ’n R100-noot en sê sy kan die kleingeld hou. R22! Lien kan haar geluk nie glo nie. Wouter is reg. Die spulletjie kan dalk nog werk.

Haar geluk is egter van korte duur. Malie Dry gooi haar speelgoed behoorlik rond toe sy terugkom. “Hóékom het jy vir die mense 20% korting gegee?” vra sy kwaad. “Het hulle vir jou soos pensióéntrekkers gelyk? Ek het mos gesê nét die bejaardes wat hulle pensióénkaarte by hulle het, kry afslag.”

“Maar tannie … uhm, ek bedoel, mevrou het nie …” probeer Lien, maar Malie Dry is rooi van woede.

“Ek is bevrees die geld wat hulle te min betaal het, gaan van jóú geld moet afkom,” sê sy beslis en verdwyn deur die swaaideur kombuis toe.

Sophie maak vir haar groot oë. “Moenie stress nie. Al kan sy lekker tantrum, raak sy gou weer goed. Ons steur ons nie meer aan alles nie.”

Lien is lus en kry haar ry. Net toe kom Wouter met sy yslike krieketsak by die deur in. Hy waai vir haar en gaan sit by ’n tafeltjie teen die venster. Sy krieketsak staan byna die hele paadjie tussen die tafels vol. Voor sy by hom kan kom, het Agnes reeds ’n spyskaart op sy tafel neergesit. Lien sien dat hy iets vir Agnes sê en in haar rigting beduie.

“Hy wil jou hê,” sê Agnes terwyl sy kombuis toe stap.

“Hoe lyk dit,” groet Wouter. “Survive jy? Kry jy nie hooikoors van al die blomme nie?”

Lien is nog bietjie oorbluf oor die uittrap wat sy onverdiend gekry het, maar besluit om nie nou oor Moeilike Malie uit te pak nie. Wouter bestel ’n Coke en ’n stuk van die koek van die dag.

Lien weet Wouter het nie eintlik ’n soet tand nie. Die koek is om haar onthalwe.

Die res van die middag verloop sonder voorval en Lien is bly toe die tannie sê dis tyd om te sluit. Sy voel soos ’n aap oor die R10 wat Wouter vir haar op die tafel los toe hy betaal. Sy wil dit nie vat nie, maar hy dring aan. Hy wag vir haar totdat die winkel sluit.

“Aag, skryf dit af as experience,” probeer Wouter troos toe hulle terugstap en sy vertel van Malie Dry se humeur en die geld wat sy onregverdiglik verloor het. R36,38 is die somtotaal van haar middag se arbeid.

“R36,38 is nou nie juis wat ’n mens ’n fortuin sal noem nie. Dit gaan nie ’n vreeslike gat toemaak nie, wat nog te sê ’n vliegkaartjie koop,” sê Lien teleurgesteld.

“Relax, man. Môre sal dit beter gaan, jy sal sien,” paai Wouter.

Hulle groet by die telefoonhokkie en Lien hou hom ’n rukkie dop terwyl hy die bult opsukkel met die tamaai krieketsak in die een hand en sy rugsak oor die ander skouer. Sy ma kom hom gewoonlik by die krieket oplaai, maar vandag stap hy om haar onthalwe, weet Lien. Haar lang pel met die deurmekaar hare. Haar beste pel, eintlik haar enigste pel. Haar brother in arms.

Dit voel asof sy hom haar hele lewe lank ken, al is dit net ’n jaar en ’n paar maande sedert hulle daardie eerste môre saam hulle eerste tree by

Jakaranda gegee het. Toe hulle vir mekaar sit en kyk het in die skool se ontvangslokaal terwyl hulle ma's vorms ingevul het. Kan dit al meer as 'n jaar gelede wees?

Lien onthou sy was suur. Suur vir haar ma, suur vir die skool, suur vir haarself, suur vir die lewe. Sy wou nie hier wees nie. Sy het verveeld na die geraamde foto's teen die mure gekyk, laggende presteerders in hulle lelike vaalgroen kleurbaadjies. 'n Ererol met die name van vorige hoofleiers, sporthelde, die uitverkorenes. Wouter het vir haar gesit en kyk. Sy wou haar eers pluk, maar toe herken sy die uitdrukking in sy oë. Hy wou ook nie hier wees nie. Hulle het 'n rukkie vir mekaar gesit en kyk. En dit was die begin van hulle paadjie saam.

Hulle het mekaar 'n paar dae later by die tandarts in die sentrum raakgeloop. Haar afspraak was net ná syne. Hy het gewag totdat sy klaar was en haar vir koffie by die Wimpy genooi. Sy kan nou nog nie onthou waarom sy ja gesê het nie. Sy was nie van plan om met enigiemand in hierdie skool buddy-buddy te speel nie. Maar hy het haar laat lag, iets wat sy destyds maar min gedoen het.

Hy het met sy mond nog dood van die tandarts se inspuiting sy koffie geslurp en vertel van sy pa in Bloemfontein en van die egskeiding en sy ma wat nie ver genoeg van sy pa kon wegkom nie en van Pretoria wat die Nuwe Begin sou word.

Lien het tot haar verbasing die Joostes se sakke patats ook een vir een op die tafel tussen die tamatiesousbottel en die mosterdhouer vir hom uitgepak. Dit was maklik om met Wouter te praat. Soos nou nog.

Van toe af was sy en Wouter boesempelle. En dit was lekker om 'n ou vir 'n pel te hê. No strings attached. Dit was hulle teen die res van Jakaranda. Saam geskinder oor die horrible nuwe skool en hoeveel beter dit by hulle "wonderlike" vorige skole was.

Sy druk die tweede verdieping se knoppie. Die knop op haar maag word 'n klip wat groei terwyl die hysbak boontoe steun. Hulle voordeur is gesluit. Sy hoor die karre onder in die straat. 'n Hond blaf en 'n baba huil iewers op die derde verdieping.

Dis vaal en stil in hulle woonstel. In die kombuis is 'n briefie van Braam. Hy doen Wiskunde by Deon en eet sommer daar. Lien wonder wat dié mense van hulle moet dink, want Braam boer by hulle. Daar is 'n pot sop op die stoof in 'n kastrol wat Lien nie ken nie. Daar is ook 'n hopie vars broodrolletjies op 'n bord op die eetblad. Lien vermoed dis tannie Bets.

Haar ma se deur aan die onderkant van die gang is toe. Daar is nie ’n geluid in die woonstel nie. Lien trek die gordyne in haar kamer toe en sak op die bed neer. Sy sit Norah Jones in haar Walkman.

Another love before my time
Made your heart sad an’ blue
And so my heart is paying now
For things I didn’t do

sing Norah.

Sy en Norah moet aan die slaap geraak het, want dit is pikdonker toe sy wakker skrik. Sy het gedroom van ’n oranje koek wat op en af hop en Agnes wat vir haar lag terwyl sy aanhoudend sê: “Relax, tomorrow is another day.”

Sy voel mislik geslaap. Sy hoor die karre onder in die straat. Iewers huil die baba steeds. Sy sit die lig aan en trek haar ou rooi sweetpak aan.

Die woonstel is donker, maar daar skyn ’n bietjie lig aan die bopunt van die gang. Iemand is in die sitkamer.

Haar ma sit op die mat met die oorfone wat sy op ’n manier met Prestik aan die draagbare CD-speler gekoppel gekry het. Die lampie op die tafeltjie teen die muur verlig haar van agter.

Sy lyk na ’n vreemde wese in die donker vertrek met die kolletjie lig agter haar klein, maer lyfie in die swart gewaad, die deurmekaar bos swart hare en die wit gesig. ’n Bietjie na ’n engel, dink Lien.

Die wyndoos op die tafeltjie langs haar en die koffiebeker vol waterige ys dui op ’n meer aardse bestaan. Lien herken die blou-en-wit beker met die gesig van ’n vrolike Bart Simpson en die woorde *Wat is ’n huis sonder ’n moeder?* in rooi daarop geskryf, wat Braam verlede Moedersdag op ’n vlooimark vir ’n bargain gekoop het.

Haar ma se oë is toe en sy neurie vals ’n wysie wat Lien wil-wil herken. Sy staan by die deur en luister. “Ave Verum Corpus”. Mozart. Sy en Braam het dit al geken voordat hulle kon loop. Selfs voordat hulle die cute goedjies soos “My naam is Liewe Heksie” of “Pinocchio” of “Heidi” kon sing, het hulle al van Mozart geweet.

Haar ma vroetel met die CD-spelertjie. Sy luister ’n rukkie en begin dan weer vals saam neurie.Die oorfone maak vermoedelik nie mooi kontak nie, want haar ma vroetel vies met die Prestik. Sy sien Lien in die gangdeur staan.

“Blerrie ding,” sê sy terwyl sy met die oorfone sukkel. Die “Ave Verum Corpus” dreun deur die woonstel.

Die oorfone maak weer kontak. Mozart verdwyn saam met haar ma.

Haar ma haal die oorfone af. “Fine, just fine,” sê sy stadig met haar ver oë wat verby Lien in die rooi sweetpak kyk.

“Waar is Ma?” vra Lien. “Ek bedoel, wanneer kom Ma weer terug?”

Haar gelukkige ma sê niks nie. Sy plaas die oorfone terug. “Lien, Liener, Lienste,” sing sy kliphard, haar goudgeel ma met die less than perfect pitch.

*

’n Vrou met ’n bos digte swart hare speel klavier terwyl sy kort-kort haar linkerhand dramaties lig. Sy beweeg haar liggaam terwyl sy speel, dan vorentoe, dan regs, dan links. Sy kyk kort-kort na die dogtertjie en die seuntjie wat langs haar staan en sing. Haar neusvleuels is gesper.

Die dogtertjie sing met haar mond wawyd oop en rek haar oë dramaties terwyl sy stip na die kamera kyk. Sy het nie voortande nie. Al het die video geen klank nie, lyk dit asof die seuntjie die woorde nie heeltemal ken nie. Sy lippe vorm ander woorde as dié wat die dogtertjie sing. Hy hou kort-kort op en kyk onseker vir die vrou agter die klavier.

Hy hardloop skielik na regs buite die beeld. Die vrou agter die klavier draai haar gesig na die kamera en roep iets oor haar skouer. Die kamera volg die seuntjie wat op ’n bank duik en bollemakiesie slaan tussen die los kussings op die bank. Die beeld beweeg na ’n wit hondjie en ’n swart hondjie wat langs mekaar voor ’n glasdeur staan en die gebeure in die vertrek dophou. Hulle blaf aanhoudend maar geluidloos, terwyl hulle stertjies waai. Die seuntjie hardloop voor die kamera verby. Die kamera volg hom tot waar hy weer langs die dogtertjie gaan staan. Hy maak sy mond oop en toe asof hy sing. Die kamera beweeg rukkerig op en af asof die kameraman lag of iets.

Hy sit ’n rukkie ingedagte nadat die video gestop het. Hy skud sy kop en glimlag. Die seuntjie en die hondjies … Dit werk elke keer vir hom. Hy draai die video terug en kyk weer.

4

Die meesterstuk

Toe die kinders uiteindelik tot ruste kom, tel juffrou Breytenbach ’n dokument van haar lessenaar af op.

“Dis ons drama se teks,” fluister sy opgewonde. Haar oë blink en sy skuif haar brilletjie reg. “Dis ’n meesterstuk.”

Die kinders loer na mekaar. Elke jaar se nuwe stuk is vir juffrou Breytenbach ’n meesterstuk, sê Riekie altyd.

Christiaan sien die gaping. “Juffrou gaan dit seker darem vir ons lees.”

“Haai nee,” sê juffrou Breytenbach effens verbouereerd. “Ons moet klaarmaak met julle toesprake. Dis vir punte.”

“Ag nee, juffrou,” kreun die kinders in ’n koor.

“Ons kan mos môre aangaan met die toesprake,” sê Christiaan.

Lien vermoed hy het nog nie naby ’n toespraak gekom nie. Hy is in elk geval die laaste persoon in die klas wat in die graad 12’s se nuwe toneelstuk belang sal stel. Nie ’n kultuurdier nie, broers en susters.

Sy kan sien juffrou Breytenbach is effens besluiteloos. Lien weet juffrou Breytenbach sal ook baie liewer die nuwe toneelstuk vir die kinders wil lees as om na die leerders se boring toesprake oor “Die toekoms van Afrikaans” of “Waarom ek my toekoms hier in Suid-Afrika wil bou” te luister.

“Dalk net ’n paar bladsye,” sê juffrou Breytenbach, duidelik opgewonde. Sy gaan sit sommer bo-op haar lessenaar en skuif haar bril reg.

“Die stuk is gebaseer op ’n Amerikaanse fliek van so ’n paar jaar gelede, *The Breakfast Club*,” verduidelik sy.

Sy vra of iemand dit dalk op DVD gesien het. Niemand het nie. Die juffrou lyk teleurgesteld.

“Dit gaan oor ’n groepie skoolkinders wat een middag ná skool in die biblioteek detensie doen. Hulle is aanvanklik vol bravade, maar soos die middag verloop, begin hulle een vir een agter hulle skanse uitklim en laat

hulle hulle maskers sak. Die stuk gaan oor hulle vrese, probleme en drome. Hulle verlaat die biblioteek uiteindelik as ander mense, met meer insig in hulleself," vertel die juffrou opgewonde.

"Dis regtig … regtig … hoe sal ek sê …" Juffrou Breytenbach soek na woorde. "Dis eg, regtig real."

Asof jy sal weet, dink Lien, wat by voorbaat besluit om af te skakel. Sy verpes Amerikaners. Bigger is better and we know it all. Sy het genoeg probleme van haar eie.

'n Paar loud Amerikaners s'n traak haar nie. Sy kyk by die venster uit en wonder of vanmiddag by Malie se kitsch plantasie iets anders as gister, meer rosies as dorings, gaan oplewer.

"Lien, as jy nie belangstel nie, kan jy buite gaan staan," sê juffrou Breytenbach terwyl sy oor haar brilletjie vir Lien loer. Lien is lus en doen dit, maar bedink haar. Hoe minder waves, hoe stiller is die see, sou die een of ander wyse ou wel eendag lank gelede geskryf het, vermoed sy.

Juffrou Breytenbach begin lees. Die stuk begin waar die kinders een vir een by die biblioteek opdaag.

Teen wil en dank luister Lien tog. Sy sien die ander kinders hou ook op rondskuif en fluister. Selfs Christiaan luister met 'n effens oop mond. Die storie boei hulle.

Toe die klok vir pouse lui, bly almal, anders as gewoonlik, nog 'n rukkie doodstil sit.

"Nóg, nóg!" roep die vaal Miemie Spies skielik hardop. Haar oë gloei en haar wange is bloedrooi. Van die kinders lag. Juffrou Breytenbach kom tot verhaal.

"As ons julle toesprake môre almal afgehandel kry, kan ons die stuk Vrydag klaar lees," sê sy beslis. "Maar almal moet môre voorbereid wees. Hoor jy, Christiaan?" sê sy gemaak kwaai.

"Natuurlik, juffrou, hoe ken juffrou my?" lag Christiaan, die town clown – eintlik die village idiot, dink Lien.

Toe Lien amper by die deur is, roep juffrou Breytenbach haar terug. "Lien, het jy 'n minuut?" Sy beduie met haar hand dat Lien moet sit.

Lien verstyf. Haar eerste reaksie is om te maak dat sy wegkom. Sy kan nie dink wat tot dié onverwagse oudiënsie aanleiding gegee het nie. Haar punte is nie wonderlik nie, maar sy kom tog deur. Sy gaan sit ongemaklik by een van die voorste banke, maar 'n hele entjie weg van die juffrou.

Juffrou Breytenbach pak ’n paar dokumente op ’n hoop. Dit lyk asof sy na woorde soek. Sy haal haar John Lennon-brilletjie af en sit dit op die hopie dokumente voor haar op die lessenaar neer. Sy vou haar hande en kyk reguit na Lien.

“Ek wou al lankal bietjie met jou praat.” Sy sit weer haar brilletjie op. “Waarom is jy so kwaad vir ons?” vra sy ernstig.

Die wind is heeltemal uit Lien se seile gehaal. “Juffrou?” vra sy verbaas.

“Ek ken nie jou agtergrond nie en ek weet ook nie wat by julle huis gebeur nie, maar dit is vir my duidelik dat jy vir iets of iemand baie kwaad is. En dis nie regverdig dat jy dit op ons uithaal nie. Jy is nou meer as ’n jaar hier en steeds maak jy nie vriende nie. Dis asof jy nie wíl nie. Jy ontwyk alle buitemuurse aktiwiteite en as jy aan iets móét deelneem, is dit duidelik ‘n halfhartige poging. Ek weet nie wat in jou lewe verkeerd geloop het nie, maar is dit reg dat jy onskuldige mense daarvoor blameer?”

Lien is sprakeloos.

Die juffrou skep asem.

“Jy is slim, al wys jou punte dit nie. Ek dink jy het baie potensiaal, maar dan sal jy moet ophou om so stilletjies onder die radar deur te oorleef. Jy gaan nooit jou volle potensiaal bereik as jy nie jou probleme uitpluis en die wêreld in die oë kyk nie. Dit sal dalk help as jy met iemand praat oor wat jou pla. My deur staan ook vir jou oop,” sê die juffrou sagter.

Lien is steeds sprakeloos.

“Ek wil hê jy moet Donderdagmiddag vir een van die rolle vir die nuwe stuk kom lees. Die oudisie is sesuur in die saal,” gaan juffrou Breytenbach voort.

Lien gaap die juffrou aan. Sy wonder of sy iets moet sê.

“Ek hou nie van die arrogante Amerikaners nie,” is al waaraan sy uiteindelik kan dink.

Die juffrou is vir ’n oomblik uit die veld geslaan, maar kry tog die kloutjie by die oor.

“Komaan, Lien. Dis ’n goeie, tydlose stuk. Dit het niks met Amerikaans-wees te doen nie. Die storie kon enige dag hier in Jakaranda afgespeel het. Dit gaan oor tieners – of hulle nou Amerikaans of Spaans is, is nie regtig ter sake nie. ’n Intelligente mens soos jy moet dit besef.” Daar is nou ’n effense glimlag om juffrou Breytenbach se lippe.

“Ek werk in die middag en ek wil ook probeer om nog dié jaar matriek deur te kom.” Dit klink meer sarkasties as wat sy bedoel het.

Sy staan op en loop sonder ’n woord by die deur uit. Juffrou Breytenbach sê niks verder nie en roep haar nie terug nie.

Lien weet nie hoe om te voel nie. Aan die een kant kan sy nie help om ’n bietjie beïndruk te wees nie. Sy het die juffrou vlak gekyk. Juffrou Breytenbach is op haar beste maar lekker deurmekaar en Lien het gedink die juffrou weet gewoonlik nie eintlik wat om haar aangaan nie. Maar sy voel eintlik ’n bietjie kriewelrig, blootgestel. Iemand het gekyk en vir Lien Jooste raakgesien, oor haar gedink. Sy het juis gehoop dat sy die paar maande voor die eindeksamen so vinnig en so stilletjies moontlik agter die rug sou kon kry.

Dis eers toe die Wiskunde-klas al goed aan die gang is dat sy besef sy is eintlik blerrie kwaad. Wie is die vrou om so in haar bubble in te klim, om haar so uitmekaar te trek soos sy gewoonlik met die gedigte doen waaroor sy so rave?

Die res van die dag kan sy glad nie konsentreer nie. Sy kan nie wag om vir Wouter te vertel nie. Toe die laaste klok lui, stap sy dikmond hek toe. Wouter wag al en sy is nog ’n entjie van die hek af, toe val sy sommer met die deur in die huis.

“Ek is nou so de moer in, ek kan ’n moord pleeg,” sis sy toe hy binne hoorafstand is. Wouter luister soos gewoonlik geduldig terwyl sy haar sê sê. Toe sy klaar is, kyk sy afwagtend na hom, wag vir die morele ondersteuning.

“Oorreageer jy nie bietjie nie? Sy het dit seker goed bedoel. Let’s face it, jy is nou nie eintlik Lientjie Lieflik by die skool nie.” Hy lag versigtig.

Lien gaan staan botstil en gluur hom aan. Sy is so kwaad sy kan nie ’n woord uitkry nie. Sy draai in haar spore om en vat sommer koers oor die besige straat sonder om te kyk. ’n Kar mis haar rakelings. Die bestuurder toet. Lien moet haar inhou om nie vir die bestuurder iets leliks te skree nie.

“Aag kom, Lien!” roep Wouter agter haar aan. “Ek het dit nie só bedoel nie. Wag vir my!”

Sy ignoreer hom en stap so vinnig as wat sy kan huis toe. Wouter is ’n rugsteker, dink sy woedend. Hy het haar gedrop. Sy kan nie besluit vir wie sy die kwaadste is nie, vir juffrou Breytenbach of vir Wouter.

Braam lê soos gewoonlik voor die televisie.

“Het jy nie huiswerk nie?” vra sy geïrriteerd.

Braam ignoreer haar en sit die televisie kliphard.

“Braam, sit sagter!” skreeu sy. Hy lag en skakel oor na ’n ander kanaal.

“Wat byt jou?” vra hy terwyl hy die televisie sagter sit en haar met een van die bank se kussings gooi.

“Waar’s Ma?” vra sy vies, terwyl sy die kussing eenkant toe skop.

“Jy kan my soen as ek weet,” sê Braam terwyl hy hom op die bank uitrek.

Haar ma het vanoggend gesê sy het ’n runny tummy en dat sy by die huis gaan bly terwyl sy bewerig vir haar ’n koppie koffie in die kombuis geskink het. Haar ma het deesdae gereeld ’n runny tummy of die een of ander skeet wat haar by die huis hou. Dis net ’n kwessie van tyd voordat die mense by die Departement van Binnelandse Sake gaan begin wonder oor haar ma. Sy is te bang om daaraan te dink.

Sy skep van tannie Bets se sop wat nog in die pot op die stoof staan in ’n beker en besef dan dis yskoud. Sy skep dit vies terug. Sy sit die stoofplaat aan en gaan trek solank aan vir haar skof in die Garden of Evil.

Soos sy gedink het, het Braam hom gelig toe hy die sop ruik. Hy staan en slurp toe sy in die kombuis kom. Sy skep vir haar ook in en smeer ’n sny brood. Hulle sit in stilte op die kroegstoeltjies by die eetblad.

“Jy moet die sop wat nog in die pot is in ’n bak skep en die pot was. Die pot moet terug na tannie Bets toe,” gee Lien opdrag.

“Doen dit self,” sê Braam en gaan sit weer voor die televisie.

“Ek moet werk sodat daar vanaand kós in hierdie huis kan wees,” skreeu sy agter hom aan.

“Shame,” skree hy terug. “Afrika is wreed. Hier’s leeus.”

Lien klap die voordeur toe en stap moerig hysbak toe.

5

Lientjie Lieflik

Daar is heelwat minder mense as die vorige dag in die oorvol coffee shop. Sy sien nie vir Sophie óf vir Moeilike Malie nie. Agnes staan gebukkend oor ’n tafel en kyk vraend na iets wat ’n vrou met ’n reuse-bril vir haar op die spyskaart beduie.

Lien vat haar bestelboekie op die toonbank en gaan soek haar aaklige blommetjiesvoorskoot in die kombuis. Tant Malie staan in die kombuis en beduie na ’n sny koek op ’n bordjie terwyl sy kwaai met een van die kombuiswerkers praat.

“Noem jy dit ’n sný?” vra sy kwaai. “Dis ’n hómp. Jy kan ten minste drié snye daaruit gekry het! Julle moet nie eers dínk aan ’n verhoging as julle my geld so mors nie!” Sy storm by Lien verby sonder om haar raak te sien.

Die vroue in die kombuis mompel onder mekaar.

“Auk,” sê die een. “Sy is altyd kwaad, kwaad, kwaad.”

Lien probeer uit die tannie se pad bly en gaan deur die ritueel soos wat sy gister gedoen het: spyskaarte uitdeel, bestellings neem en glimlag totdat haar mondhoeke pyn.

Agnes vertel haar in die verbygaan dat Sophie net Dinsdae en Donderdae werk. Sy swot iets by ’n kollege in die stad en het die res van die week klas.

Teen halfvyf bereken Lien sy het nie meer as R15 se fooitjies in haar voorskootsak nie. Daar was min mense en dié wat gegee het, het min gegee. Sy dink moedeloos aan die leë yskas en die prys van ’n vliegtuigkaartjie wat al hoe verder buite haar bereik lyk.

Sy wens half Wouter wil ’n draai maak, maar sy dink nie hy sal kom ná haar tantrum by die skoolhek nie. Sy loop ingedagte kombuis toe met ’n skinkbord vol leë koppies en bordjies. Toe sy die swaaideur oopstoot, kom Agnes met ’n vaart uit die kombuis met ’n vol gelaaide skinkbord wat sy soos gewoonlik op haar hand hoog in die lug balanseer. Hulle tref mekaar

met ’n vaart en breekgoed en stukke koek spat in alle rigtings. Dis vir ’n oomblik stil in die coffee shop. Mense sit skeef gedraai in hulle stoele om die petalje te bekyk.

Lien en Agnes maak verbouereerd glasstukke bymekaar.

“O vrek, sê Agnes angstig. “Nou gaan die hel losbreek …”

Lien sien onderlangs dat tant Malie besig is om ’n vrou by die kasregister te help. Hulle staan vir Lien en Agnes en kyk.

“Oeps,” hoor sy tant Malie sê. Daar is ’n glimlaggie om haar mond wat ’n paar grade kouer is as die ysblokkies in haar stem. Sy gaan voort om die vrou te help en die ander kliënte draai ook terug in hulle stoele. Lien dra die stukkende koppies en bordjies op die skinkbord kombuis toe, terwyl Agnes die gemors op die vloer met ’n mop skoonvee.

Teen kwart voor vyf is die winkel leeg en Lien en Agnes staan benoud by die swaaideur en wag.

Tant Malie het nog nie ’n woord met een van hulle gepraat nie en Lien begin gerus raak dat die tannie dalk nie so kwaad is as wat hulle vermoed nie. Malie Dry is tydsaam besig om die geld in die kasregister bymekaar te tel en in banksakkies te plaas. Op die kop vyfuur kyk sy op haar horlosie en stap kombuis toe.

“Kom saam,” sê sy en stap deur die kombuis se swaaideure. Hulle kyk vir mekaar en volg haar. Agnes maak vir Lien groot oë.

Die tannie krap met ’n besemstok in die vuilgoedblik en maak kort-kort ’n nota in haar aantekeningboekie wat by ’n pen op die kombuistafel lê. Sy haal haar optelmasjientjie uit haar voorskootsak en begin tydsaam om die klompie syfers wat sy op die notaboekie aangeteken het, bymekaar te tel.

“So ja,” sê sy terwyl sy die optelmasjientjie terug in haar sak sit. “Die skade is R128.50. En dis konserwatiéf bereken. Julle sal ’n paar dae dus sónder betaling moet werk om julle skuld af te betaal,” sê die tannie met ’n stywe glimlaggie om haar mond.

“Reg so, mevrou,” sê Agnes. Sy haal haar voorskoot af en hang dit aan een van die hakies teen die muur. “Ek gaan nou maar. Sien julle môre.” Sy verdwyn vinnig deur die swaaideur.

Lien is sprakeloos. Sy en tant Malie staan vir mekaar en kyk.

“Maar dit was ’n ongeluk! Dit kon met enigiemand gebeur het!” sê Lien, so kwaad dat sy kan huil.

“Ek hou nie van jou houding nie. As jy nié jou aandeel aan my verlies wil betaal nie, moet jy sommer nóú jou voorskoot ophang en nóóit weer

terugkom nie," sê die tannie koud.

Lien haal haar voorskoot stadig af en hang dit aan 'n haak sonder om haar oë van tant Malie af te haal. Sy dink aan die lysie met kruideniersware wat in haar sak is. Sy dink aan die brug in Praag en die sonstrale op die Džuban-meer wat sy op die Internet gesien het. Sy en die tannie kyk mekaar nog vas in die oë.

"Ek kom nie weer terug nie," sê sy uiteindelik sag. "Ek sal tannie se geld bring wanneer ek dit het."

Terwyl sy huis toe loop, onthou sy dat sy nog vir Braam 'n botteltjie Marmite vir sy skooltoebroodjies wou gekoop het.

Haar ma se deur is toegetrek toe sy by die huis kom. Dit beteken sy lê en slaap en sy moet geel van die werk af gekom het. Hoe dit werk, kon Lien nog nie uitgewerk kry nie. Haar ma moet iewers ná werk vir 'n ruk stop, maar waar? Sy sal tog nie by die werk …

Sy skraap moed bymekaar om tannie Bets se pot terug te vat. Sy voel die slegste oor tannie Bets wat vir haar die werk by die Garden of Evil gekry het. Maar Malie en haar tuin gaan nie vir haar werk nie.

Die voordeurklokkie lui. Lien oorweeg dit om nie oop te maak nie. Sy onthou dan dis seker tannie Bets wat haar pot kom haal of weer iets te ete bring, soos sy gereeld doen. Haar charity case.

Die vriendelike jong predikantjie staan vir haar en glimlag. Hy het 'n denim en 'n swart T-hemp aan en sy blonde hare is in 'n cocky kuifie gejel. Cooler as cool. Sy oorweeg om die deur in sy gesig toe te maak.

"Hallo. Dis mos … uhm … Lien? Jammer ek het nie eers gebel nie. Ek was in die gebou en het toe sommer gewonder hoe dit met julle gaan. Ek was nog nie weer hier sedert julle ingetrek het nie."

"My ma slaap," sê Lien stug.

"Ek kan doen met 'n koffietjie," laat hy hom nie van stryk bring nie.

Sy nooi hom langtand in, voel half verspot in haar ou rooi sweetpak wat saam met Jan van Riebeeck in die Kaap aangekom het. Braam lê op sy gunstelingplek.

"Sit die blerrie ding af," sis Lien. Braam kom vinnig regop, groet die predikant en skakel die TV alles in een beweging af.

Lien verskoon haar en verdwyn kombuis toe. Sy hoor die predikant en Braam oor die vorige Saterdag se Super 14-wedstryde gesels.

Sy neem haar tyd in die kombuis. Kom tot verhaal. Sy hoop maar haar ma slaap regtig.

Sy oorweeg om hulle “beter” koppies op ’n skinkbord te pak, maar besluit daarteen. Sy skink in hulle gewone bekers. Wie is hy, after all? Sy wag dat die water kook.

Haar oog val op die geraamde prentjie wat bo die kombuiskas hang. Braam het dit geteken toe hy vyf jaar oud was. Ons straat. Veelkleurige blomme en bome en voëltjies en ’n ma en ’n pa en ’n seuntjie en ’n dogtertjie en ’n reuse-son. Die kleuterskooljuffrou het dit vir ’n kompetisie ingeskryf en Braam het ’n prys gewen. Die pers roset van die Youth Art Competition hang nou nog in die hoek van die prentjie.

Miskien moet Kuifie haar ma dalk juis op haar stukke sien. Kom kyk, dominee. Dis hoe dit agter die toe deure en hoë heinings van jou koninkrykie lyk. Die strate van melk en heuning bestaan eintlik uit cheap dooswyn en boontjies in tamatiesous.

Sy is lus en gee vir hom die beker met die chip.

Sy stort bietjie koffie toe sy Kuifie se beker aangee. Sy voel soos ’n gek toe hy opspring en sy beker met sy sakdoek skoonvee.

Hy en Braam gesels land en sand oor die Suid-Afrikaanse spanne se kans in die Super 14-reeks. Lien voel soos ’n vyfde wiel aan die wa. Sy verwonder haar aan Braam wat met soveel selfvertroue met die vreemde man gesels. Dit lyk asof Braam van hom hou. Sy sluk stadig aan haar koffie, staar onwillekeurig in die rigting van die televisie, al is die ding af.

Ná ’n ruk draai die predikant na haar. Hy vra haar uit oor die skool. Sy antwoord in kort sinne wat uit eensillabe-woorde bestaan. Sy wil die besoek so gou moontlik agter die rug kry. Hy vertel van eerskomende Sondag se jeugdiens. Vra hulle moet ’n draai maak. Sy en Braam sê niks. Hy staan naderhand op en groet hulle met die hand.

“As julle ooit probleme het, moet julle kom gesels,” sê hy vriendelik. “Dis my werk om te help.”

Ja, ja, dink Lien geïrriteerd, jy is te lig in die broek.

Nadat hy weg is, is sy half vies vir haarself. Sy was ongeskik. Hy bedoel seker goed, en hy is seker nie ’n bad ou nie, dink sy terwyl sy die aartappels begin skil. Haar oog val weer op Braam se prentjie. Sy sit ’n rukkie daarna en kyk, die groenteskiller in die lug.

“Wanneer het jy so ’n goorgat geword?” vra sy vir die dogtertjie met die vreemde swart hare en die skewe mond.

Haar ma kom die res van die aand nie te voorskyn nie en sy en Braam eet in stilte voor die televisie: ’n hoenderboudjie elk, aartappels en ’n tamatie wat sy vir hulle gedeel het.

Ná ete was sy tannie Bets se pot en durf die trappe na die vyfde verdieping aan.

Tannie Bets is bly om haar te sien en dring aan dat sy vir koffie bly.

“Ek het Swartwoudkoek,” fluister sy opgewonde. “Ek moet eers oormôre weeg en ek lek al heeldag my lippe af.” Sy sny vir hulle elkeen ’n reuse-stuk koek en maal koffie. Lien sien iemand het reeds ’n behoorlike duik in die koek gemaak.

Dis ’n gesellige woonstel. Al lyk dit presies soos hulle s’n, voel dit vir Lien heeltemal anders. Dis vrolik en gesellig. In die sitkamer sing iemand ’n sad country-liedjie. Al haat Lien country-musiek, klink dit nogal luisterbaar hier. Dit pas in dié vrolike woonstel.

Sy skraap moed bymekaar om te vertel van die coffee shop. Tannie Bets luister sonder om haar in die rede te val.

“Aag, my kind, ek weet Malie is nie ’n maklike mens nie, maar ek het maar gehoop vir die beste. Dan moet jy sommer nou by Dirkie gaan klop. Hy en Donovan soek iemand by die haarkapper om in die middae uit te help. Hy is in 401.”

Lien kuier altyd lekker by tannie Bets. Alles is so maklik en rustig hier. Sy wens baiekeer sy kan sommer bly.

Ná nog ’n stuk koek groet sy en gaan klop huiwerig by 401. Sy het Dirkie al in die hysbak gesien en soms in die tuintjie voor die woonstel, waar hy dikwels met sy kat sit. Sy is is nie regtig lus om by die haarkapper te gaan werk nie. Millennium Creations. Sy weet baie van die meisies in Jakaranda laat sny hulle hare daar.

Dirkie groet, nie baie vriendelik nie, en kyk haar vraend aan. Hy is ’n maer mannetjie met ’n wilde bos hare en ’n lelike vel. Sy skat hom so in sy vroeë twintigs. Lien vra of hulle nog iemand by die haarkapper nodig het. Hy kyk ’n ruk krities na haar hare.

“Weet jy iets van hare af?”

Lien vererg haar bietjie vir die man wat haar so bekyk. “Wel, ek hét.”

“Dis net tydelik. Sue-Ellen wat by ons werk, het ’n baby gehad en sy is vir ’n paar maande op kraamverlof. Dis net totdat die baby bietjie groter is, dan kom sy weer terug. Ons het iemand wat in die oggende help, maar ons soek iemand vir die middae en Saterdagoggende. Daar is iemand wat

belangstel, maar sy moet nog laat weet. Los jou nommer, ek sal jou bel." Hy kyk weer krities na haar hare.

Lien groet en stap hysbak toe.

"O ja, ons betaal R15 per uur en jy kan jou hare verniet laat sny. Dis van twee tot vyf!" roep hy haar agterna.

Haar ma se deur is steeds toe en Braam kyk die een of ander skop-skiet-en-donder-fliek op TV. Sy begin langtand met haar Wiskunde-huiswerk terwyl sy na Norah luister.

Dis eers toe sy in die bad lê dat dit haar soos 'n weerligstraal tref hoekom sy so kwaad vir Wouter is. Jakaranda het hom mak gemaak. Sy besef nou eers waarom sy sedert Februarie so half onrustig is oor hom. Sy kon nie haar vinger daarop lê nie, maar sy sien nou duidelik dat Wouter se kamtige onskuldige geselsies met die ander meisies op die stoepe, sy saamkoekery pouses saam met die ander krieketspelers onder die jakarandabome in die hoek van die speelgrond, nie so onskuldig is as wat dit lyk nie. Wouter is nou een van húlle. Hy het tuis geraak. Sy het haar brother in arms verloor, besef sy verslae.

There was a time when I believed
That you belonged to me
But now I know your heart is shackled
To a memory

sê slim Norah. Lien vee Norah vies met haar hand uit die pad en klim uit die bad.

Die volgende oggend staan sy aspris saam met die hoenders op en stap 'n halfuur vroeër as gewoonlik skool toe. Sy hoop Wouter staan tot volgende week vir haar voor die telefoonhokkie en wag.

6

A change of scenery

Sy is bly sy is vroeg by die skool. Sy weet meneer Visagie sluit die biblioteek soggens vroeg oop en dit sal haar kans gee op die Internet voordat die ander kinders kom. Sy was te skaam om vir Miemie te sê dat hulle nie Internet by die huis het nie en dat sy haar deel van die prokureursondersoek in die skool se biblioteek sal moet doen.

Hulle mag gewoonlik nie langer as tien minute op die Internet in die biblioteek werk nie. Meneer Visagie het ’n verspotte klokkie wat elke tien minute lui wanneer jou tyd verby is en jy moet jou naam in ’n boek skryf om tyd te bespreek. Maar só vroeg sal sy lank kan surf voordat die ander kinders kom.

Sy kry Tukkies en die Universiteit van Johannesburg se webtuistes deur Google, maar kry nie veel inligting onder die regsfakulteite nie. Dit lyk in elk geval nie vir haar of daar juis toelatingsvereistes is nie. ’n Mens moet ’n M-telling van 14 hê, maar geen spesifieke vakke word vir regte vereis nie. By Tukkies sê hulle Wiskunde en Rekeningkunde word aanbeveel vir studente wat BCom LLB wil swot, maar dis nie verpligtend nie. Daar is nie eintlik veel inligting nie. Sy sal dalk die universiteite moet bel.

Sy kliek ’n rukkie lusteloos op die universiteite se tuistes rond, maar dis ’n gesukkel. Alles klink koud en akademies en nie na plekke waar mense studentepret het wat hulle vir jare daarna nog met hulle kleinkinders sal wil deel nie. Lien kan haar nie by so ’n plek voorstel nie.

Meneer Visagie is besig om die dag se koerante op die tafel langs haar uit te pak. Haar oë vang ’n opskrif op die *Citizen* se voorblad: *Oil spill on the Norwegian coast has environmentalists up in arms.* Noorweë. Sy weet nie veel van dié land nie. Sy tik *Visiting Norway* op Google in. ’n Magdom sites word gelys. Sy kliek op een wat sê *Visiting Norway: What not to miss.* Sy verkyk haar aan die stil, blou mere en die digte groen bosse op die oewers.

Water blink in die son en daar is sneeu op die bergpieke. ’n Glimlaggende man hou ’n yslike blink vis in die lug. *The white salmon is well known in the icy waters of Norway and is one of the country’s delicacies,* lui die onderskrif.

Iemand langs haar probeer haar aandag trek. Dis ’n jongerige seun met vaal hare en draadjies aan sy tande.

“Gaan jy nog lank wees? Ek moet gou iets soek oor Napoleon vir die eerste periode,” sê hy benoud. Lien sien al die ander rekenaars is beset. Sy staan op en gaan lees meer oor die ramp aan die Noorweegse kus. Sy dink aan die blink salm op die foto.

As Wouter kwaad is omdat hy tevergeefs vir haar by die telefoonhokkie moes wag, laat hy niks blyk nie. Hulle het die periode voor eerste pouse saam Biologie en hy groet vriendelik toe hy by haar bank verbystap. Hy stop in die verbygaan iets in haar hand. Dis ’n Milo Bar en ’n briefie:

Sorry oor ek gister op jou iPod gepiepie het. Stick jou môre vir koffie by die Wimpy as jy klaar gewerk het. Pals for life!!

Sy druk die briefie in haar Biologie-boek. Sy voel verlig. Sy sal hom net moet terugwen en sy oë weer oopmaak vir die simpel skool met sy simpel kinders, besluit sy terwyl sy ’n hap van die Milo Bar vat.

Ná skool wag sy vir Wouter by die hek. Sy kan nie onthou of hy krieket oefen nie. Kinders drentel by haar verby. Wouter kom aangestap met sy rugsak oor sy skouer. Hy is besig om vir Riekie en Sanet weerskante van hom iets te vertel. Hy troon bo die meisies uit. Riekie giggel onophoudelik en sy kan sien Wouter geniet dit om die middelpunt van die aandag te wees. Sy haat die intieme prentjie en Wouter wat spin soos ’n kat wat melk gekry het. Pals for life se voet.

Hy lyk verbaas om haar te sien. Hy groet die ander twee en loop tot by haar.

“Werk jy nie?” vra hy verbaas. Lien doen haar bes om nie haar moerigheid te wys nie en vertel hom van die vorige dag se episode in die coffee shop. Sy kan sien hy is dik van die lag, al probeer hy simpatiek lyk.

“Dis nie ’n grap nie, Wouter. Weet jy wat kos ’n vliegtuigkaartjie Europa toe?!”

Hy lag. “ ’n Koffietjie by die Wimpy is net die change of scenery wat jy nodig het.”

Lien kan nie help om saam te lag nie. “Ek is lus en gaan koop ’n paar goedkoop koppies by Pick n Pay en gaan laai dit voor die draak se voordeur

af.” Sy vertel van die moontlikheid by Millennium Creations in die sentrum, maar dat Dirkie nog moet bel.

Hulle sit by een van die tafeltjies buite op die stoep. Dis Lien se gunstelingtafel. Sy geniet haar gate uit as van Jakaranda se kinders verbystap en vir hulle kyk. Sy kan sien hulle wonder wat is haar en Wouter se storie, koppe bymekaar en gedurig aan die fluister en lag. Hulle wonder seker of sy en Wouter ’n item is en oor wie hulle so skinder. Laat hulle wonder, dink Lien met genoegdoening.

Wouter bestel koffie en ’n bord slaptjips. ’n Meisie by ’n tafel langs hulle vertel in besonderhede vir haar pel van die rok wat haar ma vir haar vir die matriekafskeid gaan maak.

Wouter trek sy gesig op ’n plooi. “Oehoe, bo blink, maar sy sal moet keer so al wat sy kan vir …”

“Wouter!” lag Lien.

Die meisies se eindelose gepraat oor die matriekafskeid irriteer Lien grensloos. Verspotte matriekdogters wat oor dates giggel en dit heeltemal lose as dit by die prys van matriekafskeidrokke kom. Ewe intelligente ouens wat kyk hoe hulle mekaar kan uitoorlê om met die simpelste ryding by die groot oomblik op te daag. Die sirkus van die jaar.

Sy en Wouter het besluit hulle gaan die spulletjie misloop, liewer gaan fliek of so iets.

“Ek wonder wat sal hulle maak as ons met ons denims en T-shirts by die sirkus opdaag,” sê Lien. Sy kyk na Riekie en Christiaan wat op die parkeerterrein staan en gesels. Christiaan trek ’n diep teug aan sy sigaret en beduie iets vir Riekie.

“Dalk kan ek my ou rooi sweetpak aantrek. Dit sal ’n show stopper wees,” lag Lien.

Wouter staan skielik op en sak op sy knieë langs haar bankie neer.

“Gee my jou hand,” sê hy ernstig.

“Wat maak jy?” giggel Lien, maar gee nogtans haar hand vir hom. Hy neem dit in albei sy hande en maak plegtig keel skoon.

“Juffrou Jooste, sal jy my die eer aandoen om my na die sirkus van die jaar te vergesel? Ek belowe om spesiaal ’n uniform by die army te leen en ’n helikopter vir die okkasie te huur. Jou ma mag saamkom as sy ’n bietjie liquid inspiration sal saambring.”

Lien lag so hard dat sy stik. Van die ander mense op die stoep hou op met eet en kyk vir hulle. Wouter klap haar ’n paar keer op die rug totdat sy weer

asem kry, en gaan sit laggend op sy plek.

"Ek dare jou. Kom ons gaan en ons trek só aan dat ons 'n statement maak wat die ou spul in hulle punch sal laat verstik. Jeans en T-shirts kan werk, so alles in swart, dalk met 'n neusring of iets anders wat op 'n prominente plek blink. Dan vra ons vir Dirkie en Donovan om iets zooty met ons koppe aan te vang. As jy daar werk, sal ons seker 'n special kan kry."

"Ou Uil sal dink ons is met die okkulte deurmekaar," lag Lien.

"Laat hulle wonder, laat hulle wonder. Dis mos ons motto, nie waar nie?"

Hy is skielik ernstig. "Kom ons gaan!" sê hy opgewonde.

"Jy's seker gek," lag Lien.

Sy voel skielik goed, so goed soos sy net by Wouter kan voel. Haar pel is nog hare. Riekie en Sanet, eat your hearts out.

Sy vermoed haar ma is vir 'n verandering werk toe. Dis doodstil in die woonstel. Braam is ook nie by die huis nie. Sy smeer 'n stuk brood en sny skuldig die laaste stukkie kaas vir haar toebroodjie. Daar is nog 'n halwe tamatie in die leë yskas en sy sit dit bo-op die kaas. Sy weet nie wat hulle vanaand gaan eet nie en of haar ma enigsins aan kos gaan dink waar sy en haar chroniese runny tummy hulle ook al mag bevind nie. Sy maak koffie met van die aaklige, goedkoop poeierkoffie wat hulle die vorige Saterdag op special by Pick n Pay gekoop het. Haar ma sal darem seker iets koop om te eet, hoop Lien.

Sy gaan sit in die sitkamer en luister na die karre onder in die straat. Dis hemel op aarde om so alleen in die woonstel te wees.

Sy wonder oor Wouter. Is hy al moeg oor sy mislik is met die ander kinders by die skool? Sy kom agter hy is ongemaklik as sy haar so eenkant hou. Hy het haar aangemoedig om vir die oudisie te gaan. Hoekom wil hy so graag hê sy moet aan die simpel toneelstuk deelneem?

Sy is bang sy verloor hom. Dan het sy regtig niemand om mee te praat nie. Sy kan nie eers met tannie Bets praat oor die goed waaroor sy en Wouter praat nie. Miskien moet sy tog maar gaan, al lees sy nie vir 'n rol nie. Sy het die werkery as verskoning gebruik, maar terwyl sy nou nog nie weet van Dirkie-hulle nie, kan sy miskien om Wouter se onthalwe net haar oë by die oudisie gaan wys. Kyk, my vriend, ek het 'n treetjie in die regte rigting gegee. Kan ons nou maar weer by die Wimpy gaan sit, ek en jy alleen?

Sy begin met haar Biologie-huiswerk en sit Norah in haar Walkman:

So many times I wonder where I've gone
And how I found my way back in
I'll look around a while for something lost
Maybe I'll find it in the end.

Daar het sowat dertig kinders vir die oudisie opgedaag. Selfs Christiaan, die kultuurlose dier, sit en grappies maak tussen 'n paar ander ouens.

Daar is maar agt karakters in die toneelstuk, as 'n mens die onderwyser wat aan diens is in die biblioteek en die skoonmaker buite rekening laat. Dis maar twee kleinerige rolletjies daardie. Die kompetisie gaan straf wees, besef sy. Sy kan nog nie besluit of sy regtig wil lees nie. Sy is net hier vir Wouter se onthalwe en sy hou nogal van die deurmekaar juffrou Breytenbach, al het die juffrou se preek haar glad nie beïndruk nie.

Juffrou Breytenbach staan voor die verhoog. Sy verduidelik hoe die oudisie gaan werk. Elkeen gaan 'n beurt kry om 'n stuk van die teks te lees. Die leser moet op die verhoog gaan staan. Sy gaan sit in die tweede ry van voor af en roep vir Riani Scholtz, wat heel regs in die voorste ry sit. Riani moet op bladsy 2 die karakter van Rona lees.

Rona is 'n spoilt brat wat ten spyte van haar pa se baie geld baie ongelukkig is. Sy is so bietjie soos Paris Hilton. Sy is ook met dwelms deurmekaar. 'n Lekker rol, dink Lien.

Riani val weg. Sy is eers senuweeagtig, maar later vat sy vlam. Nóg later geniet sy haar gate uit. Juffrou Breytenbach luister aandagtig en maak kort-kort 'n aantekening op die skryfblok op haar skoot.

Die kinders kry een vir een 'n beurt om te lees. Die seuns het oor die algemeen minder selfvertroue as die dogters. As hulle eers alleen op die verhoog staan sonder 'n kameraad of twee aan die sy, val die bravade sommer gou weg. Lien lag in die stilligheid.

Sy sien verras dat Miemie Spies ook vir die oudisie opgedaag het. Sy kan haar Miemie nie in een van die rolle voorstel nie.

Miemie stap vasbeslote by die verhoog se trappies op toe dit haar beurt is. Sy knip haar oë 'n paar maal en vou haar hande voor haar maag. Juffrou Breytenbach blaai in die teks rond. Sy sê Miemie moet die rol van Jenny lees. Jenny is 'n terterige karakter wat die ouens om haar pinkie draai. Lien kan nie dink waarom juffrou Breytenbach vir Miemie dié rol laat lees nie. Die klein, maer meisietjie met die dik bril sal nooit in haar lewe terterig lyk nie, al doen sy ook wat. Die rol sal vir Sally soos 'n handskoen pas, dink

Lien, nie dat Sally haar met sulke crap soos ’n skooltoneelstuk sal ophou nie. Op ’n manier verstaan Lien dit. Wat is ’n paar bedorwe Amerikaanse tieners se selfgesentreerde lewens in the greater scheme of things?

Miemie bly lank stil. Sy staar na ’n punt iewers agter in die saal. Sy staan bewegingloos. Van die kinders begin saggies giggel. Juffrou Breytenbach gluur kwaai om haar rond.

Toe trek Miemie los. Haar stem bulder skielik deur die saal. ’n Mens kan nie glo dat die tenger lyfie so ’n klank kan voortbring nie. Riekie wip soos sy skrik in die ry voor Lien. Riekie en Sanet, wat langs haar sit, begin onbedaarlik proes en giggel. Van die ander kinders begin ook lag. Lien wil haar eers vererg vir die ongeskikte kinders, maar dan besef sy sy is ook op die punt om dit heeltemal te lose. Sy druk haar hand voor haar mond.

Miemie hoor niks. Sy bulder dramaties voort en swaai haar regterarm soos ’n windmeul al in die rondte, wáárom kan Lien nie kleinkry nie. Miemie loer kort-kort na die teks in haar ander hand. Die kinders lag nou sommer hardop. Juffrou Breytenbach wend ’n halfhartige poging aan om hulle stil te maak, maar Lien kan sien sy is ook dik van die lag.

“Die girl se kop kap aan,” hoor sy een van die seuns sê.

Toe Miemie klaar is, maak juffrou Breytenbach verleë keel skoon. “Uhm … dit was interessant, Miemie,” probeer sy haar pose hou.

Miemie staan nog ’n rukkie en staar nog steeds stip bo-oor almal se koppe na ’n punt iewers agter in die saal. Dan buig sy lank, en loop vinnig en kersregop van die verhoog af. Kop in die lug. Die kinders klap hande, van die seuns fluit.

Nog ’n paar kinders lees en Lien besef benoud dat sy nou haar move sal moet maak. Genoeg kinders het gesien sy is hier, en dit sal wel by Wouter uitkom, maar sy sit asof sy verlam is.

Toe Jaco langs haar klaar is, besluit sy sy sal tog maar ’n stukkie lees, sy is nou hier.

Toe sy op die verhoog staan, lui juffrou Breytenbach se selfoon.

“Jammer, ek verwag ’n dringende oproep,” sê die juffrou verbouereerd. Sy buk af en vroetel in haar handsak. “Nou terug,” sê sy en stap buitetoe.

Lien gaan staan links, agter die gordyn, weg van die starende oë. Die kinders begin onder mekaar fluister.

Sy voel skielik weird, baie weird. Daar is iets, iets … Sy kan nie haar vinger daarop lê nie. Dis dalk die ligte. Dis skerp en sy kan die hitte wat dit uitstraal, voel. Of verbeel sy haar? Sy vat aan die dik, wynrooi

fluweelgordyne. Sy hou van die tekstuur onder haar vingers. Maar dis nie dit wat haar hoendervleis gee nie.

Dan besef sy dis die reuk. Sy kan dit nie beskryf nie. Dis ’n vreemde reuk, bietjie stowwerig, ook iets skerps soos politoer, maar dis nie politoer nie. Sy voel ’n snaakse vrede, asof sy in ’n wolk dryf, afgesny van die wêreld. Dis net sy en die reuk en die hitte van die ligte. Sy is half teleurgesteld toe juffrou Breytenbach met klikkende hakke terug na haar plek geloop kom.

Juffrou Breytenbach sit haar selfoon in haar handsak en skuif haar John Lennon-brilletjie reg. Sy blaai in die teks rond. “Lien, ek wil hê jy moet die rol van Maria lees. Bladsy 17.”

Lien onthou Maria is die weird een wat heeltyd haar naels kou en min sê. Volgens die teks moet Maria haar karakter deur haar gesigsuitdrukking en liggaamshouding aan die gehoor oordra. Sy sê nie veel nie. Sy wonder hoekom juffrou Breytenbach haar juis dié rol laat lees. Niemand anders was tot dusver nog Maria nie. Is sy dalk vir juffrou Breytenbach weird? Sy begin lees. Die dialoog is min. Sy doen haar bes, maar sy vermoed sy maak ’n gek van haarself. Maria sê die weirdste goed.

Toe sy klaar is, klap ’n paar kinders louerig hande. Lien weet dit was nou nie eintlik ’n performance wat ’n Oscar sal opraap nie. Who cares? Sy is nie verleë oor ’n simpel rol in ’n simpel toneelstuk nie. Sy het niks van dié terug-op-die-brug skool nodig nie. Sy kan nie verstaan waarom sy tog so ’n bietjie teleurgesteld voel nie.

Sy ruik die Van Aswegens se aandete toe sy by die hysbak uitklim. Uie en knoffel. Haar maag draai. Hulle voordeur staan oop en sy besef met ’n skok dat die reuke uit húlle kombuis kom. Haar ma staan voor die stoof en roer in ’n pan. Lien staan in die deur, verstom. Dis ligjare laas dat haar ma iets anders as roereier gemaak het en hier staan sy en kos maak, regte kos.

Mike Mills vertel oor Classic FM van ’n fliek wat Vrydag by die Cinema Nouveau in Brooklyn begin. Hy speel musiek uit die fliek. Haar ma sit die radio’tjie harder en vee haar hare uit haar oë. Lien soek haar ma se oë. Die wynglasie is op sy pos, maar sy lyk oukei, doodoukei.

Haar ma gee haar ’n druk en vat ’n slukkie wyn. “Ek is so honger ek kan ’n bees verslind,” sê sy en draai die radio’tjie sagter.

Lien weet steeds nie wat om te sê nie. Sy verkyk haar aan haar ma. Haar ma maak geselsies en roer kort-kort in die pan, terwyl sy af en toe ’n

slukkie wyn neem.

Braam kom met sy oor-die-muur krieketsak by die deur in en gaan staan in die deur. Lien sien hy is net so verbaas soos sy was. Hulle kyk vir mekaar.

“Ons kan so oor twintig minute eet,” sê hulle ma en sit die radio’tjie weer harder.“Ek is mal hieroor. Wens ek kan die fliek sien,” sê sy en beduie na die radio’tjie.

Lien gaan sit op haar bed en wonder oor haar ma en die twee jaar wat verby is. Dit voel soos twee eeue.

Sy wonder besluiteloos of sy met haar Engelse opstel moet begin. My most embarrassing moment. Mr MacMillan kon darem iets oorspronklikers uitgedink het. Sy dink nie Mr MacMillan se maagspiere is sterk genoeg vir al háár most embarrassing moments nie.

Haar selfoon piep ’n boodskap. Dis Dirkie: *Jy kan môre begin. Kom 2 uur. Good luck!*

Lien kan nie besluit of sy bly is nie. R15 per uur gaan sorg dat sy elke dag R45 huis toe bring. Dis bietjie meer as R200 per week. As sy so die helfte vir kos en goed gebruik, is dit so R400 per maand vir ’n vliegtuigkaartjie. Dis te min.

Dalk kan sy later ’n verhoging by Dirkie-hulle kry as hulle sien sy bring haar kant. Sy weet eenvoudig net nie watter ander plan om te maak nie.

Haar ma roep vir ete. Sy het selfs vir haar ook ’n bietjie spaghetti bolognaise ingeskep. Hulle sit soos ’n wafferse gesin om ’n tafel en eet. Lien kan sien Braam is uit sy kassie. Hy praat aanmekaar oor die krieketoefening en hulle span wat ’n goeie kans het om die liga te wen. Haar ma gesels saam, mellow maar hoegenaamd nie geel nie.

Braam vertel dat hulle nog ’n borg vir die span soek. Grobbies sê die spanlid wat ’n borg werf, kan vyftien persent kommissie verdien. Haar ma stel voor Braam moet by die besighede in die omgewing gaan aanklop.

Lien ontspan. Sy kan nie help om saam te gesels nie. Sy vertel, anders as wat sy beplan het, van die oudisie, maar dat sy nie dink sy staan ’n kans nie.

Haar ma lyk verras. “Ek is bly jy het gegaan. Dis jou laaste jaar en jy moet jou gate uit geniet.”

Ja, ja, dink Lien. Sy sien haar ma eet nie regtig nie, krap net die kos heen en weer in haar bord.

Oor die radio sing ’n man ’n opera-aria. Haar ma neurie saam.

“Kan ons nie iets anders luister nie?” vra Braam. Hy spring op en storm kamer toe en keer terug met ’n CD.

“Ma móét dit hoor.” Hy werskaf met die CD-speler. Dis die Black-Eyed Peas. Lien dink nie haar ma sal dink dis musiek nie, hoewel sy aandagtig luister.

“Ek hou daarvan,” sê hulle ma ná ’n rukkie. Dit klink asof sy dit bedoel. Braam blom en sit die CD-speler nog harder.

Lien begin afdek en tap water in die wasbak. Braam bied aan om af te droog en weg te pak. Lien kyk verbaas deur die venster of die wolke nie dalk opsteek nie.

“Jy kan maar kyk, moenie maak of ek niks in hierdie huis doen nie!” sê Braam, terwyl hy haar met die vadoek op die rug piets. Dis seer en Lien wil haar eers pluk, maar haar ma lag en sy lag maar saam, net soos ander mense sou doen.

Later gaan lê Braam voor die televisie en haar ma gaan bad. Lien besluit om met die opstel te begin. My most embarrassing moment. Sy besluit om te skryf oor die dag in graad elf toe sy haar skooltas by die skool vergeet het. Nie aardskuddend nie, maar dis so-so, genoeg om Mr MacMillan tevrede te stel sonder om sy aandag te trek. Die opstel wil nie vlot nie en sy gaan maak koffie.

Sy kry haar ma in die gang. Sy het haar ou lang pienk kamerjas aan en is met die wyndoos in die hand op pad kamer toe. Die aand is helaas nog nie verby nie, besef Lien teleurgesteld.

Sy besluit om die opstel te los en die volgende oggend vroeg op te staan om dit klaar te maak.

Wat is die punt nou eintlik, vra sy later vir Norah, terwyl sy onder haar duvet sit en haar koffie slurp.

Watch your back
If I should tell you
Love’s the only thing I’ve ever known
One thing for sure, pretty baby
I always take the long way home

sê Norah Know-it-all.

*

Die man en die vrou staan op ’n tuinpaadjie voor ’n laning wit Iceberg-rose, vol in die blom. Die man het ’n aandpak en ’n donkerblou strikdas aan en die vrou ’n blink koningsblou rok wat tot op die tuinpaadjie hang. Haar rug en haar skouers is kaal en haar hare is bo-op haar kop in ’n los bolla vasgemaak. Die man hou die vrou aan haar arm vas terwyl hulle vir die kamera kyk. Die man sê iets vir die vrou en sy lag. Daar is geen klank nie. Die vrou draai skuins en buig agteroor in die man se arms. Sy lig haar een been dramaties in die lug. Die man sê weer iets onhoorbaars en die vrou lag en kom orent. Sy skuif ’n los krul agter haar oor in en haak besitlik by die man in. Hulle kyk nog steeds glimlaggend vir die kamera.

Hy stop die video voordat dit klaar is en pluk dit vies uit die speler. Hy smyt dit in die boks by die ander en sit die televisie af.

7

Effens last season

Lien kom gou agter dat Donovan die kitaar slaan by Millennium Creations. Sy weet nie hoeveel aandele Dirkie in die salon het nie, maar dit tel duidelik nie veel nie.

Donovan loop soos die kaptein van die *Titanic* in die salon rond en gee bevele. Hy is korterig, met ’n kaal geskeerde kop en ’n baie los swart hemp wat oor sy denim hang en wat Lien vermoed die rolletjies om sy middellyf moet wegsteek. Hy het ’n goue stud in sy linkeroor. Sy kan nie besluit hoe oud Donovan is nie, maar sy vermoed hy is nie so jonk as wat sy trendy outfit dit wil hê nie.

Hy beduie gedurig en praat sonder ophou. Lien moet dan dít doen en dan moet sy spring om dát te doen. Sy moet heeltyd hoor hoe Sue-Ellen die dinge eintlik doen. Sue-Ellen maak só en Sue-Ellen maak sús.

“Nee, Lien, Sue-Ellen sit gewoonlik die tydskrifte regs op die tafeltjie.”

“Nee, Lien, die trollie moet eintlik hier kom.”

“Die koffie is darem te sterk. Wil jy hê ek moet galstene kry? Sue-Ellen maak dit ’n rapsie flouer.”

Lien byt op haar tande. R45. R45 koop kos en dalk ’n eenrigtingkaartjie.

Nie een van hulle praat veel van Mary Morning Glory wat soggens in Sue-Ellen se plek uithelp nie. Lien vermoed sy is nie een van hulle heel favourite persons nie. Donovan het al een keer neerhalend na haar verwys en Dirkie rol net sy oë as Donovan haar naam noem.

Dirkie praat gewoonlik nie veel nie. Hy steur hom nie eintlik aan die kaptein van die *Titanic* nie en konsentreer gewoonlik hard op die hare van die kliënt met wie hy besig is. Dit lyk asof hy in ’n ander wêreld is as hy met iemand se hare werk. Hare is beslis sy ding.

Die vrouens is mal oor Dirkie en Donovan. Lien se mond hang oop oor alles wat hulle vir Dirkie en Donovan vertel – hardop, vir álmal om te hoor.

Hulle vertel die gross-ste goed oor hulle lewens, skinder oor hulle mans en hulle kinders en oor mekaar. Tot slaapkamerstories. Sy voel partymaal hoe sy bloos oor van die goed wat hulle vir Dirkie en Donovan vertel. Donovan skinder lekker saam.

Lien kom agter die vrouens het veral ’n sagte plekkie vir Dirkie. Hy sê gewoonlik nie veel nie, maar hy luister regtig na hulle stories. Hy sê net kort-kort iets soos “Nou toe!”, “Nooit gesien nie!”, “Slaan my dood!” en “Get out of here!”

Al regeer Donovan die salon soos ’n koning, lyk dit tog of Dirkie en Donovan goed oor die weg kom, of so het sy aanvanklik gedink. Hulle het duidelik ’n stelsel wat vir hulle werk. Elkeen het sy eie kliënte en as ’n nuwe persoon ’n afspraak maak, besluit hulle voor die tyd wie gaan sy of haar hare doen. Elkeen moet ook sy kliënt se geld neem en in die kasregister plaas.

Maar sy kom gou agter Dirkie wip hom kort-kort vir Donovan. Hy sê niks nie, maar trek net sy mond op ’n plooi en vries vir ’n paar oomblikke.

Moet jy nie liewer dít nie, of moet jy nie liewer dát nie, is Donovan se storie. En so gaan dit aan.

Lien weet ook presies wat sy moet doen. Sy moet die telefoon antwoord en die afspraakboek op datum hou. Sy moet elke halfuur vee en vir die kliënte iets te drinke aandra. Die kombuis is ook haar baba en sy moet die tydskrifte op die koffietafel in die ontvangshoekie gedurig op ’n netjiese hopie stapel. Dan moet sy die trollie en die toonbank afvee en die horde botteljies in ’n netjiese ry op die trollie rangskik.

Sue-Ellen (of Mary Morning Glory) doen dalk als reg, maar die kombuis is nie baie prakties ingerig nie. Die ketel staan ver van die rak waar die koppies en pierings en bekers gehou word en is heeltemal te ver van die yskas af. Lien besluit om die kombuis reg te ruk. Sy is seker Sue-Ellen (én Mary Morning Glory) sal ook bly wees as alles hier makliker werk. Daar is nie ’n muurprop by die breekgoed nie en sy besluit om van die bekers wat hulle gereeld gebruik, op die skinkbord by die ketel te pak. Sy skuif ook die mikrogolfoond uit die pad en bring die suikerbak en die houer met Canderel nader na die ketel toe. As sy omdraai, kan sy aan die yskas vat, sien sy tevrede.

Sy was gou die vuil skottelgoed en is net betyds vir die volgende vee-sessie. Sy werk hard, maar sy voel tuis. Dit kan werk, besluit sy.

Teen toemaaktyd, toe al die kliënte weg is, vra Donovan sy moet vir hulle koffie maak voor hulle sluit. Hy sak op die swart leerbank neer.

"What a day …" sug hy. "Ek het darem nou vir een dag genoeg van neurotiese anties en hulle domestic problems gehad," sê hy vir Dirkie, wat besig is om 'n paar botteltjies op die toonbank reg te pak.

"Dirkie, wees 'n darling en bring vir my 'n sigaret," sê hy terwyl hy sy voete op die koffietafel sit.

Dirkie gehoorsaam gedweë en bring vir Donovan 'n lang Craven A en 'n aansteker.

Lien sit die skinkbord met koffiebekers op die tafeltjie neer en wonder of sy maar by hulle kan sit. Sy het vir haar ook gemaak.

"Sit, girl," sê Donovan, asof hy haar gedagtes kan lees. "Get comfortable," sê hy terwyl hy die groen kussings eenkant toe stoot. "Jy het okay gedoen vandag. Jy is a natural, Engel, maar jy moenie te attached raak aan die joppie nie. 'n Mens weet nooit wanneer gaan Sue-Ellen moeg raak vir die baby-ding nie." Hy suig lank aan die sigaret en blaas 'n stroom rook die lug in.

Lien oorweeg vir die soveelste maal die middag om hom te vra om nie vir haar Engel te sê nie. Sy verpes dit, maar haar moed begewe haar.

Dirkie kom sit by hulle en vat sy beker. Hy kyk stip na Lien. "Wanneer kom jy vir jou free sit?" vra hy vir haar terwyl hy 'n slukkie van sy koffie neem.

Lien kyk verleë na haarself in die groot spieël wat teen die muur agter Dirkie hang. Haar hare is lank en reguit, en wel … dis háár hare. Sy wil nie hê hulle moet met haar lol nie. Dis vir haar reg soos dit is.

"Dis 'n bietjie … uhm … last season, of hoe, Dirkie?" sê Donovan terwyl hy die sigaret in 'n swart asbak op die koffietafel dooddruk.

Dirkie sê niks nie.

Lien voel ongemaklik oor die twee wat haar so bekyk. Sy onthou van ou Uil wat Braam gister oor sy woeste bos hare aangetree het.

"Ek sal my free sit vir my broer verruil, as ek mag …" sê sy onseker. "Hy het dit nodiger as ek."

Dirkie en Donovan kyk vir mekaar. "Julle kan altwee kom," sê Dirkie vinnig.

"Waar's die sample boek?" sê hy terwyl hy tussen die tydskrifte op die koffietafel rondkrap. Hy haal 'n dik rooi lêer uit en blaai opgewonde daarin rond.

“Spot on! Is dit nie sy nie?” vra hy. Hy lig die lêer met ’n swart-wit foto in Donovan se rigting.

Lien kan nie mooi sien nie, maar sy kan sien die meisie het langerige donker hare soos sy.

“Mmm,” sê Donovan, “dit kan werk.”

Dirkie draai die lêer in haar rigting. Lien kyk onseker na die baie moderne look. Dis ’n stunning girl wat uitdagend vir haar kyk, die ene selfvertroue. Lien voel ’n bietjie geïntimideer deur die meisie wat so reguit na haar kyk. Die meisie se hare lyk cool, maar sy dink nie dis heeltemal Lien Jooste nie.

“Ons gaan net so ’n paar sentimeter afvat en dan doen ons dié ding met die kuif,” sê Dirkie, terwyl hy na die foto beduie.

“Kan ek daaroor dink?” Sy kyk vir Dirkie.

Hy lag. “Natuurlik. Ek gaan nou waai.” Hy staan op en maak sy goed bymekaar.

“Jy kan saamry,” sê hy vir Lien. Hy haal R45 uit die geldlaai en gee dit vir haar. Sy wou nog by Pick n Pay iets koop om te eet, maar haar voete is gedaan van heelmiddag se staan. Sy is dankbaar sy hoef nie huis toe te stap nie.

Hulle praat nie veel op pad woonstel toe nie. Sy hou nogal van Dirkie, besluit Lien. Sy is nog nie seker van Donovan nie.

Sy kry vir tannie Bets by die hysbak.

“Jy’s nie dalk lus om saam met my te gaan weeg nie?” vra sy benoud. “Ek het die morele ondersteuning nodig.”

Tannie Bets weeg Donderdae by Weigh-Less. Haar gewig is die middelpunt van haar bestaan, haar nimmereindigende stryd. ’n Tevergeefse stryd, vermoed Lien in die stilligheid.

Sy besluit om saam te ry. Sy is nie regtig lus vir die sirkus by die weegbrug nie, maar sy is minder lus vir die verrassing by die huis.

Toe die Golfie wegtrek, vra sy versigtig: “Is tannie dié week op of af?”

“Kan nie af wees nie,” sug tannie Bets. “Daar was die melktert Sondag, en ek het bietjie met my broodporsies gekroek dié week. Ek het ook ’n bietjie konfyt op ’n broodjie geëet. En daar was báie botter op die broodjie. O ja, en die vervlakste Swartwoudkoek,” onthou sy.

“Toemaar, tannie sal die oorlog nog wen,” probeer Lien troos.

“ ’n Mens mág ’n bietjie kroek,” verdedig tannie Bets. “Jy kan byvoorbeeld ’n aartappel uitruil vir ’n wynjie of iets anders wat lekker is …”

Lien sê niks nie. Sy vermoed tannie Bets het al tot by volgende jaar aartappels uitgeruil.

By die kerksaal ’n paar blokke van hulle woonstel, waar die groot geweeg plaasvind, is reeds ’n paar karre. Hulle kry vir oom Faantjie op die parkeerterrein.

Oom Faantjie is, soos tannie Bets, ook reeds jare ’n lid van Weigh-Less. Ook seker ’n nimmereindigende stryd, dink Lien. Hy lyk vir haar na ’n seekoei, klein koppie met klein oortjies en dan die reuse-lyf. Hy dra ’n bril met ’n dik swart raam.

“En toe, Bets,” groet hy. “Lyk my jy’s af.” Hy bekyk tannie Bets van kop tot tone soos ’n mens ’n stoetkoei sou beoordeel.

Tannie Bets bloos. “Dankie, Faantjie,” sê sy ingenome.

In die saal is daar reeds ’n dosyn of wat mense wat wag om geweeg te word. Hulle staan in ’n ry by ’n lang tafel, elkeen met ’n Weigh-Less-boekie in die hand waarin hulle vordering elke week opgeteken word. Lien gaan sit op ’n stoel ’n entjie weg. Die mense word aan die bopunt van die tafel deur die groepleidster op ’n groot skaal geweeg. Mara is ’n fyn vroutjie wat simpatiek om elke lid koer.

“Op haar dag ook ‘ ’n groter vrou’ … ’n Mens kan dit kwalik glo,” sê tannie Bets vol bewondering.

Die geweeg vind gelukkig ’n entjie van die tou mense af plaas, sodat elkeen sy vonnis in privaatheid kan aanhoor. Almal verwyder alles moontlik wat ’n verskil aan hulle gewig kan maak voordat hulle op die skaal klim: horlosies, armbande, motorsleutels, tot trouringe word versigtig eenkant gesit.

Mara fluister vertroulik vir die persoon wat sy weeg terwyl sy die week se gewig in die boekie opteken. Sy het altyd ’n bemoedigende woordjie, al het ’n mens opgetel in plaas van verloor, sê tannie Bets altyd. Tannie Bets en oom Faantjie fluister gedemp terwyl hulle hulle beurt afwag.

Tannie Bets kom met ’n glimlag teruggestap, sien Lien verlig.

“Net komma vier op,” sê sy trots. “Mara sê dis die tyd van die jaar. As dit so warm is, bou vog in ’n mens se liggaam op. Dit laat jou meer weeg. Ek kon maar nog ’n stukkie melktert geëet het,” fluister sy vir Lien terwyl sy knipoog.

Hulle wag vir oom Faantjie. Hy maak grappies met ’n paar vrouens in die tou terwyl hy sy horlosie vasmaak, skud hand met ’n ander man en groet hard: “Ciao, ladies!”

“Selle as laas week,” spog hy by tannie Bets. “Ek gaan dit met ’n lang, koue bier of twee vier,” voeg hy by. Lien lag.

Sy en tannie Bets ry in stilte huis toe.

“Is oom Faantjie getroud?”

“Geskei. Jare gelede al.”

“Hoekom het tannie nooit getrou nie?” vra Lien voor sy haar kan keer. Sy wil dadelik haar tong afbyt. “Jammer, ek moes nie gevra het nie.”

Tannie Bets lag. “Jy kan maar vra.” Sy bly ’n rukkie stil en konsentreer op die kar wat voor hulle besig is om te draai. “Dié wat ek wou hê, kon ek nie kry nie, en dié wat ek kon kry, wou ek nie hê nie. Maar dis lekker so op my eie. Ek leef soos ek wil en ek hoef nie met iemand anders se nonsens opgeskeep te sit nie.”

Dit maak sin, dink Lien.

Tannie Bets sê sy wil gou by Pick n Pay stop om ’n paar goedjies te koop. Lien bly in die Golfie sit en luister na die Country-en-Western CD wat tannie Bets in die CD-speler gesit het. Iemand sing ’n corny liedjie oor verlore liefde en dis die rede waarom hy “whisky by the bottle” drink. Kan grootmense dan nie hulle dinge face nie, wonder Lien vererg. Sy sit summier die tranerige CD af.

By die ingang van die sentrum staan ’n vrou met ’n plakkaat en bedel. Dis te ver om te sien wat op die plakkaat staan. Lien hou haar dop. Die mense stop nou en dan iets in haar hand, dan glimlag sy dankbaar. Lien wonder hoeveel maak die vrou op ’n dag en of sy nie skaam is om so te bedel nie.

Tannie Bets kom terug met stapels Pick n Pay-sakkies. Sy sit die sakkies op die agterste sitplek neer. “Moes so ’n paar goedjies koop. Die yskas is dolleeg,” sê sy verleë.

Lien dink aan tannie Bets se oorvol yskas waarin daar gewoonlik nie plek vir ’n muis is nie. Sy ruik gebraaide hoender. Sy twyfel of die fyne Mara van Weigh-Less, voorheen ’n groter vrou, baie beïndruk sou gewees het.

Drie afhanklikes. Werkloos. Enige donasie asb!!! Die Here seën u, staan op die vrou se plakkaat, sien Lien toe hulle by haar verbyry.

Hulle ma se deur is toegetrek toe sy by die huis kom en die wyndoos is nie meer in die yskas nie. Lien kan nie help om teleurgesteld te wees nie. Sy het nie regtig iets anders verwag nie, maar sy het tog ’n bietjie gehoop ná die vorige aand se etery.

Braam lê voor die televisie en kyk *Sewende Laan*. Sy krap in die leë kruidenierskas rond en kry ’n blikkie tuna. Sy maak ’n tunaslaai met die tamatie in die yskas en die eensame ui in die groentebak. Daar is nog ’n bietjie mayonnaise in ’n bottel onder in die yskas. Lien vermoed dis stokoud, maar dit proe nog reg. Sy maak vir hulle roosterbrood.

Hulle eet voor die televisie. Lien vertel van die gratis haarsny.

“Ek laat sny nie my hare by daai plek nie,” sê Braam terwyl hy die sous in sy bord met ’n stukkie roosterbrood bymekaarvee.

“Baie ouens van Jakaranda laat sny daar, Braam. Dirkie en Donovan weet wat hulle doen en dit gaan verniet wees!” sê Lien heftig.

“Ek laat sny nie my hare by daai plek nie,” sê Braam weer en sit sy bord op die vloer neer. Hy gaan lê op sy rug op die bank.

“Ou Uil het jou klaar gewaarsku. Jy weet hoe hy dit kan lose oor hare.”

Braam sit die televisie harder.

Lien staan op en maak die leë borde bymekaar. Sy tap water in die wasbak in die kombuis en staan ’n rukkie met haar hande in die warm water. Sy kyk na hulle view deur die kantgordyn. Duisende liggies en by elke liggie is ’n mens wat nou iets doen. Sy wonder wat. Weet húlle wat is die punt, wonder sy.

Sy hoor die hysbak se deur oopskuif. Oom Ben van Aswegen met sy kaal kop stap voor hulle woonstel verby. Hy is so naby sy kan aan sy blink kop vat. Ben van Aswegen, weet jý wat is die punt, wonder Lien.

Die druppeltjie Sunlight Liquid wat oor is in die bottel maak meer skuim as wat sy gedink het. Sy was die vuil borde en pak die los goed in die kombuis op hulle plekke. Sy staan lank met haar arms in die skuim. Sy kry ’n plan. Sy hang die vadoek op en sit die lig af.

Braam lê met een oog oop en een oog toe voor die televisie.

Sy pluk aan sy skouer. “Braam, is jy wakker?”

Braam gee ’n gaap. “Los my uit,” sê hy en draai op sy sy.

Sy pluk weer aan hom.

Braam sit regop en lyk ’n bietjie deurmekaar. “Gaan slaap, Lien, los my uit!”

“Jy kan vir Dirkie en Donovan vra om julle span te borg,” sê Lien. Sy pluk die kussing agter sy blad uit.

Braam gee haar ’n kyk. “Is jy mal? Dis ’n vroumenshaarkapper. Wat het hulle met krieket uit te waai? En ek gaan nié my hare by daai blerrie plek laat sny nie!”

Lien skuif sy bene eenkant toe en gaan sit op die bank. “Kom laat sny jou hare môre en dan vra ons vir hulle om julle span te borg. Ons vra R2 000 en jy kry R300. Dirkie het gesê jy kan so halfdrie kom.”

Ná ’n rukkie voeg sy by: “Ons kan vir jou ’n nuwe denim koop.”

Braam rek en gooi een van die flenterkussings op die vloer. Hy stap badkamer toe en sy hoor hoe hy sy tande borsel.

Braam se enigste denim is te klein en sy dink die belofte van ’n nuwe een gaan die ding doen. Sy sit die televisie af en gaan maak vir haar koffie. R300 kan ’n paar gate toestop, dink sy terwyl sy in die donker deur die kombuisvenster na die liggies tuur.

*

’n Seun van so twaalf met ’n bos swart krulhare lê op sy rug op ’n grasperk en stoei met twee hondjies. Hulle blaf geluidloos en hulle stertjies waai. Hulle hardloop om die seun en spring dan op hom en weer af. Die swart hondjie trek aan sy T-hemp en die wit hondjie spring bo-op sy gesig en begin sy hare kou. Die seun lag geluidloos en probeer die wit hondjie van sy gesig stamp, maar hy lag so hy kry niks gedoen nie. Hy sit laggend regop en sê iets onhoorbaars vir die kamera.

Die honde. Hulle het niks verkeerds gedoen nie. Sou die honde nog …

8

Weird Maria

Juffrou Breytenbach roep hulle pouse in haar klaskamer bymekaar. Sy sit op haar lessenaar en skuif haar John Lennon-brilletjie senuweeagtig met haar handpalm op haar oë.

“Dit was ’n moeilike keuse. Julle was almal goed, maar daar is nét tien rolle. As ek kon, sou ek regtig vir julle elkeen ’n rol laat speel het,” sê die deurmekaar juffrou. Sy skud haar notas reg.

“Maar julle gaan almal iets doen. Ek het lank gewonder, maar ek dink ek het reg besluit,” sê sy terwyl sy weer haar brilletjie, wat knaend afskuif, op haar oë terugdruk.

Die kinders vroetel rond en stamp aan mekaar.

“Sanet, jy gaan Jenny wees,” sê juffrou Breytenbach terwyl sy oor haar bril vir Sanet loer. Die kinders fluister opgewonde onder mekaar. Sanet lyk verleë. Dis die terterige rol. Van die kinders klap hande.

“Riekie, jy is Rona,” gaan juffrou Breytenbach voort. Nog ’n paar handeklappe.

“Elma, jy gaan Esther wees, en vir die rol van Maria het ek op Lien besluit.”

Van die kinders kyk verbaas na Lien. Lien se ore suis. Sy wil haar kop iewers indruk. Wat op aarde is die juffrou se storie ? Daar is tog heelwat kinders wat beter as sy by die oudisie gevaar het.

John Toerien is die windgat Alac, Wian Reynecke is die moeilike Frederick, en Sors Naudé is die nerd Ben. Tot almal se verbasing gaan Christiaan die hunk in die storie speel – David. Die kinders klap hande en van die seuns fluit. Lien sien ’n paar teleurgestelde gesigte. Miemie Spies lyk asof sy enige oomblik in trane gaan uitbars.

“Ek het besluit om die rol van die onderwyser aan Herman toe te ken. Al is dit ’n klein rol, is dit ’n belángrike een,” beklemtoon juffrou

Breytenbach. Herman lyk verleë.

“Ek het ook besluit om die teks so ’n bietjie aan te pas. Ek weet die skoonmaker moet volgens die teks deur ’n seun gespeel word, maar ons gaan ’n vroulike skoonmaker hê.” Sy bly vir ’n rukkie stil. “Miemie, kan jy ’n besem hanteer?” vra sy met ’n glimlag.

Miemie se oë blink agter die dik brillense.

“Dié van julle wat nie rolle gekry het nie, gaan ek vir ander dinge gebruik,” sê juffrou Breytenbach. “Daar moet dekor gemaak word, iemand moet die beligting hanteer, die stuk moet bemark word, kaartjies moet verkoop word, kostuums moet ontwerp word. So, ek gaan julle álmal betrek,” sê sy hartlik.

Sy deel vir die spelers elk ’n teks uit en sê hulle moet solank die stuk deeglik deurlees.

“Ons sal volgende Dinsdag sesuur in die saal begin repeteer.” Die juffrou is duidelik baie opgewonde – soos ’n dogtertjie in ’n popwinkel, dink Lien.

Weird Maria stap ingedagte klas toe. Sy kan nie besluit hoe sy voel nie. Aan die een kant was sy hoegenaamd nie van plan om ooit by enige van die skool se goed betrokke te raak nie. Tog voel sy bietjie gevlei. Wouter, my kameraad, here I come. Een van die dae is ek net so cosy met die spul soos jy.

Hulle kom Vrydae vroeër uit en sy en Wouter sit by hulle tafel buite die Wimpy vir ’n vinnige koffietjie voordat sy by Creations moet begin.

Soos sy verwag het, is hy in sy skik met haar rol in die toneelstuk.

“As dit nie met my ekstra Wiskunde-klasse gebots het nie, sou ek julle gejoin het,” sê hy terwyl hy ’n pakkie suiker in sy koffie gooi.

Hulle praat oor die vakansie wat oor twee weke begin. Wouter en sy suster gaan by hulle pa in Bloemfontein kuier. Lien kan sien Wouter is opgewonde oor die trippie Bloemfontein toe.

“Jy mis jou pa.”

Hy glimlag verleërig. “Soort van. Die ding is dat ek en Yvette nie vir hom kan kwaad wees soos my ma nie.”

Hy skeur repies van die leë suikerpakkie af en rol dit in bondeltjies wat hy in die asbak gooi.

“Sy verstaan dit nie. Hy’t ons mos gedrop. Ons is almal veronderstel om hom te haat totdat Eugène Terre’Blanche eendag vir die ANC stem.”

“Hou julle van sy nuwe vrou?”

Wouter kyk weg en skeur nog ’n suikerkoevertjie oop.

“Nogal, al het ons aan die begin hard probeer om nié van haar te hou nie. Sy is baie mal oor my pa en ek dink hy like dit baie dat iemand mal is oor hom. Ek dink nie my ma was ooit nie … As sy was, het sy dit nou nie actually gewys nie. Hulle doen baie dinge saam. Al wat my pa en ma saam gedoen het, was baklei. Hulle was nogal great daarmee,” lag Wouter. Dan vra hy skielik: “Mis jy ooit jóú pa?”

Lien word koud. Sy gaap hom verskrik aan. Die kelner kom vra of hulle nog iets wil hê en Lien vra die rekening. Sy kan vir ’n verandering betaal. Wouter lol gelukkig nie verder nie.

Toe sy die tydskrifte op die koffietafel regpak, sien sy deur die venster vir Braam voor die salon verbyloop. Hy het sy rugsak oor sy een skouer en hy kyk stip voor hom op die grond. Sy waai deur die venster vir hom.

Hy maak of hy haar nie sien nie. Dit lyk asof hy glad nie van die salon se bestaan bewus is nie, dink sy geamuseerd. Dis nog tien minute voor halfdrie, sien sy op die groot muurhorlosie. Sy besluit om gou te vee voordat hy kom.

Op die kop halfdrie kom Braam versigtig by die glasdeur in. Die rugsak hang nog steeds oor sy skouer. Hy kyk ongemaklik om hom rond.

“Welkom!” roep Donovan, wat besig is om ’n vrou se hare droog te blaas. “Jy moet Braam wees. Ek is nou by jou!”

Braam gaan sit verleë in een van die swart leerstoele. Hy blaai vieserig deur ’n ou Cosmopolitan wat heel bo op die hopie tydskrifte gelê het.

Lien probeer hard om nie te lag nie. “Kan ek vir jou iets bring om te drink?” vra sy vriendelik.

Hy ignoreer haar. Sy gaan skink vir hom ’n glas Coke in die kombuis.

Donovan gesels soos ’n CD wat vasgehaak het met ’n ouerige vrou wat self nie ’n woord inkry nie. Hy is besig om haar hare in ’n baie kort, trendy styl te knip. Haar hare is bloedrooi gekleur. Mutton dressed as lamb, kan Lien hom al hoor skinder soos hy gewoonlik doen as ouer vrouens so ’n jong look wil hê.

Dirkie is langs hom besig om highlights in ’n vrou se hare te sit. Sy vertel van ’n show wat hulle die vorige aand in die Staatsteater gesien het.

Lien kan nie besluit of sy by Braam moet gaan sit of nie. Sy dink sy moet hom liewer los. Sy kan sien hy is baie ongemaklik en sy wil nie onnodig aan hom karring nie. Sy besluit om solank die teekoppies te was.

Toe sy uit die kombuis kom, is Donovan besig om by die geldlaai te werskaf. Sy kliënt is weg.

“Nou toe, Braam, kom ons kyk wat ons kan doen om jou soos Brad Pitt te laat lyk,” sê hy vrolik terwyl hy sy hande teenmekaar vryf.

Braam staan op en gluur onderlangs na Lien. Hy gaan sit ongemaklik in Donovan se stoel en staar dikbek na homself in die spieël. Donovan staan eers ’n rukkie en bekyk Braam se hare met sy hande in sy sye.

“Dink jy nie ons moet die krulle bo bietjie minder maak nie?” vra hy vir Dirkie. Dirkie hou op werk en kyk ’n rukkie na Braam se hare in die spieël, skêr in die lug.

“Mmm …” sê hy ingedagte. “Hoekom doen jy nie wat jy met Barry gedoen het nie? Dit sal hom goed pas.”

Braam staar benoud van die een na die ander. ’n Lam ter slagting, dink Lien.

“Mmm …” sê Donovan. “Jy’s reg.”

Hy begin aan Braam se hare vroetel. “So ’n lekker dik bos hare,” sê hy ingedagte, terwyl hy met sy ander hand oor sy bles vee.

Hy begin doelgerig knip en probeer terselfdertyd ’n geselsie met Braam aanknoop. Braam antwoord stug op Donovan se vrae oor die skool, sê so min moontlik.

Lien besluit sy moet nou haar skuif maak.

“Braam, hoekom vra jy nie vir Dirkie en Donovan om julle krieketspan te borg nie?”

Braam sê niks. Hy gluur na haar van onder sy wenkbroue.

“Krieketspan?” vra Donovan, duidelik uit die veld geslaan. Hy hou op werk en kyk verbaas na Braam in die spieël.

Lien verduidelik hoe die borgskap werk. Dis nie ’n groot bedrag nie en word gebruik vir kriekethempies, pette en sportsakke, dalk ook vir ’n braai vir die pa’s en die seuns om spangees te bou. Die borg se besonderhede word natuurlik op alles vertoon.

“Wat is daar in vir Creations?” vra Donovan agterdogtig.

Lien is reg vir die vraag.

“Dink net hoe goed gaan dit lyk om Creations se naam op die seuns se hempies te sien. Dit gaan wys julle gee om vir mense van die omgewing en die seuns se ma’s en susters gaan na Creations toe stroom. Dit gaan great exposure vir julle wees,” probeer sy so oortuigend moontlik klink.

“Ek stem saam, julle kan gerus meer in die gemeenskap belê, veral ná al die geld wat ons elke week by júlle belê,” lag die vrou met wie Dirkie besig is.

“Hoeveel?” vra Donovan, nog steeds nie oortuig nie.

“Drieduisend,” sê Braam skielik. Hy kyk afwagtend na Donovan in die spieël.

Lien kyk verbaas na Braam. Hulle het dan gisteraand van tweeduisend rand gepraat.

Donovan en Dirkie kyk stilswyend na mekaar. Albei hervat hulle gewerskaf. Vir ’n rukkie is dit stil. Lien hoor net die geknip-knip van die skêre. Radio Jakaranda speel op die agtergrond ’n liedjie van Theuns Jordaan.

Donovan hou op sny. “Maar ons weet nie ’n díng van krieket af nie!” sê hy met gevoel.

Lien het ook vir dié vraag gewag.

“Dit maak nie saak nie. Ek en Braam sal julle leer wat daar te lere is. Krieket is eintlik easy. Maar dis nie waaroor dit gaan nie. Dink aan die exposure. Dié paar rand gaan julle dubbeld terugkry. Dink daaraan as ’n belegging.”

“Nou goed, maar ons wil ons logo op alles hê,” besluit Donovan ná ’n rukkie. “En ons wil ook die kleur van die hemde en so aan kies.”

Braam wil iets sê, maar Lien spring hom voor. “Natuurlik,” sê sy. Sy wys vir Braam om stil te bly. Die eerste rondte is hulle s’n. Hulle kan later die kleuroorlog veg. Sy sal ook ’n plan maak om vir Donovan te oortuig dat Creations se krulletjie-logo dalk nie die regte ding vir ’n o/16-krieketsak is nie.

Donovan is klaar met Braam se hare. Hy kyk tevrede met sy hande in sy sye na die resultate van sy arbeid. Braam lyk regtig cool, dink Lien, en sy kan sien Braam lyk ook beïndruk. Nou nie heeltemal Brad Pitt nie, daarvoor is daar te veel krulle, maar min seuns in Jakaranda kan met so ’n trendy look spog, dink sy tevrede.

9

’n Rus op die menu

Lien is net voor agtuur die volgende oggend by die salon. Dirkie en Donovan is reeds albei daar. Sy het gestap, want Dirkie moes eers ’n ander draai ry voordat hy salon toe gekom het en sy was te skaam om saam te tros.

Sy voel moeg van die min slaap en kwaad vir haarself omdat sy tot watter tyd na ’n simpel fliek op televisie gelê en kyk het. Sy voel veral skuldig omdat sy bietjie by haar agterstallige Wiskunde wou uitkom. Noudat sy elke middag werk, sal sy meer moeite moet doen om met haar skoolwerk by te bly.

Sy kom gou agter daar is onmin in die kamp. Dirkie en Donovan is baie koel met mekaar en maak of hulle mekaar nie raaksien nie. As Donovan vir Dirkie iets wil sê, gebruik hy vir Lien om die boodskap oor te dra. Dirkie doen dieselfde. Sy kan nie agterkom wat fout is nie.

Tot haar verbasing is die kombuis weer teruggeskuif soos dit was voordat sy dit reggeruk het. Dit moet Mary Morning Glory se werk gewees het. Dis nou weer ’n gesukkel om by alles uit te kom, en sy skuif gou weer die bekers en koppies nader.

Dis ’n malhuis by die salon. Dis die een afspraak ná die ander en Dirkie en Donovan moet uithaal om by te bly. Hoewel dit nie aanvanklik deel van hulle ooreenkoms was nie, moet Lien help om van die mense se hare te was voordat Dirkie en Donovan hulle beetkry. Sy gril haar eers dood om so met die vreemde mense se koppe te werskaf, maar ná die derde keer begin sy dit gewoond raak. Sy vee elke halfuur en maak koffie en tee dat dit by haar ore uitloop.

Teen kwart voor twee is die salon leeg en sy gaan was gou die laaste vuil skottelgoed. Sy hoor Dirkie en Donovan argumenteer voor in die salon. Sy

kom versigtig by die kombuis uit en loop haar amper teen Dirkie vas wat verby haar in die rigting van die toilet storm.

“Jy’s ’n regte tweegesig, Gert Petrus Engelbrecht!” gil Dirkie. Hy slaan die deur so hard toe dat die deurkosyn ratel. Lien skrik haar lam.

“Drama queen!” sê Donovan vies. Hy maak die geldlaai oop, haal ’n honderdrandnoot uit en hou dit in Lien se rigting.

“Engel, dis meer as wat jy moet kry, maar jy was vandag ’n ster, ’n regte pro. Gaan koop vir jou iets nice,” sê hy terwyl hy die noot in haar rigting hou. Lien vat dit dankbaar en besluit om die pad te vat voor Dirkie terugkom. Sy is moeg en het nie krag vir ’n tantrum nie. Sy skryf vir hom ’n briefie dat sy nie saamry nie omdat sy eers Pick n Pay toe gaan.

Op pad Pick n Pay toe dink sy aan Dirkie en Donovan en hoe dit moet voel om jou bestaan uit ander mense se hare te verdien: elke dag, elke week, elke jaar, vir die res van jou lewe. Sy ril.

Gert Petrus Engelbrecht, dink sy geamuseerd. Sy wonder waar kom “Donovan” vandaan. Sy sal eendag vir Dirkie vra wanneer Donovan nie by is nie.

Dis nie meer baie besig by Pick n Pay nie en sy stap lank tussen die rakke rond. Sy koop ’n pakkie hoenderstukke, ’n pakkie kookvleis wat op special is, ’n pak oats, rys en – nadat sy lank by die lekkergoedtoonbank gestaan het – vir haar en Braam elkeen ’n klein Bar One. Die sakkie kruideniersware het ’n duik in haar honderd rand gemaak en sy wil nog ’n draai by die groentewinkel ook maak. Sy sal maar eers volgende week iets vir die vliegtuigkaartjie begin spaar. Hulle moet eet en die yskas is leeg.

Sy stap tydsaam huis toe, moeg en nie regtig lus vir die woonstel nie. Braam is vir die naweek na Deon-hulle toe en dit sal net sy en haar ma wees, én die wyndoos én Rachmaninoff of Sjostakowitsj of watter Rus ook al hierdie naweek op die menu is.

Haar ma staan met ’n glas wyn voor die venster. Sy draai om toe Lien die sakke met kruideniersware op die eetblad neersit. Sy kyk na die kruideniersware wat Lien begin wegpak, maar sê niks nie. Sy staar weer deur die venster. Vir ’n verandering is die CD-speler stil.

“Ek voel so sleg omdat jy kos koop met jou geld,” sê haar ma terwyl sy nog steeds deur die venster kyk.

Lien moet op haar tande byt om nie iets te sê nie.

“Ma kan altyd weer begin klavierlesse gee,” sê sy ná ’n rukkie terwyl sy die tamaties in die yskas pak. Haar ma vat nog ’n slukkie wyn. Die ys rinkel

in die glas.

“Ma kan baie meer geld met musieklesse maak as wat Ma ooit by daai simpel staatsdepartement gaan kry.” Sy kyk na haar ma wat bewegingloos na buite tuur en net nou en dan ’n slukkie uit die glas neem.

“Hoekom speel Ma nooit meer nie?” Haar ma sê niks nie. Slukkie.

As haar ma dan nie meer wil speel nie, big deal, dan sal sy wat Lien is, speel. Sy storm eetkamer toe en pluk die klavier se deksel oop. Die klavierstoeltjie maak ’n skreeugeluid terwyl sy dit hardhandig agtertoe skuif. Sy kan nog die “Blou Donau” so effens onthou, haar claim to fame uit haar laerskooldae toe haar ma nog gehoop het sy of Braam gaan in haar musiekvoetspore volg. Sy sukkel om die note te onthou, maar sy speel so hard as wat sy kan, tráp die pedaal. Die wysie dreun vals-vals deur die huis. Sy hoop oom Van Aswegen verstik langsaan in sy Castle daar waar hy voor die televisie sit en rugby kyk.

Sy klap die klavier weer toe en sit ’n rukkie doodstil op die stoeltjie. Sy hoor haar ma se slaapkamerdeur word op knip getrek. Sy stap lusteloos na haar kamer en haal haar Wiskunde-boek uit haar tas. Sy kyk na die plastiekomslag wat al beter dae geken het. Hoeveel moedelose mense het al oor die jare dié book of horrors in hulle hande vasgehou, wonder sy. Sy het regtig nie krag vir ’n klomp meetkundestellings nie. Sy gooi die boek onder die bed in en weet sy gaan haar Maandagmôre dood soek daarna. Sy gee nie om nie en trek haar kop toe met die duvet. Sy raak byna dadelik aan die slaap.

Sy droom Dirkie doen iets horribles met haar hare. Dis pers en sy het ’n silwer neusring aan. “Brad Pitt sal mal wees oor jou,” sê Dirkie met sy skêr in die lug.

Dis donker toe sy wakker word. Sy hoor Pavarotti blêr iewers in die huis. Sy wil nie opstaan nie en sy lê lank en luister na die enkele motors wat onder in die straat verbyry. Sy kan die Van Aswegens se televisie hoor.

Sy staan traag op en trek haar rooi sweetpak aan. Sy is skielik rasend honger. Haar ma se deur is toe en Pavarotti doen sy ding in vyfde rat agter die toe deur. Sy klop. “Wil Ma iets eet?” vra sy vir die toe deur. Geen antwoord nie. Sy klop weer. Daar is weer geen antwoord nie, net Pavarotti wat Schubert se “Ave Maria” met oorgawe sing.

Sy braai vir haar twee aartappels en ’n hoenderboudjie in ’n pan. Sy braai tamatie en eet in stilte voor die televisie. Sy kyk nie eintlik waaroor die program gaan nie, maar dis darem ’n stem in die spookagtige stil woonstel.

Sy wens Braam was hier. Sy mis iemand, ’n ander asem, iemand om mee oor haar dag by Creations te gesels. Iemand om mee uit te hang, iemand om mee te lag en sommer net simpel te wees. Sy wonder of sy dit nog sal kan doen, simpel wees.

Sy wonder wat van haar vriende uit haar vorige lewe geword het. Sou iemand nog partykeer aan haar dink? Sy twyfel. Die lewe gaan aan en die arme Lien Jooste is nou nie meer deel van die scenery nie.

Sy oorweeg om vir Wouter te bel en net ’n bietjie te gesels, maar sy besluit daarteen. Hy kuier seker saam met sy krietketpels ná die wedstryd, of erger, saam met sy nuwe vriendinne, dink sy jaloers. Miskien moet sy by tannie Bets gaan kuier. Maar miskien ook nie.

Die woonstel druk haar vas. Sy gaan staan op die stoep en kyk na die liggies onder in die dal. So baie dinge het die afgelope twee jaar verander. Sy moet haar partymaal knyp om te voel of sy nog sy is. Dis scary.

Sy sluit die deur en maak vir haar koffie. Sy gaan sit in haar kamer met haar oorfone en Norah se geselskap.

But if we stick together
Then I know we’ll be OK
’coz when it gets too cold outside
This room is where we’ll stay

troos Norah Jones, wat waarskynlik baie vriende het.

*

Die kamera volg ’n lang man met donker krulhare wat met ’n leer teen die kant van ’n huis opklim. Drie dogtertjies sit op die dak, al drie so ses jaar oud. Die een in die middel het langerige donker hare en die twee weerskante van haar se hare is kort en blond. Hulle is duidelik ’n tweeling. Die dogtertjie in die middel het ’n kat op haar skoot. Sy praat sonder ophou met die man wat op die leer bly staan en oor die dak na die drie dogtertjies loer. Hy praat vriendelik met die drie, maar die dogtertjie in die middel praat heftig terug. Daar is geen klank nie. Dit lyk asof sy weier om van die dak af te klim. Die blonde dogtertjie aan die linkerkant begin huil. Sy skuur stadig op haar boude in die rigting van die man, wat haar versigtig van die dak af tel en tot onder help. Hy klim weer op en help die ander blonde dogtertjie op dieselfde manier na onder. Hy bly met sy hande in sy sye staan en praat met die dogtertjie bo-op die dak. Sy klou nog steeds aan die kat,

wat lyk asof sy graag sou wou ontsnap. Sy kyk anderpad en maak asof sy die man nie raaksien nie.

Hy druk die Freeze-knoppie en kyk ingedagte na die man wat oopmond met sy kop na bo gelig staan. Hy staan op en stap tot by die televisieskerm. Hy raak versigtig daaraan.

10

Iets om die palaat te verfris

“Ek dink regtig ons moet gaan,” sê Wouter Dinsdagmôre terwyl hulle skool toe stap. “Ons gaan eet net hulle kos en kyk wie is die grootste fool van die aand. Daar sal seker ’n hele paar wees,” lag hy.

Lien sê niks nie. As sy nee sê, vra hy dalk vir Riekie of Sanet, maar sy sien regtig nie kans om ewe liefie-liefie saam met dié spul in die skoolsaal te sit en te maak of haar twee jaar by dié skool die beste van haar lewe was nie. Daar is ook nie ’n manier hoe sy ’n duur outfit in die hande kan kry nie. Sy twyfel of Wouter regtig die moed sal hê om vir die zooty look te gaan.

“Ek sal daaroor dink,” sê sy. Sy sê nie veel verder terwyl hulle skool toe stap nie.

Wouter gesels oor sy vakansie in Bloemfontein.

“Mense dink Bloem is so koek, maar eintlik is dit ’n moerse nice plek,” sê hy. Hy gooi sy rugsak van sy een skouer na die ander en vertel in besonderhede waarom Bloemfontein eintlik the place to be is.

Sy luister nie eintlik nie, maar wonder of sy ooit in haar lewe haar voete in dié Vrystaatse stad sal sit. Seker nie. As sy eers op daai vliegtuig geklim het, kom sy nooit weer terug nie.

Mr MacMillan is siek of iets en hulle moet hulle self besig hou. Lien is teleurgesteld. Mr MacMillan se weird gedigte en kortverhale maak gewoonlik haar dag en sy kan haar verkyk aan sy nice outfits. Sy besluit om die vervlakste meetkundestellings deur te gaan, maar besef dat haar Wiskunde-boek nog steeds onder haar bed lê. Too bad.

Sy skryf agter in haar Biologie-boek waarom Skotland nou ook op haar itinerary moet wees. Daar was die vorige aand ’n program op televisie oor dié land en sy was mal oor die groen hooglande en die mis en die stilte en die spieëlgladde mere. En die wonderlike klein dorpies, al eet die mense die weirdste goed. Skaapkoppe en die vreemdste worse, vol gestop met

allerhande goed wat Suid-Afrikaners seker nooit in hulle wildste drome sal dink om te eet nie. Toe die klok vir pouse lui, pak sy tydsaam haar boeke in haar tas. Skotland sal dit ook wees, besluit sy.

Buite staan Wouter met Riekie op die stoep en gesels.

Riekie giggel oor iets wat Wouter gesê het. Sy leun agtertoe teen die stoepmuurtjie en gee Wouter se arm ’n drukkie.

“Jy is ’n nar, Wouter,” giggel Riekie. Wouter met die deurmekaar hare glimlag soos ’n skaap.

Lien is skielik so kwaad, sy wil die meisie se oë uitkrap. Wat weet sy nou eintlik van Wouter af? Sy het nie ’n clue hoe Wouter sy pa mis of van sy nuwe stiefma in Bloemfontein nie. Sy weet niks van hulle planne vir die matriekafskeid nie en van al die goed waaroor hulle by die Wimpy praat nie. Sy wat Lien is, weet. Sy weet alles!

Sy strompel blindelings by die trappe af, sommer ook moerig vir haarself oor die trane wat wil kom. Sy kan nie wag om hier weg te kom nie. Soos sy nou voel, is Bronkhorstspruit sommer al ver genoeg.

Wouter oefen Dinsdae krieket en sy loop alleen huis toe. Creations is Dinsdae toe. Miemie Spies staan by die hek. Dit lyk asof sy vir iemand wag. Sy keer Lien voor.

“Ek is vandag agttien en ek en jy gaan by die Wimpy eet,” sê sy vasbeslote, asof sy lankal besluit het.

Lien weet nie wat om te sê nie.

“Jy hoef nie lank te bly nie,” voeg Miemie by.

Waarom op aarde sal Miemie haar vir ete nooi? Hulle was nog nooit pelle nie.

Lien dink vinnig. Braam oefen ook krieket. Sy werk nie vanmiddag nie en die Afrikaanse opstel is nie dodelik dringend nie. Die arme Miemie verjaar en sy self is so honger soos ’n brommer. Sy sal ’n liggaamsdeel opoffer vir ’n bord slaptjips.

“Dit sal nice wees, Miemie. En congrats. Hoekom het jy niks vir ons by die skool gesê nie?” Sy klink vir haarself ’n bietjie pienkerig.

Miemie ignoreer die vraag. “Kom ons waai.” Sy begin haastig in die rigting van die sentrum stap. Lien moet uithaal om by te bly.

Lien besef dat sy eintlik niks van die weird meisie weet nie, net dat hulle in een van die rye luukse huise bo teen die berg bly en dat iemand haar elke oggend met ’n swart Mercedes by die skool aflaai. Sy dink nie Miemie het broers of susters in die skool nie.

Daar is nie baie mense in die Wimpy nie en hulle gaan sit by ’n tafeltjie in die hoek. ’n Vriendelike kelner gee vir elkeen ’n spyskaart. Lien se mond water. Sy wonder vir hoe duur sy mag eet. Alles lyk vir haar lekker. Sy besluit om te wag tot Miemie bestel.

Miemie bestel steak en tjips. Lien kan nie onthou wanneer laas sy ’n behoorlike stuk steak geëet het nie. Sy bestel dieselfde. Sy ruik knoffel en haar maag maak krampe van die honger.

Sy weet nie wat om met Miemie te gesels nie.

“Gaan julle vanaand jou verjaarsdag vier?” vra sy ná ’n rukkie.

“Ons celebrate mos nou. En nee, my pa-hulle wil my vanaand vir ete vat, maar ek eet sommer nou. Dit gaan my nie vanaand pas nie,” sê Miemie. “Daar is iets wat ek op televisie wil kyk,” voeg sy bietjie geïrriteerd by. Dit lyk asof sy nie oor haar mense by die huis wil praat nie.

Lien besluit om oor die toneelstuk te gesels. Miemie se gesig verhelder. Sy vertel van haar planne om haar rol ’n bietjie op te tert.

“Ek kan nog nie besluit of ek met ’n gewone, outydse besem gaan vee of nie. Ek dink ek moet ’n statement of some sort maak. Dalk net ’n fluorescent besemstok sonder ’n veegedeelte, of ’n besem met ’n ketting aan, of so iets – in elk geval iets wat kommentaar op die vrou se rol in die samelewing lewer,” sê sy ingedagte terwyl sy deur die venster na die parkeerterrein kyk. Sy draai na Lien. “Wat dink jy?”

Lien is bietjie onkant betrap. Sy soek na iets om te sê.

Voordat sy kan antwoord, sê Miemie: “Jy wonder seker hoekom ek jou vir ete stick?”

Lien sê niks nie.

“Ek kan sien jy het ook nie eintlik pelle hier rond nie. Ek wou graag my verjaarsdag saam met jou vier. Jy vat nie stront van dié simpel skool nie. Dit impress my.”

Lien weet steeds nie wat om te sê nie. Die kelner bring gelukkig hulle kos. Dit ruik hemels. Lien lig haar glas Coke en sê: “Cheers.” Hulle klink glasies.

Lien se selfbeheersing is daarmee heen. Sy duik in die bord kos in, weet nie lekker wat om eerste te eet nie. Sy eet soos iemand uit ’n konsentrasiekamp. Die steak is taaierig, maar dit is die lekkerste vleis wat sy in ’n baie lang tyd geëet het. En die tjips. Dit smelt in haar mond. Sy dink skuldig aan Braam wat vanmiddag Marmite-toebroodjies moet eet.

“Wat doen jou ma-hulle?” probeer Lien geselskap maak tussen die etery deur.

“My ma is ’n sepieslaaf,” sê Miemie terwyl sy al kouend deur die venster kyk. ’n Vrou en twee dogtertjies is besig om sakke vol kruideniersware in ’n motor se bagasiebak te laai. Een van die dogtertjies huil onophoudelik. “Sy het ’n meestersgraad in toegepaste wiskunde, maar sy het nog nooit in haar lewe gewerk nie. My pa wil nie hê sy moet nie. Nou kyk sy sepies. As sy klaar is met die sepies, kyk sy na die cooking channel op DStv. Die grap is dat sy nooit kos maak nie. Ons het ’n voltydse kok. Sy is effens … hoe sal ek sê … ’n bietjie verveeld, sy sit maar net in die huis rond.” Miemie lag haar weird laggie.

“My pa het sy eie company in Johannesburg. IT en sulke goed. Hy maak baie geld, maar hy is min by die huis. Hy is bietjie van ’n drip,” sê sy ingedagte terwyl sy nog steeds die ma met haar huilerige dogtertjie dophou. “As hy by die huis is, sit hy in sy studeerkamer en bou modelvliegtuigies. Soos ’n blerrie kind. Dan drink hy whisky en luister kliphard na Pink Floyd.”

Miemie vat ’n slukkie van haar Coke.

“Nie vir my nie, dankie,” sê sy en beduie na die huilerige dogtertjie buite op die parkeerterrein. “Ek kan nie dink dat vrouens vir ’n paar snotneusies settle nie. Dis hoekom ek regte wil doen. Ek wil die arme goed help om ’n lewe te kry. Hóé weet ek nog nie, maar regte klink vir my the way to go.”

Sy wink die kelner nader. “Menu, asseblief. Ons wil ’n soetigheidjie hê om die palaat te verfris, soos my ma sou sê.”

Lien stap stadig huis toe. Miemie is vreemd, maar op ’n manier hou sy nogal van haar, en die ete was great. Sy kan nie onthou wanneer laas sy so lekker geëet het nie.

Sy is verbaas om vir Deon en Braam voor die televisiestel aan te tref. Hulle het Deon se PlayStation aan die televisie gekoppel en hulle speel die een of ander lawaaierige speletjie terwyl hulle lag en gesels. Sy kan nie glo Braam het iemand huis toe gebring nie. Kry hy nie skaam vir die verslete banke en die mat wat ’n ernstige skoonmaak kort nie? Die ergste is dat haar ma enige tyd van die werk af kan kom, waarskynlik in enige skakering van geel. Daar is nie ’n manier dat sý ooit iemand na hierdie huis toe sal bring nie. Sê nou Deon wil hier eet, dink sy verskrik.

Daar is net ’n bottel Oros in die kas en sy skink vir elkeen ’n glas. Deon en Braam steur hulle nie veel aan die koeldrank nie en gil en lag soos twee

laerskoolseuntjies op ’n merry-go-round.

Teen vyfuur begin Deon gelukkig die drade van die PlayStation ontkoppel en sê sy ma wag seker al onder vir hom. Braam stap saam en Lien begin verlig ’n paar eiers breek. Dis vanaand weer roereiers en boontjies in tamatiesous. Sy sal die kookvleis vir later in die week bêre.

*

Die kamera sukkel om te fokus. Die beeld is eers vaag, maar word mettertyd ’n Kersboom. Dis ’n reuse-Kersboom, met blink liggies, wat byna tot teen die dak van die vertrek strek. Die kamera swaai na ’n Kersvader met rooi klere en ’n wit baard en digte wit ooghare wat met ’n sak oor sy rug staan en praat met iemand wat nie op die skerm is nie. Dis ’n besonder lang Kersvader en sy gesig lyk jonk onder sy rooi mus. Sy maag lyk onnatuurlik groot. Die kamera swaai na links, waar ’n dogtertjie en ’n seuntjie die Kersvader oopmond aangaap. Hulle sit doodstil langs die Kersboom en kyk in sy rigting. Dit lyk asof hulle onbewus is van die kamera. Die kamera swaai weer na die Kersvader, wat ’n geskenk uit sy sak haal. Hy lees iets van ’n kaartjie af. Die dogtertjie staan op en vat die pakkie by die Kersvader. Hy wil haar soen, maar sy ruk vererg weg. Die Kersvader haal nog ’n geskenk uit sy sak. Die kameraman se arm, met ’n goue armband, is skielik sigbaar op die skerm. Dit kom van agter die kamera te voorskyn. Die hand vat die pakkie by die Kersvader. Dié haal nog ’n geskenk uit sy sak. Die seuntjie loop huiwerig nader. Hy vat die pakkie en gee die Kersvader ’n vinnige druk. Die volgende oomblik pluk hy die Kersvader se mus af. Daaronder verskyn ’n kop met ’n bos swart krulhare.

Hy sit die koffiebeker langs sy stoel neer. Hy skakel die videospeler af en gaan staan voor die venster. Hy kyk lank na buite sonder om iets raak te sien.

11

Julia Roberts sonder die mond

Juffrou Breytenbach loer oor haar brilletjie na die klas.

“Ons moet iets omtrent die rekwisietekamer agter die saal doen voordat ons met die nuwe stuk begin,” sê sy terwyl sy oor die klas kyk. “Ek soek iemand om my te help.”

Lien kyk te laat weg. Juffrou Breytenbach kyk na haar.

“Kom, Lien, kry nog iemand en dan kom help julle my. Die res van julle moet met julle opstelle aangaan.”

Die kinders skuif rond en fluister onder mekaar.

Lien wil skree. Hoekom het sy nie gouer weggekyk nie? Sy kyk om haar rond. Sy weet nie wie om te vra nie. Miemie kyk vir haar. Lien wink vir haar. Hulle het nou wel nie ’n sak sout saam opgeëet nie, maar steak en tjips is al ’n begin, dink Lien. In stilte volg hulle juffrou Breytenbach, wat klik-klak met haar hoë hakke die gang af stap.

Die rekwisietekamer is agter die saal se verhoog. Hier word al die vorige opvoerings se dekor en kostuums gehou. Dis stowwerig en erg deurmekaar. Dit lyk asof dit ook die akteurs se aantrekkamer is. ’n Spieël beslaan die hele lengte van die een muur en daar is liggies elke paar sentimeter bokant die spieël.

“Ek weet nie waar om te begin nie,” sug juffrou Breytenbach moedeloos terwyl sy in die vertrek rondkyk. “Ek dink julle moet al die gemors in bokse pak en al die bokse op ’n hoop teen die regterkantste muur sit.”

Sy kyk liefderyk na ’n lang stuk rooi lap wat aan ’n spyker teen die een muur hang. “Dit was Rooikappie se mantel van twee jaar gelede. Wat ’n produksie! Bietjie alternatiewerig, maar ’n meesterstuk.”

Lien en Miemie kyk na mekaar.

“Ek gaan ’n besem en ’n stoflap soek. Gaan julle solank aan,” sê die juffrou. Sy nies. “Hooikoors,” sê sy verskonend.

Lien en Miemie begin tussen die gemors krap en pak al die kostuums van die vorige jare se “meesterstukke” in bokse. Daar is die weirdste goed. Daar is ’n groen pak wat lyk asof dit uit die Ninja Turtle-dae dateer. Miemie trek dit dadelik aan. Lien kan nie help om te lag nie. Die broek is te lank en die masker kort ’n oog.

Op haar beurt trek sy ’n broek en ’n hemp aan wat hulle vermoed een jaar Robin Hood se kostuum moet gewees het. Die hoedjie met die rooi veer hang skeef op Lien se kop. Miemie het ’n snaakse, hoë giggellaggie en Lien lag naderhand meer vir Miemie se weird laggie as vir die vreemde outfits.

Hulle kom op ’n boks pruike af. Lien sit ’n pruik met lang, rooibruin, krullerige hare op haar kop en druk ’n brilletjie wat op die toonbank voor die spieël lê op haar neus. Die lense van die bril is van gewone glas en sy kan maklik daardeur sien.

“Jy lyk ’n bietjie soos Julia Roberts, maar sonder die mond,” sê Miemie. “Of na ’n hooker wat al beter dae geken het.”

Lien breek haar en sy weet nie hoekom nie. Sy lag soos sy in jare nie gelag het nie.

Miemie sit ’n krullerige manspruik op en ’n vals baard. Sy druk ’n pyp wat op die toonbank lê in haar mond. “Dit moes een of ander perv gewees het wat op sy dag ’n pop of twee se kele afgesny het. Jack the Ripper of so iemand,” sê sy.

Hulle lag dat die trane rol.

Toe juffrou Breytenbach terugkom, kry hulle tog in die deurmekaar vertrek orde geskep. Lien voel op ’n manier tuis in die deurmekaarspul. Dit ruik na iets waarvan sy dink sy hou. Die stof en grimering en al die klere en kleure en stukke dekor laat haar tuis voel.

Juffrou Breytenbach hang ’n paar kostuums in die ingeboude kas in die hoek van die vertrek. “Ons kan dit weer gebruik,” sê sy terwyl sy haar brilletjie regskuif. “ ’n Mens weet nooit nie.”

Dit was die meeste pret wat sy in jare gehad het, dink Lien toe hulle terugstap klas toe. Sy en Miemie is skielik half ongemaklik met mekaar nadat hulle so simpel was in die rekwisietekamer.

Dirkie en Donovan knor steeds vir mekaar. Lien kan nog nie agterkom waaroor nie. Daar is ’n paar regulars in die salon, soos Donovan hulle noem. Lien vee en vee en maak koffie en antwoord die telefoon en vee. Sy

wonder of ’n mens nie iets met al die hare kan doen nie. Dalk kussings vir die armes maak of so iets.

Teen drie-uur kom ’n lang, maer meisie met ’n stootwaentjie die salon binne. Sy moet ’n ou bekende wees, want Dirkie en Donovan freak omtrent uit. Dis Sue-Ellen Swanepoel en haar baba, besef Lien.

Sue-Ellen lyk soos Lien haar voorstel iemand met die naam Sue-Ellen moet lyk. Sy is lank en maer, soos ’n model wat aan anoreksie ly, en sy het ’n bos blonde hare wat Patricia Lewis jaloers sou hê. Lien kan skaars glo Sue-Ellen het onlangs ’n baba gehad as sy na die maer lyf kyk. Sy het die langste naels wat Lien nog ooit gesien het. Bloedrooi. Lien kan nie dink hoe sy ooit iets in die salon gedoen gekry het met sulke naels nie, wat nog te sê ’n babadoek omruil.

Sue-Ellen parkeer die stootwaentjie met die slapende babatjie in die hoek van die salon. Dirkie en Donovan koer om die stootwaentjie en maak aag-moeder-geluidjies.

“Dis nou Lien,” sê Dirkie ná ’n rukkie en beduie na Lien wat ongemaklik eenkant staan en wonder of sy ook die koer-ding moet doen.

Sue-Ellen kyk vinnig na Lien. “Haai,” sê sy kortaf en gaan dan voort om vir Donovan van die babatjie se veluitslag te vertel. “Dis gross en dit moet baie jeuk, want die kind hou net nie op met blêr nie,” sê sy ontsteld.

Donovan vra vir Lien om vir hulle koffie te maak. Uit die kombuis hoor sy Sue-Ellen vertel vir Dirkie en Donovan hoe anders die lewe met die baba is.

“Ek wou hom al teruggee, want genoeg is genoeg. Peet sê ek moet net vasbyt want dit sal beter gaan, maar dis maklik vir hom om te praat – hy sit heeldag lekker by die werk.”

Lien hoor die meisie praat skielik sagter. Die ketel begin kook en sy kan nie meer die gesprek volg nie. Toe sy uit die kombuis kom, sien sy Donovan en Sue-Ellen sit met hulle gesigte bymekaar en fluister. Dirkie sit eenkant en neem nie aan die gesprek deel nie. Hulle hou skuldig op met praat toe sy met die skinkbord vol koffiebekers nader kom.

Lien los hulle alleen en begin die verste punt van die salon vee. Sue-Ellen staan ná ’n rukkie op en sy stoot die babawaentjie deur toe. Sy waai vir Dirkie en Donovan deur die venster.

Lien kom agter daar is iewers fout, maar nie Dirkie of Donovan sê iets nie. Teen sluitingstyd vra Donovan haar om by hom te kom sit.

“Engel, onthou jy ek het gesê jy moet nie te geheg raak aan die joppie nie, want dit is tydelik? Sue-Ellen wil terugkom. Ek het gesê sy kan Maandag weer begin. Die baby gaan by ’n tannie of iets bly.” Hy steek skuldig ’n sigaret aan. “Jy kan nog een maal elke twee maande kom vir ’n free sit en ons sal natuurlik nog steeds jou broer se span sponsor,” sê hy terwyl hy die rook uitblaas.

Lien kyk vir Dirkie. Hy draai sy kop skuldig weg.

“Moet asseblief nooit weer vir my Engel sê nie. Ek haat dit,” sê Lien terwyl sy die vuil koffiebekers kombuis toe dra.

Op pad huis toe sê Dirkie hy het regtig alles gedoen wat hy kon, maar Donovan het die meeste aandele in die salon en daarom die meeste sê. Hy klink jammer. “Hy en Sue-Ellen is nogal close.” Lien sê niks. Deur die karvenster sien sy ’n reuse-vliegtuig noord vlieg.

Sy verkyk haar aan die posters teen die mure. ’n Wit koepel en potblou lug en ’n nog blouer see: ’n Griekse eiland. Ou geboue in Jerusalem in die sonsondergang. ’n Straatkafeetjie in Parys met die Eiffeltoring in die agtergrond.

Om weg te kom, is moontlik. Die vreemde plekke het name. ’n Mens kan daaraan vat. Sy kry hoendervleis.

“Jy sien, dis meer as net ’n vliegtuigkaartjie Londen toe.” Die mooi blonde meisie wat ’n bietjie na Kate Hudson lyk, draai weg van haar rekenaar en kyk na Lien. “Daar is visumkostes en versekering en ons fooi, omdat ons alles vir jou reël. Jy kan jou klaarmaak vir ten minste R10 000. Dis nou bo en behalwe die R20 000 wat jy tydelik in jou rekening moet hê om die Britse owerhede gerus te stel dat jy darem vir jouself sal kan sorg terwyl jy daar is.”

Lien se pen lê bewegingloos op die notaboekie wat sy saamgebring het.

“Die R20 000 is net tydelik. Ons stel gewoonlik voor dat jou ouers dit in jou rekening inbetaal en sodra jy daar is, kan jy dit dadelik terugbetaal.” Die meisie klink simpatiek. Sy kan seker aan haar gesig sien R20 000 groei nie sommer aan die Joostes se bome nie, vermoed Lien. Sy sal dalk nog die R10 000 bymekaar kan maak, maar vir wie op aarde kan sy vra om vir ’n ruk R20 000 in haar rekening te laat lê? Dalk tannie Bets, en as dit dan nie anders kan nie, oom Frank?

“Hoe lank mag ek daar bly?”

“Ons noem dit ’n working holiday. Jy mag vir twee jaar gaan, maar jy mag net vir ’n jaar werk. Daar is jong Suid-Afrikaners wat onwettig langer bly en werk, maar hulle kan jou uitvang. En jy kan probleme kry as jy wil terugkom.”

“Watse werk kry julle vir ’n mens?”

“Daar is verskeie opsies, maar dis gewoonlik maar hotelwerk of in ’n restaurant of so iets. Daar is ook sekuriteitswerk. Dit hang af van wat beskikbaar is. Ons reël ook vir jou blyplek en help jou om ’n bankrekening oop te maak en so aan. Ek sal al die dokumente vir jou uitdruk en dan kan jy en jou ouers rustig by die huis daarna kyk.” Die meisie draai weer na haar rekenaar.

Lien sit nog steeds bewegingloos met haar pen op die notaboekie. Dit gaan ’n fortuin kos, maar sy sal net eenvoudig ’n plan moet maak. Sy kyk na ’n poster van ’n rooi bus wat in ’n besige Londense straat ry. Sy sal net móét.

Die meisie plaas al die dokumente in ’n koevert en kram haar kaartjie daaraan vas. “Bel my enige tyd as jy nog iets wil weet,” sê sy vriendelik toe Lien opstaan.

Terwyl sy bushalte toe stap, wonder Lien vir die hoeveelste maal waar sy kan gaan vra vir werk. Sy sal eenvoudig ’n plan moet maak. Twee jaar. Dis ’n begin. Sy sal probeer om langer te bly. As sy net eers daar kan kom.

12

Die traandruppel

Die onder 16's lyk cool in hulle liggroen gholfhempies. Lien is beïndruk dat Braam en meneer Grobbelaar die hempies so vinnig gemaak gekry het. Sy dink Braam was bang Dirkie en Donovan verander van plan en hy kon seker nie wag vir sy R450 nie. Sy wonder of hy dit al gekry het en wat hy daarmee gaan doen. As sy hom daaroor uitvra, maak hy of hy nie hoor nie en sy het nog nie 'n nuwe denim gesien nie.

Op die agterkant van die hempies staan in wit: *Geborg deur Millennium Hair Creations*. Lien is dankbaar om te sien dat die verspotte krulletjie-logo langs die pad in die slag gebly het, hoewel die krullerige "M" definitief 'n Donovan-geurtjie het.

Fonteine se span doen veldwerk. Leon en Renier kolf vir Jakaranda.

Sy sien Braam en 'n paar van sy spanmaats op die regterkantste pawiljoen sit. Hulle moedig hulle kolwers aan wat volgens die telbord al 'n hele 68 lopies aangeteken het, hoewel Jakaranda reeds twee paaltjies verloor het.

Sy verwonder haar aan Braam wat so tuis is tussen sy maats. Hy maak kort-kort 'n opmerking en dan skeur die pelle hulle.

"Lekker, Braam!" skree iemand.

Hoe kan hy so leef asof daar niks in sy lewe verkeerd is nie, wonder Lien jaloers.

Sy is verbaas om te sien dat Dirkie en Donovan ook vir die wedstryd opgedaag het. Braam het gesê hy het hulle genooi om vir Grobbies te ontmoet, maar sy het nie gedink hulle sal kom nie. Hulle moet Creations vroeg gesluit het, want dit is nou eers halfdrie. Of 'n babalose Sue-Ellen hou dinge aan die gang daar.

Dirkie en Donovan sit by 'n jongerige vrou wat aandagtig luister terwyl Donovan iets vertel. Hy beduie vir 'n vale terwyl hy met sy hande rondom

sy kop demonstreer.

Sy oorweeg eers om by hulle te gaan sit, maar besluit dan daarteen. Sy is nie regtig kwaad vir hulle nie, maar sy is nie lus vir geselskap nie. Sy gaan sit heel bo op die linkerkantste pawiljoen waar daar byna geen ander toeskouers is nie.

Sy sien geskok hoe gaar Braam se beenskutte is. Dis gáár. Sy kyk jaloers na die ander seuns wie se trotse pappies net die beste aangedra het. Sy sal ’n plan moet maak om weer iewers werk te kry. Braam se R450 sal nie genoeg vir beenskutte én ’n nuwe denim wees nie. Sy het ook gehoop dat hy dalk iets sal gee vir die leë kombuiskaste … Sy wil liewer nie dink aan die duisende wat sy nodig het om in Londen te kom nie. Sy sal eenvoudig ’n plan moet maak.

Daar kruip ’n bietjie son by die opening aan die bokant van die pawiljoen in. Dit maak haar rug lekker warm. Sy ontspan. Strek haar voete lank voor haar uit. Leun lekker agteroor.

Daar het nie veel toeskouers vir die wedstryd opgedaag nie. Hier en daar sit ’n paar ma’s en gesels. Afgesien van die opmerkings en gejuig van Braam se groepie, is dit eintlik stil. Sy hoor ’n paar duiwe koer. Sy raak lomerig.

Sy moet ingesluimer het, want sy ruk soos sy skrik toe ’n gejuig op die veld losbars. Iemand het vir Renier uitgeboul. Fonteine se manne hardloop na die middel van die veld en klop mekaar op die skouers, wens die bouler geluk.

Op die middelpawiljoen sien sy vir Dirkie en Donovan juigend op en af spring. Hulle juig vir die verkeerde span, besef sy verslae.

“Hulle noem dit die traandruppel,” sê haar ma die aand ná die toast en die roereier. “Hoekom weet ek nie. Dis nie vir my eintlik tranerig óf druppelrig nie. Maar Fred is ’n ster.”

Lien herken die musiek. Dis een van Frederic Chopin se impromptu’s.

“Ou Fred,” sê haar ma terwyl sy die ys in haar wynglas met haar vinger roer, “kan bááie sweet wees, maar sy musiek is nóóit stroperig nie. Dis bietjie soos … uhm … kant, jy weet, fynerig, en daar is bááie goedjies en nootjies, maar dis só amazing. Ou Fred is so cute.” Sy trek haar neus op ’n plooi.

Sy sug, sit weer die oorfone op en leun teen die bank met haar oë toe. Gelukkig. Haar gesig is ’n groot, rooi son. Daar is ’n puisie op haar

regterwang. “Die traandruppel is so skoon en oop,” sê sy hard. Sy sug weer.

“Who cares,” sê Lien vir Michael Mol wat ’n onderhoud op Top Billing voer met ’n celeb wat sy nie ken nie.

13

’n Huis sonder ’n moeder

Sondagaand stuur sy vir Wouter ’n SMS om te sê sy gaan vroeg skool toe, hy moenie vir haar by die telefoonhokkie wag nie.

Die lug byt terwyl sy skool toe stap. Dit word herfs. Sy sal seker haar aaklige groen skooltrui iewers moet uitgrawe.

Meneer Visagie is besig om die biblioteek oop te sluit. Hy sukkel met sy een hand, want onder sy ander arm knyp hy ’n stapel boeke vas.

“Gee vir my,” sê Lien terwyl sy haar skooltas eenkant teen die muur sit. Meneer Visagie stop die stapel dankbaar in haar arms.

“Jy’s vroeg.”

“Moet gou iets op die Internet soek. Ek sal vir meneer solank die rekenaars aansit.”

Lien loop na die rekenaars. Sy sit almal aan, asook die gemeenskaplike drukker wat aan die rekenaars gekoppel is en vir die uitdrukke waarvan hulle 25c elk moet betaal.

Sy gaan sit by die rekenaar verste van meneer Visagie se nuuskierige oë, maar na genoeg aan die drukker dat sy nie hoef op te staan om haar uitdrukke te gaan haal nie.

Sy tik vir ’n rukkie en kyk lank na die boodskap op die skerm. Sy verander ’n paar maal daaraan voordat sy tevrede is.

Die seuntjie met die draadjies aan sy tande wat laas iets oor Napoleon gesoek het, kom sit langs haar. Lien kyk geïrriteerd na die mannetjie, wat nuuskierig na haar skerm loer.

“Skoert,” sê sy terwyl sy die skerm afdraai sodat hy nie kan sien wat sy getik het nie.

“Julle het ook nie Internet by die huis nie,” sê hy terwyl hy aan sy gesig krap. “My pa sê ons …”

Lien val hom vinnig in die rede. “Gaan sit daar anderkant. Ek wil nie gepla wees nie.”

“Oukei, oukei,” sê die agie en skuif na die rekenaar heel links. Sy sien hy hou haar onderlangs dop terwyl hy ’n adres op Google intik. Sy gee hom ’n vuil kyk. Sy sal moet klaar maak. Die ander kinders gaan nou enige tyd begin opdaag. Haar boodskap sal moet doen. Sy druk die Print-knoppie en hou haar hand by die drukker, sodat sy haar uitdrukke dadelik kan kry voordat Agie dit dalk kan lees.

Sy kyk krities na die vier bladsye. Dis effens skeef, want die papier was seker nie reguit in die drukker nie, en sy sal dit met ’n skêr by die huis moet reguit sny. Daar is nie tyd om dit oor te doen nie. Sy moet nog vir juffrou Breytenbach voorkeer.

Sy bêre die uitdrukke in haar tas en gaan wag vir juffrou Breytenbach se rooi Renault by die onderwysers se parkeerafdakke. Die juffrou kom net ’n paar minute voor die skool begin by die skoolterrein ingery.

“Lien,” sê sy uitasem, “ek is bly om jou te sien. Kom help dra, asseblief!”

Lien help haar om haar hoop goed by die klas te kry.

“Het jy vir my gewag?” vra juffrou Breytenbach terwyl sy steunend met ’n klomp toetsskrifte en haar handsak onder die arm vasgeknyp klas toe loop.

“Ek wil ’n groot guns vra, juffrou. Ek wil iets uit die rekwisietekamer leen.”

Juffrou Breytenbach sit die pak skrifte in haar arms op die muurtjie voor haar klas neer en soek na haar sleutels in haar handsak. “Wat?” vra sy terwyl sy onderlangs na Lien loer en die sleutel in die slot druk.

“Sommer net ’n ou pruik en ’n brilletjie, net vir ’n paar dae, en ek sal dit baie mooi oppas.”

Die juffrou kyk haar agterdogtig aan, maar sy sê niks nie. Sy dra die boeke en skrifte tot by haar tafel en haal ’n sleutel uit haar boonste lessenaarlaai. Sy hou dit sonder ’n woord na Lien uit. Lien vat die sleutel dankbaar en maak dat sy wegkom. Sy kan nie glo dit was so maklik nie. Sy het ’n klomp stories en verskonings reg gehad, maar sy het nie een nodig gehad nie. Die klok lui en sy besluit om te wag tot eerste pouse, sodat sy rustig in die rekwisietekamer kan rondsoek vir wat sy nodig het.

“Als is so dúúr,” sê haar ma terwyl sy ’n paar goedjies uit ’n Pick n Pay-sak haal en in die yskas pak. “Elke keer as ek daar kom, is die pryse op. Hoe moet ’n mens lewe …” Sy haal ’n nuwe doos wyn uit nog ’n Pick n Pay-sak wat op die grond by haar voete gestaan het. Lien kyk beskuldigend van haar ma na die doos en dan weer na haar ma. Haar ma sê niks nie. Sy maak die doos oop en haal ’n wynglas uit die kas. Sy kyk onderlangs, skuldig na Lien terwyl sy die ysbakkie uit die yskas haal. Klink, tjorrr, kraak, ploinks, slukkie en sug. Stuff the world en Pick n Pay.

14

A change of scenery (régtig)

Die bus stop voor ’n vreemde, kleinerige sentrum wat sy nie ken nie. Hulle het al hier verbygery, maar sy was nog nooit binne nie. Sy klim huiwerig af, oorweeg dit om terug te klim en verder te ry totdat die bus weer voor die bekende sentrum naby hulle huis stop. Sy staan ’n rukkie met haar een voet in die bus en een buite die bus.

“Wil jy af of nie?” vra die vrou wat die bus bestuur, nie onvriendelik nie, net bietjie ongeduldig.

Lien huiwer. Sy kan nog omdraai …

Sy klim af.

Stadig stap sy in die rigting van die besige kruising oorkant die sentrum. Sy kyk na die onvriendelike mense wat vinnig by haar verbyjaag sonder om in haar rigting te kyk. Haastig. Doelgerig op pad. Almal lyk so onvriendelik, scary, in control, nie tyd vir onnodige dingetjies nie. Sy voel skielik bang vir al die vreemde gesigte.

Die besige kruising kom nader. Dit voel asof die hele wêreld vir haar kyk. Die pruik laat haar kopvel jeuk en die brilletjie wil kort-kort afval. Dis omdat sy so sweet, hoekom weet sy nie, want dit is nie eintlik warm nie. Sy gaan staan op die sypaadjie, ’n tree van die verkeerslig af, so na as moontlik aan die straat.

Sy haal die opgevoude plakkaat wat sy die vorige aand netjies met plastiek oorgetrek het, uit Braam se ou rooi sportsak. Sy sit die sak op die sypaadjie langs die verkeerslig neer.

Werkloos. Twee afhanklikes. Enige donasie welkom. Die Here seën u!

Die karre jaag verby. Lien bid dat die verkeerslig nooit moet rooi slaan nie. Maar die karre stop tog. Dis ’n ou man met ’n bles wat langs haar stilhou. Hy maak of hy haar nie raaksien nie.

Wat het my besiel, wonder Lien. Ek haat jou, dink sy vir die soveelste keer. Ek haat jou regtig verskriklik baie.

Sy is so naby aan die man dat sy aan hom kan raak. Ná ’n ewigheid slaan die verkeerslig groen en die karre begin ry. Die vrou in die tweede kar hou haar arm by die venster uit en stop ’n muntstuk in Lien se hand.

“Dankie,” sê Lien verleë. Die vrou jaag met ’n vaart weg. Sy voel of sy in ’n gat kan kruip. Sy het die geld net gevat, sommer net so, vir niks. Die muntstuk brand in haar hand. Sy kyk skuldig daarna. Vyf rand. Sy wonder onseker wat om daarmee te doen. Sy het vergeet om iets te bring om die geld in te sit. Die stokou rok van haar ma wat sy in ’n tas bo in ’n ingeboude kas uitgekrap het, het nie sakke nie. Sy gooi die geld sommer bo in die rooi sportsak.

Nog ’n paar uitdrukkinglose mense stop haar iets in die hand, meestal maar ’n munt of twee.

Sy het seker so ’n halfuur gestaan toe ’n geskree aan die oorkant van die straat haar aandag trek. ’n Krom vroutjie met baie plooie, bruin gebrand deur die son, kom vinnig oor die kruising op haar afgestap. Sy knyp ’n pienk handsakkie onder haar arm vas terwyl sy beduie en onhoorbaar praat, duidelik baie kwaad.

“Maak dat jy wegkom van my plek af!” skree die vrou. “Ek staan hier en jy moet baie gou hier weg,” sis sy deur haar tande toe sy by Lien kom.

“Ek het nie geweet …” Lien gryp verbouereerd na haar rooi sportsak. Voel benoud of die pruik nog sit.

“Gaan staan daar aan die oorkant. Johnny werk nie meer daar nie. Hy is Jo’burg toe,” sê die vrou kwaad. Sy is uitasem en haar bors beweeg op en af.

Lien maak dat sy wegkom. Sy sukkel om oor die besige straat te kom. Aan die oorkant van die kruising gaan staan sy weer by die verkeerslig. Sy bewe. Waarin het ek my begewe, dink sy weer. Ek haat jou so, dink sy vir die soveelste keer.

Sy oorweeg dit om om te draai bushalte toe, maar dan dink sy aan die leë yskas en Braam se flenter beenskutte en aan Kate Hudson se vorms wat onder in haar laai lê. Sy moet ten minste probeer, al is dit net vir ’n rukkie, en niemand sal haar tog met die pruik en die brilletjie herken nie. Sy vou weer die plakkaat oop.

Mettertyd begin sy ontspan. Sy glimlag selfs vir die mense wat langs haar stilhou. Die meeste maak geen oogkontak nie. Ander draai hulle vensters op

sodra hulle die kruising nader, maak of hulle haar nie sien nie.

Party gee darem. Lien kyk nie wat hulle in haar hande stop nie, maar sy leer gou hoe voel ’n tweerandmunt, ’n vyfrandmunt. Sy verbeel haar die kleiner munte voel ligter. Een vrou gee sowaar vir haar ’n noot. ’n Groene. Sy voel soos ’n hond om die mense se geld te vat. Die brilletjie irriteer haar neus. Dit gly kort-kort af en sy moet dit terugstoot terwyl sy die plakkaat met een hand probeer vashou. Haar drukkende skoene is egter die pits …

Sy sal iets anders vir haar voete moet kry. Die sweet stroom van onder die warm pruik oor haar gesig. Sy vee dit met haar arm af. Sy vat ’n slukkie uit die waterbottel wat sy bo in die rooi sak gesit het.

Sy besef nou waarom die vreemde vroutjie so ’n tantrum oor haar hoek gegooi het. Daar is beslis meer verkeer wat by haar verkeerslig stop. Waar Lien staan, kan sy die uitgang van die sentrum sien. Dit is so veertig meter van haar hoek af. Daar staan ’n jongerige ou met ’n blikkie wat hy skud, maar hy staan nie stil nie. Hy beweeg heeltyd heen en weer en tussen die verkeer deur, gesels met die mense en beduie. ’n Paar keer hoor sy hom hard lag. Dit klink asof die mense teruglag en praat en dit lyk asof hulle gereeld vir hom iets gee. Partymaal toet ’n motor vir hom as dit wegtrek. Sy sien selfs ’n vrou wat vir hom waai toe sy wegtrek.

Teen kwart voor vier kom hy in haar rigting gestap.

“Ons break nou vir tea. Kom jy saam?” roep hy in haar rigting.

Lien wil hom eers ignoreer, maar sy sal graag ’n rukkie van haar skoene ontslae wil raak en uit die son wil kom. Sy moes iets gebring het om aan te smeer. Sy gaan soos ’n tamatie lyk as sy by die huis kom. Sy besluit om hom te volg. ’n Entjie weg van die sentrum se parkeerterrein staan ’n groot akasiaboom. Dit lyk asof hy soontoe stap.

Sy skrik toe sy sien die ou vroutjie sit ook onder die boom. Sy stap huiwerig nader.

“Come on, girl! Ons tea break is nie ons lunch break nie!” roep die jong ou.

“Ek is Tibbey en die ou lady is Roos,” sê hy toe Lien langs hulle neersak, dankbaar vir die blaaskans.

Lien stel haar voor en haal die waterbottel en ’n appel uit haar sak en trek haar skoene uit. Roos gluur haar aan sonder om iets te sê. Tibbey maak ’n geldsak om sy lyf los en skud sy blikkie daarin leeg. Hy skud die geldsak in die lug. Die geld rinkel. “ ’n Killing,” lag hy.

Roos sit en teug aan ’n sigaret. Lien is nuuskierig oor hoeveel sy al in haar rooi sak versamel het. Sy sal wag tot by die huis voor sy kyk.

“So you’re new,” sê Tibbey. Dis meer ’n stelling as ’n vraag. Hy kyk haar deur. Lien antwoord nie, bly hy vra nie verder uit nie.

Roos sê steeds niks nie, teug aan haar sigaret.

“Werk julle al lank hier?” probeer Lien geselskap maak.

“Roos is ’n regular, maar ek come en go,” sê Tibbey en gaan lê op sy rug. Hy haal sy petjie van sy kop af en sit dit oor sy gesig. Dis ’n Bloubul-petjie, ietwat gehawend, maar die logo is onmiskenbaar dié van die stad se gunstelingrugbyspan.

“Is jy ’n Bloubul-fan?” vra Lien versigtig, nog nie op haar gemak by die vreemde mense nie.

“Ek het nie ’n clue van rugby nie and I don’t want to know, maar in hierdie town gaan jy nie ver kom as jy sê jy support vir Mamelodi Sundowns nie. En die mense like dit as hulle sien jy support die Bulls. Then they give!” Hy tel die petjie op en kyk ’n rukkie aandagtig daarna, asof hy dit vir die eerste keer sien.

Roos staan op en skiet haar stompie tussen die roosbome in. Sonder ’n woord stap sy terug na haar staanplek, pienk handsakkie onder die arm vasgeknyp, effens vooroor gebuig. Sy roep iets op Sotho vir Tibbey.

“Aua,” skree hy agter haar aan.

Lien staan op. Sy moet hierdie dag agter die rug kry.

Die verkeer neem toe. Dis spitstyd in Pretoria. Lien verbeel haar dat meer mense nou gee, maar sy is ook nie seker nie. Wens dat die dag moet om.

Teen vyfuur besluit sy dis nou genoeg. Sy weet nie of daar nog ’n bus ná halfses is nie en sy wil nog iets koop wat sy vanaand vir hulle kan gaarmaak.

Sy gaan trek in die sentrum se kleedkamer uit en prop die pruik en die brilletjie en die sad rokkie van haar ma in die rooi sportsak. Haar maag maak ’n vreemde draai toe sy die klomp geld sien wat die sak vol lê, ’n opgewonde en skuldige draai.

In die hokkie langs haar hoor sy ’n gesteun. Dit klink soos iemand wat in ’n plastieksak vroetel. Die persoon stamp hard teen die kant van die hokkie. Iets val. ’n Vrouestem brom iets onhoorbaars.

Die pruik het haar hare plat gedruk, maar dit lyk nie te sleg nie. Toe sy oor die wasbak buk om haar gesig af te spoel, kom die vrou uit die hokkie

langs hare te voorskyn. Dis Roos met twee inkopiesakke. Sy kyk onvriendelik vir Lien terwyl sy tot by die wasbakke sukkel.

"Ek is jammer ek het op jou plek gestaan. Ek het nie …"

"Jou board is te fancy," sê Roos terwyl sy haar hande was. "Die mense gaan nie dink jy is arm nie. En jou voete gaan dit nie hou met daai skoene nie." Sy beduie na Lien se skoene voor sy weer haar sakke optel. Sy draai om en stap sonder 'n verdere woord uit.

Lien staan 'n rukkie stil. Sy kyk na haar plat hare in die spieël en die ou gekreukelde toppie wat sy aangetrek het. Lien Jooste, dis nou jy, sê sy vir haarself. Dinge gaan nooit weer dieselfde wees nie.

Sy sluit haar weer in 'n hokkie toe en begin die munte in die rooi sportsak bymekaarmaak. Sy sal nie kan wag tot sy by die huis gekom het nie. Dis amper R150, baie geld vir een middag se hel. Sy sal kan begin spaar.

Nadat die bus haar voor hulle sentrum afgelaai het, stap sy stadig huis toe. Mense en karre ry by haar verby. Die ergste is oor. Dis nou *Sewende Laan* en macaroni en kaas. Vir Lien Jooste is dit haar ma en haar broer en Biologie-huiswerk (en moontlik Brahms) en dalk iets wat tannie Bets oorgestuur het.

In Pep se venster sien sy die skoene. Dis swart en plat en sonder frilletjies en valletjies. Dit lyk sag en gemaklik en dit kos net R38.99. Lien kyk 'n rukkie na die skoene. 'n Vrou is besig om die deur toe te maak.

"Ek wil asseblief skoene koop," sê sy vir die vrou, wat lyk asof sy 'n lang dag gehad het.

"We are closing."

"Ek sal baie gou maak."

Die vrou huiwer, maar maak tog die deur oop.

"Those in number six." Sy wys na die paar swart skoene in die venster. Die vrou lig die skoene op en stap agtertoe. Sy kom terug met 'n wit skoendoos en hou dit woordeloos uit na Lien. Lien pas die regtervoet aan. Dis reg en dis sag en dit voel nie na skoene nie.

"Ek sal dit vat," sê sy vir die vrou. Sy tel die geld uit, hopies munte.

Die vrou druk die doos in 'n wit plastieksak. Sy maak die deur agter Lien toe.

Lien stap huis toe met haar skoene wat in 'n wit plastieksak langs haar lyf swaai. In haar ander hand het sy 'n rooi sportsak waarin haar broer eens op 'n tyd sy karateklere gedra het.

Toe sy die aand in die bed lê, voel sy half swart, half wit. Skuldig omdat sy ander mense se geld gevat het en niks daarvoor gedoen het nie, maar tog ook asof sy alleen oor ’n groot rivier in die Amasone geswem het, een waaroor niemand anders nog kon kom nie.

En sy besluit sy gaan dié swem alleen swem. Sy gaan nie eens vir Wouter vertel nie.

*

’n Groepie mense staan met hulle rûe na die kamera. Hulle kyk na ’n asemrowende waterval wat onder in ’n poel stort. Van die mense het kameras en neem foto’s. ’n Japannese man beduie iets vir die vrou langs hom en hy neem ’n foto met die kamera wat om sy nek hang van haar met die waterval as agtergrond. Die vrou sê opgewonde iets vir ’n ouer Japannese vrou langs haar. Die kamera zoem in op ’n vrou met swart hare en ’n sonbril wat met ’n seun met donker krulhare langs haar praat. Sy beduie na die bopunt van die waterval van waar die water geruisloos na benede tuimel. Die kamera kry die profiel van ’n dogter met lang swart hare in fokus wat langs die seun staan. Sy staan asof versteen, gehipnotiseer deur die vallende water. Haar donker oë blink. Die seun langs haar maak asof hy haar oor die reling wat die toeskouers van die waterval skei, wil stamp. Sy ruk en gryp die reling vas en draai vererg na die seun langs haar terwyl sy hom ’n stamp gee. Haar mond snou hom geluidloos iets toe.

Hy glimlag. Oorweeg dit om weer daarna te kyk. Hy sit ’n rukkie besluiteloos na die flikkerende beelde op die skerm en kyk. Haal die kasset dan uit die videospeler en plaas dit terug in die boks. Hy sit ’n ruk met die boks op sy skoot.

15

’n Bottel Energade

Lien kliek dadelik met Tibbey. Sy lag vir al sy sêgoed en sy raak beskrywings van die mense wat by hulle verbyry. “He got it all this morning,” sê hy van ’n man wat by hulle verbyry en vrolik waai.

En Tibbey ken die lewe hier op die hoeke. Hy weet wat gaan vir wat. “You must look them in the eye,” sê hy vir Lien. “They must know you know they are there. Dan voel hulle bietjie guilty as hulle nie vir jou gee nie. Maar jy moet nie te aggressive wees nie. Dan maak jy hulle bang. En jy sê altyd dankie, die Here seën u. Hulle wil weet jy appreciate die hand-out, want jy is mos arm and you need them. They don’t need you.”

Sy verstaan ook mettertyd waarom Roos so boos was toe sy die eerste dag per ongeluk op haar hoek kom staan het. Elkeen het sy staanplek en ’n mens respekteer dié ongeskrewe reël. Sy kan maar net hoop Johnny wat nou in Johannesburg is, maak nie die een of ander tyd sy opwagting om sy hoek terug te eis nie.

Roos bly onvriendelik en maak asof Lien nie bestaan nie. Sy praat partymaal met Tibbey op Sotho, so asof sy dit duidelik wil maak dat Lien nie deel van die gesprek is nie. Lien probeer nou en dan met haar ’n geselsie aanknoop, maar Roos sê gewoonlik net ja of nee. Sy praat dan maar weer met Tibbey, wat altyd reg is vir ’n geselsie en ’n grappie.

Een teetyd skraap Lien die moed bymekaar om vir Roos te vra waar sy leer Sotho praat het. Roos teug aan haar sigaret en trek haar oë op skrefies. Sy kyk ’n rukkie na Lien deur skrefiesoë voordat sy antwoord.

“Op ’n plaas, baie ver van hier en baie lank terug.” Sy sug en staan op om te gaan werk.

Lien kan nie veel oor haar agterkom nie behalwe dat ’n meisie met vreeslike blonde peroxide-hare haar smiddae laat kom oplaai in ’n stokou oranje Datsuntjie waarin drie witkopkindertjies met dieselfde kort haarstyl

gebondel sit. Al drie lyk vir Lien eners en ewe oud. Partymaal dink sy dis twee dogtertjies en ’n seuntjie, maar dan weer lyk dit na twee seuntjies en ’n dogtertjie. Sy besluit om liewer nie vir Roos uit te vra nie. Sy kan sien Tibbey en Roos is baie close, seker van jare se letterlike en figuurlike saamstaan, vermoed Lien.

Hoewel Tibbey haar die reëls van hulle lewe op straat deeglik voorsê, kom Lien gou agter dat hy hom glad nie aan sy eie reëls steur nie. Hy gaan soms soos ’n hanswors by sy hoek te kere en aan die geskater van die mense kan Lien agterkom dat Tibbey ’n groot aantrekkingskrag by dié hoek is. Roos praat van Tibbey se hoek as “Entertainment Corner”. Skugtere nederigheid om ’n paar sente uit die motoriste se gewetes te wurm, bestaan nie by hom nie.

As Tibbey teetye sy geld tel, is dit gewoonlik dubbeld soveel as wat sy of Roos het. Soms het hy wel ook ’n boodskap wat slordig op ’n stuk karton geskryf is, maar gewoonlik is dit net hy en sy blikkie en soms ’n Bloubul-vlag wat hy rondswaai asof sy lewe daarvan afhang. Hy daag ook selde met dieselfde plakkaat by die werk op.

Homeless and parentless. Please help! God bless, lui die jongste.

“Tibbey, maar jy is mos nie huisloos en ouerloos nie,” lag Lien.

“Ek weet nie waar is my ma nie en ek het nog nooit ’n pa gehad nie en die room by die bowling club is nie ’n huis nie,” kap hy terug.

Tibbey bly in ’n buitekamer by die rolbalklub so ’n paar blokke van hulle staanplek af. Hy werk twee dae per week in die tuin vir dié blyplek.

Ten spyte van Tibbey se streke kom Lien gou agter dat sy werk vir hom ernstige sake is. Toe sy een teetyd vir hom vra of hy ook skuldig voel omdat hy mense se geld vat sonder om iets daarvoor te doen, ruk hy hom behoorlik op.

“Ek vát niemand se geld nie, hulle betáál my om hulle bietjie op te cheer but they don’t always know it. Ek gee vir die mense entertainment en hulle betaal my. And they feel so good when they give! Hulle dink hulle is nou eintlik nie so bad nie en hulle invest in daai beautiful place wat hulle die hemel noem.” Hy staan vies op, stof sy broek af en loop na sy hoek.

Toe hy by Entertainment Corner kom, hoor sy hom roep: “Something for the poor and the homeless, madam!”

’n Vrou draai haar ruit af en Lien hoor sy sê: “Ek kan nie elke dag vir jou iets gee nie.”

“Maar ek moet elke dag eet, my queen!”

Die vrou stop hom laggend iets in die hand, haar dag dalk gemaak.

Mettertyd raak Lien gewoond aan die lewe op straat. Haar nuwe skoene maak die staan makliker en sy raak gewoond aan die petroldampe en die reuk van die warm teer. Die hitte is nie meer so erg nie en die gebrul van die verkeer en die karre se getoet pla haar later ook nie meer nie. Sy weet ’n bottel Energade maak die middag korter en sy het geleer om haar geldsak ongemerks byderhand te hê maar buite sig van die motoriste, sodat dit nie lyk asof sy daarop uit is om ’n killing te maak nie. Sy smeer alles wat uitsteek deeglik met sonroom voordat sy op die bus klim én sy bring ’n vrug saam wat sy teetyd onder die akasiaboom eet.

Sy leer die Pretorianers ken as haastig, doelgerig en altyd eindeloos op pad. Dié wat moed het om met oop vensters te ry, maak hulle vensters toe as hulle na aan haar stilhou. Vermy oogkontak. Dié wat wel onderlangs vir haar kyk, lyk asof hulle iets stinks ruik. Ander gaap haar openlik aan, maar hulle is in die minderheid. Die meeste maak asof hulle haar nie raaksien nie, maar sy weet hulle kyk. Uit die hoeke van hulle oë loer hulle vir haar, met afsku maar ook met ’n bietjie vrees. Sy herinner hulle aan wat kan wees. But for the grace of God.

Sy het die hoek versigtig gekies. Naby genoeg sodat sy binne tien minute met ’n bus hier kan kom, maar ver genoeg dat sy nie sommer bekendes sal raakloop nie. Maar bekendes is daar wel. Sy het haar koud geskrik toe die Van Aswegens van 204 een middag met hulle ou Cressida reg langs haar stop. Sy wou eers paniekerig maak dat sy wegkom, maar toe nie oom Van Aswegen met sy bles óf tannie Van Aswegen met haar outydse beehive enigsins lyk of hulle haar herken nie, het sy dankbaar besef dat die brilletjie en die pruik die ding doen. En hulle hét gekyk, albei, nuuskierig, maar niks gegee nie.

Dis asof sy ’n ander mens word as sy smiddae tien oor twee van die bus afklim. Die meisie met die bos rooibruin hare, die klein brilletjie, die koekerige rokkie en die paar plat swart skoene. Sou verbygangers kon vermoed dat sy ’n rol in juffrou Breytenbach se jongste meesterstuk speel? Weird Maria nogal. Dat sy soggens voor skool op die Internet surf en dat sy spaar vir ’n eenrigtingkaartjie Europa toe, working holiday ofte not? Sy twyfel. Hier is sy iemand in ’n ander vel. ’n Bedelaar, laer as slaksleepsel. Iemand vir wie die samelewing sy neus optrek of tog ’n bietjie jammer kry. Dit hang net af van die hoek waaruit jy kyk.

16

Die Pussycat Dolls

Die repetisies is aanvanklik chaoties. Dit lyk nie asof juffrou Breytenbach weet waar om te begin of wat sy eintlik wil hê nie. Sy skuif kort-kort haar brilletjie reg. Die kinders giggel onderlangs vir die deurmekaar juffrou en van die seuns maak sommer openlik spottende opmerkings.

"Toemaar," sê Riekie toe hulle 'n ruskansie vat, "dis elke jaar se storie. Op 'n manier kom dinge tog uiteindelik bymekaar." Hoewel hulle skepties vir Riekie kyk, weet hulle sy is elke jaar in die skool se nuwe meesterstuk en as iemand weet, dan is dit Riekie.

Lien is van die eerste aand af spyt sy het haar in die spul begewe. Sy kom nie lekker reg met Weird Maria nie. Dis of sy nie die girl se kop verstaan of weet waarom sy sê en doen wat sy sê en doen nie. Dit lyk ook nie asof juffrou Breytenbach lekker weet wat om met die karakter te maak nie. Vanaand moet sy en Christiaan tot vervelens toe 'n toneel wat nie wil werk nie, speel en weer speel. Lien vermoed dis die simpel dialoog wat net nie sin maak nie.

Die groot aarde en die groot son en die groot maan …

Sy kreun van verligting toe juffrou Breytenbach sê hulle moet vyftien minute rus. Lien kan nie gou genoeg by die deur kom sodat sy buite kan gaan vars lug skep nie. Dis 'n benoude aand. In die verte hoor sy donderweer. Sy hoop dit gaan reën.

Sy stap in die rigting van die pawiljoen. Die krieketveld lyk spookagtig in die maanlig. Sy hoor 'n motor rem in die straat voor die sentrum. Krieke raas tussen die kannas wat Lukas, die skool se tuinier, langs die pawiljoen geplant het. Sy sien kooltjies in die donker brand langs die saal. Die rokers.

Dan hoor sy dit. Iemand speel 'n liedjie op 'n mondfluitjie. Dit kom van iewers aan die bopunt van die pawiljoen. Sy kan niemand sien nie. Dis 'n hartseer deuntjie. Sy klim stadig met die pawiljoen se trappies op in die

rigting van waar die musiek kom. Al skyn die maan, is die boonste deel van die pawiljoen baie donker.

Toe sy byna bo is, hou die liedjie skielik op.

“Haai, Lien,” sê iemand. Sy herken die diep stem. Hein.

“Wat maak jy hier?” vra sy verbaas.

“Ons bou dekor in die houtwerklokaal en ek moet die saal sluit as julle klaar is.”

Lien bly besluiteloos staan. Moet sy op of moet sy af?

“Dit gaan reën,” sê sy.

Sy besluit om tot bo te klim. Sy stamp haar maermerrie in die donker teen ’n trap en byt op haar lip. Sy voel-voel haar pad na bo. Sy gaan sit in ’n ry onder waar sy vermoed Hein moet wees.

“Ek het nie geweet jy kan musiek maak nie,” maak sy geselskap met die donker.

Sy kan sy lyf vaagweg in die donker uitmaak. Sy gesig is ’n vaal kol. Sy hoor hom asemhaal.

Hein begin weer saggies speel. Dis dieselfde deuntjie.

Lien luister aandagtig. Sy kyk na die kol maanlig op die krieketveld. Dis net hulle en die maan en die hartseerliedjie. Toe hy ophou, sit hulle ’n rukkie doodstil.

“Dis baie mooi. Wat is dit?” vra Lien sag.

“Dis oud. My oupa het dit vir my geleer. Hy is laas jaar dood. Sy hart. Ek dink dis ‘Moon River’ of so iets.”

Lien klim af. Weird Maria wag.

“Jou gesig is soos die rooi wolke op die horison van die maan,” sê Weird Maria. Die girl moet op crack wees, dink Lien.

Die aand kry uiteindelik einde. Lien maak dat sy wegkom. Soos ooreengekom, ry sy saam met Miemie en hulle motorbestuurder huis toe.

Die eerste aand het sy gestap. Hoewel dit reeds donker was, was sy nie bang nie. As ’n mens langs die helder verligte winkels loop, aan die oostekant van die sentrum, is dit net so ’n blok in die donker huis toe.

’n Kar het langs haar gestop nog voordat sy die sentrum se parkeerterrein kon oorsteek. Dit was Miemie en hulle bestuurder in die swart Mercedes.

“Klim in!” het die maer meisietjie met die dik bril deur die venster geskree. “Joe sal jou gaan aflaai!”

Lien wou eers maak of sy nie hoor nie, maar Joe het al agter haar aangery. “Haai! Klim in. Ons sal jou ’n lift gee!” het die maer meisietjie weer geskree.

Lien het agter ingeklim en ongemaklik in die luukse leersitplekke weggesak. Oor die radio het die Pussycat Dolls ’n verspotte liedjie gesing. Miemie het soos ’n balletjie op en af gewip en aanmekaar gebabbel terwyl sy die Pussycat Dolls harder draai.

Die rit was binne vyf minute oor, maar dit was ’n lang rit en Lien het dankbaar voor hulle woonstel uitgeklim.

“Jy ry volgende keer saam!” het Miemie deur die oop venster geskree. “Ons moet actually hier verby!”

Van toe af ry sy elke keer saam, gewoonlik ongemaklik, maar dikwels dankbaar ná die lang dag.

Dis donker toe sy die voordeur oopmaak. Dis nie gesluit nie. Braam lê reeds en slaap voor die televisie. Sy is honger, maar daar was nie tyd om iets by Pick n Pay te koop nie. Sy wonder wat hy geëet het. In die kombuis staan ’n glasbak met ’n berg vetkoeke, sien sy dankbaar. Wat sou hulle sonder tannie Bets gedoen het? Sy maak vir haar koffie en val gulsig weg. Daar is kerriemaalvleis in die vetkoeke. Sy eet en vir die eerste keer die dag ontspan sy. Sy gaan haal haar geldsakkie uit die rooi sportsak in haar kamer en begin die dag se buit tel. Haar ma se deur is toe, sien sy dankbaar.

Sy maak hopies met die verskillende munte op die eetblad in die kombuis. Daar is altesaam R217.35. Dis die eerste keer dat sy meer as R200 ’n middag gemaak het. Sy kan môre weer ’n paar rand gaan bank. Sy maak gewoonlik meer op ’n Saterdag, maar sy weet nie hoe lank sy nog Saterdae sal kan werk nie. Juffrou Breytenbach wil hê hulle moet nou Saterdae ook repeteer. Sy wil elke week kop uittrek, maar sy raak op ’n manier geheg aan Weird Maria.

“Alles, alles niks. Too bad,” sê Maria terwyl sy snuif.

“Jy moet snúif, Lien! Dis belangrik dat die gehoor jou kan hoor. Die snuif sê iets!”

Sy lê lank in die bad en tap kort-kort nog warm water by. Sy luister na die karre wat voor die woonstel verbyry en by die stopstraat stop. Nou en dan gaan die hysbak oop en dan hoor sy voetstappe voor hulle woonstel verbyloop. Abba sing iewers “Dancing Queen”. Sy vermoed dis tannie Van Aswegen met haar beehive wat langsaan ’n trip down memory lane het.

Is alles dalk regtig niks? Weet Maria iets wat sy nie weet nie? Sê nou dít is regtig dít en sy kom nooit hier weg nie?

Toe sy die badkamer se lig afsit, sien sy haar ma se deur is op ’n skrefie oop. Sy wil nie, maar sy kan haarself nie help nie. Sy loer deur die skrefie. Haar ma sit op die matjie voor haar bed met die oorfone op haar kop. Die doos wyn staan op die tafeltjie voor haar bed en ’n yslike bierbeker, half vol water wat vermoedelik eers ys was, staan by haar voete. Haar kop wieg heen en weer. Lien sien net haar agterkop, maar sy weet die gesig is rooi. Rooi en blink. Geel soos die verwaarloosde daisies in die woonstel se tuin.

Up ’n down
Ferris wheel
Tell me how does it feel
To be so high
Looking down there

vra Norah saam met die Wiskunde-huiswerk.

17

Die afgevaardigde van Tibet

Dis ’n man met rooi hare en baie sproete wat die wit Volvo bestuur. Langs hom sit ’n suur vrou met ’n muismondjie en ’n reuse-sonbril. Op die agterste sitplek loer ’n dogtertjie met rooi ponytails en sproete op haar neus oor ’n brilletjie na Lien. Sy het ’n Barbie-pop met ’n swart aandrok vol blinkertjies op haar skoot.

“Môre,” sê die man vriendelik. “Jy kry seker warm.”

“Nogal,” sê Lien ongemaklik. Muismondjie kyk nie links of regs nie.

Die dogtertjie maak haar venster oop en hang half by die kar uit om Lien beter te kan sien.

“Britney,” sê sy vir die pop, “vra vir haar of hulle arm is.”

Lien ignoreer die snip.

“Britney,” sê die kind weer, “dink jy ook sy het lelike skoene aan?”

Lien is lus en klap haar.

Die vrou sê iets onhoorbaars oor haar skouer en die dogtertjie druk die venster se toemaakknoppie. Die man gee Lien ’n handvol kleingeld net toe die lig genadiglik groen slaan. Sproet en sy spannetjie vertrek.

Tibbey werk nie vandag nie. Lien vermoed hy werk in die rolbalklub se tuin. Teetyd is dit net sy en Roos onder die akasiaboom. Hulle praat nie. Lien eet haar appel en hou Roos onderlangs dop. Die vrou het ’n perm wat soos ’n pruik lyk. Dis stokstyf en glad. Haar vel lyk soos leer, bruin en hard van die heeldag se staan in die son. Sy dra elke dag ’n langmourok, al bewe die wêreld van die hitte. Die pienk handsakkie wat sy altyd onder haar arm vasknyp, lê eenkant. Sy rook uitdrukkingloos terwyl sy die verkeer dophou.

“Hoe doen jy vandag?” probeer Lien ’n geselsie aanknoop.

Roos sê niks nie. Sy teug aan haar sigaret en kyk vir die karre wat by hulle verbyry. Sy blaas die rook behaaglik in die lug. Sy staan op en trap die

stompie met haar hak dood. Dan stap sy in die rigting van die sentrum se toilette.

Lien volg haar traag. Sy kan nie verstaan waarom die vrou niks van haar hou nie. Sy wag vir Roos by die deur en hulle stap saam terug. Hulle praat nie ’n woord nie.

Skielik begin Roos vinniger stap. Lien moet uithaal om by te hou. Roos buig vooroor en sy knyp die handsakkie al hoe stywer onder haar arm vas. Haar treë word al hoe langer. Sy lyk nogal soos ’n kameel op spoed. Lien kan eers nie verstaan wat aangaan nie, maar toe sien sy die mannetjie op haar hoek staan. Hy is maer en het ’n paar yl haartjies wat regop op sy kop staan. Hy het ’n gryserige broek aan wat heeltemal te groot is vir hom en met ’n flenterbelt om sy middel geryg is. Sy groen hemp is verbleik en hy hou sy hand bak vir die karre wat verbyry. Hy is heeltemal onbewus van Roos wat soos ’n tornado op hom afpyl, met Lien wat soos ’n klein varkie agterna draf.

Toe hy van Roos se teenwoordigheid bewus word, is sy reeds op hom. Buite haarself van woede slaan sy hom met haar handsak oor die kop.

“Johnny (hou). Jy (hou). Staan (hou). Nie (hou). Meer (hou). Hier (hou). Nie (hou). Kry (hou). Jou (hou). Ry (hou). Ek (hou). Slaan (hou). Vir (hou). Jou (hou). Dood (hou)!”

Johnny is doodverskrik en keer met sy arms voor sy gesig.

“Roos, moet nou nie só wees nie. Ek het nie geweet …” sê hy temerig. Drankwalms waai uit sy rigting. Maar Roos het geen genade nie. Die motoriste gaap hulle aan. Sy hou aan slaan totdat Johnny verskrik die pad vat. Iewers het Roos ’n skoen verloor.

Sy is uitasem. Sy staan ’n rukkie en blaas en kom dan tot verhaal.

“As hy weer hier kom staan, dan roep jy vir my. Dis nou jóú plek.” Sy krap aan haar stywe hare en trek haar skoen aan. Sy trek haar rok reg en stap weg. “Ek waai nou na my hoek toe,” sê sy terwyl sy die pienk handsakkie onder haar arm indruk. Lien weet nie of sy moet lag of huil nie.

Maar van toe af is Roos anders. Nie vriendelik nie, maar sy kyk vir die eerste keer na Lien, asof sy haar raaksien. En as Tibbey nie by is nie, praat hulle selfs ’n paar woorde.

“Wat doen jou dogter?” vra Lien een middag terwyl sy ’n pakkie tjips oopskeur. “Dis mos jou dogter wat jou kom oplaai?”

Roos wys die pakkie met haar hand weg en teug aan haar sigaret. “Sy werk by ’n agency in die stad.”

“Watse agency?”

Roos antwoord nie, vat nog ’n lang teug.

“Jy bedoel … ?” Lien kan nie help om ’n bietjie geskok te klink nie.

“Ja, ek bedoel,” sê Roos.

“Hoekom?” vra Lien verbaas.

“Dis geld.” Sy staan op en gooi haar stompie in die bedding.

Lien loop ingedagte na haar hoek. Sê nou sy kom nooit hier weg nie? Sal sy ook die res van haar lewe soos Roos op ’n straathoek moet staan en bedel of dalk nog in ’n agency beland?

Weer die wit Volvo. Dis Sproet en Sproetjie op die agterste sitplek. Muismondjie is nie by nie.

Die dogtertjie maak haar venster oop en leun by die venster uit. Die Barbie het ’n pers bikini aan.

“Britney, kyk hoe sweet sy. Vra vir haar wat maak sy met al die geld.”

Sproet glimlag en kyk stip na Lien. Sy linkerhand trommel op die stuurwiel. Lien wens die verkeerslig wil oorslaan.

Sproet haal ’n noot uit sy beursie. ’n Pienke!

“Geniet dit,” sê hy vriendelik.

“Dankie,” sê Lien ongemaklik. “Die Here seën u,” rammel sy die rympie af. Die lig slaan groen.

Tibbey sukkel om “Lien Jooste” te sê. Hy rek die “Lien” sodat dit soos “Lieen” klink. Vir “Jooste” sê hy “Djôste”. Lien dink dit klink nogal cute. Lieen Djôste. Dit klink eksoties, iemand uit ’n vreemde land soos Bali of Kuba of Swede. Ek wil u graag voorstel aan juffrou Lieen Djôste, ons verteenwoordiger uit Tibet.

“Het jy nooit iets anders as dít gedoen nie?” Sy weet Tibbey is soms ’n motorwag by die sentrum, maar hy kla altyd die geld is daar net so-so. Hy verkies om by Entertainment Corner ’n killing te maak. Lien vermoed hy geniet eintlik die aandag van die motoriste. Sy het uitgewerk hy is omtrent drie-en-twintig, hoewel hy nooit wil sê presies hoe oud hy is nie. Sy kom agter sokker is sy ding.

“Soccer, my baby, ooh hie! Ek kyk elke Saterdag vir Mamelodi Sundowns en ek het al vir een van Mamelodi se club teams gespeel.”

Lien sê sy weet eintlik niks van sokker af nie.

“Dis baie meer exciting as julle rugby,” sê hy gewoonlik.

Maar sy weet nou al van Godfrey Sapula en Surprise Morifi en Yellowman Nyandoro wat die vorige Saterdag dít of dát gedoen het. Verlede Saterdag het Bullet Ndlovu ’n geel kaart gekry omdat hy onkant was. “But the ref was wrong!” sê Tibbey heftig en hy probeer vir haar die ingewikkelde onkantreël met stokkies op die gras verduidelik. Lien maak maar asof sy verstaan. Eintlik kan sy totaal niks van die hele besigheid uitmaak nie.

Sy stap stadig huis toe nadat die bus haar afgelaai het. Sy dink aan Tibbey en sy sokker en sy kan nie ophou wonder oor Roos se dogter en die agency nie. En waar kom al die kinders vandaan? Waar is hulle pa?

Sy koop vir haar en Braam elkeen ’n hamburger by McDonalds. Sy voel ’n bietjie roekeloos.

Haar ma is nou selde nugter. Hulle sien haar min, maar sy bly rond en rooi met haar voorraad in haar kamer. Deur toe. Hulle loop mekaar soggens in die kombuis raak, waar haar ma so staan en bewe dat sy skaars die kookwater in haar koffiebeker kan gooi. Hulle sê gewoonlik niks vir mekaar nie en vermy oogkontak. Lien word koud as sy dink wat bedags by die Departement van Binnelandse Sake gebeur. Hoe kry haar ma in dié toestand gewerk?

Braam slaap al hoe meer by Deon-hulle en sy gee nie meer om nie. Wie wat oor wie dink, is nie meer ’n issue nie. Sy wil nou net hier weg.

Tibet, sê die Internet, staan bekend as die dak van die wêreld. Dis geleë in die suidwestelike hoek van China en is die wêreld se hoogste streek. Die bekende bergpiek Mount Everest is op die grens tussen Tibet en Nepal. Die land is baie droog, met ’n gemiddelde sneeuval van slegs 18 duim per jaar. Lien wonder hoeveel is ’n duim.

18

Tee en kaaskoek

Wouter vra weer oor die afskeid toe hulle hek toe loop. Sy weet sy moet besluit.

"Oukei, as ek iewers iets kan uitkrap om aan te trek. Maar niks van after parties en sulke goed saam met hierdie spul nie."

Hy glimlag ingenome. "Jy sal nie spyt wees nie. I promise you a night to remember!"

Sy wil eers vra oor hulle beplande "alternative look", maar in haar hart weet sy Wouter sal nie regtig sy naam ruk met 'n zooty outfit en 'n weird perm nie.

Die wit Mazda staan skeef op die sypaadjie voor die skoolhek. Die regtervoordeur staan oop. Sy herken die verspotte poppie van kraletjies wat aan die truspieëltjie hang. Iets wil nie werk nie. Dit maak nie sin nie, sê haar brein. Dit kan nie húlle kar wees wat dié tyd van die dag so skeef op die sypaadjie met 'n oop deur voor dié skool staan nie.

Haar mond word droog en kry 'n snaakse smaak.

Haar ma leun met haar een arm onvas teen die hekpaal. Sy sukkel om nie om te val nie. Haar gesig is bloedrooi en haar oë is vaag. Sy glimlag soos 'n skaap. "Julle kom haal …" sleeptong sy.

Lien voel yskoud.

Wouter hou kop. "Kom ek help tannie om in te klim." Hy vat haar ma ferm aan die arm en help haar agter in die Mazda in.

Groepies kinders staan geskok na die petalje en kyk. Lien sien Sally Swanepoel met haar kort rokkie teen die skool se heining leun. Sy kyk geamuseerd na Wouter wat sukkel om haar onvas ma agter in die kar te kry.

Lien voel 'n vreemde kalmte oor haar sak. Dis die laaste strooi, dink sy terwyl sy voor by Wouter inklim. Die heel laaste strooi.

Wouter trek ruk-ruk weg en hulle ry in stilte. Haar deur-die-weer ma weet nie of sy kom of gaan nie. Lien kan nie dink hoe op aarde sy dit reggekry het om veilig tot by die skool te kom sonder om haar des moers te ry nie. Sy kan nie Sally Swanepoel se gesigsuitdrukking uit haar kop kry nie.

Wouter trek die Mazda onder hulle afdak in en hulle help haar ma uit die kar. Hulle haak weerskante van haar in en sleepdra haar tot by die hysbak. Lien bid dat daar tog nie iemand moet wees nie.

Dirkie staan met sy kat in sy arms vir die hysbak se knoppies en kyk. Dis Dinsdag. Creations is toe. Lien weet nie waar om te kyk nie.

Dit lyk asof Dirkie die situasie vinnig opsom. “Iets in die kar vergeet,” sê hy en loop haastig by die glasdeure uit.

Hulle ry in stilte na bo met die hysbak wat soos ’n wynvat ruik. Wouter hou haar ma regop terwyl sy oopsluit. Hulle help haar tot in haar kamer en lê haar op die bed neer. Lien trek die deur toe. Sy en Wouter staan vir mekaar en kyk in die gang. Hy gee haar ’n druk en hou haar ’n rukkie vas.

“Ons was van die eerstes by die hek. Nie baie kinders kon haar gesien het nie,” probeer hy troos. Hy wil nie bly vir koffie nie. Sy neem hom nie eintlik kwalik nie.

Sy gaan staan met haar beker koffie voor die kombuisvenster en dink. Sy sal iets moet doen, maar wát? Sy weet net dit kan nie meer so aangaan nie.

Haar selfoon piep ’n boodskap. Dis ’n SMS van Dirkie. *Tee en kaaskoek.* Sy trek die voordeur toe. Sy hoop half Braam weet van niks, maar in haar hart weet sy dit kan nie wees nie. Nuus trek vinnig by Jakaranda.

Dirkie se woonsteldeur staan oop. Sy hoor musiek binne. Hy loer om die deur.

“Haai, kom in.” Hy maak asof niks verkeerd is nie.

Dirkie se woonstel lyk soos iets uit *Garden and Home.* Sy was nog nie voorheen binne nie. Oorspronklike kunswerke hang teen die mure. Die meubels en matte is room en wit.

Lien gaan sit tussen die groot kussings op die sagte, roomkleurige bank. Die woonstel ruik na kruietee en potpourri.

Hy bring eers die bordjies met kaaskoek en kom daarna met twee bekers stomende tee by haar sit.

“Ek wil nie in jou bubble klim nie,” begin hy verskonend terwyl hy sy beker ’n entjie dieper op die koffietafel stoot, “maar ek dink ons moet jou ma help. Gaan praat met Gerhard.”

“Jy kan maar – ek bedoel, in my bubble klim. Wie is Gerhard?” Sy vat ’n sluk van die lekker tee.

“Dis die nuwe dominee, die jongetjie. Hy is nogal oukei. Dis sy werk om sulke goed te doen. Ek sal hom vir jou bel as jy wil.”

Lien weet nie wat om te sê nie. Kuifie is die laaste ou wat sy met hulle dinge sal wil vertrou. Hopeloos te jonk en te lig in die broek.

“Dis sy werk om wat te doen?”

“Uhm … jou ma moet dalk vir ’n rukkie iewers heen gaan. ’n Kliniek of ’n inrigting of so iets.”

Lien slurp aan haar tee. ’n Kliniek. Het dit regtig so ver gegaan?

“Gaan jy baie kerk toe?” vra sy nadat hulle ’n rukkie in stilte aan hulle tee geteug het.

“Jip,” sê Dirkie en raap vir Katrien op wat teen sy bene skuur.

“Gló jy?’

“Jip,” sê Dirkie. “Erg.”

Dis ’n ouerige huis met ’n netjiese tuin. Die huis het ’n outydse stoep met ronde pilare. Die voordeur het ’n loodglasvenster waardeur geel lig skyn. Sy klop huiwerig. Dis ’n valerige vroutjie wat die deur oopmaak. Sy is ver swanger.

“Ek is Lien Jooste. Ek … uhm … het ’n afspraak met … uhm …”

“Natuurlik,” sê die vrou vriendelik. “Ek is Elna. Kom in. Hy wag vir jou.”

Sy stap voor Lien die gang af. Iewers blêr ’n televisie. Lien ruik iets soos kerrie iewers agter in die huis. Daar hang ’n paar afdrukke teen die gangmure. Landskappe en sulke goed. Blomme in vase. Sy kan al hoor wat Dirkie van die kitscherige goed sou sê.

Die vrou klop aan ’n deur en maak oop. Sy draai na Lien.

“Gaan maar in. Gerhard, Lien Jooste is hier,” roep sy binnetoe sonder om in te gaan.

Lien gaan huiwerig binne. Wat het haar besiel? Sy is sommer de donder in vir Dirkie.

Die vrou maak die deur agter haar toe.

Hy sit voor ’n rekenaar by ’n hoektafeltjie wat teenaan ’n reuse-lessenaar staan. Hy staan op en skud haar hand vriendelik. Kakie kniebroek, wit T-shirt en ’n paar leersandale. Die sandale is alternatiewerig. Definitief vlooimarkgoed.

“Haai, Lien. Ek is bly jy het gekom. Kom sit.” Hy lyk vriendelik. Dit klink asof hy dit bedoel.

Sy gaan sit ongemaklik op een van die twee gemakstoele voor sy lessenaar. Die lamp op die lessenaar is die enigste lig in die vertrek. Die lessenaar is besaai met papiere en boeke. Daar lê ’n CD langs die oorfone wat by die rekenaar ingeprop is. Sy herken die omslag. Coldplay, sien sy verbaas. Daar is ’n potjie met oranje kappertjies regs van die rekenaar.

“Verskoon my ’n oomblik. Ek wil net gou Save en Shut down. Dit was genoeg vir een dag.”

Sy kyk rond in die vertrek. ’n Boekrak propvol boeke beslaan die hele een muur. Sou hy almal in sy kort lewetjie gelees het, wonder sy verbaas, of is dit om almal wat hulle geheime hier kom deel, te beïndruk? Kyk, ek is wel opgewasse om julle probleme te hanteer, broers en susters. Jare se boekekennis.

Sy hou hom dop. Sy oë is effens vernou terwyl hy op die skerm konsentreer. Die blonde kuif gejel. Fyn gelaatstrekke.

Teen die oorkantste muur hang ’n skildery. ’n Natuurtoneel. Bokke by ’n dam. Bome. Sonlig blink op die water. Dis rustig.

Daar is ’n foto van sy troudag op die lessenaar. Die valetjie lyk effens beter. ’n Beter perm as die plat haartjies wat Lien vanaand gesien het. Hy het ’n byderwetse, roomkleurige pak sonder das aan. Wynrooi hemp. Hulle glimlag gelukkig vir die kamera. Tot die dood ons skei.

Sy probeer dink aan die toespraak wat sy voorberei het. Sy is spyt sy het gekom. Hy is beslis te jonk om te verstaan, wat nog te sê help. Coldplay!

Die roomkleurige gordyne is toegetrek voor die groot venster wat waarskynlik op die tuin uitkyk. Teen die ander mure hang geraamde foto’s van groepe mense. Een lyk na sy gradeplegtigheidsfoto. Sy is te ver om mooi te kan sien.

Sy oorweeg dit om op te staan. Sy kan dalk sê sy het die stoof aan vergeet of dat sy van ’n ander afspraak vergeet het of dat dit eintlik ’n misverstand is.

Voor sy kan besluit watter verskoning die geloofwaardigste gaan klink, draai hy na haar en skuif sy stoel tot agter die lessenaar. Hy vou sy hande. Hy kyk haar ’n rukkie glimlaggend aan.

Moet asseblief net nie vir my ’n Bybelversie opsê nie. Dit het amper uitgeglip.

“Ek is baie bly jy het gekom,” sê hy weer. Hy vra uit na Braam en die krieketspan se prestasies. Vertel van die kerkbasaar by die ouetehuis en die ou mense wat hom grys hare gee met al die reëlings. “Hulle behandel my amper soos een van hulle kleinkinders. Neem my glad nie ernstig op nie. Julle moet tog ’n draai maak. Al koop julle net ’n pannekoek. Die oues doen vreeslik moeite en hulle spaar vir ’n nuwe grootskermtelevisie vir die ouetehuis se kuierkamer. Ek gaan ook ’n bietjie jong ondersteuning nodig hê,” lag hy.

Lien is verbaas oor die manier waarop hy half van haar ’n bondgenoot maak. Ons jong mense.

Ná ’n rukkie van nog ditjies en datjies raak hy skielik ernstig.

“Dirkie het my so half en half vertel wat aangaan. Ek weet dit moet vir jou moeilik wees om hier te wees en oor julle persoonlike goed met my te praat. Maar jy het die eerste tree gegee. Ons moet koppe bymekaarsit om jou ma te help.”

Lien byt op haar onderlip. Die trane sit skielik vlak. Tog net nie nou nie. Sy besef as sy praat, gaan sy huil. Hy maak of hy dit nie raaksien nie. Hy staan op, steek sy hand tussen die gordyne deur en maak ’n venster oop. Hy vat nogal lank. Lien kry kans om haar reg te ruk.

Sy begin rukkerig by die begin. Die mense wat hulle goed kom oplaai het. Sy en Braam wat van niks geweet het nie en oornag alles moes agterlaat. Die mooi huis, die swembad, hulle honde, hulle skool, hulle vriende. Die trek na die klein woonstel. Haar ma wat troos in die wyndoos gesoek en gekry het.

Hy luister aandagtig sonder om haar te onderbreek. Toe sy klaar is, sê hy sag: “Dit moet moeilik wees. Ek sien jy kry swaar. Is daar iemand wat jou ma vertrou, ’n vriendin of ’n familielid of so iets?”

Lien dink aan haar pa se broer, suur oom-Frank-die-geskiedenisonderwyser met die bruin pakke en die outydse blink skoene wat saam met Noag en die ark geland het. En tannie Poppie. Die ellendes van die lewe, die jeug van vandag, aag ja, sug.

Sy kan dit nie aan haar ma doen nie.

Sy vertel van tannie Bets. Sy kan aan niemand anders dink nie.

’n Klop aan die deur. Wil julle iets drink? Valetjie.

“Ek is lus vir koffie, wat van jou?” Lien knik. Dit lyk asof hy dink wat om volgende te sê. Hy sit ’n rukkie na haar en kyk. Lien voel ongemaklik.

“Ek weet regtig nie hoekom gebeur bad goed met goeie mense nie. Ek dink … ek het al gesien …” Hy vryf onseker oor sy gejelde kuifie.

“Partymaal gebeur goed met ’n mens om jou sterk te maak, sodat jy eendag iemand anders kan regop hou, omdat jy weet, want jy was al daar,” sê hy half ingedagte.

“Ek weet dis vir baie mense moeilik om hoegenaamd aan God te glo, veral as dit met hulle moeilik gaan. Ek glo God is vir elke mens lief asof hy of sy die enigste mens op hierdie aarde is.”

Hy sê dit met verwondering terwyl hy vooroor leun, asof hy dit regtig glo, asof hy haar vertel hy het so pas ’n groen varkie voor die venster verby sien vlieg.

Jy preek en dis pienk! wil sy vir hom skree. Dis nie jóú ma wat gesuip by die skool opgedaag het nie en dis nie jý wat op ’n straathoek moet staan en bedel om kos op die tafel te kry nie!

Sy wonder of sy vir hom mag sê sy wil nie verder luister nie of wat hy sal dink as sy haar ore toedruk.

Sy doen haar bes om nie verder te luister nie.

Daar sit ’n kat op die klein boekrakkie in die hoek. Die kat kyk stip na Lien. Sy kyk terug en probeer konsentreer op die stuk uit *Macbeth* wat Mr MacMillan vandag vir hulle gelees het:

Hail thee, Macbeth, thane of Cawdor, thane of Glamis and the king hereafter.

Of so iets.

*

’n Seun met donker krulhare wat onder ’n rooi petjie op sy kop uitbondel, ry met ’n vaart op ’n skaatsplank die straat af. Die kamera volg hom terwyl hy al kleiner word. Hy rem, klim af, skiet die skaatsplank met sy voet die lug in en vang dit. Hy kom laggend teruggeloop en haal die rooi petjie van sy kop af. Hy praat geluidloos met die kamera en beduie. Die kamera swenk na links, waar drie dogters staan en lag. Twee het kort, blonde hare en lyk soos ’n tweeling. Die derde dogter het lang, donker hare. Sy buk en praat direk in die kamera. Sy doen ’n thumbs up. Haar lippe vorm duidelik die woorde,“Here we go.” Sy druk haar hare agter haar ore in en klim onseker op die skaatsplank. Sy hou aan die seun se skouers vas terwyl hy haar stadig die straat af trek. Die seun begin al vinniger loop en begin later draf.

Die kamera zoem in op die meisie se agterkop. Sy kyk benoud oor haar skouer terwyl sy aanhoudend lag en gesels. Toe hulle op spoed is, wikkel die seun hom los. Die meisie ry alleen verder, maar verloor haar balans en val. Die skaatsplank ry alleen verder. Die kamera zoem in op die meisie wat op die grond bly lê. Sy sit regop en kyk oor haar skouer vir die kamera. Sy lag en sy lag.

Hy stamp die boks per ongeluk om toe hy opstaan. Die kassette trek die wêreld vol. Hy tel hulle een vir een op en sit hulle terug in die boks. Hy kyk ’n ruk lank verbaas na die laaste een wat hy optel, asof hy dit vir die eerste keer sien. Dan gooi hy dit hard teen die naaste muur. Dadelik spyt, haas hy hom na waar dit op die vloer geval het. Dit makeer niks, sien hy verlig.

19

Báie sterker as Camel Filters

Lien en Braam stap sonder ’n woord skool toe. Sy wou eers vra waarom hy nie fietsry nie, maar eintlik weet sy. Wouter praat oor alles en nog wat.

“Vasbyt,” is al wat Braam sê toe hy met sy rugsak oor sy skouer die speelgrond aandurf. Lien maak haar rug reguit. Laat hulle sê en dink wat hulle wil. Sy sal nie koes nie. Dis nog net ’n paar maande …

Dit voel asof honderde oë haar dophou terwyl sy na die biblioteek stap. Sy kyk stip voor haar op die grond.

As die kinders in haar klas van die gemors met haar ma weet, wys hulle niks nie. Niemand kyk regtig vir haar nie en dié wat haar raaksien, lyk … wel, soos altyd, sien sy dankbaar.

Sy steek in haar spore vas toe sy eerste pouse by die kleedkamer instap. Sally Swanepoel staan voor die spieël en kam haar lang, rooibruin hare met stadige hale. Sigaret in die ander hand. Hier kom dit nou, dink Lien. Sy sien niemand anders in die vertrek nie. Sy oorweeg dit eers om stilletjies terug te draai, maar Sally het haar klaar gesien. Sy neurie terwyl sy Lien onderlangs dophou. Lien stap tot by die wasbak langs Sally en draai die koue kraan oop.

“Haai,” groet sy stug.

Sally reageer nie. Neurie voort terwyl sy haar hare kam.

Lien spoel haar gesig met die yskoue water af. Sy voel beter.

Sally hou skielik op met neurie. Sy kyk na haarself in die spieël terwyl sy die borsel op die rand van die wasbak neersit.

“My pa drink ook. Báie,” praat sy met haarself in die spieël. Dit lyk asof sy nie van Lien bewus is nie.

Lien staan nog gebukkend oor die wasbak. Sy vries in dié posisie.

“Hy rook ook partymaal goed wat báie sterker is as sy Camel Filters.”

Sy draai na Lien. “Dis nie ons skuld nie,” sê sy uitdagend.

Lien kom verbaas orent. Sy weet nie of sy moet reageer nie. Hulle kyk mekaar vir ’n paar sekondes vas in die oë.

Lien vermoed dat sy en Sally ’n bruggie oorsteek en baie dinge agterlaat. Die skool, die leerders, die onderwysers, die verspotte gegiggel oor ouens en matriekafskeidsrokke. Sy vermoed ook dat nie een van hulle ooit weer hieroor sal praat nie.

Sally gooi die sigaretstompie in ’n toilet en prop haar borsel in haar tas. Sy gooi haar bos blink hare met selfvertroue oor haar skouers en stap met swaaiende heupe, ken in die lug, by die kleedkamer uit. Lien staan ’n rukkie verdwaas en besluiteloos in die kleedkamer voor sy Sally volg.

Buite streel die effense wintersonnetjie gerusstellend oor haar arms. Sy sien Lukas se pronkertjies teen die oorkantste heining begin al blom.

Kort voor tweede pouse is daar ’n boodskap op haar selfoon van tannie Bets. Sy het min lugtyd oor, maar sy bel terug. Dit moet belangrik wees.

“Ek is by die huis en ek het vir julle kos gemaak. Kom maak ’n draai ná skool.”

“Is iets fout?” vra Lien benoud.

“Nee, wat. Sê vir Braam.”

Die res van die dag is Lien onrustig. Iewers is iets nie lekker nie. Sy kan dit aanvoel. Sy kry vir Braam en Deon voor die snoepie. Hy lyk verbaas toe sy hom vertel van tannie Bets se uitnodiging, maar hy sê niks nie.

Sy en Wouter stap huis toe en sy kan nie ontslae raak van die onrustige gevoel nie. Hulle praat niks oor die vorige dag nie, asof dit nie gebeur het nie. Dis baie fake, maar op ’n manier waardeer Lien dit dat Wouter nie lol nie.

Braam wag vir haar voor die hysbak. Hulle ry in stilte na bo.

Tannie Bets se deur staan oop. Daar kom ’n hemelse reuk by die woonstel uit.

“Food, glorious food,” sê Braam.

“Kom in!” roep tannie Bets uit die kombuis.

Kuifie sit in die sitkamer. Hy groet vriendelik en skud Braam se hand. Lien weet nou iets is regtig fout.

“Wat gaan aan?” vra sy vir tannie Bets in die kombuis. Sy hoor Braam en die predikant praat oor krieket.

“Niks, my hartjie. Kom ons gaan sit by die manne.” Tannie Bets skink vir hulle elkeen ’n glas vrugtesap. Iets is verkeerd, baie verkeerd.

Toe hulle in tannie Bets se sitkamer tot ruste kom, maak Kuifie keel skoon.

“Ons het vanoggend lank met julle ma gesels. Sy het ingestem om vir ’n rukkie … uhm … vir behandeling te gaan. Sy is vanoggend in ’n kliniek opgeneem. Sy gaan so drie of vier weke daar wees. Tannie Bets gaan vir julle sorg terwyl julle ma weg is.”

Hy vat ’n slukkie van sy vrugtesap. “Julle moet nie te veel stres nie. Sy gaan oukei wees.” Hy lag onseker.

“Julle kan vir haar gaan kuier ná die eerste paar dae,” sê tannie Bets. “Sy mag die eerste ruk nie besoekers of telefoonoproepe ontvang nie. Ek sal julle vat wanneer sy mag.”

Lien en Baam sê niks nie. ’n Kliniek, dink Lien. Dan hét dit sover gegaan. Haar mond is droog.

“Lien, kom help. Ek wil opskep.”

Braam en die predikant eet gulsig aan tannie Bets se bredie. Hulle praat oor die kerkbasaar.

Lien wonder oor haar ma en die inrigting. Sal iemand vir haar ’n bietjie musiek speel? Haar ma. Haar geel, alleen ma.

“Guilty as charged,” sê Tibbey. “Dis mos jou skuld dat jou mama’tjie te lief is vir die dop.”

Lien kyk verbaas na hom. Hy lyk nie baie jammer vir haar oor haar verleentheid by die skool nie. Sy het vir ’n bietjie simpatie gehoop.

“Lieen, it’s not you. Die mense sal weet it’s not you.” Hy draai sy kop en trek vir haar ’n snaakse gesig. Sy is nie lus om te lag nie.

“Cheer up. These things will also one day pass away. Eendag as jy sit daar oorkant the big ocean sal jy van al dié goed vergeet net soos jy van ou Tibbey en ou Roos gaan vergeet.” Hy trek weer vir haar ’n gesig, maar toe sy nie reageer nie, staan hy op. “Tea break is over. Let’s move.”

Dis nie ons skuld nie. Dis wat Sally ook gesê het. Hoekom laat dit haar nie beter voel nie?

Dis op ’n manier lekker by die woonstel sonder haar ma, maar aan die ander kant verpes sy die stilte. Braam is byna nooit by die huis nie en tannie Bets is die enigste ander mens wat sy te siene kry wanneer die bakke vol kos klokslag sesuur by hulle voordeur afgelaai word.

“Dis te veel, tannie, ons het nog hope kos van gisteraand oor!” Dit help nie. Tannie Bets is in haar element.

Sy probeer so min moontlik aan haar ma dink, maar die CD-spelertjie en die hopie CD’s wat eensaam op die eetblad in die kombuis bly staan het, praat met haar. Dit laat haar kriewelrig voel, hoekom weet sy nie. Sy oorweeg dit om haar ma te bel, maar elke keer dat sy sover kom om haar ma se nommer te druk, besluit sy daarteen. Hoekom, weet sy ook nie. Sy oorweeg soms ’n SMS met iets neutraals soos *Ons dink aan Ma* of *Sterkte* (met of sonder ’n uitroepteken?), maar besluit ook daarteen. Toe onthou sy tannie Bets het gesê dat haar ma die eerste ruk nie oproepe mag ontvang nie. Sy voel verlig, baie verlig.

Tannie Bets is blykbaar in kontak met haar ma, want sy rapporteer soms iets soos “Dit gaan orraait, wat”.

Sy kry vir tannie Bets by die hysbak met haar Weigh-Less-boekie onder die arm toe sy een middag van die werk af kom. Sy wou nog vra of die tannie dié week op is of af toe tannie Bets sonder om te groet, sê: “Jou ma mag van môre af besoekers ontvang. Ek gaan môremiddag ’n draai maak. Wil jy en Braam nie saamkom nie?”

Lien se maag trek op ’n knop. “Ek oefen toneel en ek dink Braam oefen krieket.”

“Dit sal baie vir jou ma beteken as sy weet julle ondersteun haar,” maak tannie Bets asof sy nie gehoor het nie.

“Dalk volgende keer,” sê Lien, terwyl sy vinnig op hulle verdieping afklim.

Sy voel skuldig omdat sy sommer vir Braam besluit het, maar sy twyfel of hy vir ’n besoek aan die kliniek sal kans sien. Sý sien nie kans nie. Sy kan haar net indink watse horrible plek dit moet wees. Waarskynlik ’n klomp besope boemelaars en sulke mense … Dit is nié haar skuld dat haar ma daar is nie en sy gaan dit nié haar issue maak nie. Tibbey is reg.

Die dekorbouery het nou na die saal verskuif en hulle moet tussen die getimmer en gesaag repeteer. Dis hel. Juffrou Breytenbach sukkel om kop te hou en hulle moet kort-kort ’n toneel oordoen. In ’n stadium verloor die juffrou haar humeur en skree agtertoe: “Hein, móét julle so te kere gaan?”

Hein loer van agter die gordyn uit met ’n klomp spykers wat by sy mond uitsteek. Sy gesig is vol saagsels of iets. Hy kyk vraend na juffrou Breytenbach.

“Haal die verdomde spykers uit jou mond uit! Jy gaan dit insluk! En stop julle lawaai!”

Christiaan, wat agter haar staan, trek ’n paar gesigte en van die kinders begin onderlangs giggel. Juffrou Breytenbach gooi die teks in haar hand op die vloer neer en sug moedeloos. “Ons breek vir vyftien minute, nét vyftien minute, en ek wil niemand gaan soek nie!”

“Wil jy regtig ’n prokureur word?” Sy en Hein sit op die bopunt van die pawiljoen en kyk na die krieketveld wat verlate in die maanlig lyk.

Hein vroetel met die mondfluitjie.

“Aag, dis maar my pa. Hy het nooit geswot nie. Hy wil hê ek moet.”

“Wat wil jý doen?”

“Bou, soos hy, of goed maak, met my hande. Iets waarna ek kan kyk en waaraan ek kan vat as dit klaar is.” Die mondfluitjie gee ’n draai.

“Speel weer daai liedjie. Die liedjie van die maan,” sê Lien.

Hein blaas in die donker ’n paar blase op die mondfluitjie. Dan kom die liedjie. Dis stil en klein, maar baie groot. Lien sit hoendervleis en kyk vir die maan op die krieket-pitch. Sy sien die rokers se kooltjies in die donker langs die saal brand.

It’s not the pale moon that excites me
That thrills and delights me, oh no
It’s just the nearness …

probeer slim Norah ’n eiertjie lê. Lien knip haar kort. Sy klim af, Weird Maria wag.

“My pa is in Kaïro,” sê Miemie terwyl sy die Pussycat Dolls sagter draai en omdraai in haar sitplek om beter met Lien te gesels. Lien dink onmiddellik sy bedoel dit figuurlik en dis op die punt van haar tong om te sê dat háár ma al vir twee jaar op Pluto is.

“Hulle doen ’n IT-ding vir die Egiptenare. Ek en my ma is actually die naweek alleen. Hoekom kom jy nie by my kuier nie? Ons kan fun hê en die huis leeg eet. Roberta kan vir ons maak net wat ons wil eet.” Sy draai die volumeknoppie weer harder. “Ek’s mál oor dié song. ‘Don’t cha wish your girlfriend was hot like me,’ ” sing die tingerige meisie met die dik bril terwyl sy ritmies saam met die musiek wieg.

Joe sit soos gewoonlik bewegingloos op die pad en konsentreer terwyl die luukse motor geluidloos oor die teer beweeg. As hy enige liefde of

afsku vir die chroniese Pussycat Dolls het, laat hy niks blyk nie.

"My ma is … uhm … bietjie weg en ek moet na my broer kyk. Kos maak en so aan." Vir 'n kuier by dié vreemde meisie het sy nie krag nie.

"Hy kan saamkom of ons kan vir hom kos stuur of hy kan by ons kom eet, whatever. Kóm, man, carpe diem!" sê Miemie opgewonde.

Lien dink aan die leë woonstel en die stilte en Braam wat waarskynlik die hele naweek by Deon gaan lê. Miskien …

"Slaap daaroor en sê my môre."

Joe stop voor die woonstel en Lien klim haastig uit.

Sy droom dié nag van Su-Marie en San-Marie en hulle huis met die binnehuise swembad. Alles lyk net anders as wat sy onthou. Die swembad het golwe en daar staan beddens langsaan. Daar is 'n glasafskorting in die middel van die swembad en die tweeling swem agter die afskorting sonder om haar raak te sien. Sy probeer hulle aandag trek, maar hulle sien haar nie raak nie.

Sy oorweeg dit om die tweeling te bel toe sy wakker skrik. Hulle was tog heel beste pelle. Hulle sál nog aan haar dink. Maar sy het nie die moed nie. Hulle sal seker ná alles tog nie meer iets met haar te doene wil hê nie. Is hulle ou huis en hulle ou lewe regtig iewers in 'n gat? Sy voel partymaal asof sy haar dié lewe verbeel het. Maar dit was waar.

20

Nuwe mense relax nou hier

Sy kry die bushalte naby Kerkplein sonder sukkel. Die man by die kaartjiekantoor op Kerkplein se aanwysings was duidelik. Dit is ’n malhuis op die sypaadjie, mense stroom in alle rigtings. Sy wonder hoe veilig dit hier is. Sy klou stywer aan die sportsak en dink benoud aan die geldsakkie onderin. Daar moet minstens tweehonderd rand in wees.

Twee vrouens skreeu uitbundig vir ’n man aan die oorkant van die straat. Hy skreeu iets terug. Die vrouens lag. ’n Man smous met DVD’s. Lien maak of sy hom nie sien nie. ’n Paar mense staan uitdrukkingloos vir die bus en wag, aktetassies en inkopiesakke onder hulle arms vasgeknyp.

Die bus kom gelukkig gou. Die man van die kaartjiekantoor se tydsberekening was ook in die kol. Sy sien die bekende naam van hulle ou woonbuurt voor op die bus. Sy gaan sit heel agter langs ’n groot venster. Gelukkig is die bus nie te vol nie. Voor haar sit twee vrouens en gesels oor die een of ander televisieprogram wat Lien nie ken nie. Die gesprek irriteer haar. Sy oorweeg dit om op ’n ander plek te gaan sit, maar besluit daarteen. Sy kan mooi deur die groot venster sien hier waar sy nou sit.

Sy kyk na die mense in die strate. Die stad lewe, dis vol kleure en beweging. Motors toet en rem. Sy ken nie die pad wat die bus ry nie. Sy hoop benoud sy sal weer by die huis kom. Die bus stop kort-kort om nog mense op te laai. Enkeles klim af. Sy begin die omgewing mettertyd herken: die sentrum waar hulle gereeld inkopies gedoen het, die kliniek waar hulle Braam se mangels uitgehaal het, die straat wat afdraai na die laerskool toe. Die biblioteek lyk kleiner as wat sy onthou. Sy onthou die rooi bankies waarop sy en Braam vakansietye saam met ’n horde ander vroetelende kleintjies na voorlesings tydens die biblioteektannie se storie-uur geluister het.

Daar is ’n hele klomp nuwe besighede in die omtrek. Sy herken die bakkery waar haar ma daardie aaklige gesondheidsbroodjies gekoop het wat sy en Braam so gehaat het. Die slaghuis wat ook vis verkoop het. Snoek.

Sy onthou die spesiale sousie vir die snoek waarmee hy gaste so graag impress het. Braaitang in die een hand, glasie Chardonnay in die ander, terwyl hy vol selfvertroue die gaste met sy meerdere kennis beïndruk het. Wanneer laas het sy snoek geëet?

Daar is nou ’n tak van Woolworths by die sentrum. Die CD-winkel tussen die slaghuis en die haarkapper is ook nuut. Die meubelwinkel op die hoek lyk ook vaagweg bekend, maar sy is nie seker of dit hier was of nie.

Daar is ook baie meer huise as wat sy onthou. Waar die nuwe, groot behuisingskompleks staan, onthou sy net ’n oop stuk veld.

Die bus raak al hoe leër. Mense lui kort-kort die klokkie, sommige groet die busbestuurder voor hulle afklim. Hy groet vriendelik terug en sê iets vir die persoon wat op-of afklim.

Dit is uiteindelik die twee kekkelende tannies se beurt. Lien kreun van verligting. Daar is nou min mense op die bus en sy kan ongestoord haar kyk kyk. Naby die hoërskool klim ’n groepie skoolkinders op. Haar hart ruk toe sy die bekende skooldrag herken. Sy herken vir Adrie Neethling. Lekker dik geword. Van die ander is ook vaagweg bekend. Lien druk die bril vaster op haar gesig. Hulle sal haar nie herken nie, nie met dié outfit en die pruik nie.

Die skoolkinders gaan sit in die middel van die bus. Lien hou hulle dop. Hulle giggel en gesels onophoudelik. Kort-kort lag hulle. Lien is jaloers; sy kon deel van dié groepie gewees het. Nou is sy ’n bedelaar met ’n vieslike pruik en plat skoene, gatvol vir die wêreld en de moer in vir die res. Kan dit net twee jaar wees vandat sy deel van dié lewe en dié wêreld was?

Die bus ruk tot stilstand en laai iemand af. Sy vermoed sy sal by die volgende stop moet af, dis dan so twee blokke na hulle ou huis toe. Sy staan op en stap vinnig vorentoe, klou-klou aan die bankrelings. Sy klem die sak onder haar arm vas, maak of sy nie die starende oë sien nie.

Sy verbeel haar die kinders fluister toe sy by hulle verbyloop. Sy probeer dit ignoreer. Sy fluister gedemp vir die bestuurder. Hy sê hy kom weer oor sowat twintig minute hier verby op sy terugtog stad toe.

Buite op die sypaadjie is dit warm. Sy sien donderwolke in die ooste. Reën sal welkom wees, maar sy hoop sy haal die huis voordat die storm losbars.

Sy stap stadig die twee blokke na hulle ou huis toe. Kyk na al die bekende en onbekende huise en tuine. Hier het die Groenewalds gebly. Nina met die bos blonde hare en die lispel. Hulle was nogal pelle op laerskool. Sy onthou een verjaarsdagpartytjie hier in Nina-hulle se tuin. Haar ma het ’n hanswors gehuur. Lien was bietjie skrikkerig vir die opgemaakte gesig, maar hulle het hulle slap gelag vir al sy streke. Maar hy was grillerig, klouerig, iets het haar ongemaklik laat voel.

Sy skrik haar ’n papie toe sy Nina in die tuin sien, besig om met hulle honde te speel. Nog net so blond, maar sy het gegroei. Sy is baie langer as wat Lien onthou. Lispel sy nog? Lien stap vinnig verby.

Hulle huis lyk dieselfde en tog anders. Sy gaan staan aan die oorkant van die straat en kyk. Die wit muur om die huis is nou skelpienk geverf. Dit werk nogal, dit laat die huis anders, meer funky lyk. Daar is ’n nuwe posbus by die hoofhek. Sy wens sy kan ingaan, maar sy weet nie hoe nie. Die soliede sekuriteitshek is op knip. Sy sal die klokkie moet lui. Wat sal sy sê? Hoekom is sy hier?

Sy staan ’n oomblik besluiteloos na die huis en kyk. Sy wonder of die Blakes nog langsaan bly, en Henkie Smit-hulle nog aan die ander kant, Henkie wat die honde so geterg het en altyd by die skool in die moeilikheid was.

Ná ’n rukkie gaan die hek oop en ’n vrou en ’n seun kom in ’n groot wit BMW uitgery. Hulle is besig om met mekaar te praat en sien haar nie raak nie. Hulle ry in ’n westelike rigting. Vir ’n kort oomblik sien Lien die bekende, handgekerfde houtvoordeur. Die Icebergs weerskante van die paadjie wat na die voordeur lei, het vreeslik groot geword. Hulle dra trosse wit rose. Sy sien ook ’n stukkie van die swembad. Blou en koel en stil. Dan is die hek weer toe.

Sy stap oor en lui die klokkie by die sekuriteitshek.

“May I help you?” vra ’n stem oor die interkom. Lien soek paniekerig in haar kop rond vir iets om te sê. Sy probeer onthou wat die mense se van is wat ná hulle die huis gekoop het. Dis Wandrag of so iets.

“May I help you?” vra die vrou weer.

“Ek moet iets kom aflewer,” is al wat sy kan dink om te sê.

Ná ’n rukkie gaan ’n luik langs die hoofhek oop. Sy sien ’n vrou in ’n netjiese uniform na haar loer. Lien sien ’n groter deel van die tuin. Die gras is nog so groen soos altyd. Die tuin lyk soos sy dit onthou. Sy sien die groot jakarandaboom wat so vreeslik gemors het maar waarvan haar ma so baie

gehou het, is nog steeds die fokuspunt van die tuin. Daar is ander tuinmeubels langs die swembad. Dit lyk swaar en duur.

“What can I do for you? The people are not here.” Sy is nou kortaf en kyk wantrouig na Lien.

“May I please use your toilet?” probeer Lien, hoewel sy dadelik besef dis die verkeerde taktiek. Hier rond maak hulle nie sommer vir vreemdelinge oop nie.

Die vrou skud haar kop en wil die luik toemaak.

“Please!” smeek Lien.

Die vrou ignoreer haar en maak die luik toe. Sit dit op knip. Haar voetstappe verdwyn in die rigting van die huis.

“Ek wil net kyk! Ek wil nie julle goed hê nie!” skree Lien ná aan trane vir die luik wat soos ’n groot oop mond na haar staar. Dis stil aan die ander kant van die muur. ’n Motor ry stadig verby. ’n Vrou kyk na Lien terwyl sy oor haar selfoon praat. Lien voel die straaltjies sweet onder die pruik afloop. Sy haal ’n paar keer diep asem en vee haar gesig met haar arm af. Sy tel die rooi sportsak op en stap stadig in die rigting van die bushalte. Dis dan dit. Sy hoort nie meer hier nie. Die deure is hier vir haar gesluit en die hekke gegrendel.

21

Sjerrie vir die koue

Sy klim voor die sentrum af om in die kleedkamer te gaan aantrek. Dit gaan binnekort reën. ’n Donderslag dawer bokant haar kop. Sy kan die naderende reën ruik.

Sy dink aan die pienk muur en aan die duur tuinmeubels waar ander mense nou naweke relax. Sy onthou die seun in die wit BMW. Sou hy in haar kamer slaap, of dalk in Braam s’n? Hare was beter. Dit het noord gefront. Braam s’n was groter, maar vrek koud in die winter.

Daar is gelukkig niemand in die kleedkamer nie. Sy bondel haar straatklere en die pruik bo-op haar opgerolde bedelbrief in die sak. Hoe meer gekreukeld, hoe beter; hoe ellendiger, hoe meer simpatie; hoe meer skuldige gewetes, hoe groter die bydraes. Sy kyk na haarself in die spieël. Die pruik het haar hare plat gedruk. Die denim en toppie wat sy aangetrek het, is soos gewoonlik erg gekreukel. Sy hoop nie sy loop bekendes raak nie.

Sy sal iets moet koop wat sy en Braam in die middag kan eet wanneer tannie Bets by die werk is. Pick n Pay gaan oor vyftien minute toemaak.

Sy tel vinnig die dag se wins – R68. Dit was ’n goeie middag, al het sy nie lank gewerk nie. ’n Killing in die kleine. Mense begin haar nou al herken en gee sommer daarom, vermoed sy. Sy het ook nog geld van die vorige middag oor. Sy koop brood, ’n pakkie hoenderstukke, ’n sakkie tamaties, drie aartappels en tog maar ’n dosie eiers. Op die ingewing van die oomblik koop sy ook ’n klein botteltjie mayonnaise en ’n paar stukkies koue ham. Sy staan lank voor die lekkergoedrak. Sy kan nie môre werk nie. Die geld sal nog ’n dag moet hou. Sy stop nietemin twee groot Milo Bars in die mandjie. Sy sal moet wikkel as sy nog betyds terug wil wees vir die toneeloefening. Sy ry deesdae van én na die oefening saam met Miemie-hulle. Sy het net ’n driekwartier.

Dit donder nog steeds toe sy by die sentrum uitloop en binne sekondes bars die storm los. Sy oorweeg eers om terug te draai sentrum toe, maar besef dan dat sy nooit betyds vir Miemie-hulle gaan wees nie. Sy hardloop om op die sypaadjie te kom waar die winkels begin en daar darem ’n bietjie skuiling is, maar toe sy die straat kruis, is sy oombliklik druipnat. Sy gee tou op en begin stap, rooi sak swaaiend in die hand.

’n Kar toet agter haar en toe sy omkyk, draai ’n vrou ’n ruit oop en skree iets wat sy nie verstaan of kan hoor nie. Iemand maak die agterdeur vir haar oop en die vrou skree dat sy moet inklim. Lien doen dit instinktief en dis eers toe sy dankbaar binne is dat sy vir Hein op die agterste sitplek herken.

“Aarde,” sê ’n kort, ronde tannietjie vanuit die voorste passasiersitplek, “wat ’n storm!” terwyl sy skeef draai in haar sitplek. “Jy is seker sopnat. Jy’s gelukkig dat Hein jou herken het. Jy sou verspoel het in dié watermassa! Hein, stel jy ons nie voor nie?”

Die man agter die stuurwiel lyk na ’n ouer weergawe van Hein: dieselfde kort, dik nek en die krullerige, blonde hare en die yslike neus.

Lien sien Hein is net so ongemaklik soos sy. Hy mompel ’n paar woorde wat vaagweg soos “Ma, Pa, Lien,” klink, maar die tannie val hom in die rede en babbel voort oor die storm. Die man, vermoedelik Hein se pa, groet vriendelik en probeer iets sê, maar die tannie praat een stryk deur. Hein se pa stel die ruitveërs vinniger. Die tannie praat nog steeds onophoudelik en Lien moet haar in die rede val om te sê hulle moet regs draai by die stopstraat. Toe hulle haar voor die woonstel aflaai, is die storm reeds so te sê verby. Die oom toet en die tannie waai vriendelik toe hulle wegtrek en ’n stroom water agter die kar se bande opskiet. Lien bly ’n rukkie oorbluf voor die woonstelgebou staan. Water drup vanuit die jakarandaboom voor die woonstel op haar kop.

Terwyl sy die trappe opstap, besef sy half verbaas dat dit lyk asof Hein normale ouers het. Iemand in dié skool het ’n gewone ma en ’n gewone pa. Heeltemal doodgewoon.

Die aand terwyl hulle saam met Joe terugry, sê sy vir Miemie dat sy die naweek sal kom. Braam gaan by Deon bly. Hulle hoef nie oor sy maag bekommerd te wees nie. Miemie is uit haar vel. “Cool, cool,” sê sy terwyl sy die Pussycat Dolls harder draai.

Braam lê op sy geliefkoosde bank en kyk na ’n sportprogram. In die kombuis is ’n reuse-bak lasagne waarvan Braam goed die helfte verorber

het. Sy trek haar ou rooi sweetpak aan en skep vir haar ’n bord vol kos, wat sy voor die televisie by Braam gaan eet.

“Ma het gebel,” sê Braam terloops sonder om op te kyk. Lien verstyf.

“En … ?”

“En wat?”

“Wat sê Ma, jou idioot?”

“Sy kom dalk einde van die week huis toe. Tannie Bets sal haar bring.”

Kan dit al vier weke wees? dink Lien benoud. Sy weet nie wat om te voel nie. Sy weet nie wat om te verwag nie. Sy wou nog … Sou haar ma regtig nie meer … ?

Tibbey is reg oor die winter. Dis beter op straat as tydens die warm somermaande. Sy vermoed dis koud soggens, maar wanneer sy net ná twee by haar hoek inval, is dit lekker warm. Sy moes al selfs haar trui ’n paar keer uittrek omdat dit te warm geword het. Dis net Roos wat aanhoudend oor die koue kla. Al het sy ’n paar baie dik pantyhose aan en ’n dik pienk trui met ’n dik pienk gebreide wolmus oor haar stywe kapsel, kla sy elke tea break oor die koue.

“You’re getting an old tannie, Roos,” spot Tibbey. “You must take a bietjie sjerrie soos ou Johnny. Dit sal jou bene warm maak.”

Roos strip haar en gee ’n snork. “Ek wil niks van daai mens hoor nie en ek suip nie!”

Lien is bly vir Roos se onthalwe toe die lente aanbreek.

22

Ietsie met chocolate vir poeding

Joe stop op die kop halfdrie voor die woonstel. Lien klim voor in en sit haar sak by haar voete neer. Joe groet nie terug nie, vertrek net geruisloos met die swart Mercedes. Hulle ry in stilte die paar blokke na Miemie-hulle se huis. Vir ’n verandering geen Pussycat Dolls nie. Sy is half bly vir Joe se onthalwe.

Miemie-hulle bly in een van die mooi huise teen die berg. Die oprit na die huis is baie steil. Die tuin is reusagtig, met golwende grasperke en ’n swembad wat verskriklik blou is. Daar staan vreemde beeldhouwerke op die rand van die swembad: rowwe, bonkige figure sonder gesigte. Die huis het ’n asemrowende uitsig.

Joe laai haar by die massiewe houtvoordeur af en vertrek weer sonder om rond te kyk. Lien lig haar hand, maar die deur swaai oop voordat sy die klokkie kan lui. Miemie in ’n klein denimbroekie en ’n wit T-hemp staan hand in die sy vir haar en wag.

“Lien, my pel! Uiteindelik. Kom in. Maak jou tuis!” ’n Wit hondjie kef om Lien se voete.

“Dis Patsy. Sy is actually my siélsgenoot,” sê Miemie terwyl sy die hondjie opraap.

“Patsy, dis nou Lien.” Die hondjie lek Miemie deur die gesig.

“Kom, ek slaap bo.” Miemie stap met ’n groot marmertrap na die boonste verdieping met Lien wat volg en haar vergaap aan die reusagtige skilderye teen die mure. Dis abstrakte goed met vreemde kleurkombinasies en weird vorms, maar Lien hou nogal op ’n manier daarvan. Iewers kan sy ’n televisie hoor.

Miemie se kamer is aan die bopunt van die trap en is so groot soos hulle hele woonstel. Dit kyk uit op die berg. Die mat is roomkleurig en sag en dik en die koningsgrootte dubbelbed lê vol kussings van verskillende groottes

en vorms. Op die lang, ingeboude lessenaar wat die hele suidelike muur beslaan, staan ’n rekenaar en ander elektroniese toerusting soos ’n televisie, ’n hoëtroustel en ’n paar goed wat Lien nie kan eien nie.

“Pak jou goed in die kas en dan gaan ons kombuis toe. Roberta wag en sy is actually lankal lus vir ’n nuwe challenge. Wat wil jy eet?” Miemie klim pens en pootjies bo-op die bed terwyl sy vir Patsy onder haar een arm vashou.

“Aag, sommer ’n samie,” sê Lien verleë. “Ek het eintlik al geëet.”

“Net ’n samie?” sê Miemie teleurgesteld. “Roberta is actually ’n pro. Sy’t kursusse all over geloop. Sy maak whatever jy kan imagine.”

Sy spring van die bed af en raap vir Patsy, wat haar intussen losgewikkel het, van die vloer af op. “Kom!”

In die reuse-kombuis is ’n groterige vrou besig om breekgoed uit die skottelgoedwasser te haal.

“Roberta, dis nou my pel, Lien. Lien, Roberta.”

Die vrou glimlag vriendelik. “Wat wil julle vanaand eet?” vra sy terwyl sy die skottelgoedwasser se deur met haar bobeen toestoot.

“Het jy al sushi geëet?” vra Miemie terwyl sy die wriemelende Patsy op die grond neersit. Lien skud haar kop.

“Roberta, maki vir ’n voorgereg en … uhm … ’n Vissie of ’n vleisie vir ’n hoofgereg?”

“Maak nie saak nie,” sê Lien ongemaklik.

“Maak vir ons ’n hoenderdingetjie, Roberta, en vir poeding ietsie met chocolate. Hoe’s daai?” Sy draai na Lien.

Roberta vryf haar hande. “Coming up!” Sy lyk lus vir die uitdaging.

“Kom, meet the mother.” Miemie stap vinnig by die deur uit, met Patsy wat haar soos ’n skaduwee volg.

In die televisiekamer sit ’n klein vroutjie met kort rooi stokkieshare in ’n gemakstoel en kyk na ’n kosdemonstrasie op die grootskermtelevisie. Langs haar staan ’n bottel mineraalwater en ’n halfvol glas.

Sy kyk op toe Miemie die kamer binnestorm en hulle voorstel.

“Welkom, Lien. Ek het al baie van jou gehoor,” sê die vrou vriendelik. Sy hou haar hand vir Lien uit om te skud.

“Wat kyk Ma?”

“Sommer ’n ou van Noorweë wat met salm toor.”

Hulle kyk ’n rukkie saam. Miemie raak gou verveeld.

“Kom ons gaan swem.” Sy spring op en loop trap troe, Patsy keffend agterna.

Die res van die naweek lê hulle in groot gemakstoele langs die swembad met Roberta wat kort-kort iets bring om te eet of te drink. Lien voel soos ’n celeb. Sy geniet haar gate uit. Hulle sien Miemie se ma maar min. Sy eet net saam met hulle aan die groot eetkamertafel met sy twaalf stoele voordat sy weer met haar bottel mineraalwater voor die televisie gaan sit.

En hulle eet. Aanmekaar. Roberta is duidelik in haar element oor die gas in die huis. Lien kan nie onthou dat sy al ooit in haar lewe soveel vreemde smake en geure in so ’n kort tydperk teëgekom het nie. Sy kan nie verstaan waarom Miemie so maer bly nie, want Miemie eet soos ’n wolf.

Joe vat hulle om DVD’s uit te neem en hulle lê tot laat en flieks kyk. Hulle slaap in Miemie se groot bed en lê tot die oggendure en gesels. Miemie vertel van haar weird pa en sy modelvliegtuigies en voor Lien haar kom kry, vertel sy van haar ma en die kliniek.

“Cool,” sê Miemie terwyl sy op haar sy draai. “Kan ons daar gaan kuier? Is daar baie weirdo’s?”

Lien is spyt toe Joe haar Sondagmiddag laat terugvat. Dit was wonderlik om vir ’n ruk weg van haar eie lewe te wees.

23

Die welcome-home-Mammie-ding

Daar staan twee Pick n Pay-sakke op die eetblad in die kombuis. Lien weet dadelik. Sy gooi haar tas in ’n hoek en stap versigtig sitkamer toe. Haar ma sit in die enigste sonkolletjie op die bank teen die venster. Haar hare is teruggekam en sy het geen grimering aan nie. Haar swart bloes lyk asof dit ’n paar nommers te groot is.

Daar staan ’n beker met wat Lien verskriklik hard hoop koffie is, op die tafeltjie langs die bank. Sy lyk maer. Fragile. Hulle kyk ’n rukkie woordeloos na mekaar. Haar ma staan op en vou haar arms om Lien sonder om ’n woord te sê. Lien voel ongemaklik. Sy druk nie terug nie.

“Ek het erg na julle verlang,” sê haar ma sag terwyl sy oor Lien se hare streel.

Lien maak haar los. “Ek is bly Ma is terug. Ek werk nog … by die … uhm. Ek moet spring,” sê sy vinnig.

Haar ma lyk teleurgesteld, maar sy sê niks verder nie. Lien maak dat sy wegkom.

Sy haat haarself so ’n bietjie, maar sy kan net nie die welcome-home-Mammie-ding nou doen nie. Sy weet nie hoekom sy so kwaad vir haar ma is nie. Sy wens regtig sy kon anders voel. Sy sal dalk vanaand. Sy sal regtig probeer.

“Die lewe het jou mama geklap en die lewe het jou pa geklap, maybe jy moet nie saamklap nie.” Tibbey breek die blaartjies van ’n takkie een vir een af en steek die stokkie in sy mond. “Maybe jou ma needs ’n bietjie tender love and care.” Hy lê op sy rug en loer vir Lien onder sy Bloubul-petjie uit.

“Maar dis nie fair nie!” sê Lien kwaad. “Ék en my broer het niks gedoen nie! Ons het goed gelewe en kyk waar sit ek nou!”

Tibbey breek die blaartjies van nog ’n takkie af. Hy sê niks verder nie, bly net vir Lien loer.

“Hulle het vir die klappe gevrá!” sê Lien vies terwyl sy opstaan en na haar hoek stap.

Dis ’n stokou, gehawende bakkie wat voor stop. Die groen van die bakwerk is verbleik. Die deur naaste aan Lien is blou en het duidelik eers aan ’n ander kar behoort. Dis ’n ou man en ’n ou vrou wat voorin sit. Die man het ’n grys baardjie en ’n pyp in sy mond. Sy swart gesig is die ene plooie. Hy kyk stip na Lien.

Hy sê iets vir die vrou. Die vrou vroetel in haar kopdoek en haal ’n munt uit.

Liewe Here, ek kan nie dié mense se geld vat nie. Hulle het self nie! Die man stop die munt in haar hand en die lig slaan groen. Dankie, baie dankie, prewel sy. Sy voel lus om te skree.

Sy hoor die klavierkonsert toe sy naby die voordeur kom. Sy verstyf en staan eers ’n rukkie op die stoep om te luister. Sy herken Rachmaninoff se tweede. In haar kop hoor sy die gepaardgaande klink, tjorrr, kraak, ploinks en sug. Haar maag trek op ’n knop.

Daar is niemand in die kombuis nie. Lien staan huiwerig in die deur. Iets in die oond ruik na knoffel en uie. Daar staan ’n koeldrankglas langs die stoof met goue vloeistof in. Lien se hart ruk. Sy stap stadig nader, haar oë gefokus op die glas. Sy wil nie, maar sy moet. Sy steek haar hand stadig uit na die glas en bring dit tot by haar mond. Dis Appletiser. Die verligting maak haar duiselig. Toe sy omdraai, staan haar ma in die deur. Lien weet sy lyk skuldig. Haar ma het ’n vreemde uitdrukking in haar oë.

“Ek sal eet as ek van die toneeloefening af terugkom.” Haar ma staan opsy sodat sy by die deur kan verby.

“Ek wil jou iets vra,” sê Hein die aand op die pawiljoen. Hy bêre sy mondfluitjie in sy sak. Hy bly ’n ruk lank stil. Lien wag.

“Die matriekafskeid. Ek wil jou vra …” Sy kan hoor hy skuif rond in die donker. “Sal jy saam met my gaan?”

Lien is uit die veld geslaan. Sy het dít nie sien kom nie.

“Eintlik … ek gaan eintlik … Jy sien, ek en Wouter het soort van … Wouter het my eintlik klaar gevra,” sukkel sy dit uit. Sy voel soos ’n luis,

hoekom weet sy nie. Hein reageer nie. Sy begin afklim. Hy het haar gevra! Hoekom?

"Dankie dat jy gevra het," mompel sy oor haar skouer.

Toe sy by die huis kom het haar ma en Braam nog nie geëet nie. Hulle sit en gesels in die sitkamer asof niks ooit verkeerd was nie. Haar ma lyk nog erg fragile, so asof die gesprek vir haar 'n inspanning is.

"Jy moet move, sista, ek wil eet, báie eet," brom Braam toe Lien moeg op 'n stoel neersak.

Hulle ma staan op en vryf oor Braam se krullebol. "Sjoe, dis lekker om terug te wees. Ek het julle vreeslik gemis. Ek gaan opskep. Ons eet sommer in die kombuis. Jy kan gou uittrek as jy wil voordat ek opskep, Lien."

Lien is skielik kwaad, sommer baie kwaad. Het almal vergeet van die twee jaar wat verby is? Dit was nie 'n trip Disneyland toe nie. Nou is alles so cosy as kan kom. Sy is lus en sê iets goors, soos "Wat van 'n dop?" Sy byt op haar tande en gaan trek uit.

Braam is besig om koeldrank te skink en haar ma skep op. Sy sukkel om die kos in die borde te kry. Dit lyk asof sy 'n steil berg uitklim. Die radio is op Jakaranda en Robbie Williams sing "Angels".

Hulle neem rondom die eetblad plaas. Hulle ma vat hulle hande in hare. Dit lyk asof sy eers dink wat om te sê.

"Ek weet die afgelope twee jaar was moeilik. Ek is jammer, baie jammer oor alles wat ek gedoen het om dit vir julle nóg moeiliker te gemaak het. Ek weet nie wat gebeur het nie. Dis maar die ding met julle pa … Alles het so … ék het so uitgerafel."

Sy byt op haar lip. "Ek weet eintlik nou nog nie waar alles so skielik en so vinnig verkeerd geloop het nie." Lien en Braam sit ongemaklik vir haar en kyk.

"Dis oukei, Ma," sê Braam en hy lig sy glasie. "Ons is bly Ma is terug. Regtig."

Lien klink woordeloos saam met hulle 'n glasie, ongemaklik en kwaad, vir haar ma en vir haarself.

"Ons speel Donderdag teen Fonteine. Ma móét kom kyk," sê Braam met 'n mond vol kos.

"Ek mis dit vir niks. Ek begin eers weer Maandag werk." Sy vroetel weer deur Braam se hare.

Dis skielik weird by die huis. Almal is so nice met mekaar dat Lien wil gil so fake is dit. Dis asof almal versigtig is om iets verkeerds te sê. Sy en Braam baklei nie eers meer nie. Niemand praat oor die kliniek nie, dis asof hulle ma nooit daar was nie. Sy hoor net een keer Braam vra vir haar ma of Binnelandse Sake nie gemoan het omdat sy so lank weg was nie. Haar ma sê hulle het geweet waar sy was en omdat dit vir mediese redes was, betaal die mediese fonds.

Sy kom agter Braam hou, net soos sy, haar ma met ’n valkoog dop. As sy met ’n glas of beker loop of sit, kan hulle nie hulle oë daarvan afhou nie. Dis asof hulle dit nie kan help nie.

En haar maag trek op ’n knop elke keer as sy die yskas oopmaak.

Een aand toe hulle voor die televisie sit, hoor hulle iets val en breek in die kombuis. Binne sekondes is hulle daar. Hulle ma kyk op van waar sy die glasstukke op die grond bymekaarmaak, na hulle wat grootoog in die deur staan. “Dit was net ’n ongeluk,” sê sy verslae. “Net ’n ongeluk …”

Hulle ma is anders, nie soos lank gelede nie. Dis asof sy baie onseker van haarself is, asof sy bang is sy doen iets verkeerd.

24

Die toppie sonder bates

Die voordeurklokkie lui.

“Los, los, los, ek sal verder roer. Gaan maak oop. Dis jou vriende,” sê tannie Bets terwyl sy die lepel by Lien vat. Sy proe aan die sous in die pan. “Mmm … perfect!”

In die sitkamer snik Shania Twain ’n liedjie.

Wouter se hare is soort van gekam en Miemie het ’n seksie swart toppie aan wat haar gebrek aan bates beklemtoon. Lien nooi hulle ongemaklik binne. Miemie oorhandig ’n pakkie wat duidelik ’n toegedraaide CD is. Lien vermoed dis die nuwe Norah. “Ek sal my present later gee,” fluister Wouter in haar oor. Lien vermoed dit gaan ’n bydrae tot die Fonds wees.

Sy skink vir hulle koeldrank. Wouter gesels gemaklik met haar ma-met-die-lemoensap-in-die-hand en praat rugby met Braam. Sy gaan help vir tannie Bets in die kombuis. Miemie kom saam.

“Die blerrie ding skaaf my gaar. Ek dink dis te klein,” fluister Miemie terwyl sy aan die toppie karring.

“Jy lyk cool,” sê Lien.

Miemie druk haar bors-sonder-die-bates onseker uit.

Hulle werskaf saam met tannie Bets, wat lepelsvol van alles proe en allerhande vreemde geluide maak.

“Ek dink ons kan gaan aansit. Die kos is reg,” jaag sy hulle by die kombuis uit.

Hulle gaan sit by tannie Bets se eetkamertafel.

“Wat van ’n wyntjie? Wouter, sal jy vir ons die wyn … oeps.” Tannie Bets staan ’n rukkie stil en kyk geskok na Lien se ma. “Christien, ek het nie gedink nie … Dis onsensitief van my.”

“Aarde, Bets, omdat ék nie drink nie, beteken dit nie …” Lien sien haar ma lyk afgehaal. “Bets, julle kan regtig … Lien word agtien …”

“Ék sal ’n knertsie maak,” sê Braam.

“Nee, nee, nee,” sê tannie Bets. “Ek het die wonderlikste sap van Woolies. Kom, Wouter.”

Wouter en tannie Bets kom met twee bekers vrugtesap uit die kombuis.

“Dis baie gesonder as wyn en báie lekkerder en dit gee blink oë en krulhare,” sê tannie Bets terwyl sy die wynglase vol sap skink.

“Krulhare?” sê Miemie onseker terwyl sy na Braam kyk. “Maar hy het klaar … hy lyk klaar so bietjie soos …”

“Josh Groban,” antwoord Lien en haar ma gelyk.

Hulle lag terwyl tannie Bets die bakke wat kreun, rondstuur.

Dit word ’n nice aand. Dinge werk en almal gesels en lag en die kos is great en Woolies se vrugtesap is op die ou end nogal nie te koekerig nie. Toe Braam die slaai vir Miemie aangee, val ’n kersietamatie in haar glas. Sy probeer dit met haar vinger uitvis, maar sukkel haar dood. Hulle lag dat die trane rol. Hoekom dit so snaaks was, kon Lien agterna nie onthou nie.

Wouter is ’n steunpilaar en Miemie geniet haar duidelik gate uit, hoewel sy kort-kort aan die toppie trek en vroetel. Braam is uit sy kassie, knertsie ofte nie. Haar ma lag nou en dan ’n regte laggie en tannie Bets peusel nog aan alles nadat almal klaar geëet het.

Dis dan agttien, dink Lien. Heel anders as die agttiendeverjaarsdagpaarties dié jaar waarvan die skinderstories die skool vol lê. Daar was nie Volkswagen Polo’s of groot deposito’s in bankrekenings of bottels Tequila of ’n lang lys shooters nie, maar sy is tevrede. Sy kon onder die omstandighede nie vir meer gevra het nie, sê sy vir Norah die aand toe sy onder haar duvet lê en deur haar venster vir die stukkie maan lê en kyk. Sy luister na die verkeer onder in die straat. Sy wonder of sy hulle sal mis as sy nie meer hier is nie: haar ma, Braam, Wouter.

Out across the endless sea
I could die in ecstasy
But I’ll be a bag of bones
Driving down the road alone

probeer slim Norah soos gewoonlik beter weet. Lien draai vies op haar sy en maak haar oë toe.

*

Die seuntjie en die dogtertjie met donker hare sit langs mekaar op ’n grasperk voor ’n groot pilaar. ’n Mens kan die straat skuins agter hulle sien. Daar is ’n groot koek tussen hulle. Die kamera zoem in op die koek. Dit het ’n groot blou vliegtuig op en ’n handvol kersies waarvan die vlammetjies brand. Die seuntjie druk sy vinger in die koek. Die dogtertjie se mond is groot oop. Dit lyk asof sy vir die seuntjie skree.

Hy sit ’n rukkie en kyk besluiteloos na die stil skerm nadat die video opgehou het. Hy vroetel in die boks, maar bedink hom. Hy skakel die televisie af.

25

Halfprys is halfprys

“Spar se baked beans en pilchards is op special, halfprys!” roep Magriet van die oorkantste sypaadjie waar hulle onder die akasiaboom sit. Sy swaai ’n pamflet in die lug.

Lien ken nie eintlik vir Magriet nie. Sy weet dié vrou met die armoedige rokke en patetiese look staan aan die agterkant van die sentrum en hulle loop haar soms by die toilette raak. Lien vermoed die gaar rokke is the real thing. Magriet dra dit nie om die mense te impress nie. Dis hoe haar rokke regtig lyk.

“Tot wanneer?” roep Roos.

“Weet nie! Dalk moet julle gou maak voor die mense van die werk af kom!” Magriet prop die pamflet in haar sak. “Ek gaan nou-nou!”

“Kom, ons moet sommer nóú gaan,” sê Roos terwyl sy steunend opstaan. Tibbey lê op sy rug aan ’n grassie en kou. Hy loer onder sy pet deur na Roos. “I’m not into baked beans.” Lien wil self kreun as sy die woord hoor.

“Jy eet vis, Tibbey, kom. Halfprys is halfprys.” Roos stof haar rok af. “Kom!”

Lien en Tibbey staan traag op. Roos begin flink in die rigting van die sentrum stap. Tibbey kyk vir Lien en Lien kyk vir Tibbey. “Well …” sê Tibbey onseker, “I think I like vis …” Lien wonder. Roos is seker reg. Halfprys is halfprys.

Hulle haal Roos in en stap in stilte na die sentrum se suidelike ingang waar Spar is. Roos loop voor, handsakkie onder die arm vasgeklem, effens vooroor gebuig. Dan volg Tibbey fluitend met die mas van sy Bloubul-vlag oor sy skouer, terwyl die vlag swaaiend agter hom wapper. Dan volg Lien met die brilletjie en die pruik en die rooi sportsak aan haar sy. Lien vermoed hulle moet ’n sight wees.

Roos raap ’n rooi mandjie by Spar se ingang op. Tibbey huiwer eers, maar vat dan ook ’n mandjie. Lien maak ook so. Dit lyk asof Roos weet waarheen om te gaan. Hulle stap nog steeds in ’n ry. Lien kyk uit vir kennisgewings wat specials aankondig, maar sien niks nie.

By die rak met die blikkieskos gaan staan Roos voor die boontjies in tamatiesous en begin pak. Lien pak onseker ’n paar blikke in haar mandjie. Sy weet nie hoeveel geld is in haar sak nie. Tibbey loop tot by die blikkies vis en pak ’n paar blikke in sy mandjie.

“Dis gewone prys. Hulle sê niks van specials nie …” sê Lien huiwerig.

“Die signs is seker nog nie op nie,” sê Roos terwyl sy tot by Tibbey stap en die res van haar mandjie vol blikkies vis pak.

“Let’s go,” sê Roos terwyl sy na die naaste till stap, Lien en Tibbey agterna. Die vrou agter die till begin Roos se blikkies een-een oor die elektroniese prysleser stoot. Ná die derde blikkie vis roep Roos: “Nee, nee. Dis halfprys!”

Die vrou kyk onseker na Roos. “Not that I know of.”

Sy praat op Sotho met die vrou agter die till langs haar. Dié skud haar kop. “These are not halfprice.”

“Maar julle pamphlet sê dan so! Roep die manager,” sê Roos kwaad.

Die vrou kyk onseker om haar rond en wink vir ’n man wat oor die telefoon by die sigarettoonbank praat. Hy stap nader en Roos vertel haar storie. ’n Man wat agter Lien in die tou staan, maak ongeduldig keel skoon. Lien kyk om en sy sien daar staan nog mense in die tou. Hulle kyk onvriendelik na Roos en die bestuurder.

“Ons het nie nou specials nie, eers teen die einde van die maand, en dit gaan nie op dié goed wees nie.” Die bestuurder beduie na die blikke boontjies en vis wat die toonbank vol staan.

Roos gluur hom boos aan. “Julle pamphlet sê halfprys en ons loop nie voordat julle dit vir ons vir halfprys gegee het nie.”

“Gaan dit nog lank vat?” vra iemand ongeduldig agter in die tou. Roos draai vererg om en gee die man ’n kyk. Lien wil eers in die aarde sink, maar dan onthou sy. Sy is nie Lien Jooste nie, maar Lieen Djôste van Tibet met ’n bril en ’n pruik. Niemand hier ken vir Lien Jooste nie. Sy draai om en gee die ongeduldige man ook ’n kyk. Sy draai terug na die bestuurder, wat lyk asof hy nie weet wat om te doen nie. Tibbey kyk geamuseerd na Roos, wat hande in die sye na die bestuurder staan en gluur.

“Hoofkantoor sou ons beslis laat weet het as daar dié week specials was …” sê hy vir Roos. Hy lyk egter nie meer so seker van sy saak nie. Hy staan ’n rukkie en dink. “Give it to them halfprice and bring me the slips. Do it manually,” sê hy vir die vrou agter die till en stap weg.

Roos pak haar blikkies tevrede in ’n plastieksak en wag vir Tibbey en Lien om klaar te kry.

“Die blerrie cheek,” sê Roos terwyl hulle deur toe stap.

Buite kry hulle vir Magriet wat uitasem aangestap kom. “Is daar nog oor?” vra sy vir Roos.

“Hulle weet nog nie van die specials nie,” sê Roos vir Magriet-met-die-uitgewaste-rokkie.

“Maar … hier is dit …” sê Magriet terwyl sy die pamflet uit haar roksak haal en vir Roos hou om te lees.

Roos kyk na die pamflet.

“Dis dan Checkers! Dis nie Spar nie!” sê sy vir Magriet.

“Oeps,” sê Magriet en slaan haar hand voor haar mond. Lien en Tibbey kyk na mekaar. Roos gluur vir Magriet en draai sonder ’n woord om en stap vinnig, vooroor gebuig met haar handsakkie onder die arm en haar plastieksak vol blikkies na die uitgang van die sentrum. Dan volg Tibbey met sy vlag en sy sakkie en dan Lien met háár sakkie halfprice en haar rooi sportsak. Shopping gedoen.

Weer die Volvo. Hulle kom elke middag hierlangs. Sproet met Sproetjie op die agterste sitplek. Hy gaan haal haar seker iewers by ’n kleuterskool, vermoed Lien. Sproet groet soos gewoonlik vriendelik, terwyl hy glimlag en stip na haar kyk.

“Britney, sê vir die tannie met die lelike skoene ek gaan ’n boetie kry.” Soos gewoonlik ignoreer Lien die klein snip.

Sproet gee weer, baie. Lien vat die geld ongemaklik.

26

Cheers op Binnelandse Sake

Sy word stadig Weird Maria. Dit word ’n reis na verre bestemmings om twee maal ’n week iemand anders te word, iemand wat sy begin verstaan. Dis weird, maar sy begin van Weird Maria hou. Sy is anders as die karakter, maar hulle voel nogal dieselfde oor goed. Sy wonder ook soos Maria oor dinge en wat dit alles nou eintlik beteken.

Sy stap ingedagte hysbak toe nadat Joe haar voor die woonstel afgelaai het.

Haar ma sit met die oorfone en ’n koffiebeker op die sitkamermat. Sy skud haar kop heen en weer op maat van die musiek. Haar oë is toe en haar gesig is effens rooi.

’n Yskoue hand klou aan Lien se hart. Sy bly by die deur staan en hou haar ma dop. Haar ma se oë is toe. Lien stap stadig nader, haar oë vasgenael op die koffiebeker. Dan ruik sy dit. Dis DIT!

Haar ma maak haar oë oop en lyk vir ’n paar oomblikke uit die veld geslaan. Sy probeer die koffiebeker skuldig langs die bank indruk. Lien roer nie.

“Dis net ’n ou wyntjie,” giggel haar ma. “Net enetjie … want ek werk nie meer by die Departement van Binnelandse Sake nie!” Die laaste deel van haar sin sing sy.

“Nou maar laat ons dan ’n glasie klink,” sê Lien, wat wil gil en skree en huil. Sy stap vinnig kombuis toe en pluk die yskas oop. Niks. Sy ruk aan die kombuiskaste. Niks. Sy begin weer by die yskas en toe weer die kruidenierskas. Agter die Post Toastie-boks staan die doos.

“Welkom terug,” sê Lien hardop terwyl sy die doos uit die kas pluk. Sy gryp die grootste koeldrankglas uit die kas en skink dit vol wyn. Sy gaan sit op die bank en lig die glas in haar ma se rigting.

“Cheers. Op Binnelandse Sake.”

“Moenie …” probeer haar ma.

Lien proe aan die suur, warm wyn en besef sy gaan dit moeilik in haar lyf kry. Sy druk haar neus toe en sluk alles in ’n paar slukke weg. Toe dit in is, moet sy hardloop om by die toilet te kom.

Nadat haar maag dolleeg is, bly sy met haar kop op haar arms op die toiletbak lê.

In a boat that’s built of sticks and hay
We drifted from the shore
With a captain who’s too proud to say
That he dropped the oar

verduidelik Norah Jones.

Teen die tyd dat Braam by die huis kom, is hulle ma al goed op ’n stasie. Sy neurie en giggel en dit kan net nie met haar beter gaan nie. Geel en gelukkig.

Lien kan sien Braam is net so moedeloos soos sy. Hulle kyk na mekaar. Braam sak op ’n stoel neer en trek sommer sy skoene en kouse in die sitkamer uit.

“Braampie! En wanneer het jy sulke groot voete gekry?” Haar ma kyk kamma geskok na Braam se voete. “Jy het net sulke vreeslike voete soos … soos … net soos jou ou pappie gehad het!” Sy hik en lag en verstik ’n bietjie en lag verder, effens histeries. Sy vee die trane uit haar oë.

“Ai,” sug sy en vat nog ’n slukkie van die wyn.

Braam steek sy groot voete verleë onder die stoel in. Lien stap sommer net weg.

Wouter het die volgende oggend probeer troos: “Dis dalk maar net ’n paar glase wyn, Lien. Miskien is dit nie so erg nie … Dit beteken nie sy het weer begin drínk nie.” Hy het nie baie oortuigend geklink nie.

Lien het niks gesê nie, maar sy het geweet. Wouter het allerhande praatjies gemaak om haar aandag af te lei, maar Lien Jooste het geweet. Sy het op ’n manier ook nie meer omgegee nie. Haar bankbalans lyk goed en sy kan al ’n kaartjie Londen toe koop. Sy voel ook nie eintlik meer skuldig oor Braam nie. Hy moet maar by Deon gaan bly of vir homself sorg. Genoeg is genoeg. Dis nou elkeen vir homself.

Wat by die Departement van Binnelandse Sake gebeur het, sou hulle nooit uitvind nie. Of haar ma afgedank is en of sy bedank het, sou sy nooit

sê nie. Lien wonder dikwels of sy dalk al lankal weer begin drink het sonder dat sy en Braam dit agtergekom het.

Dalk het sy by die werk gedrink en hulle het haar gepos, soos hulle waarskynlik al baiekeer in die verlede wou doen. Miskien het haar ma net een oggend gecrack en besluit: dis nou genoeg. Nooit weer nie.

Maar dit was downhill van toe af. Brandewyn het nie brieke nie, het hý altyd gesê. Dooswyn ook nie, weet Lien nou. Haar ma het vir die eerste week of twee nog lekker met die doos en haar blou Moedersdagbeker gekuier (Paganini was die nuwe liefde), maar toe was daar niks oor nie. Lien moes met haar straatgeld alles koop wat hulle nodig gehad het.

Braam het al hoe meer by Deon en ook by ander maats oorgebly en gesorg dat hy so min moontlik by die huis is. Haar ma het nog steeds gedrink, maar waar sy die geld vandaan gekry het, wou Lien liewer nie weet nie. Haar beursie was dolleeg. Sy het self ’n paar keer gaan kyk.

Een aand laat is sy na die bankteller op die hoek met haar ma se bankkaart en die PIN-nommer wat agter in haar ma se ID-boekie geskryf is. Daar was niks in haar ma se rekening nie, nie ’n enkele sent nie. Sy het twee keer gekyk om seker te maak. Hoe hulle die woonstelhuur aan die einde van die maand gaan betaal, kan sy nog nie uitwerk nie. Sy sal in die Fonds moet delf, maar dan gaan daar nie veel meer oorbly vir ’n vliegtuigkaartjie nie.

Maria word ’n verlossing. Sy kan nie wag om Dinsdag-en Donderdagaande in dié weird girl se lewe in te klim nie. Op ’n manier begin sy Maria verstaan. Wat maak dit tog saak dat die hemelruim vir haar in skakerings van groen bestaan en dat sy graag die bladsye van haar gunstelingboek in die biblioteek wil uitskeur en kou? Wie is Lien Jooste om te sê dis weird?

Selfs die deurmekaar juffrou Breytenbach kyk haar soms snaaks aan. “Lien, dit werk my kind, dit werk só goed.” Half verbysterd terwyl sy haar brilletjie regskuif en ’n deurmekaar krul regdruk, asof sy self nou eers regtig vir weird Weird Maria verstaan.

Een Vrydag omtrent ’n maand nadat haar ma uit die kliniek ontslaan is, kry sy onder die akasiaboom naby Entertainment Corner die oproep van tannie Bets.

“Lien, waar is jy en waar is Braam? Julle moet dadelik huis toe kom! Soos in nóú dádelik.” Tannie Bets klink lelik opgetense.

“Wat’s fout, tannie Bets?”

“Julle is binne ’n halfuur in my woonstel!” Lien hoor Dolly Boesem kreun iets op die agtergrond.

Dis vieruur. Sy wou nog minstens ’n uur gestaan het. Sy het nog nie veel gemaak nie. As sy nog die woonstelhuur ook moet bymekaarmaak, gaan die bietjie staan in die middae haar nie help nie. Sy sal ’n ander plan moet maak. Wat, weet sy nog nie.

Sy dink vir eers nie aan tannie Bets se oproep nie. Sy wil nie. Sy gee nie om nie. Maar sy sal gaan, ter wille van haar broer.

Die bus kom binne tien minute. Sy het half gehoop dit kom nooit nie. In die kleedkamer van die sentrum naby hulle woonstel haal sy haar pruik af en bêre haar swart skoene saam met die brilletjie in haar sak. Sy stap op haar tyd huis toe. Halfuur ofte not. Who cares?

Braam sit reeds in tannie Bets se woonstel (genadiglik nou sonder Dolly Boesem op die agtergrond), op die punt van ’n bank met ’n glas Coke in sy hand. Sy wit krieketklere is vol groen-en-bruin merke en sy oë is ’n bietjie wild. Ek wil hier uit, sê hulle. Lien gaan sit langs hom. Hy skuif effens weg van haar.

Tannie Bets staan met haar hande inmekaargeklem in die deur. Die toilet spoel in die gang. Kuifie kom te voorskyn met ’n denim en ’n wit T-hemp en Cats en sy blonde haartjies gejel. Hy lyk ’n bietjie verleë terwyl hy aan sy belt vroetel.

Hy gaan sit op ’n stoel en kruis sy bene. Hy vee ongemaklik oor sy hare. Tannie Bets gaan sit ook op ’n stoel terwyl sy ver in ’n hoek kyk.

“Julle ma het … uhm … ’n glipsie gehad.” Hy vee weer oor sy gejelde kuif. “Sy is vanmiddag by Pick n Pay … uhm … voorgekeer deur die sekuriteitswagte. Sy het probeer om iets … wel … sy het dit gevat sonder om te betaal.” Kuifie klink effens uitasem.

Braam maak keel skoon en vat ’n groot sluk van sy Coke. Lien sê niks nie.

Hulle kyk vir Kuifie, die draer van groot tydings.

Waar is meneer die prokureur nou? wonder Lien.

“Wat het sy gevat?” vra Lien, maar sy dink sy weet.

“Aag, dit was maar net ’n ou boksie wyn, seker nie eers dertig rand werd nie. Ek is seker dit was net ’n ongeluk.” Tannie Bets, die groot optimis. Waarskynlik eerder af as op.

Glipsie. Lekker ou glipsie.

“Die bestuurder was baie tegemoetkomend. Gerhard het die situasie verduidelik en hulle het haar nie by die polisie aangegee nie. Gerhard het verduidelik dat sy teruggaan vir behandeling. Ons het met haar gepraat. Sy stem saam dat dit die beste is, sy wil dit vir julle doen …”

Nou toe, how sweet.

“Sy is klaar daar,” sê Kuifie terwyl hy in sy stoel versit.

“Ons glo dit sal hierdie slag heelwat beter gaan,” sê tannie Bets, wat ’n groot stoel vol sit.

“Ons het intussen gedink …” Tannie Bets aarsel. “Ons het gedink dis dalk beter as julle vir ’n rukkie by oom Frank en tannie Poppie gaan bly. Hulle sal mooi na julle kyk. Ek het klaar met hulle gepraat. Dis net tydelik, totdat …” Sy kyk onseker na Kuifie.

Lien se nekhare staan regop. Sy kyk na Braam en sien die paniek in sy oë. Sy mond gaan oop en toe soos dié van ’n vis op droë grond terwyl hy na woorde soek. “No ways! Daar’s nie ’n manier …”

“Dis nie nodig nie. Hulle bly te ver en hulle kan ons nie heeldag rondry nie. Ek het heelwat gespaar by my … uhm … nuwe werk. Ek het genoeg vir woonstelhuur en vir alles wat ons nodig het,” sê Lien beslis. Sy bly ’n rukkie stil. Sy dink aan die stapels onoopgemaakte briewe van Edgars wat op die kombuiskas lê. Sy kan sien tannie Bets en Kuifie is nie oortuig nie. Sy besluit om haar taktiek te verander. Dis nou of nooit.

“Asseblief, tannie Bets, ons sal self regkom! Ons het dan laas …” smeek sy amper. Tannie Bets lyk onseker.

“En ons sal elke tweede aand by tannie kom eet,” speel sy die troefkaart. Hulle kyk na die ongemaklike Kuifie en die baie ongemaklike tannie Bets wat na mekaar kyk.

“As dit reg is met jou, Bets …” sê Kuifie onseker.

“Nou goed, maar julle kom élke aand by my eet en julle bring élke keer julle vuil wasgoed saam, en julle kom haal élke oggend julle toebroodjies by my woonstel,” sê tannie Bets beslis.

“Ek moet skuif,” sê Braam terwyl hy haastig sy laaste Coke afsluk. Hy plak die beker op die glastafel met die chroompote in die middel van die vertrek neer en raap sy sportsak in die eetkamer op. Lien sit soos ’n zombie. Sy voel skielik niks vir hierdie mense voor haar nie. Sy verwonder haar aan hulle ongemak. Is húlle die suiplappe? Hoekom is hulle so verleë? Sy wens Tibbey was hier om hulle ’n ding of twee te vertel.

“My hartjie, julle is seker dood van die honger. Ek maak ’n briljante pastatjie, daar’s bloukaas in. Julle kan so halfsewe kom. Ek maak solank vir ons koffie.” Tannie Bets staan kombuis se kant toe.

Kuifie staan dadelik op.

“Anderdag, Bets, ek moet nog ’n paar dinge doen. Ek sal gaan hoor by Binnelandse Sake. Jou ma moet seker darem ’n bietjie pensioen kry, al vat dit gewoonlik ’n paar maande,” sê hy vir Lien. Hy lyk verleë toe hy by die deur uitloop.

Pasta se moer. Pensioen se moer. Sy druk Play op die CD-speler. Dolly Boesem sing ’n liedjie van die een of ander ellende. Weg. Dis al waaraan sy nou kan dink. Ver weg.

Sy sal ’n plan moet maak om in skooltyd ook te werk, soggens as die ander kinders Wiskunde en Engels het en tamatie-en-kaas-toewies op die speelgrond eet.

27

Die town clown

Sy dink lank aan Christiaan toe sy die aand in haar bed lê. Christiaan, die village idiot. Hy het onverwags die paspoort na haar vryheid geword.

Dit was bietjie van ’n joke toe hulle hom as klasleier gekies het. Sy kon sien meneer Moller, hulle voogonderwyser, wou iets sê toe hy die stembriefies deurgaan en aankondig wie dié jaar die kaptein van die skip gaan wees. Maar hy het hom bedink. Demokrasie, liewe leerders. Daarvoor het baie bloed gevloei in dié land.

Die seuns het onderlangs geproes en die meisies het hulle oë gerol. Christiaan het eers verbaas om hom rondgekyk en toe besef dis sy oomblik in die limelight, gevra of hy sy intreepreek kan lewer. Die klok het gelukkig gelui, want Lien kon sien meneer Moller wonder of demokrasie in dié skool regtig só ver moet gaan.

Christiaan moet rekord hou van wie by die skool is en wie nie. Hoewel Christiaan daarvan hou om as die kaptein van die skip bekend te staan, hou hy nie baie van die detail wat sy pligte meebring nie. Hy vul die presensielys nie baie gereeld in nie. Hy moet Vrydae aan meneer Moller rapporteer wat is wat en doktersbriewe en sulke goed indien van die kinders wat afwesig was. Lien vermoed dié terugvoersessie is nie vreeslik spot-on nie.

Meneer Moller rig die eerste rugbyspan af en hulle speel oor twee weke in die kwarteindrondte van die Stadsbeker. Sy kop behoort nou by ander dinge as klasregisters te wees, of so hoop Lien. Tussen die lui village idiot en meneer Moller se ambisie vir die eerste span kan sy dalk deurglip sonder dat iemand dit agterkom. Maar as sy deur die dag ook wil werk, sal sy glad nie skool toe moet kom nie. As jy eers hier is, kan jy net by die geslote hekke uit as jou ma of jou pa jou in die kantoor kom afteken.

Toe meneer Visagie die biblioteek oopsluit, wag sy reeds voor die deur.

“Ek is beïndruk,” sê meneer Visagie. “Ek wens alle kinders was so leesgierig soos jy.”

Lien skuur by hom verby en loop na die rekenaars. “Ek sal sommer aansit, meneer,” sê sy oor haar skouer.

Sy kies die rekenaar verste van die deur, waar niemand sommer sal kan sien wat sy tik nie. Sy hou dit kort, met so min besonderhede moontlik.

Geagte meneer Moller
Lien Jooste in u klas het haar nek beseer en moet vir ’n paar behandelings by ’n fisioterapeut gaan. Sy gaan soms gedurende die oggend nie by die skool wees nie. Ons sal sorg dat sy alle werk inhaal wat sy verloor. Ons vertrou die probleem (met die nek) sal gou iets van die verlede wees.

Vriendelike groete
Christien Jooste

Sy het die hele nag rondgerol en die brief oor en oor in haar kop geskryf. Haar ma se nice handtekening met die krulletjies het sy nie eers probeer namaak nie. Wie gaan in elk geval weet? Sy het sommer iets gekrap wat vaagweg na “C. Jooste” lyk.

Sy weet nie of dit gaan werk nie, maar sy het nie ’n keuse nie en sy gee ook nie eintlik meer om nie. Oor vier maande is sy hier weg. Vir altyd. Sy droom lankal nie meer van onderskeidings nie. Sy sal by Miemie die werk inhaal wat sy verloor en sy sal sorg dat sy deurkom, maar dis dit. Niemand oorsee gaan belangstel in hoe haar matriekrapport in Suid-Afrika gelyk het nie.

Sy besluit om die brief nie nou al vir Christiaan te gee nie. As hy vra, sal sy. Sy gaan nie onnodig stir nie. Vir Wouter sê sy sy gaan vroeg in die biblioteek werk, hy moet nie vir haar wag nie.

Die eerste Dinsdagoggend voel soos haar heel eerste dag op straat. Sy is seker álmal kyk vir haar. Sy het haar oë donker gegrimeer om haar ouer te laat lyk. Die bus is vol mense op pad werk toe en dit sukkel stadig deur die druk vroegoggendverkeer. Dit vat heelwat langer as gewoonlik om by haar hoek te kom.

Dit word ’n lang dag en die ure sleep verby. Sy word naar van die petroldampe en sy ruik die warm teer. Dis bloedig warm en sy is natgesweet. Toe sy uiteindelik teen vyfuur stokflou met haar rooi sportsak op haar bed neersak, weet sy nie of sy dit gaan maak nie. Sy weet nie hoe

hou Roos en Tibbey dit elke dag nie, week in en week uit. Maar die geld is goed. Sy het meer as dubbel gemaak wat sy gewoonlik met ’n middag se staan maak. Sy sal eenvoudig net moet vasbyt. Dis nie vir ewig nie en die R10 000 wat sy moet hê, lyk nie meer so buite haar bereik as wat dit ’n paar maande gelede gelyk het nie, al sal sy die woonstelhuur moet betaal. Sy dink ook al hoe meer aan haar ma se pensioengeld. Sy het nie ’n idee hoeveel dit gaan wees nie, maar dit kan dalk net die R20 000 wees wat sy in haar rekening moet hê. Sy sal ’n plan maak.

Sy besluit aanvanklik om net Dinsdae en Donderdae van die skool af weg te bly. Ná die eerste Dinsdag stap sy skuldig saam met Wouter skool toe. Verwag die ergste. Maar niks gebeur nie. Ook nie omdat sy Donderdag weggebly het nie. Dis te goed om waar te wees. Meneer Moller praat Vrydag net rugby in hulle voogperiode, en as Christiaan weet sy was nie by die skool nie, sê hy niks nie. Die tweede week verloop ook sonder voorval en sy raak gerus. Die skool is dalk meer terug op die brug as wat sy vermoed het. Sy oorweeg dit om Woensdae ook weg te bly.

Dis eers teen die derde week dat Christiaan haar op die stoep voorkeer.

“Jy is lately bietjie … uhm … min by die skool,” sê hy spottend. “Ek wil nie op jou case klim nie, maar ou Moller gaan vir mý vra wat jou storie is.”

“Dis my nek en ek het ’n brief,” sê Lien terwyl sy Christiaan vas in die oë kyk. Sy buk en haal die brief, wat sy in *Macbeth* bêre, uit haar tas.

Christaan vou dit oop en lees. Hy kyk skepties na haar, nog steeds met die glimlaggie om sy mond. “Jy moet eintlik iets van jou dokter hê, ’n mediese sertifikaat of so iets. Moller gaan nie híérvoor val nie.”

Lien is reg vir dié een.

“My dokter is by ’n kongres in Pole. Hy kom eers oor ’n paar weke terug, dan sal ek sy brief bring. Byt net bietjie vas.”

Christiaan kyk vir haar met ’n glimlaggie om sy mondhoeke. “Die mense wat jou nek massage of wat ook al, kan hulle nie vir jou iets gee nie?”

Lien pluk haar en voor sy haar kan keer, skree sy vir Christiaan: “Glo jy my nie? Dink jy ek lieg vir jou?!” Sy bewe omdat sy kwaad is en omdat sy weet Christiaan het haar in ’n hoek.

“Chill, man,” sê Christiaan verbouereerd. “Chill net ’n bietjie … Ek sal kyk wat ek hiermee kan doen.” Hy sit die brief in sy tas. “Ek sal vir ou Moller sê dat jou brief van die dokter kom.”

Lien stap vererg weg. Kwaad vir Christiaan, maar veral kwaad vir haarself, omdat sy weet Christiaan doen vir ’n verandering maar net wat

van hom verwag word.

28

Something for the poor, my koning

Tibbey is op sy stukke. Lien hoor hom roep en lag en sy sien hy skarrel soos ’n pro tussen die karre deur, maak hier ’n geselsie en vee daar vinnig ’n voorruit met sy ou blou lap af. En die mense gee. Party waai selfs vir Tibbey as hulle wegtrek. Seker weer ’n killing, vermoed Lien.

Sy voel moeg en sy het ’n hoofpyn wat skrik vir niks. Teen kwart oor drie besluit sy om eers ’n draai by die sentrum te maak en iets by Spar vir haar hoofpyn te koop.

“You’re too early!” roep Tibbey toe sy by hom verbystap.

“Ek kom nou terug,” probeer Lien vir hom skree, maar die verkeer doof haar stem uit en Tibbey luister nie eintlik nie.

Tibbey-op-’n-high gaan soos ’n hanswors te kere, maak verspotte danspassies en roep kort-kort iets vir die suur motoriste.

“Something for the poor, my koning!” hoor sy hom agter haar rug roep.

Agterna kon Lien nie onthou of sy eers die dowwe slag en toe die skreeuende remme gehoor het, of eers die remme en toe die slag nie. Wat sy wel duidelik kan onthou, is dat dit vir ’n oomblik doodstil was.

Toe begin ’n vrou histeries gil. Mense hardloop by Lien verby in die rigting van die slag. Lien voel skielik yskoud. Sy draai stadig om. Mense koek om iets op die grond by Entertainment Corner. Lien soek die blou petjie. Daar is te veel mense. Sy stap stadig nader. Haar bene voel soos lood.

Mense probeer die histeriese vrou kalmeer, ander buk by iemand op die grond. Dit kan nie Tibbey wees nie, sê Lien vir haarself. Hy is ’n pro. Hy weet wat hy doen. Hy ken die verkeer. Sy beur vir haar ’n pad tussen die mense deur oop.

Sy kan steeds nie die persoon op die grond sien nie. Dan sien sy Tibbey se board eenkant lê. *Homeless and parentless.* Dis vol voetspore getrap.

Haar keel is droog. Sy raap die plakkaat op en stop dit saam met haar eie in haar rooi sportsak.

Sy wikkel tussen die mense deur en kniel by die roerlose liggaam op die teerpad. Tibbey sonder pet. Hy lê met sy oë toe, bewegingloos. Sy swart gesig lyk blouerig en daar is ’n rooi bloedplas onder sy bene. ’n Vrou met kort, donker hare is besig om op haar selfoon ’n ambulans te ontbied. Daarna gee sy opdragte aan die mense wat by Tibbey kniel. Dit lyk asof sy weet wat om te doen. ’n Man sny Tibbey se broekspype met ’n knipmes oop. Tibbey se bene is ’n gemors. Die man probeer die bloed wat uit die stukkende bene pomp met ’n handdoek stop.

“Is hy dood?” vra Lien vir die vrou, wat besig is om Tibbey se pols te voel. Iemand het ’n kombers oor hom gegooi.

“Nee, maar hy het baie sleg seergekry,” sê die vrou sonder om na haar te kyk.

“Ek ken hom,” sê Lien vir die vrou. Die vrou hoor haar nie. Sy is besig om haar baadjie op te vou en onder Tibbey se kop in te druk. ’n Sirene loei in die verte.

Lien soek paniekerig na Tibbey se pet.

“Het iemand nie sy pet gesien nie?” vra sy vir wie ook al wil luister. “Dis ’n blou pet met ’n Bloubul-wapen op.”

Die mense kyk haar bot aan. Niemand antwoord nie. Lien voel sy bewe, eintlik ruk haar hele lyf. Sy kan dit nie beheer nie. Haar tande klap op mekaar. Tibbey se vlag is nêrens te sien nie.

Die ambulans stop en die deure swaai oop. Twee mans haal ’n draagbaar agter uit die voertuig en beur vir hulle ’n pad tussen die mense deur oop. Hulle laai Tibbey versigtig op die draagbaar, terwyl die vrou met die kort, donker hare heeltyd bevele gee. Hulle laai Tibbey in die ambulans en vertrek dadelik.

Die mense begin padgee. Die karre begin een-een vertrek. Lien staan besluiteloos rond. Sy is nog onbedaarlik aan die bewe. Sy wonder wat van Roos geword het.

Die vrou met die kort, swart hare vat aan haar skouer.

“Jy het groot geskrik,” sê sy terwyl sy in haar handsak vroetel. Sy haal ’n pilletjie uit ’n houertjie en gee dit vir Lien. “Sluk dit. Dit sal jou help.”

Lien wil keer, maar die vrou dring aan. “Ek is ’n dokter,” sê sy ongeduldig en gee haar waterbottel vir Lien om die pil af te sluk.

“Ek moet gaan,” sê sy en klim in haar rooi BMW.

“Waarheen het hulle hom gevat?” roep Lien agterna. Die vrou hoor haar nie en trek vinnig weg sonder om om te kyk.

Lien soek weer na Roos wat soos ’n groot speld verdwyn het. Sou Roos van Tibbey weet, wonder sy terwyl sy stadig in die rigting van die sentrum begin stap. Die pilletjie maak haar lyf stadig lam. ’n Kar toet agter haar. Dis Sproet, sonder Sproetjie of Muismondjie. Lien is skielik so bly om ’n bekende te sien dat sy wil huil.

“Klim in,” sê Sproet terwyl hy die passasiersdeur van binne af oopmaak. Sy klim dankbaar in.

“Ek is Gordon,” sê hy vriendelik.

“Lien, Lien Jooste.”

“Die ou het lelik seergekry,” sê hy. “Is jy orraait?”

Lien raak vir die eerste keer bewus van die bloed op haar rok en aan haar hande. Sy kan nie onthou dat sy aan Tibbey gevat het nie.

“Ons bly net om die draai. Kom ons gaan maak jou skoon, dan vat ek jou huis toe.”

Lien is dankbaar. Sy het nie krag vir die bus nie.

“Het jy gesien wat gebeur het?” vra Lien.

“Nee, ek hier verbygekom nadat dit gebeur het. Die mense sê hy het voor ’n kar ingeloop en toe het hy soos ’n vrot vel deur die lug getrek. Daar waar hy op die teerpad geland het, het ’n aflewerings strok oor sy bene gery,” sê Sproet.

Lien ril.

“Waar sou hulle hom heen gevat het?”

Hy dink ’n rukkie, toet vir iemand wat voor hom indraai.

“Ek weet nie. Hier is nie ’n hospital naby nie.”

Hulle draai by ’n woonstelkompleks regoor die Uniegebou se tuine in. Sproet parkeer die Volvo behendig tussen twee ander karre onder die gebou.

“Daar’s hy,” sê hy terwyl hy sy sitplekgordel losmaak.

Lien klim huiwerig uit. Sy is skielik onseker oor wat sy hier maak. Wat sal Muismondjie sê as sy sommer hier aangesit kom en lyk soos sy lyk?

“Dis oukei. Ons byt nie,” lag Sproet asof hy haar gedagtes lees.

Terwyl hulle in die hysbak opry, vra hy hoe lank sy al doen wat sy doen en waar sy bly. Lien antwoord ontwykend. Vertel hulle het die ekstra inkomste nodig. Sy sê nie sy is nog op skool nie. Haar kop jeuk van die pruik. Sy wens sy kan die vervlakste ding afruk. Liewer nie, besluit sy.

Hy kyk haar met ’n eienaardige uitdrukking aan. Hy haal sy beursie uit sy sak en haal ’n paar note uit. Bloues.

“Vat, koop iets wat jy nodig het.”

Lien wens sy kan iewers heen verdwyn. Dis anders om mense se geld op die hoek van die straat te vat, maar sommer só … Of is dit?

“Nee, uhm … dankie …” sê sy en ignoreer die hand wat hy na haar uitgestrek hou. Sy konsentreer op die knoppies van die hysbak. Die hysbak neem ’n ewigheid.

Hy lag en tel haar rooi sak op wat langs haar op die hysbak se vloer staan. Hy rits die sak ’n entjie oop en prop die geld bo in.

“Ons het genoeg,” sê hy terwyl hy ook nou op die knoppies konsentreer. Die hysbak stop op die vyfde vloer.

Sproet sluit ’n woonstel oop en laat haar voor hom instap.

“Maak jou tuis. Die badkamer is die eerste deur regs. Ek maak vir ons koffie.”

Tibbey bly in haar gedagtes. Oor en oor sien sy sy strak swart gesig en die verminkte bene, die bloedkol onder sy lyf.

Die sit-eetvertrek is luuks gemeubileer. Lien stap onseker deur die skemerige gang. Dis doodstil in die woonstel. Sy hoor net geluide uit die kombuis waar hy besig is om koffie te maak.

Die badkamer is, soos die sit-en eetkamer, luuks en baie modern. Alles donkergroen en wit: die teëls, handdoeke. Dit ruik na blomme. Sy pluk die pruik af en gooi dit op die toiletsitplek. Sy voel nog lam van die pil. Sy tap warm water in die wasbak en druk haar hande daarin. Sy staan vir ’n rukkie so en spoel dan haar gesig dankbaar af. Die seep ruik lekker. Haar gesig lyk bleek in die spieël en haar hare is plat gedruk. Sy was haar hande en probeer die bloedkol op haar rok met ’n stukkie klam toiletpapier skoonmaak. Dit help nie eintlik nie, maar sy voel beter. As hy haar by die huis gaan aflaai, sal niemand in elk geval die bloedkol sien nie. Sy sit weer die pruik op en loop sitkamer toe.

Haar oog vang die oop deur oorkant die badkamer. Die slaapkamer is beslis Sproetjie s’n. Dis deurmekaar, speelgoed en klere lê die hele wêreld vol. Lien raai daar moet omtrent twintig teddiebere van verskillende groottes en kleure wees. Daar is geraamde prente van sprokieskarakters teen die geel mure.

Sy wonder waar Muismondjie en die dogtertjie is. Sy sal half verlig wees as hulle nie hier is nie. Die reuk van vars gemaalde koffie vul die woonstel.

“Waar is Muis … waar is jou vrou en jou dogtertjie?” vra Lien. Sy gaan staan voor die groot vensters wat op die Uniegebou se tuine uitkyk.

“Hulle is by Menlyn, hulle sal nou hier wees,” antwoord hy vanuit die kombuis.

Die jakarandas blom vanjaar vir die eerste span. Hier en daar sit en lê mense op die grasperk rondom die standbeeld in die middel van die tuine. Dis warm en die verkeer raas.

Dan hoor sy hom agter haar. Hy haal hard asem. Sy kan sy liggaamshitte voel. Sy ruik sy reuk. Hy moet baie naby aan haar staan. Hy vat van agter aan haar. Hy streel oor haar hare en haar nek.

Lien versteen. Sy word koud.

Come away with me

in the night

sing Norah vir haar.

Lien kan eers nie ’n woord uitkry nie.

Dis net hare, sê sy dan vir Norah. Dit het selle en pigment en wortels. Dit het nie ’n hart en ’n siel nie.

Come away with me

and I will write you a song

probeer Norah weer.

Op die sypaadjie stap twee seuntjies. Hulle is langerig en het ligte hare, seker boeties. Hulle lyk na mekaar. Die jongste een lei ’n bruin worshondjie aan ’n halsband. Die ander een dra ’n krieketkolf. Albei het blou bofbalpetjies op die kop, agterstevoor, en dra kakiekniebroeke. Een het ’n rooi T-hemp aan, die ander een ’n gele. Sou hulle in ’n woonstel hier in die stad bly?

Toe sy uiteindelik losruk, hoor sy hy beweeg weg. Sy draai stadig om. Hy staan met sy rug teen die sitkamermuur, ’n entjie van haar af.

“Jammer … ek dog …” Hy lyk half geamuseerd.

Lien haal die bondeltjie note uit haar sak. Sy sit dit sonder ’n woord op die koffietafel neer.

“Hou dit,” sê hy.

Sy huiwer eers. Dan skud sy haar kop.

Sy maak die voordeur oop. Die middagson is skerp. Uit een van die woonstelle kan sy ’n radio hoor speel. Sy ruik kosreuke. Iemand eet vanaand kool. Sy klim stadig die vyf stelle trappe af. In die straat brom die verkeer soos ’n beer. Sy kry skielik baie koud, al is dit warm.

Dis ver stad toe. Sy weet nie waar om ’n bus te haal nie. ’n Taxi stop reg voor haar langs die sypaadjie. ’n Ouerige vrou klim in. Op die ingewing van die oomblik klim Lien saam. Sy het nog nooit voorheen in ’n taxi gery nie.

Die ou vrou betaal R5. Lien vroetel in haar sak. Die taxi is volgeprop. Rapmusiek blêr oorverdowend. Niemand praat ’n woord nie. ’n Groot vrou met ’n reuse-inkopiesak op haar skoot maak vir Lien plek. Sy skuif in. Die taxibestuurder vleg met selfvertroue deur die verkeer. Sy kyk na die karre in die straat, uitdrukkinglose mense op pad huis toe.

Lyk sy dan vir hom soos … Dink ander mense ook só?

Die taxi stop in Pretoriusstraat oorkant die Ontvanger van Inkomste se kantore. Lien klim uit. Dis nie ver Kerkplein toe nie. Sy weet nou waar om hulle bus te haal.

Daar is ’n klein kerkie oorkant die straat. Op die ingewing van die oomblik besluit sy om in te gaan. Dis stil in die kerk.

Lien gaan sit op ’n agterste bankie. Daar is ’n groot venster met ’n afbeelding van Jesus op die brandglas aangebring.

Sy sou tog nie … sou sy dalk … vir géld?

’n Stokou non, so klein soos ’n dwergie, kom by die kerk ingeloop. Haar gesiggie lyk soos ’n pruim. Drie stoeiende seuntjies in groen-en-geel skoolbaadjies loop agter haar aan. Hulle giggel en stamp aan mekaar. Nommer drie probeer nommer twee pootjie. Die non hoor skynbaar niks nie. Sy skommel doelgerig voort na waar die orrel voor in die kerk staan.

Die non gaan sit voor die orrel. Sy begin speel. Sy beduie iets vir die seuntjies met haar regterhand. Hulle is skielik ernstig. Drie eendjies in ’n ry met gejelde kuifies. Lien herken die lied. “Panis Angelicus”, een van haar ma se gunstelinge wat sy kliphard speel wanneer sy al goed geel is, Pavarotti en Sting se corny weergawe. Die seuntjies begin sing. Lien vermoed dis hoe engele moet klink. Daar skyn ’n sonstraaltjie deur die loodglasvenster regs van Jesus se linkerskouer.

Lien huil. Hoekom weet sy nie. Sy haat die song.

29

Wat is sy van nou weer?

Dis al byna donker toe sy by die woonstel aankom. Dirkie sit op die bankie langs die klein grasperkie voor die gebou. Hy hou Katrien dop, wat snaakse sprongetjies op die gras maak, terwyl sy ’n mot of iets jaag.

“Jy lyk asof jy van ’n oorlog terugkom, en jy het beslis die battle verloor,” lag Dirkie. Lien oorweeg dit om haar vinnig uit die voete te maak, maar sy het nou ’n mens nodig.

Sy gaan sit langs Dirkie en begin onbedaarlik bewe.

“Wat’s fout?” vra Dirkie besorg en slaan sy arm om haar skouers.

Lien probeer op haar lip byt, maar sy begin ruk terwyl haar tande op mekaar klap.

“Kom, ek gaan vir jou iets maak om jou beter te laat voel,” sê Dirkie.

Dirkie raap Katrien op en met sy ander arm stuur hy Lien in die rigting van die hysbak. Lien laat hom begaan. Sy is te moeg om haar teë te sit.

“Ek moet huis toe,” sê sy onseker. “Braam moet seker eet …”

“Bel en sê jy gaan laat wees,” sê Dirkie beslis. Hy sit die ketel aan. Lien stuur vir Braam ’n SMS.

Dirkie maak ’n kruie-konkoksie in ’n teepotjie op die stoof. Lien staan besluiteloos in die kombuisie rond. Sy voel skielik ongemaklik. Sy wil nie hier wees nie, maar sy wil ook nie huis toe gaan nie. Dirkie gooi die tee in blou bekers en gooi ’n teelepel heuning in elk.

“Kom ons gaan sit sag. Ek wil alles hoor.” Hy stap vooruit na die sitkamer en gaan sit in ’n leunstoel. Lien gaan sit tussen die sagte kussings op die bank. Proe-proe aan die tee. Dis nogal lekker. Geleidelik begin sy ontspan. Sy weet nie waar om te begin sonder om vir Dirkie alles te vertel nie. Toe vertel sy van Tibbey, nét van Tibbey. Tibbey, haar kollega van die werk.

Dirkie luister simpatiek en sê net kort-kort iets soos “Amazing”, “Unbelievable”, “Get out of here!”, die gewone tussenwerpsels wat sy van Creations se dae onthou. Maar sy weet hy bedoel dit opreg. Sy oë is groot en hy slaan kort-kort met sy handpalm op die stoel se leuning asof hy nie kan glo wat hy hoor nie.

Hy het intussen ’n CD in die CD-speler gedruk. Katie Melua se soet stem spoel sag deur die vertrek. Lien is te moeg om verder iets te sê. Sy lê met haar kop teen die bank se leuning en maak haar oë toe.

Sy voel iets sags teen haar skuur. Katrien het op haar skoot geklim en lê doodtevrede en spin. Die sagte, warm lyfie troos haar.

“Ons moet die hospitale bel,” sê Dirkie terwyl hy buk en in ’n rak krap. Hy haal ’n telefoongids uit. “Ek dink ons moet by die polisiestasie begin. Iemand moes seker die saak aangemeld het. Hulle sal dalk weet waar hy is.” Hy blaai rond in die gids en maak ’n oproep.

“Verkeerde wyk,” sê die sersant.

Dirkie bel ’n ander nommer. Hy verduidelik van die ongeluk en moet sy storie en die plek waar dit gebeur het ’n paar maal herhaal. Hy trek gesig vir Lien om te wys hoe geïrriteerd hy is.

“This afternoon. Approximately four o’ clock,” sê hy ongeduldig. Hy sit die gehoorstuk hard terug op die mikkie. “No luck.”

“Kom ons probeer die Akademiese Hospitaal,” sê Lien. “Hy is seker soontoe.”

Dirkie blaai weer in die gids rond. Hy bel. Lien kan hoor hy word van afdeling na afdeling deurgeskakel, want hy herhaal sy storie tot vervelens toe. Hy hou later die gehoorbuis met sy hand toe en draai na Lien. “Hulle wil weet wat sy van is.”

Lien dink. Het sy al voorheen Tibbey se van gehoor? Sy kan nie onthou nie. Sy dink nie so nie.

“Ek weet nie,” sê sy vir Dirkie, wat haar vraend aankyk.

Dirkie praat verder. Hy luister aandagtig. “I see, yes, I see.” Hy sit die gehoorbuis terug.

“Daar is vanmiddag ’n man opgeneem wat in ’n motorongeluk was in die omgewing waar julle was. Die vrou sê hy is ernstig beseer en hy word op die oomblik geopereer. Sorry, girl. Ek dink nie ons gaan vanaand regkom nie.” Hy kyk hulpeloos na Lien.

Hy staan op en trek Lien op uit die bank.

“Ek dink jy moet gaan bad en slaap. Ek sal jou môre ná skool hospitaal toe vat en dan gaan soek ons hom. Donovan sal maar vir ’n rukkie alleen moet cope.”

Lien voel magteloos. Sy dink nie sy gaan vannag slaap nie. Die ergste is dat sy nie eers weet wat Tibbey se van is nie.

Dirkie gee haar ’n drukkie by die deur.

“Môre sal dinge sommer beter lyk. Jy sal sien.”

By hulle woonstel is alles doodstil. Lien haal haar sleutel uit die rooi sak. In die kombuis is ’n briefie wat sê Braam doen huiswerk by Deon. Deon se ma sal hom kom aflaai.

Sy gooi die sak onder in haar kas en sak op haar bed neer. Sy herleef die dag se gebeure en besef skielik hoe moeg sy is.

Sy word natgesweet wakker. Haar selfoon wys dit is 23:00. Sy voel aaklig. En sy wil nóú met haar ma praat. Sy skakel die bedlampie aan en sit regop. Sy gryp die selfoon en huiwer voor sy die speed dial-knoppie druk. Sy sit besluiteloos na die selfoon in haar hand en kyk. Dis laat en haar ma is dalk nog iewers op Pluto.

Sy tik ’n boodskap: *Hoe gaan dit met ma? Dit gaan goed hier. Hoop ma word gou beter. Ons verlang baie.* Sy huiwer. Sy delete *ons verlang baie.* Sy druk haar hare met een hand agter haar oor en tik weer ons verlang baie. Sy huiwer voor sy die stuurknoppie druk. Sy weet nie of sy verlang nie maar sy wil nou haar ma hê. Sy stuur die boodskap en kruip onder die duvet in. Sy wag. Haar ma sal antwoord. Sy sal, selfs van Pluto af.

Lyk sy soos ’n prostituut? Hoekom het sy nie dadelik weggeruk nie? Sy raak rusteloos aan die slaap.

30

Die Grafsteensangers

“Sy bene is af,” sê die suster. “Net onder sy knieë.” Sy druk iets in haar uniform se sak en krap aan haar skouer.

“Dokter sê dit sou nie reggekom het nie. Hy is baie siek en net familie mag ingaan.”

Dit lyk asof sy haar bedink. Sy krap weer aan haar skouer.

“Maar vir dié mense is almal mos maar eintlik familie …” Sy kyk na Lien. “Jý’s nie familie nie.” Die vrou lyk bietjie na ’n perd en ruik na rook.

“Ons werk saam,” sê Lien. Sy kyk terug. “Ek wil asseblief net vir hom iets sê. Ek sal gou maak.”

Die suster kyk oor haar skouer in die gang af.

“Jy moet wikkel. Twee minute.”

Goed piep en pype peul oral uit Tibbey, wat steeds ’n vreemde vaalbruin kleur het. Sy mond is half oop. Daar is ’n wilde kyk in sy oë, maar hy herken haar al het sy nie die pruik en die brilletjie op nie, sien Lien. Hy lê vir haar en kyk. Dit lyk asof hy iets wil vra, maar daar is nie ’n manier hoe hy ’n woord gaan uitkry nie, besef sy. Sy vou sy vaalbruin hande wat op die wit deken lê in hare toe.

“Tibbey, alles gaan regkom. Ons sal ’n plan maak,” sê slim Lien Jooste terwyl ’n hele klomp hane kraai.

Hy kyk vir haar met sy wilde oë.

Dis hoe vrek bang lyk, besef Lien, regtig vrek bang.

Die perd runnik by die deur. “Kom, kom, kom. Dis genoeg.”

Lien gee die vrou ’n kyk.

Sy stap deur die deurmekaar gange. Dis mense en besoekers en skarrelende verpleegpersoneel en vreemde reuke. Sy wil net hier weg.

’n Ou vrou op twee krukke keer haar voor.

“Waar pie mens hier?” vra sy.

Lien stap vinniger. Sy kry ná ’n gesukkel die glasvoordeur waardeur die middagson skyn.

Dirkie loer vir haar deur die Uno se venster.

“Het jy hom gekry?” roep hy.

Lien klim in. Sy maak die sitplekgordel vas en draai die venster oop.

“Ek dink nie hy gaan dit maak nie. Dit gaan sleg met hom en hy weet dit,” sê sy na aan trane.

Die Uno ruk toe Dirkie wegtrek.

“Hy sal seker oukei wees,” probeer hy troos. Hy druk met sy linkerhand op Lien se arm. Sy ruk weg.

“Oukei! Oukei se voet.”

Sy kyk na die karre in die straat en die horde stalletjies op die sypaadjie voor die hospitaal waar mense enigiets van selfone tot papajas verkoop. Is daar een ander mens op hierdie hele aarde behalwe sy wat omgee dat Tibbey met af bene in ’n goor hospitaal lê, wonder sy.

Die jakarandablommetjies waaroor Dirkie stadig met die Uno se sukkelende koppelaar voortkruie, lê die straat vol. Die kar ruk elke keer as hy van rat verwissel. Lien hoor hoe die blommetjies onder die kar se bande kraak.

“Kom ons doen ’n koffietjie,” sê Dirkie toe hulle naby die teetuin in Annie Bothalaan is.

Lien sê niks nie. Dirkie parkeer op die sypaadjie. ’n Motorwag met ’n swart petjie groet vriendelik. “Kan ek maar kyk, meneer?” vra hy.

Dirkie brom iets. Hulle gaan sit onder ’n reuse-boom in die welige tuin. Daar is ’n bont papegaai in ’n kou in die hoek op ’n tafel.

“Môre is nog ’n dag,” sê die voël, of so klink dit. “Die Grafsteensangers is hier.” Lien twyfel of sy reg gehoor het.

Hulle drink koffie en eet elkeen ’n stuk kaaskoek. Dit proe vir Lien na Post Toasties met te min melk en te veel suiker. Sy kyk na die papegaai wat om en om op die stokkie in sy kou swaai. Hy het bene.

Sy en Dirkie praat nie veel nie. Sy stop die motorwag ’n tienrandnoot in die hand. Die man lyk asof hy nie sy geluk kan glo nie.

Dirkie parkeer op sy plek onder die woonstel. Die Uno ruk tot stilstand.

“Jy moet na jou clutch laat kyk,” sê Lien geïrriteerd.

“Ja, ja, sal jy oukei wees?”

Lien sê niks nie. Hulle wag in stilte op die hysbak. Die hysbak stop op twee en Dirkie druk die Oop-knoppie. Hulle kyk na mekaar. Sy gee hom ’n

drukkie. Sy klim uit en Dirkie ry verder.

Braam lê en slaap voor die televisie. Sy skakel dit af en gaan sit besluiteloos op ’n stoel. Sy kyk vir Braam wat liggies snork. Sy besluit om hom te los. Sy sit die lig af en tap badwater in. Alles sal regkom, ons sal ’n plan maak, maal dit oor en oor in haar kop terwyl sy lank in die warm water lê.

Plan, plan, maar watter plan? dink sy half paniekerig. Sy klim doodmoeg in die bed.

Sy droom van Sproet. Sy is in ’n groot kou en sy draai soos ’n gimnas om en om op ’n groot stok. Sy het haar rooi sweetpak aan. “Môre is nog ’n dag,” sê Sproet en druk ’n rol note deur die hok se tralies en steek dit in haar mond. Sy skrik natgesweet wakker en lê lank in die donker en rondrol. Haar ma se boodskap maal deur haar kop. *Baie lief vir julle.* Net dit.

Sy sou tog nie regtig nie … Sy sóú nie! Sy raak later rusteloos aan die slaap.

31

Die corner sonder entertainment

Toe haar selfoon se wekker die volgende oggend afgaan, weet Lien wat sy moet doen. Kort pouse wag sy vir Hein op die stoep toe hulle by die Wiskunde-klas uitkom.

"Hein, ek moet met jou besigheid gesels," val sy sommer met die deur in die huis.

Hein lyk ongemaklik. Hy kyk oor haar skouer na die ander kinders wat by die deur uitbondel. Sy soek na woorde. Dit gaan nie werk om die hele storie hier op die stoep te vertel nie. Sy sal hom iewers moet kry waar hulle rustig kan gesels.

"Sal jy asseblief ná skool saam met my by die Wimpy gaan koffie drink? Ek het 'n probleem en ek dink jy kan help."

Hein lyk erg verleë en ongemaklik. Hy kyk oor sy skouer.

"Eintlik moet ek …"

"Net tien minute, promise."

Hy stem teësinnig in.

Die hele dag dink sy aan Tibbey met die af bene. En aan Sproet.

Toe sy by die Afrikaans-klas uitloop, roep juffrou Breytenbach haar terug.

"Hoe gaan dit met die nek?"

Lien is vir 'n oomblik uit die veld geslaan. Sy kyk die juffrou onbegrypend aan.

"Jou nek wat jou so uit die skool hou?"

Lien voel sy bloos.

"Beter … uhm … nogal beter. Maar dit gaan nog 'n rukkie vat," sê sy vinnig.

Juffrou Breytenbach loer vir haar oor haar John Lennon-brilletjie. Lien draai om en maak dat sy wegkom.

“Dis nog nie te laat vir ’n onderskeiding in Afrikaans nie!” roep juffrou Breytenbach haar agterna.

*

’n String dogtertjies en seuntjies staan voor ’n verhoog. Dit lyk soos die verhoog van ’n skoolsaal. ’n Paar mans en vrouens sit op stoele op die verhoog en kyk in die rigting van die kamera. ’n Man met ’n bril staan langs ’n podium en kyk na iets op die podium. Dit lyk asof hy lees. Die kinders stap een vir een tot by hom. Hy skud elkeen se hand en oorhandig iets. Dit lyk na sertifikate. Die kamera zoem in op ’n dogtertjie met lang, donker hare. Die man met die bril beweeg weg van die podium en neem by ’n vrou ’n trofee wat sy van ’n tafel langs haar optel. Die dogtertjie skud die man se hand en dan draai sy na die kamera. Sy glimlag breed terwyl sy ’n krul agter haar ore indruk. Die mans en vrouens op die verhoog klap geluidloos hande.

Hy maak of hy hande klap en kry lag vir homself. Mense sal dink sy kop kap aan as hulle hom nou sien.

*

Lien en Hein sit by een van die agterste tafeltjies in die hoek. Sy het gesorg dat hulle weg van starende oë is. Hulle drink Coke en Hein lyk nog steeds baie ongemaklik. Sy vertel van haar kollega wat sy bene tragies in ’n motorongeluk verloor het.

“Hy het iets nodig om mee te beweeg. Ek dink nie ’n gewone rystoel gaan werk nie. Ons werk soms … uhm … buite. Sy stoel moet buite kan ry, op die teerpad en so aan. Dit moet sterk wees.”

“Watse werk doen julle?” vra Hein verbaas, ’n bietjie minder ongemaklik.

Sy ignoreer die vraag.

“Jy is mos goed met jou hande. Sal jy aan iets kan dink? Ek sal betaal, wat dit ook al kos.”

Hein vat ’n slukkie van sy koeldrank.

“Laat ek kyk wat ek kan doen. Wanneer …”

“So gou moontlik.”

Hy dring aan om te betaal toe die rekening kom.

Sedert Tibbey se ongeluk is sy senuweeagtig by haar hoek. Sy is bang vir die karre en sy is bang vir Sproet en sy is skielik baie agterdogtig as mense na haar kyk. Sy hou die verkeer benoud dop en elke keer as ’n wit Volvo verbykom, hou sy haar asem op. Maar Sproet kom nie meer elke dag verby nie.

Een middag het sy hom wel gesien, maar hy het in die middelbaan gery en net stip voor hom gekyk. Die lig was groen en hy het vinnig deur die kruising gery. Voor sy nog kon skrik, was hy weg.

En dis net sy en Roos onder die akasiaboom. Hulle praat nie veel nie. Lien mis vir Tibbey, sy grappies en sy sêgoed. Sy vermoed Roos ook, hoewel sy niks sê nie. Roos is ontwykend oor waar sy was ten tye van Tibbey se ongeluk, maar dis duidelik dat sy presies weet wat gebeur het. Lien gee naderhand op. Roos gaan nie sê nie.

Maar Roos waak jaloers oor Tibbey se hoek. Johnny het een keer probeer en op ’n veilige afstand van die oorkant van die straat vir Roos geskree: “Ek gaan net ’n rukkie op Tibbey se plek staan, net tot hy weer kom!”

Roos het niks gesê nie, haar sigaret tydsaam klaar gerook terwyl sy Johnny met skrefiesoë dopgehou het. Nadat sy haar stompie in die blombedding geskiet het, het sy opgestaan en vooroor gebuig met die pienk handsakkie onder haar arm vasgeknyp na Tibbey se hoek begin stap. Hoe nader sy gekom het, hoe vinniger het sy gestap. Sy was nog ver toe Johnny al begin skree het: “Dis net tot hy terugkom, Roos! Ons kan nie dié goeie hoek so mors nie!”

Roos het niks gesê nie, net nog vinniger gestap. Sy was nog ’n hele ent van Johnny af toe hy laat spat het. Dit was die laaste keer dat hy probeer het, en niemand anders het sedertdien nie. Die hoek het leeg gebly. Dit was vir Lien nogal erg, die leë, stil hoek by die ingang van die sentrum. Die corner sonder entertainment.

Sy vertel vir Roos van haar plan om vir Tibbey ’n ryding aan te skaf en dat iemand wat sy ken dit dalk sal maak. Roos lyk skepties. Sy teug aan haar sigaret en kyk vir Lien met skrefiesoë.

“En wie gaan betaal?”

“Ek het gedink … dalk kan ons vir almal wat hier rond werk, vra om iets te gee – nie baie nie, net wat hulle kan. Ons kan dalk almal ’n ruk ’n persentasie van ons geld vir die karretjie gee. Almal ken tog vir Tibbey en almal hou van hom.”

Roos maak ’n snorkgeluid en steek nog ’n sigaret aan.

“Dié spul! Jy maak seker ’n grap. Kan jy al vir Johnny ’n pennie van sy dopgeld vir iemand anders sien gee?”

“ ’n Mens weet nooit … dis tog hulle pel.” Maar Lien is nie meer so seker van haar saak nie. “Kom ons kyk wat alles kos en dan gaan soek ons geld.” Sy kyk hoopvol na Roos.

Roos snork weer en druk die pakkie sigarette in haar sak.

32

Iets wat Picasso kon bedink het

“Eintlik …” sê Hein. Hy kyk na die exam pad op sy skoot. Hy kou aan sy pen.

“Miskien …” Hy krap sy kop.

“Dalk …” Hy krabbel ’n paar goed op die papier. Lien raak ongeduldig, maar sy vermoed sy sal moet rustig wees. Dit gaan ’n rukkie neem. Hulle sit op die pawiljoen by die rugbyveld. Hein krap nog steeds op die exam pad.

“Jy sien …” sê hy. Lien sien glad nie.

Sy kyk na die graadagtseuns wat op die rugbyveld oefen om te skrum. Dis ’n bontspul met al die verskillende kleure T-hemde. Grobbies gil kort-kort iets en die ouens skree en steun. Dis ernstige sake, besef sy.

“Twee wiele gaan nie werk nie.” Darem al ’n sin.

“Hoe so?” vra Lien.

“Jy sien …”

“Ek sien nie, Hein!” sê Lien, na aan gatvol.

“Die ding moet drie wiele hê. Ons sit twee sterk wiele agter. Dalk fietswiele.” Hy krap op die papier. “Dan sit ons nog ’n wiel voor. ’n Wiel met ’n ketting.”

Hein lyk opgewonde. Hy krap nog ’n klomp goed neer op die papier, wat nou gevaarlik baie lyk na iets wat Picasso kon bedink het.

“En twee trappe wat hy met sy hande kan draai. Voor. Met ’n fietsketting. Dan kan hy die kar met sy hande ry.”

“Wat gaan dit kos?”

“Sal moet kyk,” sê hy.

“Sal moet weet,” sê sy.

Dis twee lang blokke na die rolbalklub toe. Dit lyk nogal soos Tibbey dit beskryf het. Die grasperke is glad soos ’n spieël en die blombeddings is netjies versorg. ’n Paar ou ooms en tannies is besig om balle te rol. Sy hoor die tortelduiwe in die groot bloekombome. Op die tennisbane oorkant die straat speel ’n paar vrouens tennis. Die balle “dwaf” teen hulle rakette. Kort-kort skreeu een van die vrouens iets.

Sy hoor ’n man praat toe sy by die enigste geboutjie langs die mooi grasperke se trappies op loop. Dit klink asof hy oor ’n telefoon praat. Op ’n deur staan *James van Biljon, Manager/Bestuurder.* Sy klop en loer om die deur. Hy het grys hare en digte wenkbroue. Maer gesig en rooierig.

“Dis nie ons beurt nie. Bel my as Saterdag verby is,” sê hy kortaf terwyl hy die foon neergooi. Hy kyk geïrriteerd na Lien.

“Ek sit niks op ’n lys nie. Ons borg baie goed by die skool,” sê hy onvriendelik.

Lien probeer iets sê, maar die telefoon lui weer. Sy wag. Meneer Van Biljon gee opdragte oor kunsmis en gooi weer die gehoorbuis neer.

“Ek is Lien …” Weer die telefoon. Meneer Van Biljon is duidelik ’n besige man. Dié keer sê hy net ja en nee en gooi weer die gehoorbuis neer.

Lien stel haarself voor terwyl sy die telefoon dophou. Hy haal dit van die mikkie af.

“Ek is hier oor Tibbey … uhm … die ou wat in die buitekamer bly.”

“Ek weet wie is Tibbey en hy bly nie meer hier nie.” Hy staan op en skakel ’n waaier aan wat op die hoek van die lessenaar staan.

“Dis hoekom ek hier is. Hy wil weer hier kom bly, en hy wil weer kom werk.”

Die man kyk haar ’n rukkie snaaks aan.

“Is sy bene of arms of iets nie af nie? Hoe de duiwel wil hy werk?” vra hy terwyl hy op sy horlosie kyk.

“Sy bene is af, maar hy kan nog baie doen.” Lien besef sy sal haar storie gou moet vertel. Dié man het nie tyd vir warra-warra nie. “Hy gaan ’n karretjie hê wat hom sal help om oor die weg te kom. Hy sal maklik regkom. Hy werk in die week op ’n ander plek en kan vir die kamer betaal. Hy sal naweke die karre hier oppas, verniet. Hy vra net ’n dak oor sy kop. Hy sê hulle steel nogal karre hier. Veral naweke.”

Die man kyk haar nog steeds aan asof sy pas van Mars geland het.

“Hoe de duiwel wil hy die karre oppas? Gaan hy die skelms met sy rystoel jaag?”

“Dis nie ’n rystoel nie en ons gaan vir hom ’n fluitjie koop. As hy iets snaaks sien, gaan hy ’n hengse lawaai maak en die mense sal hom hoor.” Lien weet dis nou of nooit.

Hy sit die gehoorstuk terug op die mikkie.

“Ek is jammer vir die ou, maar dis nie die Welsyn dié nie.”

“Gee hom asseblief net ’n maand kans. Kyk of dit werk. Ons sal verstaan as hy dan moet gaan. Hy sal heeltemal alleen regkom, niemand hoef hom te help of iets nie,” pleit sy, nie baie seker van haar saak nie.

Die man kyk besluiteloos na haar. Die foon begin weer lui.

“Ek sal met die bestuur praat. Bel my Maandag,” sê hy terwyl hy sy arm na die telefoon uitsteek.

“Van Biljon … Dis nie my verantwoordelikheid nie!” skree hy kwaai vir die persoon aan die ander kant.

Lien kry haar ry. Dit was nie nee nie.

“Die blerrie ou Johnny,” sê Roos, terwyl sy ’n sigaret met haar krom, bruin gebrande vingers uit die pakkie sukkel. Hulle hou die seuntjie dop wat vir Johnny op en af lei by die verste hoek van die sentrum. Johnny het ’n sonbril op en ’n wit kierie in sy linkerhand. Sy ken is effens gelig en sy kop skeef gedraai. Hy tuur in die verte en maak of hy nie heeltemal seker is waar presies die verkeer is nie. In sy regterhand skud hy ’n blik-koffiebeker. Blinder gaan jy nie sommer kry nie. Die seuntjie se klere is flenters. En die mense gee. Die Pretorianers het goeie harte, besef Lien.

“Vrot, maar die ou donner moet seker ook maar eet soos ons almal,” sê Roos terwyl sy met haar sigaret in Johnny se rigting beduie. Sy sug en vat ’n diep teug.

“Wie sal kan sê van goed en wie sal kan sê van sleg?” sug sy weer terwyl sy haar stompie in die blombedding skiet en opstaan.

Lien kyk na Roos se somer-pantyhose wat soos die landkaart van Tibet lyk wat sy op die Internet gesien het. Sy dink aan die brief in meneer Moller se presensielêer.

“Jy is so jonk. Kan jy nie iewers werk kry nie?” Die vrou leun simpatiek deur haar venster. Lien staan doodstil en kyk voor haar op die grond.

“Aag nee sies, man.” Die vrou stop haar ’n tienrandnoot in die hand voor sy wegtrek.

33

Geldig vir dertig dae

Daar lê ’n koevert met haar naam op op haar plek in die Engels-klas. Dis ’n kwotasie op ’n briefhoof van Venter Constructions. Hein. Dis op ’n rekenaar gedruk en bo-aan staan:

Aan: *Lien Jooste*
Van: *Hein Venter*
Kwotasie vir karretjie met drie wiele vir vriend
(kwotasie geldig vir dertig dae.)

Lien glimlag vir die formele spulletjie op Hein se pa se briefhoof totdat sy die bedrag onderaan die kwotasie sien. R2 800. Dis meer as wat sy gedink het. Heelwat meer. Nie dat sy eintlik geweet het wat om te verwag nie, maar sy het nogal gehoop …

Die kwotasie is netjies uiteengesit met spesifikasies vir allerhande onderdele waarvan Lien geen kop of stert kan uitmaak nie. By die opskrif *Arbeid* staan daar *Gratis*. Sy sit besluiteloos na die kwotasie en kyk. Dis een hele maand se woonstelhuur en ’n vét duik in die Fonds. Sy het nie meer baie tyd oor om te spaar nie.

Sy kyk stadig om. Hy sit vir haar en kyk. Sy gee vir hom ’n huiwerige thumbs up. R2 800. En sy sal iets vir Hein vir sy moeite moet gee. Sy kan nie verwag dat hy die karretjie verniet moet maak nie. Sy sal vanmiddag die klomp by die sentrum bymekaar moet kry. Hulle sal darem iets gee. Tibbey is hulle pel. Tibbey is álmal se pel.

Maar toe Lien vir Roos saamnooi op haar missie na die ander hoeke van die sentrum, is Roos se maag skielik baie seer. Sy moet kleedkamer toe.

Lien probeer nie eers haar teleurstelling wegsteek nie. Sy het gehoop as Roos by is … Almal het nogal respek vir Roos, want sy staan al baie langer as Tibbey op haar hoek en almal ken haar.

“Moet ek vir jou wag … ?” probeer sy, maar Roos maak of sy nie hoor nie en stap vinnig weg.

Lien byt op haar tande. Sy sal self moet deurdruk.

Sy loop reg rondom die sentrum en stop by almal wat sy ken en nié ken nie en vertel van die karretjie en hoe Tibbey weer sal kan werk en dink hulle nie dis ’n goeie idee nie?

Maar Roos was reg. Kenny wat ’n blikkie skud vir die een of ander huis vir haweloses waar hy ook bly: “Ek kan nie. Ek mág nie. Ek moet al die geld wat ek maak huis toe vat.”

Magriet met die groot plakkaat en die gaar rokkie en die patetiese look wat sy al so goed geoefen het dat sy nie meer anders kán lyk nie: “My kinders moet skoolskoene kry. Weet jy wat skoolskoene kos?!”

Siyabulela en Selo wat pirate DVD’s smous: Siyabulela: “No.” Selo: “Maybe.”

Johnny: Geen reaksie nie. Hy hoor haar nie eens nie.

Sy loop traag terug na die akasiaboom. Roos sit en rook, op die oog af nou sonder maagpyn. Lien sak langs haar neer, nog ’n bietjie suur omdat Roos nie wou help nie.

“Niks. Selo sal dalk iets gee, maar die ander …”

“Ek sal gee wat ek kan,” probeer Roos troos, maar Lien weet: the buck stops here. Soos hý altyd gesê het. Sy sal self vir die karretjie moet betaal.

*

’n Lang man met donker hare staan met sy rug na die kamera. Hy het ’n gholfstok in sy hand. Hy gaan staan en draai skeef en praat met iemand wat nie sigbaar is nie. Hy vee die sweet van sy voorkop met sy arm af. ’n Groep mense staan ’n ent weg en hou hom dop. Die kamera swenk uit en ’n meisie van so vyftien met lang, donker hare kom in fokus. Sy dra ’n donkergroen gholfsak oor haar skouer. Hulle praat ernstig met mekaar. Dit lyk asof hulle onbewus van die kamera is. Die kamera swaai na die die lang man met die gholfstok wat op sy hurke sit en met sy gholfstok parallel met die groen setperk na ’n gaatjie so vier meter van hom af mik. Hy knyp sy een oog toe terwyl hy korrel. Die meisie sê iets onhoorbaars terwyl sy beduie. Die man kyk op en draai sy kop na die meisie. Dit lyk asof hy aandagtig luister na wat sy sê. Hy kom orent en gaan staan gebukkend oor sy gholfstok. Hy kyk lank na die gaatjie. Dan slaan hy die bal, wat stadig in die rigting van die

gaatjie rol. Dit rol in. Die man glimlag breed terwyl hy sy vuis in die lug swaai. Die kamera swaai na regs waar die meisie staan, gholfsak steeds oor haar skouer. Sy wys thumbs up vir die lang man met die donker hare.

Die volgende skoot is van 'n paar mense wat voor 'n groot geel banier staan. Die banier is onleesbaar, maar die woorde Corporate golf day in aid *… steek skrams agter die mense uit. 'n Man wat baie na Ernie Els lyk (is dit hy?) praat terwyl hy 'n trofee in die lug hou. Die lang man met die donker hare kom van buite die beeld na die Ernie Els look-alike aangestap. Hulle skud hand en die lang man neem die trofee in ontvangs. Hy draai glimlaggend na die kamera terwyl die mense agter hom geluidloos hande klap. Die lang man roep na iemand wat nie sigbaar is nie. Die meisie met die lang, donker hare wat die gholfsak gedra het, kom in fokus. Sy loop skaam-skaam tot by die lang man. Hy slaan sy arm om haar skouer en sy slaan haar arm om sy middellyf. Hulle gee mekaar 'n drukkie en kyk glimlaggend na die kamera.*

Hy staan op en staan 'n rukkie stil in die vertrek nadat hy die video afgeskakel het. Hy leun vooroor, plaas sy hande om 'n denkbeeldige gholfstok en korrel met sy een oog toe na die venster in die hoek van die vertrek. Hy lig sy stok stadig en slaan met al sy krag. Bingo.

*

Dirkie laai haar voor die hospitaal af. Mense stroom in en uit by die groot glasdeure. Dis besoektyd. Lien loop deur die lang gange wat na ontsmettingsmiddel ruik.

Tibbey lê in 'n groot saal wat hy met baie ander mans deel. Sy oë is toe. Sy gesig het nog steeds die snaakse vaalbruin kleur. Sy pak die eet-en drinkgoed wat sy saamgebring het op die bedkassie. Sy kyk besluiteloos na Tibbey. Moet sy hom wakker maak?

Langs hom lê 'n ou man met grys hare vir haar en kyk. Hy haal swaar asem. Sy kyk verleë weg.

Aan die oorkant lê 'n man wat 'n horde besoekers het, baie met inkopiesakke wat kraak en raas. Dis ou mense en jong mense en 'n hele spul kindertjies. Almal praat gelyk. 'n Verpleegster kom maak hulle stil.

Lien gaan sit op die bankie langs Tibbey se bed. Sy vat sy hand. Hy maak sy oë oop en lê na haar en kyk. Lien soek na iets om te sê, maar sy weet nie

wat nie. Sy oë lyk leweloos.

“Ek het vir jou goed gebring om te eet en te drink. Jy moet sê as jy nog iets nodig het.” Hy lê net vir haar en kyk. Sy besluit om niks van haar besoek aan meneer Van Biljon te sê nie. Sy moet eers hoor. Die karretjie hou sy vir ’n verrassing. Sy praat later maar sommer oor Roos en Johnny en die ander. Hy toon geen reaksie nie. Sy is bly toe die klokkie lui om die einde van besoektyd aan te kondig. Hy groet nie terug nie.

Sy en Dirkie ry in stilte huis toe. Hy wil nie die R50 vat wat sy vir petrol wil bydra nie.

Braam lê met sy Ekonomie-boek voor die televisie. Sy weet nie hoe hy deurkom nie. Sy sien hom nooit leer nie. Sy wil eers op sy case klim, maar besluit sy het nie krag nie.

Sy huiwer voor sy meneer Van Biljon se nommer bel. Sy het al ’n paar keer die nommer halfpad ingetik en dit dan weer doodgevee. Wat maak sy as hy nee sê? Waar gaan Tibbey dan heen? Sy bel.

“Hy kan kom,” sê meneer Van Biljon kortaf. “Maar ek gaan nie na hom kyk nie en hy moet naweke die karre oppas.”

Lien se hart klop in haar keel. “Dankie, baie dankie. Meneer sal nie spyt wees nie,” sê sy opgewonde. Sy gaan maak sommer vir Braam koffie van skone dankbaarheid.

Lien klop huiwerig aan die toe deur. *Suster Vermeulen* staan in swart letters bo die groot, rooi Rook Verbode-teken.

’n Vrouestem brom iets onhoorbaars. Lien maak onseker die deur oop. Die suster wat soos ’n perd lyk, staan voor die venster en rook. Sy gooi die stompie deur die oop venster en draai vraend na Lien.

“Tibbey … die ou met die bene …” begin Lien onseker. Perd kyk nog steeds vraend na haar sonder om iets te sê.

“Hy … hy praat nie eintlik nie …” Lien weet nie regtig wat sy wil vra nie.

Die suster stop die pakkie sigarette in haar lessenaar se boonste laai.

“Dis maar depressie. Hy het darem ’n stuk van sy lyf verloor. Dis normaal.” Perd krap aan haar nek en trek aan haar uniform.

“Sal hy regkom?” Lien kyk na die vrou wat nou aan haar arm krap.

“Aag, seker darem. Hy moet net weer settle en in sy roetine kom. As hy sien hy kan nog beweeg, al kan hy nie loop nie, sal dit beter gaan. Hy is darem nie lam nie. Dit gaan ook goed met sy fisio. Watse werk doen hy?”

“Sommer ietsie van alles.”

Perd lyk haastig om te loop.

“Uhm … wie gaan vir alles betaal? Ek bedoel die hospitaal en so aan?” Lien kyk onseker vir die vrou.

“Hy is ’n staatspasiënt. Die President gaan self betaal.” Perd lag en begin haastig in die lang gang af stap.

Sy bereken hoe die bus by die kliniek behoort te kom. Die som werk nie heeltemal nie. Sy sal ’n hele ent van die naaste halte af moet stap. Sy weet nie of sy die reis moet aanpak nie. Sy wil, maar sy wil ook nie. Sy voel sy moet, maar aan die ander kant … Sy wonder of sy haar ma kan vergewe. Sal haar ma ooit weer net haar ma kan wees wat lag en simpel opera-songs sing wat hulle almal teen die mure uitdryf maar wat hulle laat lê van die lag? Kan dinge ooit weer wees soos dit was nadat soveel goed gebeur het?

34

Shopping is nie vir sissies nie

Wouter het die vorige dag sy lisensie gekry en hy dring daarop aan dat hulle dit ná skool by die Wimpy gaan vier. Lien voel skuldig. Sy het weke laas saam met hom koffie gedrink en sy stap deesdae ook maar net nou en dan saam met hom skool toe. As hy ’n draai by haar “nuwe coffee shop” wil maak, het sy altyd die een of ander verskoning. Sy bly vaag oor waar presies die plek is. Gelukkig hou die rugbyseisoen hom besig en hy karring nie te veel nie.

“Komaan, Lien, ek sal jou vir ’n burger stick!” hou hy pouse aan. “ ’n Double cheeseburger met báie tjips.”

Sy moet gaan werk, sy het nie ’n keuse nie. As sy die kwart-voor-driebus haal, kan sy darem nog ’n uur of twee staan.

“Dit sal nice wees, maar ek moet baie goed vanmiddag doen. Dit sal ’n quickie moet wees,” stem sy in.

Hulle sit by hulle ou tafel en dit voel vir Lien of sy jare laas hier gesit het. Baie dinge het gebeur sedert sy en Wouter laas hier oor die matriekafskeid gepraat het. Sy voel anders as tóé. Hoe, weet sy nie presies nie, maar anders, asof sy rondom die wêreld gereis het en nie meer op dieselfde manier na goed kan kyk nie.

Wouter is sy ou self en sy breek haar vir al sy sêgoed oor die mense wat met hulle vol trollies by Pick n Pay uitkom. Hy raai watter beroepe die mense beoefen. “Plumber, nee, hy doen interior decorating, hy lýk net soos ’n plumber, dis sy edge.”

Dis lekker. Sy is bly sy het gekom. Maar Riekie se naam duik kort-kort in die gesprek op. Riekie sê dit en Riekie sê dat. Wouter sê dit sommer terloops, so asof Riekie hulle albei se beste pel is, niks ongewoons nie.

Lien kan nie verstaan waarom dit haar so irriteer as hy Riekie se naam noem nie. Sy voel tog nie só oor Wouter nie. Hy is haar beste pel. No

strings attached. En sy het niks teen Riekie nie. Die girl is nogal nicerig.

Op die ingewing van die oomblik besluit sy om vir Wouter die guns te vra wat sy al lank uitstel om vir Dirkie te vra. Sy voel sleg dat Dirkie haar so rondry en Wouter is beslis ’n beter roep. Sy kan haar Dirkie nie in die Bloubul-winkel by Loftus voorstel nie.

“Ek moet dringend ’n Bloubul-vlag en ’n Bloubul-petjie by die winkel by Loftus koop – jy weet, die winkel waar hulle rugbyaandenkings en sulke goed verkoop.”

“Goodness me,” sê Wouter terwyl hy nog tamatiesous op sy tjips gooi. “Wanneer het jy ’n Bloubul-fan geword? Jy is mos nie eintlik into rugby nie.” Hy kyk haar ondersoekend aan.

“Dis vir ’n … kollega. Dis ’n geskenk.” Sy haal ’n paar note uit haar sak. “Ek weet nie wat dit kos nie, maar as dit te min is, sal ek later met jou regmaak. O ja, kyk asseblief ook of jy ’n fluitjie van some sort kan kry. Een van dié wat die skeidsregters gebruik of so iets. Dit moet baie lawaai maak.”

Hy sit die geld in sy sak.

“Lien Jooste, jy’s ’n dark horse.” Hy gooi haar met ’n suikersakkie.

Sy is spyt toe sy sien dit raak gevaarlik na aan kwart voor drie. Sy moet wikkel as sy die bus wil haal. Hy gee haar ’n drukkie en gooi sy rugsak oor sy skouer. Hy stap lui-lui met lang treë weg oor die parkeerterrein. Sy kyk hom agterna. Haar lang pel met die deurmekaar hare. Wat sou sy die afgelope twee jaar sonder hom gedoen het?

“Engel, wag vir my,” skree iemand agter haar. Sy wil eers maak of sy nie gehoor het nie, maar hy is klaar by haar. Voor sy omdraai, weet sy dis Donovan. Engel. Sy wil die horries kry.

“Lien, ek is só bly om jou te sien,” sê hy té vriendelik. Hy het ’n klomp inkopiesakke in albei sy hande en sy gesig is rooi en sweterig.

“How goes, how goes!” sê hy terwyl hy van die sakke by sy voete neersit en sy sakdoek uit sy sak haal. Hy vee die sweet van sy gesig af. Shopping is nie vir sissies nie, weet Lien.

“Oukei, maar ek is vrek haastig.” Sy draai om en begin wegstap.

“Wag! Ek en Dirkie soek jou met ’n seer hart.” Hy raap die sakke op en waggel agter haar aan. “Ek wou jou al bel, maar dit gaan dól.”

Lien gaan staan ongeduldig en kyk op haar selfoon hoe laat dit is.

“Luister, Engel, Sue-Ellen wil nou ’n morning glory word. Ek dink sy voel skuldig oor die baby so heeldag by ’n vreemde vrou moet bly. Ons

soek weer iemand vir ná twee en Saterdae. Ek en Dirkie het dádelik aan jou gedink. Jy't lekker by ons vibe ingepas en jy was great met die customers en …"

"Ek het klaar ander werk." Sy begin weer wegstap.

"Ons sal of course meer betaal as laas en jy en jou broer kan nog altyd kom vir 'n free sit …" Hy raap weer die sakke op en waggel ongemaklik agter haar aan.

Lien huiwer. Sy dink aan die son en die teer en die uitlaatgasse wat haar naar maak en die ure wat soos weke verbygaan en die kyke waaraan sy nog nie gewoond kan raak nie en die sleg voel oor alles … en Sproet … en al die ander wat dalk ook só na haar kyk. Maar sy kan nie vir so min geld werk nie, sy sal nooit hier wegkom nie.

"Ek dink nie so nie." Sy moet nou draf om betyds vir die bus te wees.

"Dink daaroor. Ek sal bel!" roep hy agter haar aan.

"Wat het van jou man geword?" vra Lien versigtig vir Roos. Roos skeur 'n pakkie chocolate-chipkoekies oop wat sy so pas by Spar gekoop het en hou dit vir Lien. Lien vat een en Roos steek ook een in haar mond. Lien vermoed Roos het nie haar vraag gehoor nie en sy het nie die moed om weer te vra nie. Hulle kou in stilte.

"Weg, lank terug. Ek weet nie wat van hom geword het nie, wil ook weet nie." Sy vat nog 'n koekie en hou die pakkie na Lien sonder om van die verkeer weg te kyk.

"Waar het julle gebly?"

"Hy't vir 'n boer gewerk naby Tzaneen. Ons het op die plaas gebly." Roos kou en kyk nog steeds na die verkeer.

"Dit was … dit was só lekker." Roos sug. Sy bly lank stil en Lien vermoed Roos het nou gesê wat sy wou sê. Sy besluit om nie verder te vra nie.

"Toe maak meneer mos moeilikheid. Geld gevat, en toe jaag die boer ons weg," gaan Roos skielik voort. Sy bly weer 'n ruk stil. Lien wag in stilte.

"Toe besluit meneer dis nou sy kans om a clean break te maak en hy's daar weg met 'n flossie van die koöperasie. Ons net so gelos, vir my en my kind. Sy was toe al in matriek en ons is Pretoria toe, sonder werk en sonder geld." Hulle eet nog 'n rondte koekies.

"My kind het by 'n insurance firm werk gekry en met 'n rubbish deurmekaargeraak. Drie babies later sit sy sonder man by die agency en ek

sit hier. Maar ons leef."

Roos staan sukkelend op en druk haar handsakkie onder haar arm. "Let's go."

Teen kwart oor vyf stap sy stadig bushalte toe. Sy dink aan Roos en die plaas en die dogter by die agency. Hoe loop mense se lewens dan so vinnig verkeerd? Dis mos nie veronderstel om só te wees nie. Dis asof sy ná twee jaar nog steeds hoop sy droom. Sy gaan nog een oggend wakker word met die honde wat op haar bed spring en haar ma wat roep dat hulle vanoggend ontbyt langs die swembad eet.

Sy dink aan Donovan se aanbod. Hy het gesê meer geld, maar sy verwag nie vuurwerke nie.

Voor die drankwinkel op die hoek staan Johnny op die stoep. Hy knyp 'n swart plastieksakkie met duidelik 'n bottel in onder sy arm vas. Hy tel 'n paar munte in sy hand, diep ingedagte, die paar yl haartjies regop op sy kop. Die ou broek met die gehawende belt styf om sy lyf geryg. Dit wys hoe maer hy is. Hy sien haar nie raak nie. Lien hou verby.

"Haai, kom hier."

Sy het nie krag vir die mannetjie nie.

"Haai, kom hier," sê hy weer. "Jy collect mos vir ou Tibbey."

Sy gaan staan en kyk na hom.

"Ja … en?"

"Ek het 'n ietsie." Hy tel weer en sit 'n paar munte in sy sak. Hy haal dit weer uit en tel van voor af.

"Dè, dis vir ou Tibbey. Hou jou hand." Hy tel munte een vir een in haar hand af, rustig, al die tyd in die wêreld. Dit raak te veel vir een hand. Sy sit haar sportsak neer en hou albei haar hande uit. Hy hou aan tel.

Lien kyk oor sy skouer na die karre wat heen en weer ry. Mense wat nie rondkyk nie, op pad na hulle rys, vleis en aartappels. Johnny hou aan.

"Wag bietjie."

Sy gooi die handvol geld bo-op in haar sportsak en hou haar hande weer bak. Johnny tel tydsaam. Dis vyfsente en tiensente en twintigsente en hier en daar 'n blinke en dit hou aan. Sy maak weer 'n slag haar hand leeg in haar sportsak en hou weer haar hande. Johnny hou skielik op en kyk stip na die geld in Lien se hand. Hy vat 'n paar munte terug.

"Daar's hy." Hy draai die prop van die bottel in die swart sakkie af en vat 'n diep sluk, sug en draai die prop weer styf toe. "Daar's hy," sê hy weer.

Hy begin tydsaam oor die besige straat loop.

R102.49 tel Lien die aand die hopies op hulle eetblad in die kombuis. Sy wonder hoeveel bottels ou Johnny hiervoor sou kon koop.

Tibbey begin darem al iets sê. Haai Lieen, bye Lieen, yes Lieen, no Lieen.

Hy toon geen reaksie nie toe sy van die kamer by die rolbalklub vertel en dat hy nou naweke die karre vir geld gaan oppas. Sy wil haar eers pluk, maar sy hou haar in. Sy besluit die karretjie gaan sy steeds vir ’n verrassing hou. Sy vra weer of sy nie vir iemand moet laat weet hy is in die hospitaal nie. Hy skud sy kop.

Party aande sit hulle sommer net so, sonder ’n woord. Sy gee die koeldrank aan wat sy gebring het en hy sê: “Not now.” Dis elke aand se storie. Al is sy jammer vir hom, wil sy hom partymaal skud. Sy voel sleg oor Dirkie wat haar elke aand rondry, maar sy weet nie hoe anders nie.

“Dokter sê hy kan einde van die week huis toe. Sal iemand hom kan kom haal?” Perd staan in haar klein kantoortjie en leun by die venster uit terwyl sy haar sigaretrook buitetoe blaas. Lien kyk na die groot Rook Verbode-teken wat op die kantoordeur geplak is.

“Ek sal ’n plan maak.”

Sy sal vir Hein moet bel. Die karretjie moet klaar en sy sal ’n draai by die bowling club moet maak om Tibbey se kamer reg te kry.

Meneer Van Biljon is vriendeliker as die vorige keer.

“Die gras was nog nooit so mooi soos dié jaar nie,” sê hy trots terwyl hy buk en oor die gladde rolbalbaan vryf. Lien buk ook maar en vat saam. Hein staan verleë eenkant. Hy speel met sy pa se bakkiesleutels in sy sak.

“Ek weet net nie hoe gaan hy by die trappe opkom nie …” sê Lien huiwerig terwyl sy na die trappe kyk wat na Tibbey se kamer lei. Meneer Van Biljon se selfoon lui voordat hy iets kan sê.

“Ons, ek kan dalk …” sê Hein ingedagte terwyl hy by die trappe oploop. “ ’n Ramp of so iets.” Hy voel-voel aan die trappe.

“Wat sal dit kos?”

“Dit hoef nie duur te wees nie. Ek sal hoor. My pa weet van dié goed.” Hulle stap by die klein, stowwerige kamertjie in. Daar is net ’n bed en ’n lendelam spieëlkas in.

“Ons moet die bed se pote afsaag. Die kas ook. Dan kan hy makliker …” Hein buk en inspekteer die kas se pote. Hy kom orent. Hy staan na die bed en kyk.

Langs die kamertjie is ’n toilet en ’n wasbak.

“En ’n kassie voor die toilet. Dan kan hy maklik …” Hy haal ’n maatband uit sy sak en sy harige arm skuur per ongeluk aan haar. Hy buk en meet.

“Dalk … dalk met twee trappe.” Hy meet weer. “Dan kan hy by die wasbak ook bykom.” Hy staan ’n rukkie peinsend na die wasbak en kyk.

Lien is dankbaar sy het hom saamgebring. Sy sou nooit aan sulke goed gedink het nie.

“Dankie, Hein,” sê sy toe hulle terugry. “Ek sal eendag regmaak. Promise.”

Hein haal net sy skouers op en glimlag.

Sy dink aan die matriekafskeid. Hulle het nog nooit weer daaroor gepraat nie.

35

Werk dinge in Londen ook so?

Die karretjie lyk weird. Dit het drie wiele en ’n paar vreemde kettings en drade. Hein peuter aan alles wat uitsteek. Die kar is ’n horrible blou geverf. Tibbey kyk die kar op en af.

“Dis … uhm … great, Hein,” sê Lien onseker. Dit is die eerste keer dat sy die karretjie sien. Hein het dit met sy pa se bakkie gebring. Dirkie het haar by die hospitaal kom aflaai en sy wag al ’n halfuur benoud dat Hein met die karretjie moet opdaag.

Hein gaan sit in die karretjie en verduidelik hoe die trappe en die rem en die ratte werk.

“What am I to do with this thing?” vra Tibbey ongeskik.

Lien pluk haar op die plek, maar sy hou haar pose. Sy sien Hein lyk afgehaal.

“Tibbey, Hein het dit vir jou gemaak sodat jy nog kan werk al …” Sy kan nie vir die stompies kyk nie. “Jy sal van die bowling club na Entertainment Corner toe kan ry, want dit is nie te ver nie en jou karretjie is sterk. Kyk, só.”

Lien gaan sit op die sitplek en draai die trappe. Sy ry ’n draai in die kamer. Die karretjie stamp teen die ander beddens. Die trappe werk maklik en die karretjie gly geruisloos oor die vloer.

“Die karretjie werk regtig, Hein,” sê Lien verbaas, skielik ’n bietjie opgewonde.

Tibbey kyk na haar met meer belangstelling. Hein staan ongemaklik by die koppenent van die bed. Hy probeer hard om sy trots weg te steek, sien Lien.

“Kom, dis jou beurt. Hein, help my dat ons hom hier inkry,” steun Lien terwyl sy Tibbey aan die arm beetkry. Tibbey probeer losruk, maar Hein is by en hulle tel hom al protesterend in die karretjie. Die twee stompies steek

komieklik voor hom uit. Tibbey sit eers ’n rukkie en toe voel-voel hy aan die trappe. Die karretjie begin beweeg. Hy verstaan aanvanklik nie hoe om die karretjie in trurat te sit nie, maar Hein verduidelik geduldig. Tibbey ry versigtig by die deur uit en toe laat waai hy in die gang af.

“Wag!” lag Lien. Sy gryp Tibbey se paar goedjies wat in ’n Checkers-sakkie op die bed lê en sy hardloop agter hom aan.

“Die ding is hy kan nie eintlik opslaan nie,” sê Hein nadat Lien ’n vorm geteken het en Perd ’n paar laaste opdragte gegee het. “Hy pas nie in ’n kar nie. ’n Mens moet hom op ’n bakkie laai,” steun hy terwyl hy die karretjie agterop sy pa se bakkie tel. *Venter Constructions* staan op die deur. Hulle het Tibbey voor in die middel laat sit. Hy lyk ongemaklik.

Lien probeer ligte praatjies maak terwyl hulle rolbalklub toe ry. Nie Hein of Tibbey sê ’n woord nie. Dit voel naderhand simpel om met haarself te praat en vir die res van die pad bly sy ook stil.

Tibbey kyk verbaas na die oprit wat Hein na sy kamer gebou het sodat hy tot by die deur kan ry. Hein verduidelik die stellasie wat Tibbey kan gebruik om bo-op die toilet te kom. Tibbey kyk woordeloos na die lae bed en die kas met die af pote. Hulle sit hom op die bed neer. Tibbey sit op die koddige, lae bed vir hulle en kyk, stompies voor hom uitgesteek.

“Daar is kos in die kas en môre kom ek jou haal vir werk. Meneer Van Biljon sê jy hoef nie nou al die karre op te pas nie,” sê Lien. Sy sit die pille op die kassie voor sy bed neer, langs die nuwe opgerolde Bloubul-vlag en die petjie wat Wouter gekoop het. Sy gaan haal vir hom ’n glas water by die buitekraan. “Nou moet jy jou pille drink en rus.”

“Hoe op aarde gaan hy regkom?” vra Lien moedeloos toe hulle by die hek uitry.

“Hy sal moet leer. Hy sal,” sê Hein terwyl hy na tweede rat oorskakel.
Sy sit op ’n vreemde bus en kyk deur die venster na vreemde huise en vreemde tuine en vreemde honde. Sy dink aan Tibbey en sy lelike karretjie en wat van hom gaan word. En sy dink aan Braam en sy dink aan hóm. En sy dink aan haar ma en die twee jaar wat verby is en hulle almal se lewens wat so verskriklik verander het. Sy voel partymaal … sy weet nie eintlik hóé nie. So asof sy iemand anders is.

Sy klim by die straathoek ’n paar blokke duskant die kliniek af. Sy stap stadig. Dis ’n boomryke straat. Gewone huise waar gewone mense bly met gewone goed wat hulle elke dag doen, en saans sit hulle voor die televisie en naweke kyk hulle rugby of sokker of tennis en dan braai hulle en

Maandag begin alles weer van voor af. Werk dinge in London ook só? Sekerlik nie in Tibet nie en definitief nie in Japan nie.

Sy sien die baksteengebou met die groot heining van ver af. Sy weet dit moet die kliniek wees. Haar maag trek op ’n knop. Die groot hek is gesluit, maar daar is ’n klein hekkie met ’n interkomknoppie waar ’n mens kan in. Sy kan die tuin binne sien, stil en groen. Sy sien nie ’n mens nie. Haar vinger rus op die knoppie. Sy staan ’n ruk só.

Dan draai sy om en begin die lang tog terug bushalte toe.

36

Cool, sou ék sê, actually

Tibbey sit regop in sy karretjie voor sy kamerdeur toe Lien Saterdagoggend by die rolbalklub opdaag. Sy wonder hoe hy daar gekom het. Hy het nie sy nuwe pet of sy Bloubul-vlag by hom nie.

“Waar is jou nuwe petjie en jou vlag?” vra Lien terwyl sy gly-gly teen die oprit boontoe stap.

Tibbey kyk roerloos na Lien. Sy is lus en skud hom ’n slag dat sy tande klap.

“Die Blou Bulle en die WP speel vanmiddag op Loftus. Jy móét jou goed by jou hê as jy wil geld maak.”

Tibbey sê steeds niks nie. Hy ruik na Lux.

“Tibbey, jy sal ’n grip moet kry.” Sy stap vies die donker buitekamer binne en kry die vlag en die pet op die tafeltjie waar sy en Hein dit die vorige dag neergesit het. Sy stop dit in Tibbey se hande. “Hou vas. Here we go.”

Sy stoot hom by die hek uit en draai hom in die rigting van Entertainment Corner. Tibbey skud heen en weer in die karretjie terwyl sy hom stoot. Hy sit regop soos ’n stok en kyk stip voor hom op die grond.

“Tibbey, jy moet net doen wat jy nog altyd gedoen het. Die mense sal jou onthou. Hulle hou van jou. Dis nou jou lewe,” steun Lien terwyl sy Tibbey teen ’n effense opdraande opstoot.

Die Saterdag-shoppers wat uitdrukkingloos verbyry, kyk nie eintlik na hulle nie.

“Jy sal moet leer om self met die karretjie te ry. Ek kan jou nie elke dag kom haal nie. Jy het mos by die hospitaal self gery,” steun Lien.

Tibbey maak nog steeds nie ’n geluid of ’n beweging nie.

Dis ’n ouerige deel van die stad. Hulle loop by ou tuine verby. Daar is heinings met rooi bessies en heinings met blomme en heinings waardeur

honde vir hulle blaf.

Sy parkeer Tibbey op sy hoek sodat hy ná genoeg aan die verkeer is maar veilig op die sypaadjie. Sy draai hom effens skeef sodat die son nie in sy oë skyn nie. Die vlag hang pap agter sy karretjie. Lien rangskik die vlag sodat ’n mens die Bloubul-logo kan sien en pluk sy pet reg.

“Good luck,” sê sy en maak dat sy wegkom. Tibbey sal moet leer, hy sal moet, Hein is reg. Toe sy buite sig is, gaan staan sy agter ’n boom om hom dop te hou. Hy sit nog steeds soos ’n soutpilaar voor hom en uitstaar.

Van die motoriste herken hom en waai. ’n Mannetjie sonder ’n haar op sy kop stop twee karre van Tibbey af in ’n groen Camry toe die lig rooi slaan. Hy moet baie kort wees, want sy kop steek net-net bokant die stuurwiel uit.

Hy leun by die venster uit en waai vir Tibbey. “Haai, waar was jy en waar’s jou blerrie bene?” skree hy vrolik. “Wat gaan die Bulle met die WP doen?” gaan hy voort sonder om te wag dat Tibbey antwoord.

Dis asof Tibbey uit ’n lang slaap wakker word. Hy vroetel huiwerig om die vlag agter sy rug by te kom. Dan pluk hy dit uit en begin woes waai.

“Die WP se móér!” skree hy kliphard. Die kort mannetjie lag ’n snaakse laggie en van die ander motoriste toet vrolik. En hulle gee.

Lien voel skielik lig, so lig dat sy gaan sweef as sy haar arms optel. Sy kan omtrent nie deur die trane sien nie terwyl sy na haar hoek toe loop. Hy gaan. Hy gáán, Hein.

Die oggend wil nie verbygaan nie. Dis warm en sy wens die ure om. Sy hoor kort-kort ’n gelag en ’n getoet by Entertainment Corner. Sy kyk gereeld om, maar sy is te ver om te hoor wat gebeur. Sy sien Tibbey waai die Bloubul-vlag asof sy lewe daarvan afhang.

Toe sy hom elfuur vir hulle tea break gaan haal, wil hy nie dat sy hom stoot nie.

“Los my. I can do it!” sê hy ongeduldig. Hy is nie vriendelik nie, maar sy oë blink. Sy stap agter hom aan na die akasiaboom. Hy sukkel om van die sypaadjie af te kom, maar hy wil nie hê dat sy hom moet help nie.

Roos werk nie vandag nie en hulle sit in stilte en kyk na die karre wat by hulle verbystroom. Waar gaan almal heen? wonder Lien. Elkeen het iewers ’n lewe. Tibbey drink tydsaam aan die Coke wat sy vir hom saamgebring het, sy oë stip op die verkeer. Sy hou hom onderlangs dop terwyl sy aan haar appel kou.

Hy draai skielik om in sy karretjie en kyk na haar. Sy hou vir ’n oomblik op kou.

“You are a true friend, Lieen Djôste, a real blerrie true friend.” Lien kou verder.

“Op jou boud!” lag Lien terwyl sy die glas met die vreemde konkoksie wat Roberta vir hulle gemaak het teen die son hou om te probeer bepaal wat daarin is. Sy sien pitjies, dus ’n vrug of iets. Dis ’n bietjie soet en ’n bietjie suur en as sy haar nie verbeel nie, ’n bietjie sout. En dis pérs maar dis divine.

“Jy sien, Lien my pel, jy verstaan actually verkeerd.” Miemie roer haar drankie met haar vinger en draai op haar sy om Lien beter te sien. “Dit gaan nie oor wáár die blerrie ding is nie. Niemand hoef dit actually te sién nie. Dit empower my as vrou. Dit remind my aan wat kan wees as ek nie my steps ken nie. Wil jy sien?”

Voor Lien kan antwoord, trek sy haar broekie op en daar is dit. ’n Klein tatoeëermerkie van ’n besem. Lien kyk na die besempie en na Miemie se verspotte rooi-en-wit polkadotbikini met die valletjie wat haar soos ’n laerskooldogtertjie laat lyk.

Miemie kyk aandagtig na die besempie. “Cool, sou ék sê. Actually.”

Roberta loer deur die patio se glasdeure. “Wat wil julle eet?”

Miemie draai terug in haar lêbed en vat ’n slukkie van haar drankie.

“Mmm … Maak dit iets junkerig. Hammies of iets wat drúp van ongesonde goed. My ma is nie hier nie,” sê sy vir Lien terwyl sy oor haar sonbril loer.

“Patsy, is jy laf!” skree sy vir die hondjie wat aan haar tone kou.

37

Koue goed in groot glase

Die Augustus-winde waai soos gewoonlik eers in September. Dis ’n mislike dag, maar dis klaar baie warm. Lien weet nie hoe sy die dag gaan omkry nie. Dis nou eers tienuur en sy is klaar moeg gestaan. Sy voel naar en haar maag pyn en die pruik laat haar kop jeuk.

Sy oorweeg dit om tog maar skool toe te gaan, maar sy is eintlik lus om met die nuwe Norah op haar bed te lê en te vergeet van die wêreld. Maar die Fonds is lelik uitgeput ná Tibbey se karretjie. Sy kon die woonstelhuur ook betaal, maar daar is net dertig dae oor voor sy weer moet opdok. Sy weet nie wanneer haar ma huis toe kom nie, maar sy twyfel of sý enige bydrae sal kan maak. Sy bid maar dat die pensioengeld sal kom, sommer gou ook en báie, sodat daar nog R20 000 oor kan wees wat sy sal kan leen vir haar trippie Londen toe.

’n Skielike rukwind pluk die pruik van haar kop af en voor sy tot verhaal kan kom, waai dit tussen die karre in. Lien hardloop verbouereerd agterna, dankbaar dat die lig rooi is en die karre stilstaan. Sy buk en gryp die pruik wat half onder ’n wit Jetta in die middelbaan ingewaai het. Toe sy regop kom, kyk sy vas in ’n bekende gesig. Sy pluk die pruik oor haar kop en probeer dink wie die man is wat vir haar sit en kyk. Dis of haar brein nie wil registreer wie dit is nie.

Kuifie, besef sy met ’n skok. Hy gaap haar verbaas aan.

“Lien, wat op aarde maak jy hier?”

Sy loop vinnig terug hoek toe, maar hy roep agter haar aan. Sy maak of sy nie hoor nie. Die lig slaan groen en die karre toet vir Kuifie, wat nog steeds verbaas na haar sit en kyk. Hy ry nadat ’n kar weer vir hom toet.

Lien bewe. Sy wil eers maak dat sy wegkom, maar dan besluit sy nee. Dis háár lewe. Hy het niks daaroor te sê nie.

’n Paar minute later hou hy reg langs haar stil.

“Klim in,” sê hy terwyl hy na die passasiersdeur beduie.

Sy maak of sy hom nie sien nie. Sy kyk stip voor haar op die grond met haar plakkaat op die gewone plek voor haar bors.

“Ek gaan nie ry voordat jy inklim nie.”

Die lig slaan genadiglik weer groen, maar hy bly staan. Hy sit sy noodligte aan en die karre agter hom draai een-een na die middelbaan om by hom verby te kom. Hy sit vir haar en kyk.

Sy gaan dié een verloor, besef Lien. Nou goed, sy sal inklim, maar sy gaan nié na ’n preek luister nie. Dis háár lewe en sy sal maak soos sý wil. Hy kan vir die ou mense in die ouetehuis gaan preek. Sy is tog half bly sy is verlos van haar hoek, al is dit dan net vir vandag.

Hulle ry ’n rukkie in stilte.

“Is jy nie veronderstel om in die skool te wees nie?” Nie prekerig nie.

Sy antwoord nie.

“Doen jy dit al lank?” Vriendelik.

Sy bêre die pruik en haar brilletjie in haar sak. “ ’n Rukkie.”

Hy vra nie verder uit nie en Lien hoop dis dalk die einde.

Hy draai in by sy huis met die groot stoep en parkeer die Jetta voor die motorhuis.

“Kom, ek kan doen met ietsie kouds. Jy seker ook.”

Lien klim traag uit en volg hom tot by die voordeur met die loodglasvensters. Hy soen vir Valetjie wat in die gang met ’n baba in haar arms staan.

“En waar is Pappa se ou ba-ba-tjie?” Hy soen die dingetjie en maak ’n paar verspotte geluide. Hy hou die bondeltjie trots na Lien uit om te sien. “En wat sê jy van dié bulletjie?” Hy glimlag soos iemand wat so pas ’n medalje by die Olimpiese Spele gewen het.

Lien mompel iets wat soos “cute” behoort te klink, maar sy kyk nie eintlik nie.

“Jy onthou seker vir Lien,” sê hy vir Valetjie wat weer die babatjie by hom vat.

“Hoe gaan dit?” vra Valetjie vriendelik.

Voor sy kan antwoord, sê Kuifie: “Ons is lelik dors. Wat van iets met baie ys, en maak dit groot glase. Ons is in die studeerkamer.”

Hy hou die deur vir haar oop. Die plek lyk vriendeliker as wat sy van die vorige keer onthou. Dis netjies en daar is ’n bos blomme op sy lessenaar.

Die gordyne is oop en die son skyn deur die oop vensters. Die kat lê weer op die boekrak. Sy staan verleë rond met haar rooi sportsak in die hand.

"Sit, man," sê hy terwyl hy self aan die ander kant van die lessenaar op sy stoel gaan sit. Hy praat eers oor die hitte en die wind en die reën wat wegbly en hoe hy sukkel om die jong mense in die kerk te kry en toe van die babatjie wat hulle hele lewe onderstebo gekeer het. "Hy skree en poef vir die eerste span," lag hy.

Valetjie klop en sit 'n skinkbord met twee reuse-glase vrugtesap op die lessenaar neer. "Skree as julle nog iets wil hê." Sy maak die deur toe. Lien drink dankbaar.

Hy vat 'n paar slukke.

"Ek wil nie met jou baklei nie. Dis nie my saak hoe jy jou geld verdien nie. Ek is net bekommerd dat jy dit in skooltyd doen. Matriek is nie 'n grap nie. Ek onthou nog." Hy glimlag.

Lien sê niks nie. Sy kan nie verstaan hoe die man dit regkry om elke keer haar bubble te bars nie. Sy was reg vir hom, maar nou het sy niks om vir hom te sê nie.

"Ek het nie geweet dit gaan só swaar nie. Pleks jy lankal gesê het." Hy vat weer 'n paar slukke.

"Dis net totdat … totdat my ma weer kan werk. Ek moet die woonstel betaal."

"Ons … uhm … die kerk het geld vir mense wat swaar kry. Ons het 'n fonds vir sulke goed. Ek is seker ons sal kan help totdat dit beter gaan. Sal jy asseblief vir my 'n lysie maak met al julle maandelikse uitgawes? Die kerkraad vra ongelukkig nogal … uhm … besonderhede. Maar sit alles op. Goed soos kos en die water-en ligterekening, julle huurgeld. Alles. Ek sal kyk wat ek kan doen."

Die kat spring lui van die boekrak af en kom skuur teen sy bene.

"Ek was nog nooit eintlik 'n katmens nie, maar Elna!" Hy lag. "Kom ek vat jou huis toe. Dis darem nou al te laat om terug skool toe te gaan."

Lien staan dankbaar op. Hulle kry weer vir Valetjie in die gang. Dié slag kyk Lien regtig vir die babatjie. Hy het 'n piepklein mondjie en 'n paar potblou oë.

"Hy ís nogal cute," sê sy vir Valetjie.

Hy laai haar voor die woonstel af en vertrek met 'n vaart. Maar dan rem hy skielik en maak 'n U-draai. Hy stop weer langs die sypaadjie en draai sy ruit af.

“O ja, ek het vergeet. Die laerskool soek ’n musiekjuffrou. As jou ma dalk belangstel … Ek is op die beheerraad. Ek sal vir haar ’n goeie woordjie doen. Ek sal bel as sy terug is.”

Nie sommer nie, dink Lien. Hy vertrek en waai vir Lien wat met haar rooi sportsak op die sypaadjie staan. Hy rem weer skielik en maak weer ’n U-draai.

“Sorry, man. Ek het vergeet. Ons was eeue laas in ’n fliek. Ons wil Vrydagaand bietjie wegkom. Jy is nie dalk lus om na die kleintjie te kyk nie? Ek weet nie wat mense deesdae vra nie, maar ons sal die going rate betaal.”

Lien weet nie wat om te sê nie. ’n Babatjie. Een wat skree en poef vir die eerste span. Sy dink nie so nie. Sy wonder nogtans wat is die going rate.

“Ek sal bel.”

Hy waai weer.

Sy stap doelloos van vertrek tot vertrek in die woonstel. Sy oorweeg dit om die afgelope paar dae se vuil skottelgoed wat die kombuis vol staan, te was, maar sy is nie lus nie. Sy moet seker ook ’n bietjie stofsuig en afstof voor haar ma terugkom. Haar Wiskunde-boek met Miemie se notas bo-op lê vir haar en kyk toe sy in haar kamer kom.

Sy gaan lê met Norah op haar bed, maar toe die eerste snit begin, pluk sy die oorfone af. Norah gaan nie nou werk nie. Sy raak onrustig aan die slaap.

Sy droom van haar ma en van hóm. Sy sit op Miemie-hulle se dak en kyk na waar hulle in die middel van die grasperk staan. Dis Miemie-hulle se tuin, maar dit lyk anders. Die grasperk is ’n park sonder bome en strek weerskante toe so ver as wat sy kan sien. Hulle staan in die middel van die grasperk en hoewel hulle baie klein lyk van waar sy sit, kan sy hulle duidelik sien. Hy hou haar ma vas en sy sien net sy agterkop, maar sy weet dis hy. Sy kan sien haar ma huil, al maak sy nie ’n geluid of ’n beweging nie.

Dan sit sy en Miemie en Roos by ’n groot eetkamertafel. Op ’n skinkbord voor Miemie lê ’n yslike vis, nog heel met skubbe en ’n kop aan. “Dis oukei as jy ’n prostituut wil wees, jy moet net na jou nek laat kyk,” sê Miemie terwyl sy die vis met wasabi smeer. “Die mense in Tibet eet vis só. Roberta het dit daar geleer.” Miemie smeer die vis met lang, groen hale. Roos sit oorkant Miemie en rook. “Goed en sleg is eintlik bietjie deurmekaar,” sê Roos terwyl sy die rook in Miemie se gesig blaas. Miemie tel die vis op en begin daaraan eet. Sy eet die hele vis met kop en al.

Lien skrik natgesweet wakker. Sy lê nog ’n ruk op haar bed en dink aan die droom. Sy stap kombuis toe en begin die skottelgoed tydsaam was. Sy staan met haar hande in die warm water en kyk ’n rukkie ingedagte deur die venster sonder om iets raak te sien. Die droom het haar omgekrap. Sy weet nie waarom nie. Dis die eerste keer dat sy hom sien sedert hy weg is. Haar pa.

Waar sy op die dak gesit het, was sy ver van hulle, maar hulle was soort van naby ook, so naby dat sy aan hulle kon raak. Al het sy nie sy gesig gesien nie, was dit beslis hy. Sy swart krulhare, die lang lyf, die skouers effens opgetrek, dis soos sy hom onthou. Dis al meer as twee jaar.

Sy wil nie aan hom dink nie. Sy wil nóóit weer aan hom dink nie. Maar dit kom net, sy kan dit nie keer nie. Sy onthou sy gesig, al het sy hom in haar droom net van agter gesien. Die lagplooitjies om sy mond, sy vreeslike lag wat almal altyd laat omkyk het en waarvoor sy en Braam hulle altyd dood geskaam het, al kon hulle nie help om saam te lag nie. En sy oë wat altyd gelag het al het sy mond ander goed gesê.

Sy het iewers gelees dat as ’n mens iemand lank nie gesien het nie, jy die gesig mettertyd vergeet. Soos wanneer iemand doodgaan. ’n Mens vergeet hoe hulle gelyk het. Sal sy hóm ook eendag vergeet, hoe sy gesig gelyk het? Haar pa. Haar lang pa …

Sy bel vir Donovan.

“Ek sal kom vir R40 ’n uur en Saterdae meer, maar ek sal almal se koppe was en die geld tel as julle klaar is en dit gaan bank. Maar niemand sê weer vir my Engel nie.”

Dis minder as wat sy nou by haar hoek maak, maar as die kerk help, sal sy dit maak. Donovan hum en haw oor die telefoon. “Sjoe, R40 … Jy is expensive, Eng … ek bedoel … uhm … Pop. Ek sal hoor wat sê Dirkie. Bel jou!”

Sy begin met haar agterstallige huiswerk. Dis nag, maar sy hou aan. Sy móét ’n matrieksertifikaat hê voordat sy op die vliegtuig klim.

Dan maak sy vir Kuifie ’n lang lys, met álles op, tot die agterstallige Edgars-rekening. Hy wil mos vra …

Sesuur braai sy vir hulle vis en aartappels en maak slaai met die paar goed in die yskas.

Braam sit voor die televisie en sê niks nie. Haar broer met die groot voete soos sy pa. Wat gaan van hom word?

Sy skrik iewers in die nag wakker. Dis pikdonker en dis doodstil. Sy strek haar hand uit na die selfoon op die kassie langs haar bed. Drie-uur. Sy is dors, maar sy is nie lus om op te staan nie. Sy draai op haar sy en probeer weer aan die slaap raak, maar sy is helder wakker.

Ná nog ’n paar minute van rondrol besluit sy om tog maar die tog kombuis toe aan te pak.

Die deur tussen die sitkamer en die gang is toegetrek, sien sy verbaas. Dis nie heeltemal toe nie, sien sy toe sy nader kom. Sy sien die televisieskerm gooi flikkerbeelde teen die gangmuur.

Braam kon nie voor die televisie aan die slaap geraak het nie. Hy het vroeg gaan slaap, onthou sy. Sy het nog gekyk of die voordeur gesluit en al die ligte af is. En sy hét die televisie afgesit.

Sy loer versigtig deur die skrefie. Braam sit op die punt van die bank en staar na die televisieskerm. Sy oë is vasgenael op die flikkerende beelde.

Lien kan nie mooi sien wat op die skerm aangaan nie. As hy adult movies kyk, gaan sy hom vermoor.

Sy stoot die deur saggies nog ’n entjie oop. Sy kan die televisie nou beter sien. Braam is besig om ’n video terug te draai. Langs hom op die bank is ’n boks met ’n stapel video’s. Hy druk die speelknoppie.

“. . . van die rol geskrap en tot vier jaar gevangenisstraf gevonnis,” lees Riaan Cruywagen die nuus terwyl hy van agter sy laptop vir die kamera loer. Hy het ’n roomkleurige baadjie en ’n pienk das aan. Iewers agter die nuusateljee ry iemand verveeld agter ’n groot venster op ’n roltrap ondertoe.

“Albei is prokureurs van die firma Nkobeni, Lategan en Jooste in Pretoria. Hulle moet ook die trustgeld van etlike miljoen met rente terugbetaal.” Riaan neem ’n slukkie water en gaan voort.

“Die regering het intussen gereageer op gerugte dat Suid-Afrika se 2010-sokkerbod …” Die video stop sommer net daar.

Braam haal die video uit en sit dit op die hopie langs hom. Hy soek tussen die ander video’s en sit ’n ander een in die videospeler. Hy druk die speelknoppie.

’n Seuntjie van so vier is besig om in ’n swembad te piepie. Die kamera swaai woes na ’n dogtertjie wat aan ’n geel opblaaseendjie in die water klou. Die kamera swaai na ’n man wat staan en vleis braai aan die oorkant

van die swembad. Hy beduie laggend met 'n braaivleistang in sy hand en probeer sy gesig met die tang verberg.

Braam druk Pause en kyk lank na die laggende man met die vleistang voor sy linkeroog.

Lien sluip stilletjies terug kamer toe. Sy het nie gedink hulle het meer die ou goed nie.

38

Die ding met die kuif

“Dis maar om dankie te sê,” juffrou Breytenbach skuif haar brilletjie reg, “vir almal wat met alles gehelp het. Dis soort van tradisie elke jaar. Ons nooi nie baie mense nie, maar dis julle eerste volwaardige optrede. Ma’s, pa’s, oumas, oupas, tannies en ooms en wie julle ook al wil vra. Die hoof nooi gewoonlik ’n paar ander gaste. Hy wil maar so ’n bietjie spog met wat Jakaranda kan doen. En julle kan trots wees. Hierdie jaar het julle dit gedóén. Die Hotel-en Spysenieringsleerlinge maak vir ons kos. Dit tel vir hulle vir prakties, so hulle hang gewoonlik uit. Ons vra ook vir die ma’s om ’n ietsie te bring.” Sy skuif weer haar brilletjie reg.

“Julle kan elkeen so ses gaste nooi, maar meer is ook welkom. Ek moet net teen Vrydag weet hoeveel kom, sodat die Hotelkinders weet hoeveel kos hulle moet maak.”

Lien besluit eers sy gaan niemand nooi nie. Dan dink sy: miskien tannie Bets. En Wouter. Braam sal nie kom nie. Dalk … Nee, dit sal nie werk nie. Maar dalk … Sy sal nog daaroor dink.

Dis onverwags lekker om terug te wees by Creations. Dit voel so half of sy huis toe gekom het nadat sy lank weg was.

Donovan faff om haar asof sy die langverlore dogter is en sy kan sien Dirkie is regtig bly sy is terug. Hulle behandel haar nou meer soos een van hulle, soos ’n kollega, asof sy deel van die span is en nie net die tea girl of die straatveër nie.

Dis hemels om met ’n beker koffie op die sagte swart leerstoele neer te sak en deur ’n tydskrif te blaai as daar nie kliënte is nie. En dis so heerlik koel. En die plek ruik so lekker. Hoekom het die sjampoe-en conditioner-reuke haar laas so geïrriteer? Dis soveel nicer as die uitlaatgasse en die stink teer wat naderhand vibreer van die hitte. Sy begin ook nou meer op haar

gemak met die kliënte raak. Waar sy voorheen so min moontlik gesê het, neem sy nou deel aan die gesprekke. En die meisies in haar klas weet gou sy werk hier en sy doen moeite om vir hulle nice afsprake te kry en sy druk hulle in, al is hulle vol vir die dag.

Dirkie en Donovan baklei nog gereeld, maar sy leer om haar nie daaraan te steur nie. Dit waai gewoonlik gou oor. En sy voel nie oor ’n ding skuldig nie. Oor niks nie.

Teen toemaaktyd ná haar eerste week sê sy vir Dirkie sy wil die volgende dag kom vir haar free sit. Sy is reg vir die ding met die kuif.

Dis meer as ’n maand sedert sy laas die roete gery het. Sy kyk na die bekende huise en die tuine en die honde in die erwe wat sy nou al so goed ken. ’n Maand voel skielik so lank.

Sy wonder of Roos haar sonder die pruik en die brilletjie sal herken. Sy kan nie onthou of Roos haar al sonder die goed gesien het nie. Miskien in die kleedkamer by die sentrum … Sy kan nie onthou nie. Tibbey het die regte Lien in die hospitaal leer ken, hoewel hy haar nooit oor die pruik en die brilletjie uitgevra het nie.

Sy voel skuldig. Sy wou nog vir meneer Van Biljon gebel het om te hoor hoe dit met Tibbey gaan, maar sy het die nommer verloor. Sy kon seker die rolbalklub se nommer in die telefoongids opgesoek het … En sy wou nog een middag sommer net ’n draai maak … Hulle wonder seker wat van haar geword het.

Sy sien op haar selfoon dis amper tyd vir hulle tea break.

Sy kyk onseker om haar rond nadat die busbestuurder haar afgelaai het. Sy strip haar op die plek toe sy sien Johnny staan op haar hoek, maar dan onthou sy: sy staan mos eintlik nie meer daar nie, of staan sy?

Sy het gedink sy sál dalk nog so nou en dan, dalk Dinsdae as Creations toe is. Eintlik weet sy nie wat sy gedink of verwag het nie. Sy het nog nie regtig besluit nie. Dit was op ’n manier ’n agterdeurtjie as dinge by Creations verkeerd sou loop. Plan B. Sy dink Johnny op haar hoek neem die besluit vir haar.

Sy sien hulle van ver af onder die akasiaboom sit. Tibbey praat met Roos en beduie.

Roos kyk na die verkeer met ’n sigaret in die hand.

“Haai, julle twee,” groet sy huiwerig toe sy nader kom.

Tibbey is bly om haar te sien.

“Lieen! About time! Where have you been?!”

Sy sak op die gras langs hulle neer en maak die bak oop met tannie Bets se outydse Hertzog-koekies wat sy saamgebring het. Tibbey vat ’n handvol, maar Roos ignoreer die bak wat sy uithou. Sy gluur Lien aan sonder om iets te sê. Sy skiet haar stompie in die roosbedding en steek dadelik weer ’n sigaret aan.

Lien vra uit en Tibbey praat soos Tibbey van lank gelede. Hy vertel van Sello wat R250 000 met die lotto gewen het en vir hom ’n huis in Mamelodi gekoop het en van Beatrice wat nou op Sello se hoek staan en van Johnny wat ’n girlfriend het. “A girlfriend, I’m not kidding!” Hy raak skielik ernstig.

“We didn’t know of jy weer gaan kom. En jou hoek is a good place. Dit was ’n waste.” Hy lyk ’n bietjie skuldig.

“Weet jy hoe het ek gesukkel om Johnny van jou hoek af te hou?!” verbreek Roos vies haar stilte. “Ek het hom ’n paar keer goed gedonner, maar later moes ek maar opgee.”

Lien vertel verleë van die komende eksamen en dat sy hard moet leer, want sy het nie te goed in die rekordeksamen gedoen nie. Sy wil van Creations vertel, maar besluit daarteen.

“Jy kon kom sê het,” sê Roos beskuldigend. Sy trek aan haar sigaret dat die kooltjie rooi brand.

“Ek is jammer,” sê Lien terwyl sy van die een na die ander kyk.

Tibbey vra uit oor haar ma. Sy vertel dat sy terug is in die kliniek en dié slag langer gaan bly.Tibbey maak tsk-tsk-geluidjies. “Au, shame. You must keep hanging in there.”

Hulle praat nog ’n rukkie en dan vra Roos: “Wanneer kom jy terug?” Sy kyk weer beskuldigend na Lien.

Lien weet nie wat om te sê nie.

“Ek weet nie eintlik nie … Dis nou die eindeksamen en ek móét deurkom.”

Roos sê niks nie. Sy staan steunend op.

“Tibbey, ons moet gaan werk. Anders as party mense moet party mense werk.”

“Die ou lady is reg. Dis Saterdag the Sharks and the Bulls. Time for a killing!” Hy trek weg en swaai sy karretjie behendig in die rigting van Entertainment Corner. Waai met sy vlag vir haar oor sy skouer.

39

Die besoek (1)

Tannie Bets hou voor die hekke van die kliniek stil. Vir ’n rukkie is dit doodstil. Lien skraap moed bymekaar om uit te klim. Sy wens sy kon net hier bly sit. ’n Hond blaf aan die oorkant van die straat. Twee seuns jaag op fietse verby. Die een gil iets uitbundigs terwyl hy sy hande van die fiets se stuurstang afhaal.

“Die motorhek is toe. Jy moet die klokkie by die klein hekkie druk,” sê tannie Bets sag. Lien weet maar sy sê niks nie.

“Wil tannie nie maar saamkom nie?” vra sy benoud. Maar sy weet, dis ’n alleenswem dié.

“Nee, ek dink jy en jou ma moet ’n bietjie alleen gesels. Toe, klim nou uit,” sê tannie Bets sag maar beslis. Sy leun oor en maak die deur aan Lien se kant oop.

Lien klim stadig uit en lui die klokkie by die klein hekkie. Die hek glip oop. Sy stap met die paadjie tot by die groot glasdeure aan die voorkant van die gebou. Die tuin is netjies. Sproeiers spuit op die groen grasperke. Koel sproei waai teen haar gesig. Sy sien geen siel nie. Sy ruik die soet reuk van die rose langs die paadjie na die voordeur.

Op die koel stoep, wat lyk asof dit rondom die hele gebou kan loop, sien sy ’n paar mense op bankies sit en gesels. Twee mans speel tafeltennis. Niemand kyk in haar rigting nie. Hulle lyk almal doodgewoon, sien Lien verbaas. Niks weirds nie. Sy weet nie eintlik wat om te verwag nie. In die ingangsportaal sit ’n vrou en tik op ’n rekenaar agter die ontvangstoonbank. Sy loer oor haar bril na Lien.

“Ek soek na my ma. Jooste,” sê Lien ongemaklik.

“Dis nie eintlik nou besoektyd nie. Is jy familie van mevou Jooste?” Haar hande rus op die toetsbord.

“Haar dogter.”

Die vrou leun oor en druk die knoppie van ’n interkom. Daar is geen reaksie nie. Die vrou druk weer die knoppie.

“Mevrou Jooste, jy het ’n besoeker,” sê sy oor die interkom.

Sy draai na Lien. “Sy is nie in haar kamer nie. Hulle het nou ontspanningstyd. Ek stel voor jy kyk of sy nie iewers op die stoep is nie.”

’n Ouerige man met grys hare kom van buite af ingestap.

“Meneer Malherbe, het jy nie vir Christien Jooste gesien nie? Sy het ’n besoeker.”

“Sy sit in die tuin. Kom ek gaan wys jou,” sê die man vriendelik. Lien is verlig dat sy nie ’n soektog op tou hoef te sit nie en volg die man dankbaar. Hy stap voor haar uit.

Haar ma en ’n jong meisie met lang, blonde hare sit op ’n bankie in die koelte van ’n groot boom. Hulle is druk in gesprek. Lien bedank die man en stap stadig nader. Hulle kyk nie in haar rigting nie. Haar ma lyk maerder as wat sy onthou. Haar donker hare hang los oor haar skouers.

“Ma?” sê Lien huiwerig toe sy binne hoorafstand is. Sy gaan langs die visdammetjie wat ’n paar treë van die bankie af is, staan. Haar ma kyk op. Sy lyk verbaas. Dit lyk asof sy nie weet wat om volgende te doen nie.

“Ma,” sê Lien weer. Haar ma staan stadig op en loop tot waar Lien langs die visdam bly staan het. Sonder ’n woord vou sy haar arms om Lien.

“My kind,” sê sy net. Lien gee haar ma ongemaklik ’n drukkie terug en woel haar los. Die jong meisie het intussen opgestaan en is besig om in die rigting van die hoofgebou te stap.

Hulle gaan op die bankie sit.

“Wie is die meisie? Werk sy hier?”

“Nee,” lag haar ma. “Sy is hier vir behandeling, soos ek.”

“Sy is dan so jonk,” sê Lien verbaas. Hulle sit ’n rukkie ongemaklik in stilte. Lien vermoed haar ma weet ook nie wat om te sê nie.

“Hoe gaan dit met Braam?” vra haar ma oplaas.

“Aag, Ma weet mos. Dit gaan altyd goed met Braam. Hy is ’n survivor. Hy het nogal 78% vir sy laaste Wiskunde-toets gekry,” probeer Lien lighartig geselskap maak. “En dit gaan goed by die huis. Gerhard … uhm … die predikant en die kerk help en tannie Bets dra potte vol kos aan. Ons ly nie honger nie.”

Haar ma tuur na iewers agter in die tuin. Die middag is loom. Lien hoor ’n gelag uit die rigting van die stoep. Af en toe hoor sy ’n kar in die straat

voor die kliniek verbyry. Bye zoem oor die blombedding langs die visdam. Sy hoor die geluid van die sproeiers op die grasperk langs die paadjie.

“En met jou?” vra haar ma ná ’n rukkie. Lien ignoreer die vraag. Haar ma klink anders. Hoe anders, weet sy nog nie. Sy is net iewers ver waar Lien nie kan bykom nie.

“Is dit erg hier?”

“Die heel ergste was die eerste dag,” sê haar ma ingedagte. “Hulle het in al my goed gekrap, tot in my onderklere, om ’n ou skelm doppie te soek. En hier is geen genade nie. Niemand het vir niemand ’n geheim nie en niemand kan ’n pose vir niemand hou nie. Almal is gelyk.”

Lien luister na die sproeiers. “Wat doen julle heeldag?” vra sy ná ’n rukkie.

“Ons het groepsessies en elke dag het ons ’n afspraak met ’n sielkundige.” Haar ma versit op die bankie.

“Waaroor praat julle?”

“Hulle probeer ons gate toestop en ons wonde toewerk. Hulle probeer maar om ons te oortuig dat ons dronkgatpaadjie ’n doodloopstraat is en dat ons lewe sonder drank meer betekenisvol gaan wees,” sê haar ma met ’n laggie. Hulle sit weer ’n rukkie in stilte.

“Glo Ma dit?”

“Ou Harry doen sy bes,” sug haar ma.

“Wie is Harry?”

“Harry die heler. Hy is my terapeut. Hy spesialiseer in verslawings en hy is nogal simpatiek, hoewel hy nie doekies omdraai nie. Hy sê sy sê en vertel my wat is wat,” lag haar ma.

Lien kyk oor haar skouer na die stoep waar ’n paar mense lag. Sy draai na haar ma.

“En sê Ma Ma se sê?”

“Daar is nie veel te sê nie.” Sy sug weer. “Ek was ’n vreeslike ma vir my kinders omdat ek nie die pyne kon vat nie. Ek het gevlug en julle iewers gelos om self op te snork. Die wyndoos was my reddingsbaadjie. En ek het gevlieg, vrek ver tot daar waar ek geen pyn meer kon voel nie en niks meer saak gemaak het nie. Waar berge soos kléin molshopies gelyk het,” sê sy ingedagte. Sy kyk nog steeds na iewers agter in die tuin. Dit klink asof sy met haarself praat.

“Hy sê ek sal moet leer om myself te vergewe voordat ek kan verwag julle moet my vergewe,” sê sy steeds ingedagte, asof sy vergeet het Lien sit

langs haar.

Sy vat Lien se hand sonder om na haar te kyk. Hulle sit weer in stilte.

“Sal Ma weer drink … ?” vra Lien ná ’n ruk huiwerig. ’n Wit skoenlapper kom sit op haar ma se hand. Haar ma kyk na die skoenlapper.

“Die Here weet, ek weet nie. Harry sê dit bly by jou vir die res van jou lewe.” Sy draai na Lien.“Maar ek gaan vrek hard probeer, regtig, regtig.”

Daar is so baie wat Lien vir haar ma wil sê, maar sy kry net nie die woorde in haar kop raakgevat nie en dié wat sy wel raakvat, maak dit nie tot by haar droë mond nie.

“Sal ons ooit vir Pa kan vergewe?” vra sy huiwerig. Sy weet nie waar dít vandaan kom nie. Haar ma sê niks nie. Sy kyk na die geel en oranje vissies wat om en om in die visdam swem. ’n Tortelduif begin droewig in die boom bokant hulle koer.

“Kom ek gaan wys jou die kapelletjie!” sê haar ma skielik opgewonde. “Dis klein, maar nogal cute. En hulle speel Bach! Dis nou wel backtracks, maar dis beter as niks.”

Daar is skielik iets in haar ma se oë wat Lien van lank gelede onthou. Dis soos ’n ou droom wat jy lankal vergeet het en waaraan iets jou skielik herinner. ’n Lekker droom.

Aan die agterkant van die kliniek is daar ’n klein, ronde, wit geboutjie wat soos die Eskimo’s se igloes lyk. Daar groei pers bougainvilleas oor die ronde wit koepel. Dis gesellig binne, maar piepklein, nie meer as twintig mense kan gemaklik daar sit nie.

Hulle gaan sit in die middel op een van die harde houtbankies. Voor in die kapelletjie is ’n rangskikking van groot wit blomme en groen blare. Orrelmusiek speel op die agtergrond.

“Dis nou oorlede Bach on a backtrack,” lag haar ma. “Air on a G string. Dit bly amazing.” Haar oë blink.

“Hoekom wil Ma nie meer klavier speel nie?” vra Lien huiwerig.

Sy dink eers haar ma het nie gehoor nie. Haar ma kyk na die loodglasvenstertjies langs die voordeur. Dan draai sy na Lien.

“Aag, ek weet nie eintlik nie. Dis asof dit behoort tot ’n lewe wat lankal verby is, toe dinge nog mooi en goed en reg was. Dit voel so half stupid om te speel, so asof niks gebeur het nie. En met ’n paar wyne agter die blad kán ek nie speel nie.” Sy lag.

Lien verkyk haar aan die groot wit blomme.

“Ma moet huis toe kom.” Sy besef verbaas dat sy dit regtig bedoel. Sy haal die toegedraaide CD uit haar sak en stop dit in haar ma se hande. Chopin se klavierkonserte.

40

Die besoek (2)

Lien kyk onseker na die vaal gebou en dan weer na die flentertjie papier met die aanwysings in haar hand. Die busbestuurder het tog gesê …

Sy stap huiwerig nader. By die ingang keer ’n wag haar voor. Hy beduie dan na ’n ingang aan die kant van die gebou. ’n Man in ’n uniform by die deur beduie sy moet ingaan. Sy word deursoek. Sy gaan onseker binne.

Dis stil in die vertrekkie. Agter in ’n hoek sit ’n vrou en praat met ’n man wat aandagtig na haar luister. Hy hou albei haar hande in syne. Dit lyk asof die vrou ’n lang storie vertel. Die man luister uitdrukkingloos. Hy het ’n goue oorbel in sy regteroor.

Die bewaarder bly by die deur staan. Hy beduie Lien moet gaan sit. Sy gaan sit op die harde houtbankie, so ver moontlik van die ander mense af.

Dan sien sy hom by die deur inkom aan die ander kant van die vertrek.

Sy voel skielik yskoud. Sy voel trane iewers brand. Haar keel trek toe. Sy kyk en sy kyk.

Hy het grys geword. Hy loop effens krom, sy oë soekend. Hy gaan staan toe hy haar sien, kyk roerloos na haar. Dit lyk asof hy wil huil. Hy staan roerloos met sy kop skeef vir haar en kyk. So verstom. Daar is ’n trek om sy mond wat sy nie ken nie. Sy oë lag nie meer soos sy onthou nie. Sy gesig lyk so sad.

Ek haat jou, probeer sy dink. Ek haat jou, wil sy hardop gil soos sy al so baie keer voor die spieël gedoen het.

My pa, my pa, is al wat in haar kop gebeur. Haar mond is droog.

Singing the same lines all over again
no matter how much I pretend

sing Norah Jones vir haar.

Hy maak nog steeds geen beweging nie. Lien voel self lam.

Uiteindelik gaan hy oorkant haar sit. Huiwerig probeer hy haar hand vat. Sy ruk instinktief weg en is dan dadelik spyt dat sy dit gedoen het.

Sy mond lyk anders. Daar is ’n vreemde trek wat sy nie kan onthou nie. Hy lyk onseker. Dis nie die man met die gladde bek en die selfvertroue wat sy onthou nie, die man wat gedurig oor sy selfoon met kliënte ge-wheel en ge-deal het nie.

Tog is daar iets in sy oë wat sy onthou. Haar rapport in sy hande. Lien, jy gaan nog eendag saam met my in die praktyk werk. Jooste en Jooste. Ernstig, asof hy dit nie sommer net sê nie.

Hulle kyk net vir mekaar, hoe lank weet Lien nie. Dis asof die tyd gaan stilstaan het.

Uiteindelik sê hy: “Ek het baiekeer gedink ek sal jou nooit weer sien nie.”

Lien kan steeds nie ’n woord uitkry nie.

“Gaan dit goed met julle, my kind?”

Sy knik voordat sy besef wat sy doen. Goed? Dis seker debatable.

“Hoekom het jy dit gedoen?” vra sy nadat hulle lank net gesit het.

Hy haal sy skouers op.

“Dinge gebeur. Ek het gedink ek is die slimste en sterkste mens onder die son. Daar was versoekings … Ek was gulsig.” Hy lyk verleë.

“En al die geld wat julle gevat het?”

Hy lyk ongemaklik en kyk na die hoek van die vertrek. Ná ’n ruk sê hy: “Ons het ’n klomp in die buiteland belê, maar dit was ’n flop. Die scheme was dodgy en ons het baie verloor. Die res het ons uitgegee en die ander moes ons terugbetaal. Jy weet mos …”

Hy bly ’n rukkie stil.

“Ek praat baie met jou. In my kop. Elke dag. Ek weet ek het julle seker vir altyd verloor en ek wonder elke dag of julle my ooit sal vergewe.”

Lien byt op haar onderlip. Sy sal nie huil nie. Sy kyk woordeloos na hom. Sy voel die trane agter haar ooglede brand.

“Wanneer kom jy uit?” vra sy oplaas.

“Seker so oor ses maande, as alles goed gaan.” Hy probeer weer haar hand vat. Dié slag ruk sy nie weg nie. Sy hand is sterk en koel. Sy kyk na die haartjies op sy vingers.

“Waarheen gaan jy dan?”

Hy haal sy skouers op. “Seker maar eers na oom Frank-hulle.”

Lien dink aan die donker huis met die klein venstertjies en die donker meubels, tannie Poppie wat kort-kort sug, oom Frank verdiep in die History Channel.

“Die mense hier het gesê hulle sal my help om werk te kry. Ek wil so gou as ek kan iets verdien om julle te help. Oom Frank sê julle sukkel. Ek is jammer.”

Lien sien hy bedoel dit.

“Ek sal dalk maar iets soos meubels begin maak,” sê hy met ’n effense glimlag. Lien kan nie help om self te glimlag nie. Haar onhandige pa wat nie eers ’n muurprop kan aansit nie. Die simpel videokamera wat nooit klank gehad het nie en hy nooit kon regkry nie en nooit sover gekom het om te laat regmaak nie.

“Ek gaan nie meer regte swot nie,” verander sy die onderwerp.

Hy lyk teleurgesteld.

“Maar daar is mos geld vir julle studies. Niemand het aan julle studiepolisse geraak nie … En nie alle prokureurs is skelm nie!” sê hy heftig.

“Dis nie dit nie. Ek weet nie eintlik wat ek wil doen nie. Ek wil travel, gaan kyk hoe lyk die wêreld.”

Hy sê niks nie. Dit lyk asof hy nie kan ophou om na haar te kyk nie.

“Jy het lank geword,” sê hy nadat hulle ’n rukkie in stilte gesit het. “En groot. Ek bedoel … jy is nie meer my poplap nie.” Lien druk haar hare agter haar ore in.

Die bewaarder beduie hy moet terug. Besoektyd is verby. Lien stoot verleë die pakkie droëwors wat sy met ’n gesukkel toegelaat is om in te bring, oor die tafel. Sy gunsteling. As hy eers begin eet, kan hy nie ophou nie. Hy draai om by die deur. Hulle kyk nog ’n rukkie na mekaar.

41

’n Bietjie kultuur

Lien kyk lank na haar gegrimeerde gesig in die aantrekkamer se spieël. Sy en juffrou Breytenbach het saamgestem dat Maria bleek moet wees, met donker kringe onder haar oë, nie veel meer nie.

Sy probeer die geskarrel om haar ignoreer. Almal praat gelyk en kledingstukke vlieg die wêreld vol. Die vertrek ruik na grimering. Juffrou Breytenbach loer kort-kort by die vertrek in en sê elke keer presies dieselfde: “Julle moet wikkel. Daar is niks so onprofessioneels soos ’n toneelgeselskap wat nie betyds kan begin nie.” Dan woerts sy weer by die deur uit.

Riekie rol haar oë. “Ek gaan paap as sy dit wéér sê,” sê sy terwyl sy lipstiffie aan haar lippe smeer.

Lien voel, anders as wat sy verwag het, nie regtig op haar senuwees nie, net vreemd rustig, so asof sy is waar sy moet wees en niks of niemand die vloei van dié rivier kan stuit nie. Sy stap tot op die verhoog waar van die dekorbouers nog vir oulaas van die rekwisiete rondskuif. Sy staan stil en trek die hemelse verhoogreuk diep in haar longe in, die reuk van die ligte, vars verf en die vreemde stowwerigheid.

Sy loer deur die skrefie van die wynrooi gordyne.

Hein het vir Tibbey tot langs Roos en haar peroxide-dogter gestoot. Hulle sit in die tweede ry van voor af. Sy blou kar staan die hele paadjie vol en die eregaste moet by hom verbyskuur om by hulle plekke te kom.

Ou Uil en die Inspekteur van Onderwys en tannie Inspekteur skuif by Tibbey verby. Daar is nog ’n string gaste, hoofde van die opposisieskole in die omgewing wat kom kyk het hoe dit nou eintlik gedoen word en dié se vrouens. Kuifie met ’n Madiba-hemp en Valetjie wat heelwat beter lyk as wat Lien onthou, is deel van die groepie.

Ou Uil klop Tibbey goedig op die skouer. “Welkom, welkom,” sê hy. Sy bont das peul skeef by sy swart pak uit. Tannie Uil lyk glad nie lus vir die party nie. Hoeveel skoolkonserte moes die arme vrou nie al in haar lewe deursit nie, wonder Lien. Die saal is in twee verdeel. Aan die een kant sit die gehoor en aan die ander kant is die Hotel-en Spysenieringsleerlinge en die ma’s se pogings vir die aand.

Tibbey steur hom nie aan die skurende celebs nie en praat sonder ophou met Roos. Roos sit ongemaklik voor haar en uitkyk. Die verskriklike pienk pakkie laat haar soos ’n reuse-marshmallow lyk. Die peroxide-dogter in haar swart nommertjie, wat erg cleavage wys, kou en kou terwyl sy belangstellend om haar rondkyk.

Lien hoor aan die gefluister om haar dat die ander akteurs ook nou op die verhoog is. Juffrou Breytenbach, op die oog af verbasend kalm, wink vir hulle.

“Plekke, nóú,” fluister sy en beduie woes.

Lien raak kalm. Dis dan dit. Sy sit Weird Maria se brilletjie op en sy loer vir die senuweeagtige juffrou Breytenbach wat lyk asof sy baie hard probeer om kalm te bly. Sy wonder of die klomp ooms en tannies en hulle gaste iets hiervan gaan verstaan. Sal Tibbey en Roos val vir die bietjie kultuur? Hulle wêreld is anders.

Die gordyn gaan oop en die gehoor begin klap. Die saal se ligte verdoof. Lien word hoendervleis. Sy wil op hierdie oomblik nêrens anders wees nie.

Hoewel daar hier en daar iets kleins verkeerd loop, soos Christiaan wat sy woorde vergeet en Miemie wat onbepland ’n paar dramatiese veë reg voor die gehoor vee met haar besem wat iewers die veestuk verloor het, verloop hulle eerste regte optrede vlot. Toe die gordyn vir die laaste keer sak en die gehoor hande klap, is juffrou Breytenbach in ekstase. Sy kan nie ’n woord uitkry nie, maar haar gesig gloei. Die akteurs wens mekaar geluk en doen ’n paar high fives. Lien voel of sy vlieg. Is dit die hemel?

Nadat sy Weird Maria se klere uitgetrek het, staan sy nog ’n rukkie alleen op die verhoog. Sy loer deur die skrefie van die gordyn. Die Hotel-en Spysenieringsleerlinge het uitgehang. Die kos lyk stunning en die saal lyk glad nie soos die saal waar hulle Maandagoggende verveeld in rye na ou Uil moet luister nie.

Die gaste staan in groepies rond met glasies wyn en borde eetgoed. Mathilda Hanekom speel hysbakmusiek op die Steinway reg voor die verhoog. Die saal se hoofligte is af en kerse staan orals op die tafels. Juffrou

Breytenbach, die geurtjie van die oomblik, dartel met ’n glasie wyn in die hand van groepie tot groepie en geniet almal se aandag.

Tannie Bets en oom Faantjie is druk besig om die inhoud van hulle borde te bespreek. Oom Faantjie wys na iets in tannie Bets se bord, waarna tannie Bets weer na iets in oom Faantjie se bord beduie. Hulle staan naby Mathilda, wat lekker drama maak. Die kop ruk en die oë dop om. Carnegie Hall, here we come.

Lien soek vir Roos en Tibbey. Roos en haar dogter is besig om hulle borde oorvol eetgoed te laai. Tibbey verduidelik iets oor sy karretjie vir ou Uil, wat simpatiek sy kop knik, effens vooroor gebuig.

Lien is half onwillig om haar veilige hawe te verlaat. Sy wens sy kan vir altyd hier bly.

Dan sien sy haar ma. Sy kom vanuit die rigting van die kleedkamers aangestap en kyk onseker om haar rond. Wanneer sou sy uitgekom het? Sy het ’n swart broek en ’n toppie aan wat Lien nog nie voorheen gesien het nie. (Tannie Bets?) Sy lyk moeg. Haar gesig is maer en bleek. Haar hare is in ’n los bolla in haar nek. Sy vat ’n glasie vrugtesap op een van die tafeltjies en kyk weer om haar rond. Sou sy die vertoning gesien het?

Tannie Bets waai vir haar ma, wat duidelik verlig in hulle rigting beweeg. Mathilda vat ’n blaaskans en staan op om vir haar ’n glasie koeldrank te skink.

“Speel vir ons iets, Christien,” hoor sy tannie Bets sê. Van die ander mense koer saam. Lien kan sien die aand is vir haar ma ’n stryd. Haar ma skud haar kop. “Ag tóé, Christien,” hou tannie Bets aan.

Haar ma huiwer. Dan slaan sy haar vrugtesap weg en sit haar handsak op die Steinway se klap neer. Daar is donker kringe onder haar oë. Sy sit eers ’n rukkie doodstil met haar oë op die klawers, vroetel dan onseker oor die note.

Toe begin sy speel. Sy sukkel aanvanklik, dan begin sy met meer selfvertroue speel. Toe vat sy die klavier vas en sy spéél. Haar neusvleuels sper en haar linkerhand ruk kort-kort na bo. In ’n ander wêreld, soos Lien dit onthou. Dan herken Lien die musiek. Schubert se Impromptu in G-kruis mineur. Dis vir háár. Sy weet dis vir haar. Ná al die jare hoor sy dit weer.

Sy huil en sy het nie eers ’n tissue by haar nie. Sy kan haar oë nie van haar ma afhou nie. Sy vee haar gesig aan die dik, wynrooi gordyn af.

Toe die musiek ophou, klap die mense dat die saal dreun. Haar ma sit nog ’n rukkie stil en staan dan stadig op. Sy lyk verleë, maar sy lyk skielik weer

soos die ma wat Lien onthou, haar regte ma. Dalk is sy dié slag regtig terug.

Lien glip by die agterdeur uit en staan ’n rukkie in die skaduwees langs die saal. Die lug is vars en sy trek dit diep in haar longe in. Lukas het vandag gras gesny. Sy hoor krieke in die blombedding langs die saal. Sy kyk na die halfmaan wat agter ’n wolk uitloer en die enkele sterre wat dof in die stadslig blink. Sy voel rustig, baie rustig.

Hein het vir Tibbey by die rolbalklub gaan aflaai, maar hy moet terug wees, want die bakkie van Venter Constructions staan eenkant onder ’n boom. Lien wonder waar hy heen verdwyn het.

“Ek is bly julle was hier,” sê sy vir Roos en gee haar ’n druk.

“Jy was goed,” sê Roos. “Jy kan dit maak.” Sy snuif.

Peroxide kyk belangstellend na die skoolseuns wat by haar verbyloop. Sy draai skoon skeef om vir Christiaan dop te hou, wat met ’n mond vol kos vir Wian iets vertel. Christiaan kyk belangstellend terug na waar Peroxide terterig vir hom glimlag.

Dis dalk tyd dat Roos-hulle koebaai sê, dink Lien benoud.

“Wil julle nie nog iets eet nie?” vra sy. Peroxide haal ’n groterige Tupperware-bak uit haar sak en begin pak. En sy pak. Roos beduie na iets in die Tupperware-bak en Peroxide pak terug. Dis tannie Bets se kerrietertjies, sien Lien dik van die lag. Sy stap nader.

Lien vryf oor Roos se stywe hare. “Jy is ’n great pel.”

Die vrekpienk marshmallow kyk vir haar met skrefiesoë en gee Lien se arm ’n knypie. Sy sê niks nie, snuif en draai om. Lien dink hulle besef albei dat Lien Jooste waarskynlik nie weer met plat skoene iewers op ’n hoek sal staan nie.

“Sien jou wanneer ek jou sien,” groet Roos terwyl sy en Peroxide met die Tupperware-bak buitetoe stap. Hulle verdwyn in die donker. Lien kan nog vaagweg die pienk pakkie uitmaak. Sy staan ’n rukkie na die donker en kyk voor sy omdraai.

Haar ma staan by Kuifie en Valetjie en gesels. Haar ma lyk anders – stiller, rustiger as vroeër die aand. Sou hulle oor die musiekpos by die laerskool gesels? Sy hoop so.

Sy pak ’n bord vol eetgoed.

Wouter en Riekie keer haar voor.

“Ons gaan by ons huis celebrate. Jy móét kom,” sê Riekie.

“Jy kan saam met ons ry.” Wouter swaai sy pa se karsleutels in die lug. Lien kyk ’n rukkie besluiteloos na Wouter en Riekie. Sy besluit om te gaan. Sy moet sommer ook vanaand nog oor die afskeid praat. Sy en Wouter gaan nie meer saam nie.

“SMS my as julle wil ry. Ek gaan nog ’n rukkie wees,” sê Lien met die berg kos op die kleinbordjie.

“O ja,” sê sy oor haar skouer, “ek bring iemand saam en ons sal self daar kom.”

By die ronde tafeltjie met die bont bos blomme by die saaldeur staan ’n bottel met nog ’n bietjie roséwyn in. Sy gryp dit ook sommer in die verbygaan, en twee polistireenglasies wat vir die kinders se koeldrank bedoel is. Sy mik pawiljoen toe.

Naspel

Hulle ryg soos sardientjies op die bank voor die televisie in. Dis ’n gelag en ’n gesteun en ’n gestoei en hy stamp amper die bak springmielies om toe hy die afstandbeheer op die koffietafeltjie probeer bykom. Dít gee weer aanleiding tot nog ’n paar stupid opmerkings en ’n lawwe gelag en almal sukkel van voor af om hulle sit te kry. “Sjuut!” sê hy en druk die Play-knoppie.

Die groepie mense sit op ’n rots. Agter hulle is ’n asemrowende uitsig. Die see is blink en glad ver onder hulle. Hulle moet baie hoog teen ’n berg op wees. ’n Mens kan die wind hoor suis. Al vier kyk in die rigting van die kamera.

Die kameraman, duidelik ’n amateur, sukkel om die kamera stil te hou. Die beeld kantel woes na regs.

Die seun heel regs mompel iets onduideliks wat die ander laat lag. Sy sterk gesig is bruin gebrand. Hy het ’n bos swart krulhare wat onder die rooi bofbalpet op sy kop uitbondel. Hy het ’n geel T-hemp aan.

Die jong man heel links lag nie saam nie. Hy staar stip na die kamera, sy gesig die ene konsentrasie. Hy hou sy harige arm besitlik om die meisie langs hom se skouers. Sy blonde hare is kort geskeer. Hy het ’n prominente neus.

*Die meisie langs hom lag vir die kamera. Haar swart hare hang los oor haar skouers. Die wind waai haar hare liggies oor haar gesig. Sy vee dit met haar hand uit haar oë en druk dit agter haar ore in. Sy het ’n swart T-hemp aan met iets onverstaanbaars daarop geskryf. Sy hou van die letters met haar arms toe. Dit lyk soos …*uks Drama*.*

Langs haar sit ’n ouer vrou. Haar hare is in ’n modieuse, kort kapsel gesny. Daar is ’n geel blom agter haar linkeroor. Sy lyk nogal na die meisie langs haar. Sy lag oopmond en stamp gemaak kwaai met haar elmboog aan die seun met die rooi bofbalpetjie langs haar.

Dit lyk asof die persoon wat die kamera hanteer, beheer oor die kamera verloor. “Oeps!” lag ’n vrouestem.

Die kamera kantel gevaarlik na onder. Die skoot wys ’n paar yslike mansvoete in blou plakkies.

Die Einde

My hartlike dank aan Louise vir haar skerp oë en ruim hart; dis nou Louise Serfontein, Louise Emerton en Louise Steyn.
Dankie ook aan Estelle du Toit en Michelle Cooper vir julle bydrae.

Vir Lien Jooste het haar matriekjaar onverwags in ’n nagmerrie ontaard. Dinge by die huis kan nooit weer dieselfde wees nadat alles oornag uitmekaar geval het nie. Om weg te kom, lyk vir haar na die enigste uitweg. Weg van die huis, weg van die aaklige skool waarin sy onverwags beland het, en veral weg van haar ma. Maar om weg te kom, kos geld. Geld wat sy nie het nie.

Lien se lankstaankoene is die aangrypende verhaal van ’n matriekmeisie wat te midde van ’n familiekrisis leer dat ’n mens meestal slegs twee keuses het: óf jy sink, óf jy swem.

Registreer by www.nb.co.za en laai ’n gratis gids af wat deur leerders sowel as onderwysers gebruik kan word.

Lien se lankstaankoene, die rolprent, is vervaardig deur kykNET, onder regie van André Odendaal en met o.a. Hykie Berg, Franci Swanepoel, Elize Cawood, Marie Pentz en Carmen Pretorius, as Lien, in die rolverdeling.

Derick van der Walt is op 14 Julie 1958 op Virginia in die Vrystaat gebore. Hy matrikuleer in 1976 aan die Afrikaanse Hoër Seunskool in Pretoria. Hy behaal ’n B.A. Honneursgraad in Kommunikasiekunde aan Unisa.

Derick is ’n direkteur van Chilli Kommunikasie-konsultante in Pretoria, ’n firma wat in die produksie van korporatiewe publikasies spesialiseer. In 2007 ontvang Derick die Goue Sanlamprys vir Jeuglektuur vir sy debuutboek, *Lien se lankstaanskoene*. In 2009 word hy bekroon met die M.E.R.-prys vir Jeugliteratuur, ook vir *Lien se lankstaanskoene*. *Willem Poprok* volg in 2010, sy tweede boek waarvoor hy sowel ’n Sanlamprys as die M.E.R.-prys vir Jeugliteratuur wen. In 2013 word *Willem Poprok* met die gesaghebbende Scheepersprys vir Jeuglektuur bekroon. Derick se eerste roman vir volwassenes, *Daan Dreyer se blou geranium*, verskyn by Kwela in 2012, en nog ’n Sanlamwenboek, *Hoopvol*, verskyn by Tafelberg in 2012.

Willem Poprok (Tafelberg, 2010)
Hoopvol (Tafelberg, 2012)
Daan Dreyer se blou geranium (Kwela, 2012).

Tafelberg,
’n druknaam van NB-Uitgewers
’n afdeling van Media24 Boeke (Edms) Bpk,
Heerengracht 40, Kaapstad
Posbus 6525, Roggebaai 8001, Suid-Afrika
www.tafelberg.com
Kopiereg © Derick van der Walt 2013

Alle regte voorbehou.

Geen gedeelte van hierdie boek mag sonder die skriftelike verlof van die uitgewer gereproduseer of in enige vorm of deur enige elektroniese of meganiese middel weergegee word nie, hetsy deur fotokopiëring, skyf-of bandopname, of enige stelsel vir inligtingsbewaring of -ontsluiting.

Omslagontwerp: Mary-Ann Hampton
E-boekontwerp: Trace Digital Services

Ook beskikbaar in druk:
Eerste uitgawe 2008
ISBN: 978-0-624-04668-4

Epub-uitgawe:
Eerste uitgawe 2013
ISBN: 978-0-624-05232-6 (epub)

Mobi-uitgawe:
Eerste uitgawe 2013
ISBN: 978-0-624-06213-4 (mobi)

Inhoud

Omslag
Titelblad
Vooraf
Opdrag
Voorspel
Hoofstuk 1
Hoofstuk 2
Hoofstuk 3
Hoofstuk 4
Hoofstuk 5
Hoofstuk 6
Hoofstuk 7
Hoofstuk 8
Hoofstuk 9
Hoofstuk 10
Hoofstuk 11
Hoofstuk 12
Hoofstuk 13
Hoofstuk 14
Hoofstuk 15
Hoofstuk 16
Hoofstuk 17
Hoofstuk 18
Hoofstuk 19
Hoofstuk 20
Hoofstuk 21
Hoofstuk 22
Hoofstuk 23
Hoofstuk 24
Hoofstuk 25
Hoofstuk 26
Hoofstuk 27
Hoofstuk 28

Hoofstuk 29
Hoofstuk 30
Hoofstuk 31
Hoofstuk 32
Hoofstuk 33
Hoofstuk 34
Hoofstuk 35
Hoofstuk 36
Hoofstuk 37
Hoofstuk 38
Hoofstuk 39
Hoofstuk 40
Hoofstuk 41
Naspel
Eindnotas
Oor die boek
Oor die skrywer
Ander boeke deur skrywer
Kolofonbladsy